

Ware en valse bekerings – ’n Christelike etiese perspektief op die gebruik van die Tien Gebooie in evangelisasie

A.W.J. FERREIRA

M.Th., M.Pas.

Proefskrif voorgelê vir die graad *Philosophiae Doctor* in Etiek aan die
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus

Promotor: Prof. J.M. Vorster

Hulp-promotor: Mev. Leentie de Lange

November 2011

Voorwoord

Hierdie studie sou nie moontlik gewees het sonder die volgende persone nie. Daarom die volgende opregte dankbetuigings:

- ❖ Aan my hemelse Vader, wat my die genade gegee het om my hierdie studie te laat afhandel, my grootste dank. Mag hierdie studie en wat moontlik hieruit sal voortvloei, tot Sy eer en verheerliking alleen wees.
- ❖ Linda, my vrou: Sonder jou sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie. Jy het my ondersteun en aangemoedig ten tye die werklading te veel geword het. Jy het my met opregte liefde bygestaan en aangemoedig om hierdie studie te voltooi. Baie dankie, dit het baie vir my beteken. Ek is baie lief vir jou!
- ❖ Jeanie en Irene: My pragtige twee dogters. Baie dankie vir julle insette en bystand. Ek is baie lief vir julle!
- ❖ My moeder: Ma, dankie vir ma se belangstelling, ondersteuning, aanmoediging en bystand deur al die jare van studie.
- ❖ Prof. Koos Vorster: Baie dankie vir u leiding as my promotor.
- ❖ Dr. Lariza Hoffman: Dankie vir jou professionele werk as taalversorger, om die Afrikaanse taal so pragtig uit te bring en ure se harde werk om die taalgebruik te verbeter.
- ❖ Lourie Snyders OM boekwinkel: Baie dankie vir die ontelbare geleenthede wat ek kon benut het om die beskikbare boeke in die boekwinkel te kon gebruik het vir hierdie studiedoeleindes.
- ❖ My vriend, Jan Marais: Dankie vir jou vriendskap en aanmoediging om hierdie studie te voltooi. Mag hierdie studie tot seën wees vir jou en jou bediening.
- ❖ Die Finansiële Steundienste van die Noordwes-Universiteit: Dankie vir die beurs toegeken om hierdie studie te kon doen.

Anton Ferreira
November 2011
Pretoria

***“THE LAW OF JEHOVAH IS PERFECT,
CONVERTING THE SOUL”***

Psalm 19:7a

I Jy mag geen ander gode
voor my aangesig hê nie

II Jy mag vir jou geen gesnede
beeld maak en voor hulle
neerbuiig en hulle nie dien nie

III Jy mag die Naam van die
HERE jou God nie ydelik
gebruik nie

IV Gedenk die sabbatdag, dat
jy dit heilig

V Eer jou vader en jou moeder

VI Jy mag nie doodslaan
nie

VII Jy mag nie egbrek nie

VIII Jy mag nie steel nie

IX Jy mag geen valse
getuigenis teen jou naaste
spreek nie

X Jy mag nie begeer nie

INHOUDSOPGAWE

'n Definisie van “Moderne predikers, evangeliste en moderne evangelie”, soos gebruik word in hierdie navorsing	12
---	----

HOOFSTUK 1

1.1 Voorgestelde titel	13
1.2 Oriëntering en probleemstelling	13
1.2.1 Agtergrond en motivering vir navorsing oor Ware en Valse bekerings	13
1.2.2 Probleemstelling	15
1.3 Doelstellings.....	20
1.4 Doelwitte	20
1.5 Sentrale teoretiese argument	20
1.6 Metodologie.....	21
1.7 Hoofstukindeling.....	21
1.8 Skematiese voorstelling om die korrelasie te laat blyk	22

HOOFSTUK 2

'n BYBELSE PERSPEKTIEF VAN WARE EN VALSE BEKERINGS

2.1 Inleiding.....	24
2.2 Die Woord van God as maatstaf vir die navorsing oor ware en valse bekerings	24
2.3 Doelstelling.....	25
2.4 Metode	26
2.5 Werksplan	26
2.6 Die heiligheid van God	27
2.7 Die werk van die Heilige Gees met betrekking tot ware bekering	35
2.8 Sonde en die oorsprong daarvan – Sonde definisie.....	38
2.9 Die Blye Boodskap.....	42
2.9.1 Wat is die Blye Boodskap of Evangelie.....	42
2.10 Die doel van evangelisering	46
2.11 Stappe van ware bekering – Eksegese van Matt. 5:3-12	47

2.11.1	Inleiding	47
2.11.2	Motivering van Matt. 5:3-12 as die fokusverse.....	50
2.11.3	Eksegese van Matt. 5:3-12	50
2.11.4	Samevatting van eksegetiese perspektiewe op die stappe van ware bekering, Matt. 5:3 -12	72
2.12	Die noodsaaklikheid van ware bekering.....	73
2.13	Teonome Norme, Morele Wet, God se Tien Gebooie of die Dekaloog	73
2.13.1	Die oorsprong van God se Tien Gebooie.....	74
2.13.2	Die doel van God se Tien Gebooie	76
2.14	Die wettige en onwettige gebruik van die Tien Gebooie – Eksegese van 1 Tim. 1:8	82
2.14.1	Inleiding	82
2.14.2	Motivering van 1 Tim. 1:8 as die fokusvers	87
2.14.3	Eksegese van 1 Tim. 1:8.....	89
2.14.4	Samevatting van eksegetiese perspektiewe op 1 Tim. 1:8	94
2.15	Die onwettige gebruik van die Tien Gebooie.....	95
2.15.1	Wettisisme	98
2.15.2	Antinomianisme	100
2.16	Die wettige gebruik van die Tien Gebooie. Die gebruik van die Tien Gebooie tydens evangelisering in die Nuwe Testament deur Jesus – Eksegese van Matt. 19:16-22.....	101
2.16.1	Inleiding	101
2.16.2	Motivering van Matt. 19:17 as die fokusvers, vergelyk Mark. 10:17-31, Luk. 18:18-30	102
2.16.3	Samevatting van eksegetiese perspektiewe op Matt. 19:16-22	114
2.16.4	Gevolgtrekking van eksegetiese perspektiewe op Matt. 19:16-22	114
2.17	Die wettige gebruik van die Tien Gebooie. Die gebruik van die Tien Gebooie tydens evangelisering in die Nuwe Testament deur sommige van die Apostels.....	115
2.17.1	Paulus.....	115
2.17.2	Stefanus.....	120
2.17.3	Petrus	122

2.17.4	Jakobus.....	123
2.18	Enkele voorbeelde van ware bekerings in die Nuwe Testament	125
2.19	Enkele voorbeelde van valse bekerings in die Nuwe Testament	128
2.19.1	Judas	129
2.19.2	Simon die towenaar	131
2.19.3	Valse bekerings vandag.....	131
2.20	Samevatting van hoofstuk 2.....	133

HOOFSTUK 3..... 139

MODERNE BESKOUINGS/TEORIEË VAN EVANGELISERING

EN BEKERING..... 139

3.1	Inleiding.....	139
3.2	Die Woord van God as maatstaf vir die navorsing oor ware en valse bekerings	139
3.3	Doelstelling.....	139
3.4	Metode	140
3.5	Werksplan	140
3.6	'n Bybelse profesie aangaande "Christene" in die moderne era (Jes. 4:1) .	141
3.6.1	Eksegese en motivering van Jes. 4:1 as die fokusvers.....	141
3.6.2	Die eerste betekenis van die profesie in Jes. 4:1	142
3.6.3	Die tweede betekenis van die profesie in Jes. 4:1	150
3.7	Sommige moderne evangeliste se siening oor sonde en redding	153
3.7.1	Bechtle	154
3.7.2	Chester	154
3.7.3	Du Plessis.....	154
3.7.4	Esterman.....	155
3.7.5	Finney	156
3.7.6	Graham	156
3.7.7	Hession.....	157
3.7.8	Kimball	158
3.7.9	Malan	158

3.7.10	Morgan.....	159
3.7.11	Mostert.....	160
3.7.12	Prince.....	160
3.7.13	Schuller.....	161
3.8	Die Blye Boodskap volgens die moderne evangelis.....	162
3.9	Bekering volgens die moderne evangelis.....	164
3.10	Die sukses van bekering volgens moderne evangelisasie-metodes	168
3.10.1	Altaaroproepe	170
3.10.2	Sondaars- of bekeringsgebed	172
3.10.3	Jesus en altaaroproepe	174
3.10.4	Opvolg of nasorg.....	175
3.11	Moderne evangelisasie-metodes	177
3.11.1	Die Vier Geestelike Wette – Bill Bright.....	178
3.11.2	<i>EEIII (EvangelismExplosion III)</i> – Dr. James Kennedy	182
3.11.3	<i>Contagious Christian</i> – Hybels & Mittelberg.....	183
3.11.4	<i>Emerging Evangelism</i> – John Finney.....	185
3.11.5	<i>Romans Road</i>	186
3.11.6	<i>Steps to peace with God</i> – Billy Graham	188
3.11.7	Gevolgtrekking van moderne evangelisasie-metodes.....	189
3.12	Samevatting van hoofstuk 3.....	191

HOOFSTUK 4..... 198

DIE PLEK VAN DIE TIEN GEBOOE IN EVANGELISASIE- METODES WAT WARE BEKERING VORENDAG KAN BRING 198

4.1	Inleiding.....	198
4.2	Die woord van God as maatstaf vir die navorsing oor ware en valse bekerings	198
4.3	Doelstelling.....	199
4.4	Metode	199
4.5	Werkplan	199
4.6	Die Sielewenner of Ambassadeur vir Christus	200

4.6.1	Kenmerke van 'n ware evangelis – ware vrugte van bekering	200
4.6.2	Verhouding met God	202
4.6.3	'n Heilige, gesonde vrees vir God	202
4.6.4	Gedissiplineerde gebed	203
4.6.5	Die waarde van siele	203
4.6.6	Verhouding met 'n plaaslike kerk	204
4.6.7	Persoonlike verhoudings	204
4.6.8	Die evangelis se potensiaal om sonde te doen	205
4.6.9	Totale lewensuitkyk	205
4.7	Die evangelisasie-proses	206
4.7.1	Vereistes waaraan evangelisasie-metodes moet voldoen	207
4.8	Die metode van “Firm Foundations — Creation to Christ” as riglyn	208
4.8.1	Goddelike fondasie bou-prinsiepe	212
4.8.1.1	Inleiding	212
4.8.1.2	Een Boek	212
4.8.1.3	Een verhaal	213
4.8.1.4	Die literêre vorm van die Bybel	215
4.8.1.5	Geskiedenis	216
4.8.1.6	Die beklemtoning van die Ou Testament deur die Apostels	217
4.8.1.7	Die kerk se verantwoordelikheid	218
4.8.1.8	Chronologiese opbou in evangelisasie	220
4.8.1.9	Die vloei van Bybelse geskiedenis	223
4.8.2	Die doel en toepassing van “Firm Foundations – Creation to Christ”	224
4.8.3	Spesifieke riglyne vir die evangelis	225
4.8.3.1	Wees voorbereid	225
4.8.3.2	Spanwerk	226
4.8.3.3	Klasformaat	227
4.8.3.4	Gesaghebbende evangelisasie	227
4.8.3.5	Leer uit die Bybel, die enigste gesag	227
4.8.3.6	Dit maak saak hoe dit gesê word	228
4.8.3.7	Ken die studente	228
4.8.3.8	Aanvaar ongeredde studente – net soos hulle is	229

4.8.3.9	Onderrig, gemengde groepe – gelowiges en ongelowiges	229
4.8.3.10	Groot en klein groepdinamika.....	229
4.8.4	Leerstellige temas	230
4.8.4.1	Die persoon en karakter van God.....	230
4.8.4.2	Die mens	233
4.8.4.3	Satan	233
4.8.4.4	Jesus Christus (Nuwe Testament alleen)	234
4.8.5	Spesifieke riglyne ten opsigte van die aanbieding van hierdie lesse.....	234
4.8.6	Die lesse van “Firm Foundations – Building according to plan”	234
4.9	Samevatting van “Firm Foundations – Creation to Christ”	234
4.10	Die motivering van die metode van “The way of the Master en Conquer your Fear, share your Faith” as riglyn	235
4.10.1	Inleiding	235
4.10.2	Die gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag	236
4.10.3	Die nalatige brandweerman	236
4.10.4	Bid vir herlewing	237
4.10.5	God het ’n wonderlike plan vir jou lewe	237
4.10.6	Valse bekerings	238
4.10.7	Die evangelie is vir almal	238
4.10.8	Die kerk se einddoel met die evangelie	239
4.10.9	Jesus se mandaat met die evangelie.....	239
4.10.10	Blinde leiers	240
4.10.11	Die permanensie van die Tien Gebooe.....	240
4.10.12	Wees volmaak	241
4.10.13	Die onguns van hel, oordeel en sonde	242
4.10.14	Die skepping van die hel van ’n liefdevolle God?	243
4.10.15	Jesus is nie ’n “soeker-vriendelike” evangelis nie.....	244
4.10.16	Bloed sal van die evangelis se hande geëis word	244
4.10.17	Die kultuursensitiewe evangelis.....	244
4.10.18	Toets die grond.....	245
4.10.19	Godsdiens.....	246
4.10.20	Genade word wonderlik	246

4.11	Die metode van “The way of the Master” en “Conquer your Fear, Share your Faith” as riglyn	247
4.11.1	Inleiding	247
4.11.2	Oorkom vrees	248
4.11.3	Wees vriendelik.....	248
4.11.4	Moenie die gesprek begin met “genade” nie	249
4.11.4.1	Traktaatjies	250
4.11.5	Vier belangrike stappe van evangelisasie	250
4.11.6	Deel die evangelie	257
4.11.7	Hoe gemaak met ooglopende valse bekerings?	258
4.12	Samevatting oor “The Way of the Master” en “Conquer your Fear, Share your Faith”	259
4.13	Samevoeging van kernpunte van “Building on Firm Foundations”, “The way of the Master” en “Conquer your fear, share your faith” en ander belangrike punte as ’n werkende model tydens evangelisasie	260
4.13.1	Gebed	260
4.13.2	Vrees	261
4.13.3	Kommunikasie	261
4.13.4	Die Tien Gebooe	262
4.13.5	God se karakter en natuur	262
4.13.6	Die doel van ware evangelisasie	262
4.13.7	Die rol van Israel.....	263
4.13.8	Deel die evangelie	263
4.13.9	Sondeberou	263
4.13.10	Verwerping van die boodskap.....	264
4.14	Samevatting van hoofstuk 4.....	264

HOOFSTUK 5..... 271

GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN LEEMTES VIR

VERDERE STUDIE 271

5.1	Inleiding.....	271
-----	----------------	-----

5.2	Hoofstuk 2: Bybelse perspektief van ware en valse bekerings	272
5.3	Hoofstuk 3: Moderne beskouings/teorieë van evangelisering en Bekering	278
5.4	Hoofstuk 4: Die plek van die Tien Gebooie in evangeliseringsmetodes wat ware bekering vorendag kan bring	285
5.5	Samevattende gevolgtrekking	292
5.6	Finale gevolgtrekking	294
5.7	Aanbevole terreine van studie	295
5.8	Opsomming	296
5.9	Sleutelwoorde	298
5.10	<i>Summary</i>	299
5.11	<i>Key words</i>	301
5.12	Bibliografie	302
Bylae A		319
Bylae B		324
Bylae C		326
Bylae D		328
Bylae E		332
Bylae F		335
Bylae G		341
Bylae H		342
Bylae I		361
Bylae J		372
Bylae K		378

'n DEFINISIE VAN "MODERNE PREDIKERS, EVANGELISTE EN MODERNE EVANGELIE"

Ter verduideliking van wat bedoel word met "moderne predikers, evangeliste en moderne evangelie", soos dit in hierdie navorsing voorkom en gebruik word, word die onderstaande definisie voorgehou, en geld die betekenis daarvan regdeur die hele navorsing.

'n Moderne prediker is enige persoon, hetsy teoloog, predikant, pastoor, evangelis of lekeprediker wat die essensiële deel van die Blye Boodskap (harmatologie en die gebruik van God se Tien Gebooie wat nodig is vir 'n ware sondebeseft) agterweë laat of onvolledig predik, en onbybelse metodes gebruik om sondaars te probeer bekeer. Hierdie onbybelse boodskap word dan gedefinieer as "moderne evangelie".

Paulus is baie duidelik dat sonde nie sonder die Wet geken kan word nie (Rom. 7:7) en dus kan GEEN sondebeseft plaasvind as die Wet nie gebruik word nie. Sonder 'n ware sondebeseft kan geen redding plaasvind nie (sien ook punt 2.11.1).

HOOFSTUK 1

1.1 VOORGESTELDE TITEL

Ware en valse bekerings – 'n Christelike etiese perspektief op die gebruik van die Tien Gebooie in evangelisasie

[Sleutelterm: Ware en valse bekerings, redding, bekering, wet, Tien gebooie, verbond, genade, etiek]

1.2 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

1.2.1 AGTERGROND EN MOTIVERING VIR NAVORSING OOR WARE EN VALSE BEKERINGS

'n Oorsig op die RGN se NEXUS-databasis oor resente of huidige navorsing wat in Suid-Afrika in die studieveld van Etiek gedoen is, en meer spesifiek, Ware en Valse bekerings, toon na 1516 gekombineerde resultate met die kernwoorde “Waar en valse bekering, Tien Gebooie, genade, True and False conversions, Ten Commandments, and grace” dat daar geen navorsing in hierdie veld gedoen is nie. Sovêr vasgestel kon word, is daar geen navorsing gedoen oor die geldigheid van die gebruik van God se Tien Gebooie tydens evangelisering nie.

Hierdie navorsing is 'n verlengstuk van etlike jare se evangelisasiewerk, plaaslik met optredes in gemeentes, asook in Botswana en Angola. Hierdie sluit ook in gesprekke met self-erkende Boeddhiste wat eens op 'n tyd hulle harte vir Jesus gegee het. Uit hierdie agtergrond het dit vir die navorser baie duidelik geword dat die oorgrote meerderheid mense self oortuig is dat hulle die ewigheid saam met God gaan deurbring in die hemel. Die Bybel bevestig dat die teendeel egter waar is, want volgens Matt. 7:16-20 en Luk. 6:43-44 sal die boom aan sy vrugte geken word, en Jesus self sê vir ons dat min die poort sal vind wat na die ewige lewe lei (Matt. 7:14). Slegs 'n bitterklein persentasie mense erken dat hulle verlore is en bestem is vir die ewige verderf.

Volgens Mandryk (2010:758) bestaan Suid-Afrika uit 75.24% Christene. Volgens die “Crime Statistics – Crime Situation in South-Africa, released June 2008” kom slegs die

aangemelde gevalle van moord tot 18 487 moorde per jaar, wat 'n 38,6% misdaadverhouding tot 100 000 mense van die bevolking is. Aangemelde verkrachtings het vir die jaar 36190 gevalle beloop, wat 'n 75,6% misdaadverhouding tot 100 000 mense van die populasie is!

Adams (2007) sê die volgende: “Fifty percent of all pregnancies in South Africa end up in abortion and more than 500 000 women have had the procedure done since the introduction of the new laws in 1997.” Die vraag kom onmiddellik na vore: “Waarom is daar wette soos die “Choice on Termination of Pregnancy Act of 1996” in 'n Christenland wat toelaat dat babas geaborteer word? Wanneer daar na slegs hierdie drie probleme gekyk word, naamlik moord, verkragting en aborsie in Suid-Afrika, is dit 'n aanduiding dat daar weinig of geen goeie vrug teenwoordig is in die 75.24% Christene van Suid-Afrika nie. Vergelyk Matt. 3:10, Matt. 7:16-20 en Luk 6:43-44.

Met 75.24% mense in Suid-Afrika wat erken dat hulle Christene is en daardeur getuig dat hulle Jesus ken en doen wat hy sê, ontstaan die vraag: Waarom is daar weinig of geen goeie vrug wat werklike Christenskap reflekteer nie? Daar moet drasties iets verkeerd wees! Is dit dan dat 24.76% van die bevolking die oorsaak is van hierdie misdaad, en dat die meerderheid Christene nie 'n daadwerklike verskil kan maak aan hierdie syfers nie? Waarom vind daar nie werklike verandering by mense plaas wat hulleself Christene noem nie?

'n Definisie van 'n Christen is volgens Erickson (1998:20): “To be a worthy member of a group named after a particular leader one must adhere to the teachings of that leader. Those who claim to be Christians will believe what Jesus taught and practice what he commanded, such as ‘love your neighbour as yourself’.” Dus is 'n Christen iemand wat die Here Jesus lief het en sy Gebooie bewaar (Joh. 14:15, 21; 15:10), na Hom luister en ook doen wat Hy ons beveel (Joh. 10:17). Dit blyk egter nie die geval te wees nie.

Hierdie tendens het aanleiding gegee tot hierdie studie. Die vraag ontstaan: Waar lê die probleem? Is die metode van prediking en evangelisering reg? Wat is die rede hoekom daar geen blywende vrug op bekerings is nie?

Die leemte of probleem aangaande evangelisering met betrekking tot ware bekering noodsaak resente navorsing om vas te stel wat die rede is hoekom mense hulleself mislei, of mislei is rondom hulle eindbestemming. Behalwe dat hierdie navorsing 'n leemte in die studieveld van die Etiek en Praktiese Teologie kan vul, sal die resultate van hierdie studie met groot vrug in die praktyk deur mense gebruik kan word sodat God deur die werking van die Heilige Gees ware bekerings kan bewerk in verlore sondaars, en dat valse bekerings tot die minimum beperk kan word. Hierdeur sal Mark. 4:20 tot sy volle reg kan kom: “En dit is hulle by wie in die goeie grond gesaai is — hulle wat die woord hoor en aanneem en vrugte dra: een dertig— en een sestig— en een honderdvoudig.”

1.2.2 PROBLEEMSTELLING

Een van die vrugte van ware bekering word gevind in Hand. 1:8 en Matt. 28:19: Gaan getuig, verkondig die evangelie. Cameron en Comfort (2004:1) vra die vraag: “If the love of God dwells in us, how can we not be horrified by the fate of the lost?” Yet many professing Christians today are so locked into worship (with the volume turned high) that they seem to give little or no thought to the fate of the ungodly” Bright (1995:65) maak die stelling dat slegs 2% van die Amerikaanse kerkgangers getuig van hulle geloof! Chantry (1970:10) sê dat die wat dan wel getuig, kritieke foute maak in hulle metodes van evangelisering.

“In this honest search for God’s power to return to the preaching of today, evangelicals have been making some crucial errors. After analysing, evaluating, praying and hoping, missions are not revitalized and sinners are not turning to Christ in great numbers. The questions are still being asked, ‘What is wrong with our evangelism? What is needed to win the world for Christ?’”

Twee probleme kom duidelik na vore: Ten eerste, geen evangelisering word gedoen nie. Bechtle (2006:13), wat gebruik maak van die “personality style”, maak die volgende stelling: “I gave up on evangelism.” Hy gee verskeie redes wat die oorsaak is van hoekom mense nie meer evangeliseer nie(Bechtle, 2006:26,27):

- a. "I really want to evangelize." Mense wil regtig evangeliseer, maar uit vrees vir evangelisering sal hulle eerder lewendige insekte eet en van 'n warm lugballon "bungee jump" as om te evangeliseer.
- b. "It would be easier if I were more outgoing." In die Westerse kultuur word groot waarde gekoppel aan ekstroverte wat 'n voordeel ten opsigte is van werksoek, kommunikasie ensovoorts, wat introverte laat voel hulle is benadeel.
- c. "I've tried, but I don't see any results." Nuwe Christene het die begeerte om te wil evangeliseer, maar weet nie hoe nie. Hulle luister na boodskappe, lees boeke en probeer toepas wat hulle geleer het, maar sien geen resultate nie. Dit lei tot teleurstelling en skuldgevoelens wat veroorsaak dat so persoon nie weer probeer nie.
- d. "I don't know how to lead someone to Christ." Almal wil graag mense na Christus lei, maar weet nie hoe nie. Dit was nie deel van hulle opbrengs nie. Sommige wil, maar wil nie dit doen soos hulle geleer is nie.
- e. "There has to be a better way." Die vraag word gevra of daar nie 'n beter manier is nie? Soos Dawid probeer het om Saul se wapenuitrusting aan te trek, vind hulle dat die gereedskap vir evangelisering onnatuurlik is en dat hulle op soek is na nuwe metodes en gereedskap vir evangelisering.

Tweedens is daar verkeerde metodes van evangelisering. Verskeie maniere en moderne modelle van evangelisering bestaan. Almal kom kortliks neer op dieselfde beginsels en word kortliks deur Chantry (1970:11) omskryf as:

"Having accepted the theory that unity is all-important for world evangelism, both the church and the individual must lower their estimate of the value of truth. In a large congress on evangelism we could not insist on a truth of God's Word that would offend any brother evangelical. Thus we must find the lowest common denominator to which all born-again Christians hold. The rest of the Bible will be labeled 'unessential' for missions. After all, unity (among Christians) is more essential than doctrinal preciseness."

Chantry (1970:12) gaan voort en sê dat die tweede probleem “tradition in evangelism” is. Evangeliste roem op hulle Gereformeerde erfenis. Die Bybel, God se Heilige Woord, is ons gids en leiding in alles. Die mens buig nie neer voor enige menslike outoriteit nie. “Sola Scriptura” is eerder ’n indikasie van goeie intensies as wat dit ’n feit is. Hy sê verder:

“The evangelical wing of the Protestant church is saturated with doctrine and practices which have no Biblical foundation. Many teachings and habits touching the Gospel are as much the products of human invention and tradition as the indulgences of Tetzl. And certain doctrines in our midst are quite as dangerous.”

Palau en Robnett (2006:83) beweer om sonde te preek is nie die “Goeie Nuus” nie. Hulle sluit nie sonde totaal uit nie, maar tydens evangelisering dien dit geen nut om sondaars te bombardeer met sonde nie, want dit is uitsluitlik net die werk van die Heilige Gees. Hulle gaan voort om te sê: “God is not an angry God, and we are not called to portray Him as such. That is not the Gospel. The good news is centered on the person and work of Jesus Christ: “That Christ died for our sins according to the Scriptures, that he was buried, and that He was raised on the third day. (1 Cor. 15:3-4)”

Chantry (1970:36) sê dat dit ’n normale evangelisasie-metode is om eerste te begin met Jesus en die kruis, maar dat die kruis niks beteken sonder die wet nie. Spurgeon (aangehaal deur Carter 1988:118) bevestig die gebruik van God se Tien Gebooie tydens evangelisering deur die volgende stelling:

“I do not believe that any man can preach the gospel who does not preach the law. The law is the needle, and you cannot draw the silken thread of the gospel through a man's heart unless you first send the needle of the law to make way for it. If men do not understand the law, they will not feel that they are sinners. And if they are not consciously sinners, they will never value the sin offering.”

Spurgeon (1954:338) sê verder: “Spare not the sterner themes, for men must be wounded before they can be healed, and slain before they can be made alive.” Hughes (2002: 65) sluit hierby aan:

“Sin is defined by the dictionary as ‘an act of transgression against divine law’. The sin that every one of us must admit to is that even though God made us for a relationship with Himself, we have made no attempt to engage with Him out of our hearts. We have fallen short of His standards and expectations, and admitting and accepting this fact is the very first step on the path to finding God.”

Moody (1999:44) sê ’n mens wat die Here Jesus aanneem, maar nie besef wat die omvang en erns van sy sonde is nie, gaan waarskynlik ’n hardvogtige Christen wees. Die heel eerste windjie wat waai of die heel eerste versoeking wat oor sy pad kom, gaan hom weer in die kloue van die wêreld laat beland (Mark. 4:16-17. A. Ferreira).

Baie predikante, evangeliste en sendelinge volg die EEIII, en begin met: “Die hemel is ’n vrye gawe, en dit word nie verdien of verwerf nie. Die mens is ’n sondaar en kan homself nie red nie, daarom is God genadig en wil hy ons nie straf nie, maar hy is regverdig daarom moet hy ons straf” (Kennedy, 1998:18-19).

Die ander metode wat wêreldwyd gebruik word, is die vier Geestelike Wette van “Campus Crusade for Christ”, wat begin met “God het jou lief en het ’n wonderlike plan met jou lewe” (Bright, 1965:2). Daarna word Rom. 3:23 aangehaal in basies al die bekende evangelisasie-metodes: “Want almal het gesondig, en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God” (Bright, 1965:2), (Graham, 1984:5), (Kennedy, 1998:19), (Laurie, 1999:65).

Comfort (1989:15) beweer dat genoemde metodes veroorsaak dat mense nie hulleself as desperate sondaars sien wat God se vergifnis nodig het nie, maar eerder ’n valse prentjie skep van Jesus wat pleit by die sondaar se hart! Hierdie tipe uitnodiging skep die indruk dat die sondaar vir God ’n guns gaan doen as hy reageer op die uitnodiging.

Die evangelie is nie 'n uitnodiging nie, want uitnodigings kan van die hand gewys word sonder vrees van vergelding.

Die probleem is dat in nie een van hierdie genoemde evangelisasie-metodes daar 'n omskrywing van sonde gegee word nie. Sonder 'n omskrywing van wat sonde is, het Rom. 3:23 geen invloed op 'n sondaar nie, want daar is altyd iemand wat meer sonde as hy doen. Hitler het immers miljoene Jode vermoor! (Comfort, 1989:47,53; Cameron & Comfort, 2004:55). Sodoende het die evangelis en predikant goeie bedoelings om die sondaar tot bekering te bring, maar inderwaarheid word daar 'n valse bekering geskep (Comfort, 1989:37). Jesus self bevestig dit in Matt. 23:15 “Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom 'n kind van die hel, tweemaal erger as julle self.”

In alle gevalle het die sondaar eers die oplossing gekry, naamlik “Jesus wat vir hom gesterf het”, sonder dat hy werklik besef waarom Jesus dit vir hom gedoen het, of wie en wat Jesus werklik is. Dit bring by die sondaar geen sondebeseft nie, maar eerder 'n gevoel van empatie en simpatie dat iemand so wreed vermoor is aan 'n kruishout. Comfort (1989:59) maak die volgende stelling:

“Brethren, the fault isn't with the sinner; he's just responding to the message as he understands it. We need to change our approach and bring heartfelt conviction by using the Law.”

In die lig van die bogenoemde ontstaan die vraag:

Kan daar riglyne daargestel word wat evangeliste kan help om op 'n Bybels-verantwoorde manier valse bekerings te verhoed of tot die minimum te beperk?

Hierdie vraag is die probleemstelling van die beoogde studie, en die probleme wat hieruit spruit is die volgende:

1. Watter Skrifperspektiewe is daar oor ware en valse bekerings?
2. Wat is die moderne beskouing/teorieë oor bekering?
3. Watter riglyne kan gegee word aan evangeliste om valse bekerings tot die minimum te beperk?
4. Hoe sal 'n model van evangelisering vir ware bekerings daar uitsien en watter plek het die Tien Gebooe daarin?

1.3 DOELSTELLINGS

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om riglyne daar te stel wat evangeliste kan help om valse bekerings tot die minimum te beperk.

1.4 DOELWITTE

Om hierdie oorkoepelende doelstelling te bereik, word die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:

1. Om vas te stel wat die Skrifperspektiewe aangaande waar en valse bekerings is.
2. Om vas te stel wat die moderne beskouings/teorieë aangaande evangelisering en bekerings is.
3. Om riglyne daar te stel waardeur valse bekerings tot die minimum beperk kan word.
4. Om 'n model van evangelisering daar te stel wat die plek van die Tien Gebooe inkorporeer soos Jesus dit gedoen het.

1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat verkeerde evangelisasie-metodes die oorsaak vir valse bekerings is en dat 'n Christelik-etiese perspektief op die plek van die Wet van God in evangelisering 'n korreksie in hierdie verband kan doen.

1.6 *METODOLOGIE*

- In die beantwoording van die verskillende navorsingsvrae, sal 'n vergelykende literatuurstudie gedoen word.
- Daar sal prinsipieel gefokus word op hoe Jesus die evangelie uitgedra het deur gebruik te maak van die Tien Gebooie. Hier sal gesteun word op eksegeese en vergelykende literatuurstudie.
- Vergelykende literatuurstudie sal gedoen word rakende huidige beskikbare evangelisasie-metodes.

1.7 *HOOFSTUKINDELING*

Die volgende hoofstukindeling word in die vooruitsig gestel:

1. Inleiding.
2. 'n Bybelse perspektief van ware en valse bekering.
3. Moderne beskouings/teorieë van evangelisering en bekering.
4. Die plek van die Tien Gebooie in evangeliseringsmetodes wat ware bekering vorendag kan bring.
5. Gevolgtrekkings, aanbevelings en leemtes vir verdere studie.
6. Bibliografie.

1.8 SKEMATIESE VOORSTELLING OM DIE KORRELASIE TE LAAT BLYK

Probleemstellings	Doelstellings	Metodologie
Watter Skrifperspektiewe is daar oor waar en valse bekering?	Om vas te stel wat die Skrifperspektiewe aangaande ware en valse bekerings is.	Ten einde vas te stel wat die getuienis van die Bybel oor waar en valse bekering is, word relevante literatuur sowel as grammaties-historiese eksegeese van relevante Skrifgedeeltes van beide die Ou en die Nuwe Testament (De Klerk & Van Rensburg, 2005), nagevors.
Wat is die moderne beskouings/teorieë oor bekering?	Om vas te stel wat die moderne beskouings/teorieë aangaande bekering is.	Om die moderne beskouings / teorieë aangaande bekering te ondersoek, en te beoordeel, word 'n in-diepte bestudering van die literatuur onderneem in die vorm van 'n literatuurstudie van relevante artikels en internetsoektogte.

Wat is die plek van die Tien Gebooie in evangelisering en watter riglyne bied dit vir evangeliste om valse bekerings te verhoed? Hoe sal 'n model vir die evangelie daar uitsien?	Om op grond van die eise van die Tien Gebooie riglyne daar te stel waarvolgens valse bekerings tot die minimum beperk kan word.	Om op grond van die eise van die Tien Gebooie riglyne rondom bekering daar te stel wat kan dien as hulp vir evangeliste, word versamelde materiaal deur analise, interpretasie en sintese gekeur en georden om 'n hermeneutiese wisselwerking tussen vergelykende literatuurstudie te vorm.
--	--	--

HOOFSTUK 2

'n BYBELSE PERSPEKTIEF VAN WARE EN VALSE BEKERINGS

2.1 INLEIDING

Die fokus van hierdie hoofstuk is om vas te stel hoe “ware en valse” bekerings deur die Skrif hanteer word deur die gebruik van God se Tien Gebooie. Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om riglyne daar te stel wat evangeliste kan help om valse bekerings tot die minimum te beperk.

2.2 DIE WOORD VAN GOD AS MAATSTAF VIR DIE NAVORSING OOR WARE EN VALSE BEKERINGS

Die navorser aanvaar as voorveronderstelling binne hierdie studie die Bybel as die organies-geïnspireerde Skrifopenbaring van God, die Almagtige Skepper van hemel en aarde. Die studie vind verder plaas binne die bestek van die Reformatoriese tradisie, en getrou hieraan moet die Woord van God dus dien as die enigste maatstaf en oplossing vir alle mense se etiese probleme. 'n Mens kan tereg vra: Waarom? Die antwoord lê daarin dat die Woord van God deur God self gegee is tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens volkome kan wees, en ten volle toegerus kan wees vir elke werk (2 Tim. 3:16-17).

MacArthur en Mack (1994:20) maak die volgende stelling:

“The Church must recover her confidence in the spiritual resources God Provides. We must return to the conviction that Scripture alone is inspired by God and profitable for teaching, for reproof, for correction, for training in righteousness. If evangelicals do not rediscover biblical counseling and reinstate God’s Word to its rightful place as the supreme discerner and mender of the thoughts and intents of the heart, we will lose our testimony to the world, and the Church itself will die.”

MacArthur en Mack (1994:20) sê verder dat daar geen hoër kennis of weggesteekte waarheid, absoluut niks behalwe die allergeoegsame bronne wat die mens in Christus vind, bestaan, wat die menslike hart kan verander nie. Hiermee wil hy aandui dat die Skrif 'n genoegsame bron is vir die gebruik van die evangelis en predikant in die uitdra van die Blye Boodskap.

Aan die hand van bogenoemde, vorm hierdie studie of navorsing deel van Teologiese Etiek. De Bruyn (2008:7) definieer dit soos volg:

“Teologiese etiek is die deel van die teologiese wetenskap wat die geopenbaarde wil van God en die kerklike belydenis wat op die mens se gedagtes, woorde en werke betrekking het, bestudeer om die beginsels daarin te bepaal en die norme wat daaruit afgelei word, te formuleer, sodat die mens se optrede aan die hand daarvan beoordeel kan word om vas te stel of dit goed of sleg is.”

Reisinger (1997:10) maak die stelling dat geen menslike etiek moontlik is nie, behalwe as dit gegrond is in die Skepper en sy morele mandate vir alle wesens.

2.3 DOELSTELLING

Hierdie hoofstuk se doelstelling is om, vanuit 'n Bybelse vertrekpunt, Christelike etiese beginsels rondom ware bekering na vore te bring, wat predikante en evangeliste kan help om valse bekerings tot die minimum te beperk.

Volgens Cameron en Comfort (2004:192) is die meerderheid gelykenisse van Jesus hoofsaaklik gemik op ware en valse bekerings, byvoorbeeld die gelykenis van die saaiër (Mark. 4:3-20), die gelykenis van die wyse en dwase maagde (Matt. 25:1-12), die gelykenis van die huis gebou op die sand en die rots (Matt. 7:24-27), en die gelykenis van die ryk jong man (Matt. 8:16-24) – om slegs 'n paar te noem. Volgens Cameron en Comfort (2004:192): “Jesus again uses the word ‘many’ here in describing the false converts, as He did when speaking of those ‘who practice lawlessness’ whom He never knew (Mt. 7:22-23).” Daar sal in meer detail gekyk word na sekere van hierdie

gelykenisse, om moontlike oplossings daar te stel wat gebruik kan word om valse bekerings tot die minimum te beperk.

Die volgende punte sal in hoofstuk 2 behandel word, deur te verwys na die voorkoms daarvan in die Ou Testament, sowel as in die Nuwe Testament:

- Die Heiligheid van God
- Die werk van die Heilige Gees met betrekking tot ware bekering
- Sonde en die oorsprong daarvan
- Die Blye Boodskap
- Die doel van evangelisering
- Bekering
- Teonome norme, Morele Wet, God se Tien Gebooie of die Dekaloog
- Die geldigheid van die gebruik van God se Tien Gebooie vir vandag se tyd
- Die wettige gebruik van die Tien Gebooie tydens evangelisering in die Nuwe Testament deur Jesus en sommige van sy apostels
- Voorbeelde van ware en valse bekerings

2.4 METODE

Soos wat in hoofstuk 1 vermeld is, sal daar 'n vergelykende literatuurstudie gedoen word vir die beantwoording van die verskillende navorsingsvrae. Daar sal prinsipiële gefokus word op die wyse waarop Jesus die evangelie uitgedra het, deur gebruik te maak van die Tien Gebooie. Hier sal gesteun word op eksegetiese en vergelykende literatuurstudie.

2.5 WERKSPLAN

Die hoofpunt van hierdie navorsing is “om valse bekerings tot die minimum te beperk”. Alvorens ware en valse bekerings nagevors en verstaan kan word, moet sekere begrippe eers goed nagevors en verduidelik word. Hierdie begrippe is: God se Heiligheid, die werking van die Heilige Gees, sonde, die Blye Boodskap, die doel van evangelisering en bekering, die doel, oorsprong en geldigheid van God se Tien Gebooie, en die gebruik van die Tien Gebooie tydens evangelisering. Dus:

- In die eerste plek sal daar gekyk word na die begrip “God se Heiligheid”. Een ding wat mense nodig het om te leer, is dat die mens nooit God se woorde sal verstaan as hulle nooit geleer het om sy heiligheid te verstaan nie (Edwards, 2009:25).
- In die tweede plek sal daar gekyk word na die Trooster en die wyse waarop die Heilige Gees inpas by ware en vals bekerings.
- In die derde plek sal daar gekyk word na “sonde”. Wat is sonde en waar kom dit vandaan?
- In die vierde plek sal daar gekyk word na die begrip “Die Blye Boodskap”. Waar kom die Blye Boodskap vandaan en hoekom is dit ’n Blye Boodskap?
- In die vyfde plek sal daar gekyk word na die doel van evangelisering en bekering. Die stappe van ware bekering en die noodsaaklikheid van bekering.
- In die sesde plek sal daar na die oorsprong, heiligheid, doel en geldigheid van God se Tien Gebooie gekyk word. Wie het die Tien Gebooie geskryf, wat is die doel van die Tien Gebooie, en is dit vandag nog geldig en heilig? Wat sê die Tien Gebooie oor God se heiligheid en sy karakter?
- In die sewende plek sal daar gekyk word na die wettige en onwettige gebruik van die Tien Gebooie.
- In die agtste plek sal die wettige gebruik van die Tien Gebooie tydens evangelisering in die Nuwe Testament deur Jesus, en sommige van die apostels deeglik nagevors word, om sodoende die geldigheid daarvan vir die hedendaagse mens te bevestig.
- In die negende plek sal daar gekyk word na ware en valse bekerings in die Nuwe Testament.
- In die tiende plek sal daar na die werklikheid van valse bekerings gekyk word soos dit vandag voorkom.

2.6 DIE HEILIGHEID VAN GOD

Alvorens die begrippe “sonde”, “bekering”, “verlossing”, ensovoorts, verstaan kan word, is dit essensieel om te verstaan wat is God se “heiligheid”.

Hammond (2010b:30) maak die hartseer stelling dat die kerke nie meer ontsag vir God het nie – daardie heilige vrees vir en absolute aanbidding van God, het verlore gegaan.

Ryken (2003:12) beweer dat mense meer “geïnteresseerd” is in God, as wat hulle gewillig is om te doen wat Hy sê. Die vraag ontstaan dan: Waarom is dit so? Ryken (2003:12) antwoord dat die enigste verklaring daarvoor is dat mense nie die God van die Bybel ken nie, want as hulle Hom geken het, hulle die absolute outoriteit van sy wet sou herken het. Respek vir God vereis altyd respek vir sy wet. Wanneer mense dus ’n lae siening van God se wet het, soos tans gesien kan word in die hedendaagse samelewing, is dit onteenseglik ’n bewys dat hulle ’n lae siening het van God. Reisinger (1997:155) bevestig hierdie stelling.

Bovermelde sienings van Ryken en Reisinger word beaam deur Chantry (1970:26) wanneer hy opmerk dat, sonder ’n kennis van God, ’n sondaar nie sal weet wé hy aanstoot gee het nie. Die sondaar sal nog minder weet wie dreig hom met vernietiging, asook wie alleenlik in staat is om hom of haar te red. Hy ondervind nou bloot ’n algemene vrees vir God, sonder enige persoonlik toenadering tot God, sodat begrippe soos “my persoonlike Saligmaker of Redder” nou slegs ’n hol frase word.

Edwards (2009:25) ondersteun bogenoemde siening en beweer dat daar een ding is wat mense nodig het om te leer, en dit is dat mense nooit die woorde van God sal verstaan, alvorens hulle God se heiligheid waardeer en respekteer nie. Wanneer iemand kla dat hierdie tien wette daar is om ’n remskoen te plaas op sy vryheid en sy lewe, kan ’n mens verseker weet dat daar by so ’n persoon geen kennis bestaan van die natuur van die een ware God nie.

In Jes. 6:3 word God se heiligheid drie keer beklemtoon. “Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërske. Die hele aarde is van sy heerlijkheid vol!” God se Heiligheid was so oorweldigend vir Jesaja dat hy uitgeroep het: “Wee my, ek is verlore! Want ek is ’n man onrein van lippe en woon onder ’n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërske, gesien!” God is so heilig dat, met die aanskoue van God, geen mens nog kan bly lewe nie (Gen. 32:30, Rig. 13:22, Deut. 5:24). Met die aanskoue van God se Heiligheid, het ’n groot vrees vir God Jesaja se hele wese gevul, sodat hy gedink hy gaan sterf omdat God se Heiligheid elke greintjie onreinheid, oftewel elke sonde in Jesaja, ontbloot het!

Die volk Israel (Eks. 19:10-25) moes hulself rein maak, want God self sou aan hulle verskyn. God het Homself gedeeltelik geopenbaar aan die mens, en omdat God so heilig is, moes daar bakens opgerig word wat keer dat enige mens of dier nie aan die berg raak nie. Mens of dier wat hierdie grens oortree, moes op die plek sterf. McIlwain (1991:327) verklaar die erns van God se heiligheid en sê dat die grense wat gestel was vir mens en dier rondom die berg Sinai, God se heiligheid beklemtoon het. Hierdie bakens het verder 'n klem gelê op die sondige toestand en die saak van onmoontlikheid vir hierdie sondige mense, om naby God te kom. Daarmee saam het die sekerheid van oordeel gekom, as mens of dier in hul sondige toestand dit sou waag om hierdie grense te oorskry. Kennedy (2010: 41) sê die volgende:

“En jy – jy wat op jou aangesig in die stof gelê het, toe die berg geskud het, sal dit nooit eers waag om daaraan te dink om hierdie wette te oortree nie. Want, het jy nie met jou eie oë aanskou wat gebeur met diegene wat nie na God luister nie? En jou landgenote, die wat saam met jou onder die verdrukking van Farao uitgetrek het, het heilige ontsag vir en gehoorsaamheid aan God gehad.”

God is so heilig dat selfs één sonde 'n skeiding maak tussen Hom en die mens, daarom dan ook dat Adam en Eva uit die tuin verdryf is, weg van God af (McIlwain, 1991:331). Geen mens met sonde kan in die teenwoordigheid van 'n Heilige God kom, en nog steeds bly lewe nie. God is heilig en regverdig. Hy vereis die dood as betaling vir sonde (McIlwain, 1991:331). Hierdie boodskap van God se Heiligheid is ook geldig vir die Nuwe Testamentiese Kerk. Die Kerk, volgens die skrywer van Hebreërs, het nie naby 'n tasbare berg gekom, wat brand met vuur en bedek is deur wolke, storm, donkerte en duisternis nie; maar die kerk is geroep om God te dien met dieselfde eer en respek “want onse God is 'n verterende vuur” (Heb. 12:18-21, 29) (Douma, 1996:2).

Die woord “heilig” kom ongeveer 215 keer voor in die Bybel, en volgens Labuschagne en Eksteen (2007:25-7) beteken “heilig”: volmaak, sonder sonde, godvresend, eerbiedwekkend, eerbiedwaardig, trou, plegtig, ernstig, gewyd, afgesonder en diep (eerbied). “Volmaak” beteken perfek, en God het net een standaard, en dit is

perfeksionisme (McIlwain, 1991:333; Edwards, 2009:36). Geen mens is volmaak of perfek nie, daarom kan geen mens in die teenwoordigheid van die volmaakte, perfekte, heilige God kom sonder om te sterf nie.

Grudem (1994:202) gee 'n definisie van God se heiligheid as: "God's holiness means that he is separated from sin and devoted to seeking his own honor." Volgens Erickson (1998:311) en Berkhof, (1958:73) is daar basies twee aspekte van God se heiligheid. Die eerste is God se uniekheid. God is totaal en al afgesonder van die hele skepping. Hierdie noem Berkhof (1958:73) die "majesty-holiness" van God. Hierdie uniekheid van God se heiligheid word bevestig in Eks. 15:11: "o HERE, wie is soos U onder die gode? Wie is soos U, verheerlik in heiligheid, gedug in roemryke dae, een wat wonders doen?" Soortgelyke voorbeelde van God se heiligheid word gevind in 1 Sam. 2:2 en Jes. 57:15. Jesaja het die Here "sien sit op 'n hoë en verhewe troon" (Jes. 6:1). Die fondasies van die tempel het geskud en gebewe en die hele huis het vol rook geword, en die serafs het uitgeroep: "Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!" (Jes. 6:3).

Die Hebreeuse woord vir "om heilig te wees" is קדוש קדוש – qādôsh. Volgens Brown, Driver en Briggs (2000:872) beteken die woord "sacred, holy, Holy One, saint, set apart". Die werkwoord "qad" waarvan dit afgelei is, beteken "afgesonder" of "afgesny". Dit is een van die mees prominente woorde in die Ou Testament, en word uitsluitlik gebruik vir God (Berkhof, 1958:73). Die byvoeglike naamwoord "heilig" is vrylik gebruik deur die godsdienstige mense rondom Israel vir voorwerpe, aksies en mense wat betrokke is by aanbidding. Tydens Israel se verbond met God en wanneer hulle aanbid het, is dit vrylik gebruik vir God self (Erickson, 1998:311; Berkhof, 1958:73). "God Himself is the Most Holy One. He is called the 'The Holy One of Israel' - (Ps. 71:22; 78:41; 89:18; Isa. 1:4; 5:19, 24)" (Grudem, 1994:202).

Beide Erickson (1998:311) en Berkhof (1958:73) gaan voort om te sê dat die heiligheid van God gereeld oorgedra is aan voorwerpe en plekke wat geassosieer is met God. As voorbeeld gebruik hulle die brandende bos waar Moses sy skoene moes uittrek, omdat

die plek waar hy gestaan het, heilig was (Eks. 3). 'n Soortgelyke voorbeeld vind ons waar God teen die berg by Sinai afgekom het, en die berg afgesonder moes wees van die kampplek van die Israeliete. Niemand behalwe Moses mag teen berg opgegaan of selfs daaraan geraak het nie (Eks. 19:11-13). Soortgelyke beperkings het gegeld by die tabernakel en later die tempel. Die Allerheiligste is afgesonder van die Heilige en kon slegs deur die priester betree word. Selfs die priester kon slegs een keer per jaar daar ingaan (Heb. 9:7).

Uit bogenoemde is dit baie duidelik dat absolute kennis en respek vir God se Heiligheid nodig is. Sy totale heiligheid sonder Hom af van enige sonde, en dit is veronderstel om by die mens 'n totale onbeskryflike gevoel van respek en stilte teweeg te bring, sodat die mense saam met die Psalmskrywer in Ps. 99:3 kan uitroep: "Laat hulle u grote en gedugte Naam loof! Heilig is Hy."

Die tweede aspek van God se heiligheid is sy absolute reinheid en goedheid. Dit beteken God is onaangeraak en onbesmet met die euwel van hierdie wêreld. Onder geen omstandige maak God deel daarvan uit nie. Let op hoe Hab. 1:13 God adresseer: "U, wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die onreg nie kan aanskou nie." Jak. 1:13 sê ook dat God nie deur die kwade versoek kan word nie. In hierdie geval is God totaal en al anders as enige ander godsdiens se gode. Die gebruike van hierdie gode is dikwels gebaseer op dieselfde sondige gebruike van hul aanbidders. Jahweh God is heeltemal vry van enige van hierdie sondige gebruike. Job 34:12 sê dat God nie onregverdig handel nie, en die Almagtige nie die reg verdraai nie. God se perfeksionisme is die standaard vir die mens se morele karakter, asook die motivering vir die mens se godsdienstige handeling. Die hele morele kode het sy oorsprong en vloei uit God se heiligheid (Erickson, 1998:311). Berkhof (1958:74) maak die volgende kragtige stelling:

"The holiness of God is revealed in the moral law, implanted in man's heart, and speaking through the conscience, and more particularly in God's special revelation. It stood out prominently in the law given to Israel. The law in all its aspects was calculated to impress upon Israel

the idea of the holiness of God, and to urge upon the people the necessity of leading a holy life.”

Erickson (1998:312) noem verder dat die mense van Israel vertel is dat die Here hulle God is, want dit is Hy wat hulle uit Egipteland laat optrek het om hul God te wees. Dit bevestig die rede dat hulle moet toon dat hulle heilig is. Verder moet hulle ten alle tye heilig wees, want God is heilig. Om hierdie rede mag hulle hulself nie verontreinig deur enige ongedierte wat op die aarde kruip nie (Lev. 11:44-45).

Hierdie selfde gedagte word vervat in Lev. 19:2 asook in Matt. 5:48. Omdat God foutloos is, word dieselfde vereiste van foutloosheid verwag van daardie objekte of persone wat vir God eenkant gesit word. Priesters moet sonder enige fisiese gebrek wees, en dieselfde vereiste word verwag van alle diere wat geoffer word. Die mense wat kom om te offer en te aanbid, moet geen gebrekkige diere bring om te offer nie (Lev. 1:3, 10; 3:1, 6; 4:3) (Erickson, 1998:312).

Baie duidelik kan uit bogenoemde gesien word dat Berkhof, Bevere, Douma, Erickson en Grudem kortliks 'n verduideliking gee van God se heiligheid, wat deur die hele Skrif geopenbaar word. Hierdeur bevestig hulle dat God se heiligheid absoluut noodsaaklik is vir die mens om kennis daarvan te neem, om dit te verstaan en te eerbiedig. Dit bring mee dat die mens moet weet met Wie hy te doen het, en dat hierdie eienskap van God seker dié belangrikste karaktereienskap van God is. Sonder die kennis van God se heiligheid, kan die mens **geen** begrip van sonde hê nie. Dit word baie duidelik wanneer daar weer gekyk word na Jesaja se ontmoeting met God, toe Jesaja bewus word van sy eie sonde en hy uitroep: “Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskaar, gesien!” (Jes. 6:5). Dieselfde gewaarwording van God se absolute heiligheid word geopenbaar toe Petrus, tydens die wonderbaarlike visvang-geleentheid in Luk. 5:8 vir Jesus sê die Here moet hom verlaat omdat hy 'n sondige man is (Erickson, 1998:312).

Wanneer 'n persoon sy eie heiligheid vergelyk met God, en nie met ander mense nie, word die noodsaaklikheid vir 'n volkome verandering van so 'n persoon se morele en geestelike kondisie duidelik (Erickson, 1998:312). Elke keer wanneer 'n ontmoeting tussen God en mens plaasgevind het, was daar 'n vrees vir God. Edwards (2009:26) sê dat hierdie God van alle kragte, magte en absolute reinheid, wat by verre te skoon en heilig is vir enige mens om net so in sy teenwoordigheid in te tree, met vrees en bewing genader moet word. Hierdie is die Heilige God van die ganse skepping. Bevere (1998:117) sluit hierby aan en sê dat 'n heilige vrees aan God die ereplek gee, asook al die aanbidding, danksegging, lof en verhewenheid wat Hom toekom.

Van meer as 180 verse in die Skrif wat betrekking tot die vrees van God het, is daar twee uitstaande is, naamlik Spr. 9:10: "Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand"; en Pred. 12:13: "Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense."

In Spr. 9:10 is dit baie duidelik dat die vrees vir God die begin van alle wysheid is. Wysheid begin by die vrees vir God, en Salomo sluit af met Pred. 12:13 en sê dat niks in die wêreld so belangrik is as om God te vrees en sy gebooie te hou nie. Alles begin by die vrees van God en die hou van sy gebooie en alles eindig met die vrees van God en die bewaring van sy gebooie. Bevere (1998:93) verduidelik dat die mens wat die Here vrees, bewend voor sy Woord en bewend in sy teenwoordigheid sal ingaan, omdat hy ontsag het vir die lewende God. Omdat hy ontsag het, sal so 'n persoon Hom met oorgawe gehoorsaam wees. Bevere (1998:107) sê onomwonde dat om God te vrees, is om in Hom te glo. Om in God te glo, sal gehoorsaamheid aan God teweegbring.

Gedeeltes wat na die vrees vir God verwys in die Bybel, kom meer as 150 keer voor in die Ou Testament en meer as 30 keer in die Nuwe Testament (Edwards, 2009:26). In Pred. 5:7 word dit kort en kragtig gestel: "maar vrees God!" Die Psalmdigter skryf in Ps. 112:1 "Halleluja! Welgeluksalig is die man wat die HERE vrees, wat 'n groot welbehag in sy gebooie het." Regdeur die Ou Testament word die volk gewaarsku met die woorde van Deut. 28:58-60. Dit kom daarop neer dat as hulle nie sorgvuldig al die woorde van die wet hou wat in die boek geskryf is nie, en die heerlike en gedugte Naam

van die HERE hulle God vrees nie, dan sal die HERE oor hulle en oor hulle nageslag buitengewone plaë bring. Hierdie sal groot en aanhoudende plaë wees, asook kwaadaardige en aanhoudende siektes. Verder sal God ook weer op hulle al die kwale van Egipte waarvoor hulle bang was, bring, sodat dit hulle sal aanklewe.

Volgens Edwards (2009:27) is daar 'n noue verband tussen vrees en gehoorsaamheid in bogenoemde vers, en dat Paulus ook dieselfde verbintenis gebruik in 2 Kor. 7:1c: “en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.” Edwards (2009:27) sê voorts dat behoorlike kennis van die karakter van God altyd gehoorsaamheid aan sy opdragte sal teweegbring. Om in konteks hierdie vrees, ontsag, wonder, eerbied of respek te kan verstaan, verduidelik Edwards (2009:27) die volgende:

“God is terrifying holy. He is the God who rules in the heavens (Job 26:7), and among the host of angels (Da. 4:35); he rules over the events of the universe (Eph. 1:11) and in the lives of all men and women (Ac. 17:25,28); he controls the destiny of every member of the human race (Pr. 16:4,33) and is sovereign in both history and geography (Ac. 17:26); he provides for the earth (Mt. 5:45), controls even the natural disasters (Isa. 45:7), and cares for his people (Ps. 121); he has written every chapter of the story of this earth and the universe – the last one (1 Co. 15:24-25). God is uncreated and self-existing (Jn. 5:26), eternal and unlimited (Rev. 21:6), unchanging and immense (Mal. 3:6 and Jer. 23:24), he is all light (1 Jn. 1:5), all knowing (1 Sa. 2:3), all powerful (Lk. 1:37), all present (Ps. 139:7-12), all holy (Ex. 15:11), and all love (1 Jn. 4:8). To this we can only respond, ‘Great is the LORD and most worthy of praise; his greatness no one can fathom’ (Ps. 145:3).”

Met bogenoemde word die heiligheid van God in kort gestel. Die navorser kan egter nie anders as om heelhartig saam met Chantry (1970:27) te stem, wanneer hy sê dat die mens die heel belangrikste vraag in vandag se lewe ignoreer nie, en dit is: **“Wie is God?”** Die ontbrekende vrees (Comfort, 2005:35) en kennis rondom God (Hos. 4:6)

bring mee dat sondaars nie hul ernstige, verlore toestand besef nie en daardeur gaan hulle ten gronde; hulle weet nie teen wie hulle gesondig het nie. Die wêreld is in 'n morele krisis en die Bybel gee die rede vir hierdie morele verval in Rom. 1:21-28, wat net sowel 'n gevolgtrekking kon wees van die daaglikse nuus (Reisinger 1997:3). Volgens Reisinger (1997:5) veroordeel baie mense die toename in misdaad, die verontagsaming van wet en orde, en die opbreking van familiewaardes, sonder om te weet dat hierdie pynlike feite die direkte oorsaak is van die samelewing se verwerping van Bybelse moraliteit soos vervat in die Tien Gebooie. Hammond (2010b:30) huldig dieselfde siening en Chantry (1970:28) omskryf dit verder as tragies.

2.7 DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES MET BETREKKING TOT WARE BEKERING

Volgens Brown (1999:16) was die rede hoekom die meeste dissipels van Jesus met hul lewens geboet het, omdat hulle 'n dinamiese evangelie verkondig het – 'n evangelie wat gelei word deur die Heilige Gees. In Joh. 16:7-11 staan hierdie baie belangrike woorde van Jesus:

“Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.”

Hierdie stuk sluit nou aan by Hand. 1:8 wat sê die mense sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom, en hulle sal Jesus se getuies wees.

Hand. 1:8 is die laaste woorde wat Jesus gespreek het voor Hy opgeneem is hemel toe; baie belangrike woorde wat nou inpas by Jesus se woorde in Joh. 16:7-11. Die mens kan nie die evangelie uitdra as die Heilige Gees so 'n persoon nie die krag daartoe

gegee het nie. Ook is dit belangrik om op te let na wat die Heilige Gees kom doen: dit is dieselfde metode wat Jesus volg met die Saligspreuke, naamlik oortuiging van sonde, geregtigheid en komende oordeel.

Van der Watt (1999:1358) sê die Parakleet (Voorspraak) sal een van drie belangrike dinge doen:

- Hy sal eerstens die sonde van die wêreld blootlê. Volgens Van der Watt (1999:1358) is ongeloof in Jesus die hart van alle sonde. As mense nie in Jesus glo nie, sal hulle nooit in 'n verhouding met God kan staan nie en sal hulle God ook nooit tevrede kan stel nie. Die presiese manier hoe die Heilige Gees die mense van sonde gaan beskuldig, word nie duidelik uitgelig uit die spesifieke gedeelte in die Skrif nie. Omdat die Heilige Gees egter in die gelowige is, gaan dit waarskynlik deur die verkondiging van die gelowige gebeur.

In teenstelling met Van der Watt wat sê "hoe presies die Voorspraak die mense van sonde gaan beskuldig, is nie uit die gedeelte duidelik nie", en "aangesien die Voorspraak egter in die gelowige is, gaan dit waarskynlik deur die verkondiging van die gelowige gebeur", vermeld Reidhead, aangehaal deur Comfort (2003:1380), die volgende: "When a 100 years ago earnest scholars decreed that the law had no relationship to the preaching of the gospel, they deprived the Holy Spirit in the area where their influence prevailed of the only instrument with which He had ever armed Himself to prepare sinners for grace." Comfort (2003:1380) beaam Reidhead se stelling en vra tereg wat dan die rol is van die Heilige Gees in die redding van sondaars:

"The answer is clear from Scripture. We are drawn by, convicted by, born of, and kept by the Holy Spirit. Why do we need to use the Law when witnessing? Why don't we just leave the salvation of sinners up to the Holy Spirit? Simply because, just as God has condescended to choose the foolishness of preaching to save those who believes, so He has chosen the Moral Law to bring the

knowledge of sin. Jesus Himself tells us how the Holy Spirit works in the salvation of the lost. He said that when the Holy Spirit comes: "He will reprove the world of sin [which *is* transgression of the Law – 1 John 3:4], and of righteousness [which is *of* the Law – Romans 8:4], and of judgment [which is *by* the Law – Romans 2:12]. So, when we use the Law to bring the knowledge of sin to the lost, we simply become instruments the Holy Spirit uses to lead sinners to the Savior."

Reisinger (1997:84) en MacArthur (2005:1410) bevestig hierdie siening van Comfort. MacArthur (2005:1410) maak die volgende stelling met betrekking tot Joh. 16:8, dat die mens se onwilligheid om in Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker te glo, basies die enigste sonde sal wees wat die ongelowige sal verdoem tot die hel. Alhoewel alle mense verlore is, vervloek deur die breek van God se Wet en daarom van nature sondaars is, sal die mens se onwilligheid om in Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker te glo, hulle verdoem tot die hel.

Die werking van die Heilige Gees word gekortwiek deur moderne predikers (sien hoofstuk 3 vir name van hierdie predikers). Moderne predikers praat oor alles behalwe sonde, geregtigheid of oordeel, en daarmee verwyder hulle die einste elemente wat die vrees van God in sondaars bewerkstellig (Comfort, 2005:35). Kieffer (2000:990) glo die werk van die Heilige Gees is soos 'n advokaat vir die dissipels wat Hy vertroos, maar is 'n aanklaer en 'n regter in 'n regsak teen die wêreld. Volgens Chantry (1980:27) is dit baie moeilik om ware bekerings te sien gebeur. Tot en met wanneer die Heilige Gees werk, sal die evangelis nooit die ware vrugte van bekering sien nie. Te veel kere ontvang mense die Woord met blydschap, maar hulle opvolgende gedrag bewys dat hulle valse bekerings is.

Uit bogenoemde is dit baie duidelik dat die Heilige Gees gekom het om die sondaars te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Die mens is net 'n instrument in die hand van die Heilige Gees en deur gebruik te maak van die Tien Gebooie van God, vind sonde-oortuiging plaas, wat 'n voorvereiste is vir ware bekering (2 Kor. 7:10).

2.8 *SONDE EN DIE OORSPRONG DAARVAN – SONDE DEFINISIE*

Die definisie van die woord “sonde” is seker die onbekendste begrip onder self-erkende Christene vandag. In daaglikse gesprekke en vanaf die preekstoel, het die navorser herhaaldelike kere gevra vir ’n omskrywing van die woord “sonde”. Met weinig uitsonderings, kon ’n ware definisie van hierdie woord nie gegee word nie. Hierdie tendens was dan ook ’n bydraende faktor vir die motivering van hierdie navorsing. As self-erkende Christene nie ’n behoorlike omskrywing van die woord “sonde” kan gee nie, hoe kan hulle dan wel getuig van ware redding? Dus is dit voor die hand liggend as daar na die konteks van hierdie studie gekyk word, dat ’n behoorlike omskrywing en definisie van sonde weergegee moet word. Dus, wat is sonde en waar kom dit vandaan?

Volgens Labuschagne en Eksteen (2007:820) beteken sonde die oortreding van goddelike of kerklike wette; kwaad, ongeregtigheid; opstand teen God en sy gebod. Spurgeon (1954:337) omskryf sonde baie kragtig en sê dat sonde die verbreking is van God se wet, wat op sy beurt straf noodsaak, waarin die toorn van God geopenbaar word.

Paulus skryf in baie duidelike woorde in Rom. 7:7 dat hy die sonde nie anders as deur die wet sou geken het nie. In 1 Joh. 3:4 bring Johannes die definisie van sonde in ooreenstemming met Paulus in Rom. 7:7, wanneer hy sê dat elkeen wat die sonde doen, ook wetteloosheid doen, want die sonde is wetteloosheid.

Sonde kan dus soos volg gedefinieer word: Sonde is die breek van God se Wet, die Tien Gebooie, oftewel wetteloosheid. Elkeen wat enige van God se Tien Gebooie breek, of ongehoorsaam is daaraan, maak homself skuldig aan sonde.

Erickson (1998:579) bring die definisie van sonde al nader aan die kern van die probleem en hy sê dat sonde enige bose aksie of bose motief is wat in opposisie met God is. In kort gestel, is sonde die mislukking van die mens om toe te laat dat God God is, asook om iets of iemand anders in God se regverdige plek as oppergesag te stel.

Erickson bring sonde in ware perspektief deur dit lynreg te vergelyk met God se heiligheid. Hy maak die volgende kragtige stelling wat weinig of nooit tydens moderne evangelisasie-metodes gebruik word: as God 'n baie hoë, verhewe, suiwer en sondelose wese is, wat vereis dat alle mense soos Hy moet wees, dan is die geringste afwyking van sy heilige standaard sonde en dan is die totale menslike ras se kondisie kritiek (Erickson, 1998:580). 'n Mens word nie geoordeel in vergelyking met ander mense nie, maar in vergelyking met die heilige standaard van God. Enige mislukking aan daardie standaard is sonde.

In kort definieer Erickson (1998:595) sonde as die mislukking van die sondaar om God se wet te vervul. Grudem (1994:490) gee die definisie van sonde as enige mislukking om te voldoen aan die morele wet van God in handeling, houding of in die natuur, en volgens Berkhof (1958:220) is sonde die oortreding van die wet van God. Atkinson en Field (1995:414) sê dat die tema van sonde en sy eweknie, geloof, op elke stadium onafskeibaar is van die etiese temas van goed en kwaad. Om 'n sondaar in verhouding met God te wees, is ook om te kort te skiet in karakter en gedrag, wat beskryf kan word as “goed”, “liefde” of “waarheid” in verhouding met ander mense en die materiële wêreld.

Vir 'n beter begrip van sonde is dit nodig om die oorsprong daarvan te bepaal, en watter gevolge dit vir die mensdom inhou. Verskeie begrippe en idees bestaan vir die oorsprong van sonde (Erickson, 1998:600):

- “Animal Nature”
- “Anxiety of Finiteness”
- “Existential Estrangement”
- “Economic Struggle”
- “Individualism and Competitiveness”

Vir hierdie studiedoeleindes gaan die navorser nie al die verskillende idees van die oorsprong van sonde, soos hierbo gemeld, hanteer nie, maar net fokus op die oorsprong soos dit in die Bybel vervat word.

Atkinson en Field (1995:641) maak die stelling dat die oorsprong van sonde gewoonlik saamgevat word in een van twee definisies:

- “A tighter definition views original sin as a hereditary taint or guilt on the part of the human race, which results from Adam’s infection of humanity through his act of rebellion at the Fall.”
- “A looser construal uses the notion of original sin to speak of sin as a transpersonal phenomenon – as historical and social, and therefore as more than simply the accumulation of particular willed acts of worshipping. In this way, the broader definition speaks of human sinfulness as a given situation in which humanity finds itself, rather than a mere malfunction of a neutral capacity to decide for or against God in particular circumstances.”

Volgens Grudem (1994:493) en Berkhof (1958:220) het sonde sy oorsprong lank voor Adam en Eva in die tuin gehad in die engele-wêreld, met die val Satan en sy demone. (Let wel, vir die doeleindes van hierdie studie word daar net gefokus op die oorsprong van sonde by die mens). Grudem (1994:492), Erickson (1998:613) en Berkhof (1958:220) beklemtoon dat dit uiters belangrik is dat daar bevestig word dat God nie sonde gedoen het nie, nog minder is Hy te blameer vir, of die outeur van sonde (Deut. 32:4; Gen. 18:25; Job 43:10; Jak. 1:13). Die verantwoordelikheid van sonde word vierkantig voor die deur van die mens geplaas (Erickson, 1998:613; Berkhof, 1958:220). Dit was die gevalle engele en die mens wat gesondig het uit hulle eie vrye wil en om God te blameer vir sonde is om die ergste graad van laster te opper teen die karakter van God. Die eerste oortreding van God se gebooie, oftewel sonde op aarde, was ten tye van Adam en Eva met die eet van die verbode vrugte. Grudem (1994:492) noem dat dit die volgende drie aspekte van die sonde in die mens voortgebring het:

- Sonde het die basis van kennis aangeraak omdat dit ’n teenstrydige antwoord gee op die vraag: “Wat is die waarheid?” God het vir Adam en Eva gesê dat hulle sal sterf as hulle eet van die boom (Gen. 2:17), en Satan het in teenstelling

hiermee gesê: “Julle sal nie sterf nie” (Gen. 3:4). Eva het besluit om die geloofwaardigheid van God se woord in twyfel te trek en om ’n eksperiment uit te voer om te sien of God wel die waarheid gespreek het.

- Ten tweede het sonde aan die basis getref van morele standaarde, omdat dit ’n teenstrydige antwoord gee op die vraag: “Wat is reg?” God het gesê dat dit moreel reg was vir Adam en Eva om nie van die verbode vrugte te eet nie (Gen. 2:17). Maar die Satan het gesuggereer dat dit wel reg is om van hierdie verbode vrugte te eet, en deur daarvan te eet, hulle “soos God” sal word (Gen. 3:5). In plaas daarvan dat Eva God vertrou het oor wat reg en wat verkeerd was, het sy op haar eie oordeel vertrou oor wat reg was en wat goed sal wees vir haar. Sy het “gesien” dat “die boom goed was om van te eet en dat hy ’n lus was vir die oë, ja, ’n boom wat ’n mens kan begeer om verstand te verkry” en daarom “neem sy van die vrugte en eet” (Gen. 3:6).
- Ten derde het sonde ’n teenstrydige antwoord gegee op die vraag: “Wie is ek?” Die korrekte antwoord is dat Adam en Eva ’n skepping van God was, afhanklik van Hom en altyd ondergeskik aan Hom as hul Skepper en Here. Maar eers Eva, en toe Adam, val vir die versoeking om “soos God te wees” (Gen. 3:5), en daarby het hulle probeer om God se plek in te neem.

Hierdie historiese waarheid oor die oorsprong van sonde en die val van die mens word deur die verskeie Nuwe Testamentiese skrywers bevestig. Paulus sê byvoorbeeld in Rom. 5:12 “Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het”; hy volg op met Rom. 5:16 “want die oordeel was uit één tot veroordeling” en bevestig ook dat “die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het” (2 Kor. 11:3; verwys 1 Tim. 2:14).

Die volgende is volgens Berkhof (1958:225) die dramatiese gevolge wat die aanvanklike sonde vir die mensdom teweeggebring het:

- Totale verdorwenheid van die menslike natuur (Gen. 6:5; Ps. 14:3; Rom. 7:18).
- Die verlies van gemeenskap met God deur die Heilige Gees, oftewel 'n kondisie van geestelike dood (Ef. 2:1, 5, 12; 4:18).
- Die gewaarwording van skaamte en om skuldig te voel.
- Nie net geestelike dood het gevolg nie, maar ook fisiese dood van die menslike liggaam (Gen. 3:19; Rom. 5:12; Rom. 6:23).
- Die gevolge van sonde het ook die verandering van fisiese verblyf teweeggebring. Die mens is verdryf uit die paradys, wat gemeenskap met God verteenwoordig, en verban van die boom van die Lewe, omdat dit die simbool was van lewe wat belowe is in die verbond van werke.

Uit bogenoemde kan daar onomwonde gesien word dat die oorsprong van die sonde uit die mens se eie, vrye wil ontstaan het om in opstand te kom teen God. Die dramatiese gevolge wat hierdie eie keuse vir die mens ingehou het, en nog steeds inhou, is op elke mens van toepassing. Dit moet by die mens dan die gedagte wek van wat gedoen kan word om hierdie verlore gemeenskap met God te herstel en die vreeslike gevolge van sonde tot niet te maak? Kan die mens uit sy eie iets daaromtrent doen? Die antwoord op hierdie vraag volg in die volgende punt.

2.9 *DIE BLYE BOODSKAP*

In beantwoording van laasgenoemde vraag, sal dit later duidelik word dat die mens absoluut niks uit homself kan doen, om van die gevolge van sonde te ontkom nie. As gevolg van hierdie feit, het God se onfeilbare liefde vir die mens gesorg dat daar wel 'n uitkoms is in die vorm van 'n Blye Boodskap.

2.9.1 *WAT IS DIE BLYE BOODSKAP OF EVANGELIE?*

Comfort (2005:11) sê God het net een metode gegee om die verlore mense te bereik, en dit is die een wat almal moet gebruik. Alle ander metodes is mensgemaak en moet vermy word. Volgens Hammond (2010b:35) is die "Blye Boodskap" dat God 'n Heilige God is en dat sy regverdige standarde deur sy Wet weerspieël word. Die mens moet sy sonde bely en in Christus glo. Hierdie belydenis moet dan sigbaar wees deur die gehoorsaamheid aan Christus. Dit behels 'n gewilligheid om op te offer en vervolging te

deurstaan vir die naam van Jesus. Aan diegene wat dit doen en volhard daarin, beloof God groot seën, beloning en die ewige lewe.

Atkinson en Field (1995:414) noem dat die woord “Gospel” in die Nuwe Testament gebruik word vir “God die Koning”. Hierdie unieke, historiese gebeurtenis van die geboorte, bediening, dood en opstanding van Jesus, is 'n publieke, universele aankondiging van God se plan en aksie om die wêreld te red. Hierdie Blye Boodskap waarsku dat die menslike ras sondig is in godsdienstige terme, omdat die mens 'n arrogante rebellie teen God openbaar of faal om Hom te vertrou. Hierdie Blye Boodskap bied vergifnis aan dié wat hulle bekeer en na God in Christus draai. Dit verkondig die hoop van 'n ewige, opgestane lewe na die graf.

Volgens MacArthur (1994:27, 53, 93, 97) is die Blye Boodskap van Jesus 'n oproep na dissipelskap, 'n oproep om hom te volg met onderdanige gehoorsaamheid. Jesus se boodskap maak mense vry van sonde, terwyl dit huigelaars konfronteer en verdoem. Dit was 'n offer vir die ewige lewe en vergifnis vir ware bekeerde sondaars, maar terselfdertyd het dit die uiterlike vrome, gelowige mense bestraf wat vervreemd was van die ware, opregte geregtigheid. Dit het sondaars kennis gegee dat hulle moet wegdraai van hul sondige lewens en die geregtigheid van God moet omhels. Hierdie boodskap was in die ware sin van die woord goeie nuus. Maar dit is net goeie nuus aan diegene wat hulself as sondaars sien. Dié wat nie skaam is oor hulle sondes nie, sal nooit ware redding ontvang nie.

Bonnke (2010:46), Chantry (1970:60), Comfort (1989:15, 17), Liebenberg (2010:50) en MacArthur (1994:114) benadruk dat die evangelie nie 'n uitnodiging is nie, maar 'n opdrag van God: “Acts 17:30: And the times of this ignorance God winked at; but now *commandeth* all men everywhere to repent” (my kursivering). In plaas daarvan dat desperate sondaars aan die deur van die hemel klop, word 'n valse prentjie by die sondaar geskep dat Jesus by 'n sondaar se hart pleit (Open. 3:20). Hierdie tipe “uitnodiging” gee die indruk dat die sondaar God as't ware 'n guns sal doen as hy reageer. Die evangelie is nie 'n uitnodiging nie, want uitnodigings kan goedgunstiglik van die hand gewys word sonder vrees vir vergelding. Die grootste wonderwerk van

redding is nie dat die mens Christus aanvaar nie, maar dat Christus die mens aanvaar (MacArthur, 1994:113).

Die grootste fout wat die moderne kerk en hul predikers vandag maak, is om te dink dat mense weet hulle is sondaars, en dat dit daarom nie nodig is om sondaars met hierdie feit te konfronteer nie. Moderne predikers sê dat ongeredde mense net nodig het om te weet dat God hulle liefhet en dat Hy hulle sal vergewe. Hierdie siening is glad nie waar nie en is ook onbybels. Die Bybel sê intendeel dat die meeste mense dink hulle is goed (Spr. 20:6) en selfs Paulus het gesê dat hy nie geweet het wat sonde is totdat die wet vir hom die ware natuur van sonde gewys het nie (Rom. 7:7) (Brown, 1999:33, 45; Cameron & Comfort, 2004:41; en MacArthur, 1994:66).

Die manier waarop Jesus met mense omgegaan en hulle gered het, staan in skerp kontras met die moderne boodskap en metodes wat verkondig en gebruik word (Hammond, 2010b:33-34). Jesus Christus distansieer Homself totaal en al van hierdie moderne evangelisasie-metodes, want Hy sê in Joh. 18:36 dat sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie, want as sy koninkryk van hierdie wêreld was, sou sy dienaars geveg het, sodat Hy nie aan die Jode oorgelewer sou word nie (Chantry, 1980:36).

Die grootste tragedie van moderne kerke vandag is dat hulle so gretig is om onbekeerdes toe te laat, dat hulle hul standaard noodwendig verlaag. Die gevolg is dat die kerk deur die wêreld oorstroom word. Dit volg weer daarop dat dit al hoe moeiliker raak om wesenlike meningsverskille, verskille in morele standaard en selfs die gedrag van Christene van dié van die wêreld te onderskei (Hammond, 2010b:31). Brown (1999:33) sluit hierby aan en beweer dat hierdie tipe evangelie die deur wydoop laat vir enigene om te dink dat hy gered kan word en maar nog steeds 'n ander meester (Satan) kan dien.

Brown (1999:18) beweer dat minder as 15% van ongeredde mense wat reageer op die goedkoop evangelie, uiteindelik 'n pad saam met God stap. MacArthur (1994:xxii, xxiii) huldig dieselfde siening as Hammond en Brown, en sê die karakter van die sigbare kerk van vandag openbaar die verfoeilike gevolge van moderne evangelie, en hierdie valse

evangelie is 'n bedreiging vir die ware evangelie van Jesus. Mense kan nie met oortuiging die weg tot saligheid gewys word, alvorens die regte evangelie verkondig word nie.

Die moderne evangelie is die tragedie van die moderne kerk (Reisinger, 1997:29) en Chantry (1970:30, 36) waarsku dat die sondaar nie moet dink hy doen God 'n guns om "Jesus te aanvaar" nie. God die heilige, het die mens 'n baie groot guns bewys deur die opdrag om in sy Seun te glo. Daarbenewens moet in gedagte gehou word dat Jesus by uitstek 'n beter evangelis is as enige mens. Die evangelis moet begin om sy boodskap te oordeel in verhouding met dié van Jesus, en nie andersom nie. God se Wet is 'n integrale deel van die prediking van die "Blye Boodskap", want deur die wet kom die kennis van sonde (Rom. 3:20). Die absentia van God se Heilige Wet tydens moderne prediking, is heel waarskynlik die grootste rede vir die evangeliese impotensie in kerke en sendingvelde.

Cameron en Comfort (2004:193) deel dieselfde siening as Chantry en is van mening dat wanneer 'n evangeliese preek gelewer word, maar die Tien Gebooie van God word nie gebruik nie, die kerk dan besig is om menigvuldige mense aan te help deur die poorte van die hel, en hierdie poorte is glad geolie deur hierdie valse, moderne evangeliese prediking. MacArthur (1994:xx, xxi) beklemtoon bogenoemde en sê 'n onrusbarende hoeveelheid van die hedendaagse boodskappe wat gepredik word, is nie die evangelie van Christus nie.

Baie duidelik is dit nodig om hier reeds te beklemtoon dat die gebruik van die Tien Gebooie tydens evangelisering, nie moderne "moralisering" is nie. Moralisering word deur Mohler (2010:20-23) gedefinieer as: "The essence of moralism is apparent in the belief that we can achieve righteousness by means of proper behavior". Volgens De Bruyn (2008:12) is "moralisering" wanneer die mens God se gebooie gehoorsaam, sodat Christus hom kan verlos.

2.10 DIE DOEL VAN EVANGELISERING

Die doel van evangelisering is om hierdie Blye Boodskap aan die verlore mensdom te bring op dieselfde manier as wat Jesus dit gedoen het. Dit is belangrik om te verstaan dat evangelisering nie 'n opsie is nie, maar 'n opdrag van Christus self (Bonnke, 2010:46; Chantry, 1970:60; Comfort, 1989:15, 17; Liebenberg, 2010:50). Hierdie opdrag staan in Matt. 28:19: “Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies”; en in Hand. 1:8 sê Jesus: “maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.” Erickson (1998:1061) maak die stelling dat hierdie die finale punt was wat Jesus gemaak het en dat dit wil voorkom dat Jesus aanvaar het dat evangelisasie die doel van die dissipels se bestaan is. Erickson (1998:1061) grond sy stelling op die volgende feit:

“Having accepted Jesus as Lord, the disciples had brought themselves under his rule and were obligated to do whatever he asked. For he had said, “If you love me, you will obey what I command” (John 14:15); “Whoever has my commands and obeys them, he is the one who loves me” (v.21a); and “You are my friends if you do what I command” (John 15:14). If the disciples truly loved their Lord, they would carry out his call to evangelize. It was not an optional matter for them.”

Paulus bevestig die doel van evangelisering in Rom. 10:13-15. In hierdie gedeelte is dit baie duidelik dat elke persoon wat die prediking van die Blye Boodskap hoor, die geleentheid kry om die Naam van die Here aan te roep, sodat hy deur die gehoor kan glo en dan gered kan word. Dit is slegs moontlik indien daar iemand is wat preek, en om te preek, moes die prediker gestuur word om die evangelie of Blye Boodskap aan ander mense te verkondig.

Comfort (1989:63) waarsku dat te veel mense hulself Christene noem, maar dat hulle faal om in die voetstappe van Jesus te volg, want mense het 'n voorliefde vir 'n heilige “warboel” en Christelike “klieks”. Die mens het visie verloor ten opsigte van die wêreld en al sy pyn. Die wêreld is die Samaria – as die mens nie bereid is om daardeur te

gaan nie, hoe gaan hulle die sondaars bereik wat op pad hel toe is? Dit is dus baie duidelik dat die doel van evangelisering gehoorsaamheid aan die opdrag van Jesus vereis om die evangelie te verkondig aan die ganse mensdom, en die mens moet hierdie opdrag nie ligtelik opneem nie.

2.11 STAPPE VAN WARE BEKERING – EKSEGESE VAN MATT. 5:3-12

2.11.1 INLEIDING

De Bruyn (2008:2-3) maak die stelling dat die Bybel in die eerste plek die boodskap van verlossing van sonde deur Jesus Christus bevat, wat aan alle mense verkondig moet word. Om hierdie rede roep die Bybel die mens op, sodat die sondaar hom tot die Here bekeer en hom met God versoen. Chantry (1970:55) sê dat Christus nie 'n nuwe evangelie ontwerp het vir die twintigste eeu nie. Die hartseer feit van die saak is dat evangeliste, predikers, kerke en selfs literatuur, onbewustelik die leer van bekering geskraap het en dit vervang het met 'n hartseer, droewige belydenis.

Moderne evangelisasie-metodes is dit eens dat “gee net jou hart vir Jesus”; “aanvaar Jesus as jou persoonlike Saligmaker”; “nooi Christus in jou lewe in”; “maak 'n besluit vir Jesus” of “God het jou lief en het 'n wonderlike plan met jou lewe”, van die algemene bekeringsterme is om 'n verlore sondaar met God te versoen. Die teendeel is egter waar: geen Skrifgronde kan gevind word vir bogenoemde terme nie! (MacArthur, 1994:27; Chantry, 1970:48; Hammond, 2010b:32). Die term “bekeer” of “bekeer julle” kom egter baie duidelik regdeur die Ou Testament (80 keer) en in die Nuwe Testament (47 keer) voor.

Johannes die Doper begin sy bediening met dié woorde in Matt. 3:2: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.” Matt. 4:17 en Mark 1:15 stel dit ook baie duidelik dat Jesus sy bediening begin het om te preek en dat Hy gesê het: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.” Volgens MacArthur (1994:177) was die tema van Jesus se eerste tot die laaste boodskap om sondaars tot bekering te roep. Petrus gee telkens die opdrag: “Bekeer julle” (Hand. 2:38a, 3:19, 8:22). Paulus sê ook in Hand. 14:15: “Bekeer julle”, en meer spesifiek in Hand. 17:30: “God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral

dat hulle hul moet bekeer.” Baie duidelik kan hier waargeneem word dat die mens hom moet “**bekeer**” en nie een van bogenoemde onbybelse gebruike (verwoord deur bovermelde terme) wat vandag aan sondaars voorgehou word, moet beoefen nie.

Volgens Labuschagne en Eksteen (2007:66) beteken “bekeer” die volgende: “van die slegte na die goeie oorhaal (heidendom na Christendom); tot inkeer bring; beweeg om van die een party na die ander party oor te gaan; van oortuiging te laat verander.” Atkinson en Field (1995:730) omskryf “bekeer / bekering” as die volgende in die Ou Testament:

“Two Hebrew words express the idea of repentance: *naham*, which came to mean ‘to lament, grieve, be sorry, change one’s mind’; and *sub*, meaning ‘to turn back, return’. The former is most often used of God, where it is said that he would ‘repent of the evil’ which he had thought to do to his people (e.g. see RSV, Je. 18:8; 26:3; 13, 19; Am. 7:3, 6), often in response to the people’s changing of their wrong behaviour. The latter word usually refers to humankind being called to return to creaturely dependence on God. It is a term frequently used by the prophets to indicate a call for a total change in one’s attitude towards sin to righteousness and entering into new fellowship with God (Is. 10:21-22; 30:15; Je. 3:14; 15:15-21; Ho. 6:1-3; 14:1-2).

Atkinson en Field (1995:730), sowel as MacArthur (1994:177) sê voorts dat, in die Nuwe Testament, in die Evangeliese boeke, Jesus se hooftema die prediking van bekering was. Jesus het hierdie aspek beklemtoon in die begin van sy bediening in Matt. 4:17, en Hy beklemtoon dit ook aan die einde van sy bediening, wanneer hy sy dissipels vermaan om die prediking van bekering die hoofpunt te maak in hul preke (Luk. 24:46-47). Volgens Atkinson en Field (1995:730), Chantry (1970:47) en Comfort (2005:84) behels bekering in die Nuwe Testament die volgende:

- om opreg jammer te wees oor sonde (Luk. 15:17-18; Luk. 18:13);
- om weg te draai van sonde (Luk. 19:8; Mark. 10:21);

- om totaal en al die rigting en motivering van 'n persoon se lewe te verander (Matt. 3:8; Mark. 10:21);
- om volkome op die genade van God te vertrou (Luk. 15:18-24, 32; Luk. 18:13).

MacArthur (1994:115-120) verklaar dat ware bekering die volgende vyf elemente bevat: nederigheid, openbaring, bekering, geloof en onderdanigheid. Comfort (1989:35) verduidelik dat wanneer Jesus gepraat het oor hoe om in die koninkryk van God in te gaan, Jesus die volgende stellings gemaak het:

“Enter ye in at the strait (στενός /stenos) gate: for wide is the gate, and broad is the way, that leadeth to destruction, and many there be which go in there at: Because strait (στενός /stenos) is the gate, and narrow (θλίβω / thlibō) is the way, which leadeth unto life, and few there be that find it” – Matthew 7:13, 14, KJV. “Strive (ἀγωνίζομαι / agōnizomai) to enter in at the strait (στενός /stenos) gate: for many, I say unto you, will seek to enter in, and shall not be able.” - Luke 13:24, KJV. A closer look at those original Greek words sheds some interesting light on how sinners should come before a holy God.

- Strive (ἀγωνίζομαι / agōnizomai), from which we derive the word agonize.
- Narrow (θλίβω / thlibō), which mean to suffer affliction.
- Strait (στενός /stenos), which means groaning.

As with natural birth, intense agonizing, affliction, and groaning should accompany one's entrance into the kingdom of God. Joy and gladness are a result of the new birth, not the way in which one enters the kingdom of God.”

Volgens Atkinson en Field (1995:731) is “bekering” die hart van die Christen-boodskap, die fondament vir die Blye Boodskap (Heb. 6:1). Bekering kan dus gesien word as absoluut essensieel tot ware redding. ’n Verlore sondaar kan nie gered word sonder ’n ware sondebeseft, wat op sy beurt lei tot ware bekering nie (Brown, 1999:16,57; Chantry, 1970:53; Comfort, 2005:15; MacArthur, 1994:50; MacArthur, 2005:1636; Rice, 1946:18). Chantry (1970:56) sê dit is hoogtyd dat ware bekering weer gepreek moet word. Sondaars moet direk gekonfronteer word met die ultimatum van “bekeer of sterf” aan die hand van God wie se heilige wet hulle verwerp en vertrap het.

Jesus Christus se eerste groot preek word weergegee in Matt. 5:1 – 7:29. Eksegese van die Saligsprekinge in die volgende punt sal gebruik word om die Saligsprekinge in meer detail te verduidelik om die erns van ware bekering na vore te bring.

2.11.2 MOTIVERING VAN MATT. 5:3-12 AS DIE FOKUSVERSE

Die boek Mattheus maak deel uit van 4 boeke wat die woorde van Jesus bevat. Matt. 5:3-12 is basies deel van Jesus se eerste opgetekende preek en hierdie perikoop is van die uiterste belang om ware en valse bekerings te verstaan. In hierdie gedeelte openbaar Jesus die wil van die Vader (Van Zyl, 1999:1111) in die vorm van Saligsprekinge, en dat Hy gekom het om te doen wat die Vader van Hom verwag. Jesus het deur sy hele bediening net gedoen wat die Vader behaag (Chantry, 1970:23) en sy doel om verlore siele die weg te wys tot God, word weerspieël in hierdie gedeelte.

2.11.3 EKSEGESE VAN MATT. 5:3-12

- **Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel**

Volgens Van der Waal (2006/7:9) is dit nie reg om te praat van Mattheus as **een** van die evangelies in die Bybel nie, maar wel as “die evangelie volgens of ooreenkomstig Mattheus.” Die aanvoerrede is dat daar slegs een Blye Boodskap is wat handel oor Jesus Christus, wat saamgevat word in die eerste 4 boeke van die Nuwe Testament en nie 4 verskillende Evangelies nie. Die Blye Boodskap is dat Jesus in die wêreld gekom het en sy eie lewe gegee het as losprys vir almal. Almal wat in Hom glo, en vergifnis van sondes vra, sal vergewe word en die Ewige Lewe beërwe (Hale, 1996:149).

Mattheus vorm die eerste boek van drie (Mattheus, Markus, Lukas) wat oorsigtelik (sinopties) langs mekaar geplaas kan word, en daarvandaan dan die benaming van die *sinoptiese evangelies* (Van der Waal, 2006/7:9).

Dit is onbetwisbaar dat die boodskap van die evangelie volgens Mattheus onlosmaaklik verbonde is aan dié van Markus en Lukas. Mattheus het nie die verhale gedagtelos net oorgeskryf nie, hy was 'n skrywer in eie reg (Van Zyl, 1999:1112). Volgens Van Zyl, (1999:1111), asook Jackman en Philip (2003:21) het die Evangelie volgens Mattheus 'n besondere opbou. Dit is die enigste evangelie wat Jesus se preke in vyf blokke saamvoeg: hoofstuk 5-7, 10, 13, 18, 23-25. Die plek van die perikoop (Matt. 5:3-12) in die struktuur van die boek, val dus in die eerste blok van Jesus se preke. Matt. 5:3-12 teken Jesus as die Een wat met God se gesag optree. Hy proklameer die wil van God in Matt. 5:1-7:29 en bevestig dit dan met wonderdade (8-9) (Van Zyl, 1999:1158). Jesus se woorde in Matt. 5:3-12 vorm juis die rede vir die bestudering van ware en valse bekerings in hierdie studie.

- **Die genre van die perikoop en die boek waarin die perikoop voorkom**

Vroeër is Mattheus binne die genre van biografie gesorteer, maar hierdie siening is later verwerp deur die twintigste-eeuse navorsers (Alison, 2000:847). Alison (2000:847) maak verder die stelling dat Mattheus 'n omnibus van verskeie genres is. Volgens Alison (2000:847 en 2004:XXVI) sorteer Mattheus wel onder die genre van biografie, aangesien dit 'n Man se lewensverhaal vertel, ongeag die feit dat dit nie 'n volkome lewensverhaal is nie. Mattheus kan egter ook gesorteer word onder die genre van Kerugmatiese historiese narratiewe (De Klerk & Van Rensburg, 2005:20).

Matt. 5:1-11 lui:

“En toe Hy die skare sien, het Hy op die berg geklim; en nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom gekom; en Hy het sy mond geopen en hulle geleer en gesê: Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word. Salig is die sagmoediges,

want hulle sal die aarde beërwe. Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word. Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.”

- **Ontleding van die gedagte-opbou van die perikoop**

Die inleiding van Jesus se eerste preek, die toelatingsvereiste vir sy Koninkryk – Wedergeboorte

Matt. 5:1-2 En toe Hy die skare sien, het Hy op die berg geklim; en nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom gekom; en Hy het sy mond geopen en hulle geleer en gesê:

Stap 1- Besef van sonde-toestand, voorvereiste van toelating tot Jesus se koninkryk

Matt. 5:3 Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Stap 2 – Mens besef niks uit homself kan hom verlos van sonde-toestand nie – daarom ween hy

Matt. 5:4 Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.

Stap 3 – Laat vaar hoogmoed – word sagmoedig, nodig om wedergebore te word

Matt. 5:5 Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.

Stap 4 – Soekend na die oplossing – die wat waarlik seek, sal vind

Matt. 5:6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.

Stap 5 – Moet barmhartig word

Matt. 5:7 Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

Stap 6 – Sonde vergifnis en ware wedergeboorte

Matt. 5:8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.

Stap 7a – Groot vrede het die wat God se wet liefhet, slegs moontlik indien waarlik wedergebore

Matt. 5:9 Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.

Stap 7b – Gevolge van wedergeboorte – vervolging

Matt. 5:10 Salig is die wat vervolgd word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Stap 7c–Gevolge van wedergeboorte – belediging en kwaadsprek

Matt. 5:11 Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolgd en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.

- **Openbaringshistoriese plasing van die perikoop**

Die begrip “salig” kom voor in Matt. 11:6; Matt. 16:7; Luk. 1:45, 48; Luk. 6:20-23; Luk. 7:23; Luk. 10:23; Luk. 11:27,28; Luk. 14:15; Joh. 13:17; Joh. 20:29; Rom. 4:6; Jak. 1:12; 1 Pet. 3:14; Op. 1:3; Op. 14:13; Op. 16:15; Op. 19:9; Op. 20:6; Op. 22:7; en Op. 22:14. In al die betrokke perikope handel “salig” oor dieselfde beginsel, naamlik geseënd.

Die begrip “arm” kom op veelvuldige plekke in die Skrif voor en word hoofsaaklik verstaan onder drie verduidelikings: ten eerste is die arm ’n fisiese ledemaat van ’n mens (Lev. 21:19), of by ’n kandelaar word die kelkie aan die arm verbind (Eks. 37:19). Ten tweede word “arm” gekoppel aan God se “uitgestrekte arm” (Deut. 5:15). Derdens word “arm” gekoppel aan armoede (Lev. 27:8).

Die begrip “treur” kom op veelvuldige plekke in die Skrif voor en dit behels net een beginsel in al die betrokke perikope, soos byvoorbeeld in Jak. 4:9. Uiterste hartseer en bedroefdheid oor ’n sekere verlies.

Die begrip “sagmoediges” kom op net twee plekke in die Skrif voor: Jes. 11:4 en Matt. 5:5. In beide perikope handel “sagmoediges” oor dieselfde beginsel, naamlik sagtheid, teerheid, sagmoedig of houding en gedrag.

Die begrip van “honger en dors” kom 16 keer voor in die Skrif. In al die betrokke perikope handel “honger en dors” oor twee beginsels, naamlik fisiese honger en dors (2 Sam. 17:29) en geestelike honger en dors na geregtigheid (Joh. 6:35).

Die begrip “rein” kom op veelvuldige plekke voor in die Skrif. In al die betrokke perikope handel “rein” oor twee beginsels, naamlik fisies skoon (Lev. 14:8) en rituele reiniging (Lev. 16:30).

Die begrip “barmhartiges” kom slegs voor in Matt. 5:7. Sien eksegeese oor Matt. 5:7 in 2.11.3.

Die begrip “vredemakers” kom slegs voor in Matt. 5:9. Sien eksegeese oor Matt. 5:9 in 2.11.3.

Die begrip “vervolg” kom op veelvuldige plekke voor in die Skrif. In al die betrokke perikope handel “vervolg” oor een beginsel (Ps. 10:2), naamlik fisiese vervolging of wegdrywing van ’n persoon.

Die begrip “beledig” kom 11 keer voor in die Skrif. In al die betrokke perikope handel “beledig” oor dieselfde beginsel, naamlik om ’n persoon te verwyt, swart te smeer, ’n persoon te blameer, met die doel om innerlik of geestelik seer te maak.

- **Die sosiohistoriese konteks van die perikoop**
- **Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop**
- **Agtergrond van Matt. 5:1-12** (MacArthur, 1988:131-233; Van Rensburg, 2003:1418; Alexander & Alexander, 1998:487)

Tot en met Matteus 5, is Jesus se woorde in beperkte hoeveelhede opgeteken en verwysings na sy leer was maar algemeen. Vanaf Matt. 5:3 gee Jesus 'n baie kragtige boodskap, die fundamentele waarhede van die Blye Boodskap wat Hy gekom het om te verkondig. Na hierdie gedeelte word verwys as die Bergpredikasie, en baie van hierdie waarhede word op ander plekke ook deur Jesus gestel. In hoofstuk 5-7 is opgeteken een van die mees aaneenlopende boodskappe van Jesus, gegee op 'n spesifieke tyd.

Die kragtige waarhede in hierdie boodskap was nie net gemik op die tradisionele leiers van daardie tyd nie, maar ook op die lesers ongeveer 2000 jaar in die toekoms. Dit het 'n impak op almal wat dit lees en reg verstaan.

Jesus was daardie tyd midde in vier kampe van geloofsoortuigings, die Fariseërs, Sadduseërs, Essense en die Selote. Die Fariseërs was vasgevang in die oorlewering van die ou mense in die fynste besonderhede. Vir hulle was die wet van Moses die alfa en die omega. Enige afwyking van hierdie tradisies en wette, was sonde. Hulle het

gefokus op die wette van die verlede. Die Sadduseërs het gefokus op die hede. Hulle was liberale wat alle bonatuurlike ontken het en die Heilige skrifte verander en aangepas het om by hul eie filosofie aan te pas. Die Essense was askete wat geglo het die regte godsdiens vereis totale afsondering van die res van die samelewing. Hulle het 'n kluisenaarslewe gelei en op afgesonderde, verlate plekke soos by Qumran, naby die Dooie See, gebly. Die Selote was fanatiese nasionaliste wat gedink het die regte godsdiens sentreer in 'n radikale politieke sisteem. Hierdie revolusionêre het neergekyk op hulle mede-Jode wat nie die wapen wou opneem teen Rome nie.

Die meeste van die Jode in die tyd van Jesus het verwag dat die Messias ten eerste 'n militêre leier sou wees wat sou kom om hulle van die juk van die Romeine te bevry, asook om 'n goedgevestigde Joodse koninkryk op te bou wat die wêreld sou lei. Hy sou groter as enige ander koning, heerser, leier of profeet wees in hulle tyd. Hierdie verwagting word bevestig in Joh. 6:15; net nadat Jesus die menigte van voedsel voorsien het, wou hulle hom met mening vat en koning maak. Hulle het Jesus as hierdie opperheerser gesien wat nie net sou dien as hul koning en sou sorg vir groot welvaart nie, maar ook een wat na hulle fisiese behoeftes sou omsien. Jesus het nie toegelaat dat Hy gebruik word as daardie tipe koning wat hulle in gedagte gehad het nie, en Hy verdwyn onder die skare uit. Later, toe Pilatus hom vra: “Is u die koning van die Jode?”, het Jesus geantwoord: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie” (Joh. 18:36).

Die sentrale tema van die boodskap van Jesus, was niks wat die Jode daardie tyd wou hoor nie, maar dit was gefokus op die binnekant van die mens – sy siel. Die reaksie op Jesus se boodskap het verskeie vorme aangeneem, enersyds verbasing en ontsag, en andersyds woede.

- **Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het** (Jackman & Philip, 2003:21 en MacArthur 1988:176)

Die doel van die Bergpredikasie is ten eerste nie ekstern nie, maar intern van aard. Dit is geestelik en moreel, eerder as fisies- en polities-georiënteerd. Hier word geen

politieke of sosiale hervorming gevind nie, maar eerder Jesus se besorgdheid oor wat die mens is: wat die mens *is*, dit *dóén* hy. Die geloofskeuses waarvoor die volk, en meer spesifiek die dissipels, dus gestel is, was om Jesus te glo oor dit wat hy vir hulle geleer het in Matt. 5:1-12 oor die wil van God, naamlik die koninkryk van God en hoe om lidmate te word van hierdie koninkryk, oftewel die wedergeboorte-proses. Hulle moes leer om die valse idees, standarde en gebruike wat hulle oorgeërf het van die mens-ingestelde rabbi's met hulle onskriftuurlike gewoontes, te verwerp. Met ander woorde, hulle moes aanvaar wat Jesus leer as God se Woord en daarvolgens lewe.

- **Woordstudie van belangrike begrippe**

“**Salig** (μακάριος / makarios) is die wat **arm** (πτωχός / ptōchos) van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is die wat **treur** (πενθέω / pentheō), want hulle sal vertroos word. Salig is die **sagmoediges** (πραῦς / praus), want hulle sal die aarde beërwe. Salig is die wat **honger** (πεινάω / peinaō) en **dors** (διψάω / dipsaō) na die geregtigheid, want hulle sal versadig word. Salig is die **barmhartiges** (ἐλεήμων / eleēmōn), want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. Salig is die wat **rein** (καθαρός / katharos) van hart is, want hulle sal God sien. Salig is die **vredemakers** (εἰρηνοποιός / eirēnopoios), want hulle sal kinders van God genoem word. Salig is die wat **vervolg** (διώκω / diōkō) word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is julle wanneer die mense julle **beledig** (ὀνειδέζω / oneidezō) en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.”

Die gedagtestruktuur hierbo toon dat Jesus in die oorspronklike taal verskeie begrippe, naamlik *salig*, *arm*, *treur*, *sagmoediges*, *honger*, *dors*, *barmhartiges*, *rein*, *vredemakers*, *vervolg* en *beledig* gebruik het. Hierdie begrippe gaan nou in meer besonderhede bestudeer word om ware bekering beter te kan verstaan.

- **Salig** (μακάριος / makarios) – ontleding: adjektief.

Die woord *makarios* kom nege keer in hierdie perikope voor. Volgens Vine (2005:35) en Thayer (2004) beteken μακάριος / *makarios* in die konteks van Matt. 5:3-12 om ware seën te ervaar, om geseënd of volmaak bly te wees. In die Nuwe Testament word μακάριος / *makarios* ook sewe keer gebruik in Op., 1:3; 14:13; 16:15; 19:9; 20:6; 22:7, 14. Dit word vir God twee keer gebruik in 1 Tim. 1:11; 6:15. Hier in die Saligspreuke, dui dit ook nie net daarop dat die karakters geseënd is nie, maar volgens Vine (2005:35) beteken dit ook: “the nature of that which is the highest good”.

Die begrip of woord μακάριος / *makarios* word deur Louw en Nida (1996:302) in die semantiese veld 25.119 geplaas, dus in die veld van gelukkig, bly of vreugde. In hierdie semantiese veld word 'n hele subdomein (subdomein K – 25.116 tot 25.134) afgestaan aan bly en vreugde. Saam met *makarios* (25.119) – betrekking op om gelukkig of bly te wees, met die implikasie van gunstige omstandighede, word ook geplaas *hilarotēs* (25.116) – in 'n staat van geluk te wees, gekarakteriseer om vrolik te wees; *hilaros* (25.117) – betrekking op een wat gelukkig is; *makarismos* (25.118) – in 'n staat van geluk te wees, gekenmerk aan gunstige omstandighede wat in die verlede gebeur het, maar nie meer van toepassing is nie; *makarizoō* (25.120) – om te verwys na iemand “(j)y is gelukkig!”; *euphrosunē* (25.121) – 'n staat van vreugdevolle geluk; *euphrainō* (25.122) – om verheug te wees; *chara* (25.123) – 'n staat van geluk, vreugde, groot vreugde; *kauchēsis* (25.124) – dit wat die oorsaak is van die geluk, vreugde of blydschap; *chairō* (25.125) – 'n staat om geluk en vreugde te geniet; *sugchairō* (25.126) – 'n staat om geluk en vreugde te geniet saam met iemand; *sunēdomai* (25.127) – om bly te wees as 'n resultaat as gevolg van plesier ondervind van 'n sekere gebeurtenis; *asmenōs* (25.128) – betrekking op die ondervinding van geluk; *hēdeōs* (25.129) – betrekking op ondervinding van geluk, hoofsaaklik op plesier wat ondervind word; *aspazomai* (25.130) – om bly te wees oor iets wat nog gaan kom; *euphrainō* (25.131) – om iemand bly of gelukkig te maak; *agalliasis* (25.132) – 'n staat van intense geluk,

weerspieël in liggaamlike opgewonde bewegings; *euphrainō* (25.133) – ’n staat van intense geluk, weerspieël in liggaamlike opgewonde bewegings en verbale uitsprake; en *skirtaō* (25.133) – figuurlik gesproke om van plesier te spring.

- **Gevolgtrekking:**

As daar na die konteks van die begrip “salig” in Matt. 5:3-12 gekyk word, is dit duidelik dat die begrip slegs kan val in die subdomein 25.119. Die domein en subdomein van Louw en Nida (1996:302) toon duidelik dat die begrip *makarios* gekoppel is aan vreugde, geluk en blydschap met gunstige omstandighede. Volgens Jackman en Philip (2003:21) is *makarios* die naam wat aan een van die eilande in Ciprus gegee is, waarskynlik omdat dit die beeld van absolute vreugde en geluk inhou, hemel op aarde. Dit is ’n beeld van alles waarna die mens smag om te hê.

- **arm** (πτωχός / *ptōchos*) – ontleding: adjektief.

Die woord *ptōchos* kom een keer in hierdie perikope voor. In die konteks van Matt. 5:3 is dit duidelik dat hierdie begrip verwys na absolute armoede, na ’n persoon wat brandarm is, hy het minder as niks. As so ’n persoon kleren het om aan te trek en elke dag kos het om te eet, is hy baie ryk in vergelyking met dié beskrywing wat Jesus hier gebruik. Volgens Vine (2005:281) en Thayer (2004) beteken *ptōchos* “’n opsigtelike arm, arm, in nood, te kort aan enigiets, hopeloos, te kort aan invloed en eer”. In die Nuwe Testament word *ptōchos* gebruik om die begrip van armoede aan te dui.

Louw en Nida (1996:564) plaas die begrip of woord *ptōchos* in die semantiese velde 57.53 en 65.16. 57.53 kom in die semantiese veld 57 (besit, oordrag, verhandel) voor as “arm, in nood, armsaligheid”. 65.16 kom in die semantiese veld 65 (waarde) voor as “(w)aarde en geen waarde.”

In die semantiese velde 57 (besit, oordrag, verhandel) word *ptōchos* geplaas by 57.53. 57.53 word geplaas in subdomein F – dit verwys na armoede in die ergste graad. Die tweede een, 65.16, word geplaas onder die subdomein E (waarde en geen waarde).

- **Gevolgtrekking:**

In die konteks van Matt. 5:3 is dit duidelik dat die woord *ptōchos* die beste pas in die domein van 57.53 omdat dit die begrip van die totale armoede aandui. Die Griekse woord wat dus hier gebruik word vir arm van Gees, is *Ptochos* en met bogenoemde ontleding beteken dit “absolute armoede”. Dit is brandarm, ’n persoon het minder as niks. As so ’n persoon klere het om aan te trek en elke dag kos het om te eet, is hy baie ryk in vergelyking met die beskrywing wat Jesus hier gebruik. Jesus sê: “Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.”

Die vraag ontstaan hoekom moet die mens so arm van gees wees om die koninkryk van God te beërwe? As ’n persoon niks het nie, kan hy niks koop nie. Wat hier bedoel word, is dat die mens sy sondige toestand moet besef, en besef dat dit hom so arm maak, dat niks wat hy doen of gee, hom kan help uit hierdie toestand nie. Geen werke, status, titels, geen geld, niks uit homself kan hom verlos van hierdie sondige, arm toestand nie.

Maar wat het die mens nodig om hom tot so ’n besef van geestelike armoede te bring? Presies dieselfde metode wat Jesus elke keer, sonder uitsondering, gebruik het, wanneer iemand Hom gevra het: “*Wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?*”

Jesus het elke keer, sonder uitsondering, die Tien Gebooie van God gebruik om so ’n persoon tot ’n geestelike armoede oftewel ’n ware sondebef te bring. Enkele voorbeelde hiervan word gevind in Mark. 10:19, Luk. 10:26, Luk. 18:20 en Joh. 4:16.

Hierdie is die eerste stap in die proses van wedergeboorte. Sonder 'n besef van geestelike armoede, oftewel 'n ware sondebef, is wedergeboorte onmoontlik (Hammond, 2010b:34).

- **treur** (πενθέω / *pentheō*) – ontleding: verbum.

Die woord πενθέω / *pentheō* kom een keer in hierdie perikope voor. In die konteks van Matt. 5:4 verwys hierdie begrip na die grammatiese vorm van “treur”. Volgens Vine (2005:246) en Thayer (2004) beteken πενθέω / *pentheō* “treur”. In die Nuwe Testament word *pentheō* oor die algemeen gebruik om die begrip van “treur” aan te dui (Vine, 2005:246). Louw en Nida (1996:305) plaas die begrip of woord *pentheō* in die semantiese veld 25.142, om uiterste hartseer, rou te beleef as die resultaat van depressiewe omstandighede of gevolge van 'n persoon. Dit val in die subdomein van L (lag, huil, ween).

Die inskrywing van 25.142 verwys na 'n staat van uiterste hartseer. Dit is volgens Louw en Nida (1996:305) “(n)ie 'n verwysing na treur of ween na 'n persoon wat oorlede is nie, maar eerder na uiterste hartseer as gevolg van swakheid en oppressie.”

- **Gevolgtrekking:**

Wanneer daar na die konteks van Matt. 5:4 gekyk word, blyk dit dat “treur” (25.142) die beste pas in die perikope. “*Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.*” Daar is sekere grade van treur, 'n persoon kan treur omdat hy nie die werk gekry het nie, nie die punt in die toets gekry het, hy kan treur oor sy hond wat dood is, hy kan treur oor 'n saketransaksie wat nie uitgewerk het, hy kan treur omdat hy 'n geliefde aan die dood afgestaan het. Maar die treur waarvan Jesus hier praat, is die ergste graad van treur wat daar kan wees.

Die Griekse woord waarvan hier gepraat word, is *Pentheo*, en die betekenis van hierdie “treur” is dieselfde hartseer en pyn wat 'n moeder ervaar wat so pas haar

hele familie aan die dood afgestaan het as gevolg van 'n ernstige siekte, en nou sterf haar laaste babatjie ook in haar arms. Die treur is nie soseer oor die hartseer van die verlies nie, maar eerder omdat sy depressief is omdat sy niks uit haar eie kon doen om dit te keer nie. Dit is die treur waarvan Jesus hier praat. Jesus sê dit is salig vir die wat treur, want hulle sal vertroos word. Jesus praat hier van die sondaar wat sy sondige toestand besef het volgens die stap in die vorige teksvers, en nou treur hy oor sy verlorenheid.

Om bogenoemde korrek te verstaan moet die volgende gevra word: As 'n persoon 'n erge graad van 'n dodelike siekte onder lede het, maar die simptome is nie aan hom bekend nie, en hy voel nie siek nie, sal hy na 'n dokter gaan? Gesonde mense gaan nie dokter toe nie. Netso kan 'n persoon nie treur oor sy verlorenheid as hy nie weet dat hy verlore is nie. Daarom dat die Tien Gebooie van God 'n "schoolmaster" is na Christus toe (Gal. 3:24).

- **sagmoediges** (πραῦς / *praus*) – ontleding: adjektief.

Die woord *praus* kom een keer in hierdie perikope voor. In die konteks van Matt. 5:5 verwys hierdie begrip na sagte meegevoel, sagte of ligte geaardheid, sagmoedigheid (Thayer, 2004) (Vine, 2005:236). In die Nuwe Testament word *praus* gebruik vir totale nederigheid. Louw en Nida (1996:749) plaas die begrip of woord *praus* in die semantiese veld 88.59, 60, 64. Die semantiese veld 88 word deur Louw en Nida (1996:749) gedefinieer as "(m)orele en etiese kwaliteite en verwante gedrag." In die semantiese velde 88 word *praus* geplaas by 88.59, 60, 64 wat val onder subdomein H (sagsinnigheid, ligtheid). In die veld 88.59 het *praus* te doen met sagtheid, teerheid, sagmoedig of houding en gedrag, in kontras met hardheid ten opsigte van 'n persoon se optrede teenoor ander. In 88.60 het *praus* meer te doen "om te leer van iemand, want hy is sagmoedig en teer". In die veld 88.64 het *praus* meer te doen met "nederigheid in die teenwoordigheid van ander."

- **Gevolgtrekking:**

Volgens Louw en Nida (1996:749) het *praus* onder die inskrywing 88.59, te doen met sagtheid, teerheid, sagmoedig of houding en gedrag, en pas *praus* die beste

in hierdie veld. Matt. 5:5 *“Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.”* In kontras met sagmoedigheid kan gesien word dat die hardheid van Lucifer se hart gelei het tot hoogmoed en trots, en dit het hom sy plek in die hemel gekos het vir ewig (Esegiël 28:12-17). Hoogmoed is een van die oudste sondes, en is die oorsaak van baie selferkende “Christene” se verdoemenis in die oordeelsdag. Hoogmoed sê op grond van ’n persoon se herkoms is hy gered, byvoorbeeld, hy is ’n Suid-Afrikaner, of hy is ’n Jood. Die Jode is mos God se volk, of sy pa of oupa is ’n predikant, en hy het grootgeword in ’n Christenhuis, of hy gaan gereeld kerk toe; en om enige van hierdie redes is hy gered. Bogenoemde is nie Bybels nie, maar is geestelike hoogmoed en dit is direk in teenstelling met wat Jesus hier leer van sagmoedigheid.

’n Goeie voorbeeld van geestelike hoogmoed is die Fariseër en die tollenaar in Luk. 18:10. Die Fariseër was geestelik hoogmoedig en vol van homself. Hy het selfs gesê dat hy dankbaar is dat hy nie soos ander mense is nie, rowers, egbrekers en selfs die tollenaar nie. Dit is presies wat die oorgrote hoeveelheid selferkende Christene vandag doen. Hulle kyk neer op ander mense, hulle kyk neer op anderskleurige mense, en dink hulle is beter as ander. Dit is net nodig om na al die hedendaagse praatjies van mense te luister om hierdie kenmerk waar te neem, en te besef dit is presies die teenoorgestelde as waarvan Jesus hier praat.

In teenstelling met die Fariseër, het die tollenaar nie eers sy oë opgehef na die hemel toe nie. Hy was vol van sondeberou en hy het sy geestelike armoede, oftewel verlorenheid, totaal en al besef. Hy het op sy bors geslaan en by God gepleit: *“O God, wees my sondaar genadig.”* Dit is hierdie treur waarvan Jesus praat, opregte sondebelydenis. Dit is om saam met God te praat, saam met God te erken dat hy arm van gees is. So arm dat niemand en niks, behalwe God alleen, hom uit sy sondige toestand kan bevry nie. ’n Persoon kan dit alleenlik doen as hy sy hoogmoed en trots laat vaar en sagmoedig word. Elke mens moet hierdie stappe deurgaans soos die tollenaar, anders mislei die mens homself om te dink hy gaan hemel toe.

- **honger** (πείνώ / *peinaō*) en dors (διψάω / *dipsaō*) – ontleding: verbum.

Die woord *peinaō* kom een keer in hierdie perikope voor. In die konteks van Matt. 5:6 verwys hierdie begrip na die absolute hongerte, die nood aan iets, om met angstigheid te begeer (Vine, 2005:186). In die Nuwe Testament word *peinaō* deur Christus letterlik gebruik om Homself te identifiseer met sy volgelinge, deur van Homself te praat om verdruk te word en swaar te kry, deur hulle verdrukking, swaarkry en ander aspekte (Vine, 2005:186).

Louw en Nida (1996:253,291) plaas die begrip of woord *peinaō* in die semantiese veld 23.29 asook in 25.17. Die semantiese veld 23 word deur Louw en Nida (1996:248) gedefinieer as “(f)isiologiese prosesse en state.” Die semantiese veld 25 word deur Louw en Nida (1996:288) gedefinieer as “(h)oudings en emosies.” In die semantiese velde 23 word *peinaō* geplaas by 23.29 (om honger te hê, in ’n staat van hongerte sonder enige implikasies van partikuliere bydraende faktore) en dit val onder subdomein A (eet en drink). In die semantiese velde 25 word *peinaō* geplaas by 25.17, wat val onder subdomein B (sterk begeerte).

Die woord *dipsaō* kom een keer in hierdie perikope voor. In die konteks van Matt. 5:6 verwys hierdie begrip na die natuurlike begrip van dors, maar meer in die sin van absolute dors (Vine, 2005:379). In die Nuwe Testament word *dipsaō* deur Christus in ’n natuurlike vorm van absolute dors gebruik, die dors wat iemand het wat daarna smag om die hewige dors te les met koel water (Vine, 2005:186).

Louw en Nida (1996:254,291) plaas die begrip of woord *dipsaō* in die semantiese veld 23.39 asook in 25.17. Die semantiese veld 23 word deur Louw en Nida (1996:248) gedefinieer as “(f)isiologiese prosesse en state.” Die semantiese veld 25 word deur Louw en Nida (1996:288) gedefinieer as “(h)oudings en emosies.” In die semantiese velde 23 word *dipsaō* geplaas by 23.39 (die staat van dors as gevolg van die feit dat

geen vloeistof vir 'n geruime tyd deur 'n persoon gedrink is nie), en dit val onder subdomein A (eet en drink). In die semantiese velde 25 word *dipsaō* geplaas by 25.17, onder die subdomein B (sterk begeerte).

- **Gevolgtrekking:**

Volgens Louw en Nida (1996:253,254) is *peinaō* in die semantiese veld 23.29 (om honger te hê, in 'n staat van hongerte sonder enige implikasies van partikuliere bydraende faktore) en *dipsaō* in die semantiese veld 23.39 (die staat van dors as gevolg van die feit dat geen vloeistof vir 'n geruime tyd deur 'n persoon gedrink is nie). Beide hierdie woorde of begrippe word deur Louw en Nida (1996:291) gebruik in die semantiese veld 25.17 ('n baie sterk begeerte om 'n sekere doel te bereik, met die implikasie van ontbrekende faktore wat tot die vervulling daartoe kan lei).

Louw en Nida (1996:291, 253, 254) gebruik juis die semantiese veld 25.17 tesame met 23.29 en 23.39 om die absolute hongerte en dors van 'n persoon aan te dui sonder dat daar vervulling daarvan is. Matt. 5:6 “*Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word*” dui dus op absolute hongerte en dors, dieselfde hongerte wat iemand het wat twee tot drie weke laas geëet het. Dit is dieselfde dors wat iemand het wie se tong en lippe al oopgebars het van dors, omdat hy al 'n geruime tyd sonder water is.

Dit is die vergelyking wat Jesus tref, wat die mense moet deurmaak in hul soeke na geregtigheid. Wanneer 'n persoon sy geestelike armoede of sondige toestand besef in Matt. 5:3 en dan besef hy is verlore in Matt. 5:4, sal hy treur, want niks wat hy kan doen kan hom red uit sy posisie nie, en dan volg sondebelydenis in Matt. 5:5. Dit is nie bloot “Here vergewe my” nie, want dit is om te vra vir vergifnis; maar sondebelydenis is om saam met God stem. Dan eers sal so persoon begin soek en smag na 'n oplossing. Hy sal honger en dors na geregtigheid.

- **barmhartiges** (ἐλεήμων / *eleēmōn*) – ontleding:adjektief.

Die woord *eleēmōn* kom een keer in hierdie perikope voor. In die konteks van Matt. 5:7 verwys hierdie begrip na “(g)enadig, barmhartig, mededoënd of medelydend” (Vine, 2005:239). In die Nuwe Testament word *eleēmōn* deur Christus gebruik, nie net as ’n besit van jammerte nie, maar as ’n aktiewe deernis, ontferming of barmhartigheid as Hoëpriester met mense (Vine, 2005:239).

Louw en Nida (1996:751) plaas die begrip of woord *eleēmōn* in die semantiese veld 88.77. Die semantiese veld 88 word deur Louw en Nida (1996:742) gedefinieer as “(m)orele en etiese kwaliteite en verwante gedrag.” In die semantiese velde 88 word *eleēmōn* geplaas by 88.77 en dit val onder subdomein J (genade, genadeloos). In die veld 88.77 het *eleēmōn* te doen met die bewys van genade of barmhartigheid.

- **Gevolgtrekking:**

Volgens Louw en Nida (1996:751) het *eleēmōn* onder die inskrywing 88.77, te doen met die bewys van genade of barmhartigheid teenoor ander mense. Dus, in Matt. 5:7 “Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word” beteken die Griekse woord *Eleemon* barmhartig, en hierdie barmhartigheid word gekenmerk deur diegene wat omgee vir dié wat in nood is. Hierdie barmhartigheid beteken dat ’n persoon die pyn en hartseer van Matt. 5:3-6 verstaan, en besef daar is baie ander wat dit nog nie verstaan nie. Hy neem dus die pyn van ander op en maak dit sy eie. Hy ontwikkel ’n passie en begeerte om verlore siele te help om by God uit te kom.

’n Goeie voorbeeld is Jesus self. Hy wat God is, het die hemel verlaat, mens geword (Joh. 1:14), en sy lewe opgegee aan ’n vervloekte kruishout, sodat mense nie nodig het om verlore te gaan nie. Hierdie stap noodsaak die mens om te vergeet van homself, en om te dink aan die ander verlore siele in die wêreld. As Matt. 5:7 nie deel was van ’n persoon se wedergeboorte nie, en nog steeds

nie deel is van 'n persoon se lewe nie, dan sê die Woord duidelik dat so iemand nie wedergebore is nie, en dat hy op pad is na die ewige verderf!(Luk. 13:3,5).

- **rein** (καθαρός / *katharos*) – ontleding: adjektief.

Die word *katharos* kom eenkeer in hierdie perikope voor. In die konteks van Matt. 5:8 verwys hierdie begrip na “rein of skoon” (Vine, 2005:296). Volgens Thayer (2004) kan rein een van drie betekenisse hê: eerstens die fisiese gebruik – gereinig deur vuur; tweedens die Levitiese gebruik – rein of skoon, die gebruik van wat nie verbode is nie; en derdens die etiese gebruik – vry van korrupte begeertes, van sonde en skuldgevoelens. In die Nuwe Testament word *katharos* deur Christus gebruik as “vry van korrupte begeertes, van sonde en skuldgevoelens” Thayer (2004).

Louw en Nida (1996:699,536) plaas die begrip of woord *katharos* in die semantiese veld 79.48 en 53.29. Die semantiese veld 79 word deur Louw en Nida (1996:694) gedefinieer as “eienskappe van voorwerpe.” In die semantiese velde 79 word *katharos* geplaas by 79.48 en dit val onder subdomein J (skoon, vuil). In die veld 79.48 het *katharos* te doen met die voorgee van nie vuil nie, wie 'n bad geneem het, volkome skoon is. Die semantiese veld 53 word deur Louw en Nida (1996:531) gedefinieer as “(g)odsdienstige aktiwiteite.” In die semantiese velde 53 word *katharos* geplaas by 53.29 en dit val onder die Subdomein J (Suiwer, reinig). In die veld 53.29 het *katharos* te doen met rituele reiniging. Volgens Louw en Nida (1996:536) is daar in verskillende tale geen verhouding tussen fisiese reiniging en rituele reiniging nie.

- **Gevolgtrekking:**

Volgens Louw en Nida (1996:699) val *katharos* onder die inskrywing 79.48. In die veld 79.48 het *katharos* te doen met die voorgee van nie vuil nie, wie 'n bad geneem het, volkome skoon is. In die veld 53.29 het *katharos* te doen met rituele reiniging. Louw en Nida (1996:536) plaas die woord *katharos* onder die inskrywing 53.29 (rituele reiniging) vir die konteks van Matt. 5:8 “Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.”

Die Griekse woord vir rein van hart is *Katharos*. Jesus gebruik hierdie woord om die betekenis van 'n "rein hart" by die mens tuis te bring. Nie in die denke nie, omdat die mens suiwer handelings kan hê, maar onsuiver gedagtes. Nie in die hand, of aksie, of uitwaartse kommunikasie nie; so was die Fariseërs van buite regverdig voor mense, maar van binne was hulle vol bedrieglikhede. Jesus sê die hart moet rein wees. Normaalweg is die hart bedrieglik bo alle dinge (Jer. 17:9) en die mens kan dit nie uit homself rein kry nie. Slegs deur die kosbare bloed van Christus kan dit rein gemaak word. Hier word die sondes vergewe en God sê Hy sal 'n persoon 'n rein hart gee, 'n nuwe hart. Dit is eers hier in Matt. 5:8 dat 'n persoon 'n nuwe skepsel word, nuut gemaak deur die bloed van Christus wat hom rein gemaak het. Hier word die mens wedergebore!

- **vredemakers** (εἰρηνοποιός / *eirēnopoios*) – ontleding: adjektief.

Die word *eirēnopoios* kom eenkeer in hierdie perikope voor. In die konteks van Matt. 5:9 verwys hierdie begrip die maak van vrede, vrede maak (Vine, 2005:273). Volgens Thayer (2004) beteken *eirēnopoios* letterlik om vrede te maak, 'n vredemaker. Hierdie begrip of woord word slegs eenkeer in die hele Skrif gebruik en dit in die Nuwe Testament deur Christus in Matt. 5:9. Jesus gebruik *eirēnopoios* om 'n aanduiding te gee van iemand wat die vrede bewaar en dit ook as doel het om vrede te bewerkstellig (Thayer, 2004).

Louw en Nida (1996:503) plaas die begrip of woord *eirēnopoios* in die semantiese veld 40.5. Die semantiese veld 40 word deur Louw en Nida (1996:502) gedefinieer as "(r)ekonsiliasie, vergifnis." In die semantiese velde 40 word *eirēnopoios* geplaas by 40.5 en dit val onder subdomein A (rekonsiliasie). In die veld 40.5 het *eirēnopoios* te doen met 'n persoon wat vrede bewerkstellig tussen twee persone, asook een wie se taak dit is om vrede te bewerk.

- **Gevolgtrekking:**

Volgens Louw en Nida (1996:503) is *eirēnopoios* onder die inskrywing 40.5 en in Matt. 5:9 as die bewerkstelling van vrede wanneer oorlog heers, nie uitgesluit nie, maar *eirēnopoios* soos deur Jesus hier gebruik, het hoofsaaklik te doen met die rekonsiliasie tussen twee persone. Matt.5:9: “Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.” Jesus gebruik hierdie woord om die betekenis van ’n vredemaker tussen twee persone tuis te bring. Nie in die gebruik van vrede in oorlog nie, maar wanneer twee persone hewig van mekaar verskil en daar dus geen vrede tussen hulle is nie. Dan kom die vredemaker, en hy bewerkstellig die vrede tussen die twee partye.

Dit is algemene spreektaal vandag om te praat van vredemakers. Orals word gehoor van mense wat “vredemakers” is, en mense ontvang Nobelpryse as “vredemakers”, maar is hulle volgens die Woord van God vredemakers? “Groot vrede het die wat God se Wet liefhet” (Ps. 119:165). ’n Persoon kan slegs ’n vredemaker genoem word, as hy in harmonie met God se Woord is en al die vorige stappe gevolg het en self vrede in hom het. Dit is slegs moontlik vir die mens wie se hart rein is, wat waarlik deur God vergewe is en ware wedergeboorte deurgemaak het. As hy God se Wet liefhet, sal groot vrede deel van sy lewe wees, en sal so persoon in staat wees om vrede tussen ander mense te kan bewerkstellig.

- **vervolg** (διώκω / *diōkō*) en **beledig** (ὀνειδίζω / *oneidezo*) – ontleding: verbum.

Die woord *diōkō* en *oneidezo* kom een keer elk in hierdie perikope voor. In die konteks van Matt. 5:10 verwys die begrip *diōkō* na die vervolging of wegdrywe van ’n persoon (Vine, 2005:276), en in die konteks van Matt. 5:11 verwys die begrip *oneidezo* daarna om ’n persoon te verwyt, swart te smeer of ’n persoon te blameer, met die doel om innerlik of geestelik seer te maak (Vine, 2005:317). In die Nuwe Testament word *diōkō*

en *oneidezō* deur Christus gebruik om sy volgelinge te vertel dat hulle vervolg en verdruk en beledig gaan word as hulle Hom gaan volg.

Louw en Nida (1996:499, 434) plaas die begrip of woord *diōkō* in die semantiese veld 39.45 en *oneidezō* in 33.399 en 33.400. Die semantiese veld 39 word deur Louw en Nida (1996:492) gedefinieer as “(v)yandigheid en tweedrag.” Die semantiese veld 33 word deur Louw en Nida (1996:388) gedefinieer as “kommunikasie.” In die semantiese veld 39 word *diōkō* geplaas by 39.45 (om sistematies ’n program te organiseer om mense te verdruk en teister) wat val onder subdomein H (oproer). In die semantiese veld 33 word *oneidezō* geplaas by 33.399 asook 33.400, wat val onder subdomein P (belediging en lastertaal).

- **Gevolgtrekking:**

Louw en Nida (1996:499, 434) gebruik juis die semantiese veld 39.45 tesame met 33.399 en 33.400 om die absolute vervolging van die ware wedergebore kinders van God aan te dui. Matt. 5:10-11: “Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.”

Hierdie is die gevolge wat ’n persoon wat Jesus volg, sal en gaan deurmaak. Dit is die vergelyking wat Jesus maak, wat die mense moet deurmaak na ware bekering en redding en hulle besluit om Hom te volg. Dit is ’n basiese toets op om te sien of die vorige stappe waarlik deurgemaak is. As hierdie gevolge kom, en ’n persoon bly staande vir dit wat hy glo, sal so ’n persoon die koninkryk van God beërwe (Matt. 10:22; Matt. 24:13; Mark. 13:13).

Matt. 5:10-11 is die einde van die ware bekeringsproses. Die Bybel voorspel dat diegene wat hierdie bekeringsproses deurgemaak het, vervolg sal word. In die oë van die wêreld sal so ’n persoon ’n steen des aanstoot wees. Hy sal gehaat

word, hy sal verwerp word, hy sal verstoot word ter wille van die naam van Jesus Christus (Matt. 10:22).

Jesus self is vervolgd en gedood, en sy dissipels is ook vervolgd, gemartel en gedood. Almal behalwe een dissipel is gedood vir hul geloof in Jesus Christus. Johannes is die enigste een wat nie gedood is nie, maar hy is verban na die eiland Patmos. Die res is gestenig, gekruisig, doodgekap, lewendig verbrand en onthoof (Foxe, 2001:3-10; Brown, 1999:20).

Matt. 5:10-11 beteken nie dat elke ware wedergebore Christen vandag letterlik gemartel gaan word vir sy geloof nie (alhoewel dit nie uitgesluit is nie), maar volgens Louw en Nida (1996:499) beteken dit ook om vervolging te deurgaang in die vorm van ongeldige verwyte, verwerping, lastertaal wat teen 'n ware bekeerde persoon gesprek gaan word ter wille van Christus. Paulus, Stefanus en Johannes was gevul met die Heilige Gees en het 'n Geesdeurdronge boodskap gepreek wat hulle lewens gekos het. Hulle het 'n dinamiese evangelie verkondig en nou vra Brown (1999:20): “Sal ons hulle voorbeeld volg?” Hierdie bring onomwonde die volgende vrae na vore:

Hoe sterk is die Christen se geloof? Sal selferkende Christene hierdie vervolging kan verdra? Hoe lank nog voor Suid-Afrika, die 75.24% Christenland (Mandryk, 2010:758), sy geloofsvryheid gaan verloor? Gaan die Christene in Suid-Afrika se geloof in Christus staande bly, as hul geloofsvryheid weggeneem en hul geloof in Christus getoets word? Wat sê God se Woord daarvoor?

Mark. 4:17c: “Later as daar verdrukking of vervolging kom ter wille van die woord, struikel hulle dadelik.” Op grond van God se woord is die navorser dit eens dat slegs ware wedergebore kinders van God, hierdie vervolging sal kan verdra.

- **Vergelyking van Skrif met Skrif**

Dit is duidelik dat dieselfde beginsel bedoel word oral waar daar in die Skrif gepraat word van die “toelating tot die Koninkryk, of die ewige lewe.” Spesifiek in Mark. 4:3-20 en 1 Joh. 1:1 – 1 Joh. 5:21 word die dieselfde beginsel gevind. Chantry (1970:75) sê baie min mense het ’n begrip van die Bybel se doktrine oor sekerheid.

In Joh. 5:13 skryf Johannes: “*Dit* het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God” (my kursivering). Die ***dit*** wat hy geskrywe het, is die bewyse of toetse dat ’n persoon die ewige lewe het. ***Dit*** wat Johannes geskrywe het, is die hele boek 1 Johannes, waarin daar ongeveer 22 toetse voorkom wat ’n Christen sekerheid sal gee oor die ewige lewe. Hierdie toetse sal ook bepaal of hy die vervolging en verdrukking sal kan weerstaan.

- **Godsopenbaring in die perikoop**

Omdat Jesus die besondere Gestuurde van God was, kon Hy met gesag die boodskap van die koninkryk van God verkondig en onderrig (vergelyk Hagner, 1993:193-194).

2.11.4 SAMEVATTING VAN EKSEGETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE STAPPE VAN WARE BEKERING, MATT. 5:3-12

- Sonder ’n besef van geestelike armoede, oftewel ’n ware sondebef, is wedergeboorte onmoontlik. ’n Ware sondebef is slegs moontlik deur die gebruik van God se Tien Gebooie.
- ’n Persoon wat sy sondige toestand besef, sal treur oor sy verlorenheid.
- ’n Persoon kan alleenlik sagmoedig wees as hy sy hoogmoed en trots laat vaar.
- ’n Persoon wat ’n ware sondebef het, sy verlore toestand besef en sagmoedig word, sal begin soek en smag na ’n oplossing. Hy sal honger en dors na geregtigheid.
- So ’n persoon sal vergeet van homself, en sal begin bekommerd raak oor die ander verlore siele in die wêreld.

- Wanneer God 'n persoon se sondes vergewe, gee God vir hom 'n rein hart, 'n nuwe hart. Hier word die persoon 'n nuwe skepsel, nuutgemaak deur die bloed van Christus wat hom rein gemaak het. Hier word die mens wedergebore!
- Die wat waarlik wedergebore is sal God se Tien Gebooie liefhê, en sal groot vrede hê, en so 'n persoon sal in staat wees om vrede tussen ander mense te kan bewerkstellig.
- Die Bybel voorspel dat diegene wat hierdie bekeringsproses deurgemaak het, vervolg sal word. In die oë van die wêreld sal so 'n persoon 'n steen des aanstoot wees. Hy sal gehaat word, hy sal verwerp word, hy sal verstoot word ter wille van die Naam van Jesus Christus.

2.12 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN WARE BEKERING

Comfort (1989:44) sê die volgende: “A gospel that draws sinners to commitment without a consciousness of sin will produce a harvest of those who have no zeal, fire, or fruit – they are not ‘hot’ for God. Fruitless, lukewarm Christians are not truly part of Christ’s Body – they merely weigh heavy in His stomach until He spews them out of His mouth.”

Jesus sê in Luk. 13:3, 5 dat as hulle hul nie bekeer nie, hulle almal net so sal omkom soos die mense op wie die toring geval het. Hierdie woord “omkom” is in Engels “perish” en is afgelei uit die Griekse woord ἀπόλλυμι (*apollumi*). Volgens Louw en Nida (1996:265) beteken dit om te vernietig, uit te wis, tot 'n einde maak. Dit is dus baie duidelik dat diegene wat nie ware bekering deurmaak nie, vernietig sal word. Die mees vreesaanjaende woorde ooit in die menslike geskiedenis sal wees die woorde van Jesus Christus soos vervat in Matt. 7:23: “En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid (wetteloosheid – A. Ferreira) werk!” Hierin word die noodsaaklikheid van ware bekering beklemtoon.

2.13 TEONOME NORME, DIE MORELE WET, GOD SE TIEN GEBOOIE OF DIE DEKALOOG

Volgens de Bruyn (2008:2) is Teonome Norme die norme wat God in sy Woord aan die mens gegee het. Hy merk op dat aan die lig van God se Woord, die goed of sleg van 'n persoon se bepaalde optrede bepaal moet word. Die Tien Gebooie vervul in hierdie verband 'n baie belangrike funksie. Daarom is Teonome Norme vir die Christen van primêre belang. Onder alle omstandighede moet die Christen heel eerste vra wat die wil van God in 'n bepaalde situasie is. De Bruyn (2008:2) verduidelik voorts dat die mens van nature 'n sondaar is en nie uit homself in staat is om goeie norme daar te stel nie, daarom moet hy hom laat lei deur Teonome Norme, oftewel die Tien Gebooie van God.”

Die Tien Gebooie, of God se Wet, staan ook bekend as die morele wette of die Dekaloog, en dit word gevind in die Bybel in Eks. 20:1-17 en Deut. 5:7-21.

2.13.1 DIE OORSPRONG VAN GOD SE TIEN GEBOOIE

God self is die oorsprong van die Tien Gebooie (John, 2000:12). Dit word bevestig deur Ryken (2003:18) en hy voeg by dat God dit in die hart van Adam geskrywe het lank voor hy dit met sy eie vinger in klip geskryf het by die berg Sinai. Volgens Barcellos (2001:19) is die Tien Gebooie eers deur God geskrywe en toe deur Moses, en daarna het God dit weer op die harte van mense geskryf (Jer. 31:33). Reisinger (1997:12) sê God het die wet in Adam se hart geskrywe, sodat hy kon onderskei tussen reg en verkeerd, goed en euwel.

Na hierdie wet word soms verwys as die “skeppingswet” of “natuurwet.” Dit was 'n Godgeleerde obligasie vasgebrand in Adam se gewete, reg van die begin af, deur die Almagtige Skepper. Volgens Reisinger (1997:12,70) het God as die Skepper, die reg om sy skepsels te beveel en terme neer te lê vir die verhouding tussen Hom en hulle. Regdeur tot en met die oorhandiging van die morele Wet, of die Tien Gebooie in Eks. 20, word die effek van die ongehoorsaamheid aan die Tien Gebooie baie duidelik gesien, en dat God se gebooie nie eers by die berg Sinai bekend gemaak is aan die menslike ras nie. Hieronder volg enkele voorbeelde van die verbreking van die Tien Gebooie en die straf wat die mense ontvang het (Barcellos, 2001:82; Ryken, 2003:18,19).

Die eerste drie gebooie word verbreek in Eks. 20:3-17 deur Farao en sy mense:

- Hulle het valse gode gehad – die breek van gebod nommer een.
- Hulle het valse aanbidding gehad – die breek van gebod nommer twee.
- Hulle het die ware God gelaster – die breek van gebod nommer drie.

Om hierdie redes het God die Egiptenare baie swaar gestraf met plae, Eks. 5 – 7. Gebod nommer vier “onthou van die Sabbatdag dat jy dit heilig”, word verbreek deur die Israeliete toe hulle manna wou optel op die Sabbatdag en hulle word swaar gestraf in Eks. 16:27-29.

Gebod nommer vyf “(e)er jou vader en jou moeder”, word gebreek deur Noag se seun, Gam, omdat hy nie sy Vader geëer en respek vir hom gehad het nie. Gam se nageslag, die Kanaäniete word vervloek (Gen. 9:18-29).

Gebod nommer ses “jy mag nie doodslaan nie”, word somer vroeg in die Ou Testament gebreek toe Kain sy broer, Abel, vermoor. Hy ontvang ’n straf wat hy volgens sy denke nie sal kan verdra nie (Gen. 4:13). Na die vloed verklaar God aan Noag die straf vir iemand wat moord pleeg in Gen. 9:6.

Die sewende gebod “jy mag nie egbreek nie”, is gebreek deur die mense in Sodom en Gomorra, en hulle is gestraf deur swael en vuur wat almal se uitwissing teweeggebring het (Gen. 19:24-25).

Die agtste gebod “jy mag nie steel nie”, is deur Adam en Eva in die tuin van Eden gebreek, toe hulle die verbode vrug gepluk en geëet het (Gen. 2:16-17). Sodoende bring hulle as straf die vloek van die dood oor hulleself en oor die ganse mensdom ná hulle, vir ewig.

Die negende gebod “jy mag nie valse getuienis gee nie”, word deur Kain gebreek toe hy vir God lieg oor sy broer se dood in Genesis 4:9, en as straf word die grond vervloek, sodat Kain se arbeid geen vrug sal voortbring nie.

Die tiende gebod “jy mag nie begeer nie”, word verbreek deur Adam en Eva toe hulle begeer om soos God te wees (John, 2000:27), asook deur Abiméleg toe hy Abraham se vrou begeer het. Hy is gedreig met die dood as hy nie Abraham se vrou terugbring het nie. As straf kon geen vrou in die huis van Abiméleg swanger raak nie (Gen. 20:18).

Uit bogenoemde kan baie duidelik waargeneem word dat die Dekaloog nie sy oorsprong het by die berg Sinai nie, maar reg van die begin van die skepping af. God het die Dekaloog slegs in 'n geskrewe, permanente vorm aan Moses gegee en God self het die Tien Gebooie met sy vinger in klip geskryf (Eks. 31:18), sodat 'n permanente Wet op klip vasgelê kon word vir ewig en altyd, vir alle mense (Kennedy 2010:41). Hy het geen mens vertrou met hierdie prioriteit om die Wet neer te skryf nie, en ook geen ander vorm of media waarop dit moes geskryf word nie, slegs klip was goed genoeg. Wat God as prioriteit beskou, moet die mens ook as prioriteit beskou! Wat belangrik is om hier reg te verstaan, volgens Ryken (2003:13), is dat die mens nie eenvoudig die wet van Moses by die berg Sinai ontvang het nie, maar die Wet van God, wat uitgespreek word deur die openbaring van sy glorie.

2.13.2 DIE DOEL VAN GOD SE TIEN GEBOOIE

John (2000:16) maak die baie waar stelling dat die Tien Gebooie nie gegee is vir debattering nie; inteendeel, dit is gegee om dit te leef. Volgens Reisinger (1997:35-36) is die Wet van God een van drie sentrale waarhede in die Bybel. Hierdie drie waarhede is:

- Die Wet van God.
- Die kruisiging van Jesus.
- Die regverdigde oordeel van God Almagtig.

Hierdie drie waarhede is in 'n baie nou band aanmekaar verbind: as daar weggedoen word met die wet, dan kan daar nie sonde wees nie, en daarom is daar dan geen nood aan 'n Verlosser nie. As daar weggedoen word met die kruis, is daar weer geen antwoord vir die sonde-probleem nie. As daar weggedoen word met die regverdige oordeel van God Almagtig, is daar geen punt om te praat oor sonde, die kruis en die Verlosser nie.

In die eerste plek is die doel van die Wet van God om God se karakter, wil, wese en sy heilige natuur te openbaar (Chantry, 1970:35; De Bruyn, 2008:14; Edwards, 2009:44; Hammond, 2010a:32; Kennedy, 2010:43; Reisinger, 1997:23,43,44; Reisinger, 1999:5; Ryken, 2003:14; Watson, 2002:13). Edwards (2009:30-31) maak die stelling dat die wonderlikste ding van die Tien Gebooie die feit is dat dit bestaan. Selfs al verdoem hierdie wet die mens tot 'n sondaar en openbaar dit aan die mens hoe ver die mens tekort skiet, is dit nog steeds 'n massiewe gawe van God se genade. Deur die wet te openbaar, openbaar God homself. Die wonderlikste ding wat God vir die mens doen, is Homself te openbaar aan die mens, en die tweede-wonderlikste ding wat God doen, is om die mens aan homself te openbaar (om vir die mens te wys wé die mens is). Die tweede kan slegs duidelik verstaan word as die eerste verstaan word. Die ongelooflikste van God se genade is nie dat Hy eerste die ongehoorsaamheid van die mens se gees uitwys nie, maar dat Hy daardeur sy heiligheid openbaar aan die mens. Ongelukkig sukkel die mens om dit te verstaan. Natuurlik is die kruis genade, en die evangelie van verlossing is genade, maar genade het baie lank voor dit reeds begin. Genade het begin toe God teen sonde begin praat het, en vir die mens vertel watter God hy is. God kon hierdie waarheid as geheim gehou het vir die verloregeande mensdom.

Wanneer die mens weet wat die wet vereis, sal die mens die leer van heiligmaking verstaan (Ryken, 2003:55). Volgens Chantry (1970:35) weerhou 'n verwronge kennis van God die mens daarvan om die gebooie van God te onderhou. Ryken (2003:17) en Reisinger (1997:142) sê om God se Wet te breek of dit te opponeer, is om 'n direkte aanval op God te loods: om 'n ander god te aanbid, is om God se soewereiniteit te ontken; om God se naam te misbruik, is om God se eer te ontken; om te steel is om

God se voorsienigheid te ontken; om te lieg is om God se waarheid te ontken, ensovoorts. Reisinger (1997:85) sê voorts dat die mens wat God se wet verwerp, as gevolg van die feit die mens nie die krag in homself het om die wet te hou nie, vergeet van die feit dat die mens nog minder krag in homself het om selfs die evangelie te glo. Die opdrag om te glo is net so onmoontlik vir die natuurlike mens as wat die opdrag is om gehoorsaam te wees. Die afwesigheid van hierdie vermoë impliseer nie afwesigheid van verpligting in beide gevalle nie (Joh. 6:44).

Ten tweede oortuig die morele wet die skepsels van God van hul onvermoë om die perfekte standaard van die Dekaloog te onderhou. Daarby kom dan die openbaring, nie net van hul sondige toestand van hulle lewens nie, maar ook van hul harte en natuur (Barcellos, 2001:55-56; Chantry, 1970:51; Comfort, 1989:55; Edwards, 2009:14; Hammond, 2010a:32; MacArthur, 1994:91; Reisinger, 1997:23; Reisinger, 1999:5; Ryken, 2003:25,47). Paulus gee die doel van die wet vir die mens in Rom. 3:20b, wat sê: deur die wet is die kennis van sonde. Die wet is soos 'n spieël wat 'n vuil kol op die voorkoms van 'n persoon aan hom terug weerkaats (aandui). Die spieël kan nie gebruik word om die vuil kol te verwyder nie, want die doel van die spieël is uitsluitlik net daar om vir 'n persoon, deur eienskappe van die spieël, naamlik die weerkaatsing van persoon se voorkoms, sy gesig te wys en sodoende kan hy self die vuil kol of probleem waarneem. Sonder 'n spieël kan dus geen waarneming plaasvind nie. Die wet is soos 'n spieël; sonder die wet kan geen waarneming van sonde plaasvind nie (Rom. 3:20, Rom. 7:7, 1 Joh. 3:4).

Paulus bevestig dat die mens nog steeds die wet nodig het om kennis van sonde te hê (Rom. 3:20). Die wet is nie deur God ontwerp en gegee om die mens van hulle sonde te verlos nie. Die wet is daar om aan die mens kennis te gee te oor sondes en wat die perfekte standaard van God is, en dit is onvervangbaar (Reisinger, 1997:6; Ryken 2003:270). Edwards (2009:31) verduidelik dat die doel van die wet is om vir die mens te wys hy skiet ver te kort aan God se standaard, en verder wys die wet dat niks wat die mens doen, die gaping kan oorbrug nie. Dit is die wet wat die mens vertel hoe nodig die sondaar verlossing het. Chantry (1970:37) sluit hierby aan en noem dat, alleenlik deur die lig van die wet, die gif van sonde in die hart belig kan word. Comfort (1989:108)

beklemtoon bogenoemde en maak die stelling dat sondaars nie sal vlug vir die oordeel wat aan die kom is nie, omdat hulle nie glo daar is 'n oordeel op pad nie. Geen regdenkende mens sal goedsmoeds in die vuur van die hel instap nie! Die hele gedagtestruktuur van God se oordeel, die dag van oordeel en die begrip "hel" is onredelik vir die mens.

Comfort (1989:108), sowel as Reisinger (1997:7-8) gaan voort deur te sê die rede hiervoor word baie duidelik in die Skrif deur Paulus gegee in Rom. 10:3: omdat die mens die geregtigheid van God nie ken nie, probeer die mens sy eie geregtigheid bewerkstellig, daarom dan dat die mens homself nie aan die geregtigheid van God sal onderwerp nie. Die sondaar ken nie die geregtigheid van God nie, omdat hy die vermetelheid het om te dink dat God dieselfde standaard het as hy. In Ps. 50:21 sê God baie duidelik: "Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel." Die sondaar het niks om homself mee te vergelyk nie, sy eie standarde verander gedurig, wat vandag moreel onaanvaarbaar is, word more aanvaar. Edwards (2009:36) en Reisinger (1997:95) voeg hierby dat God nie twee soorte standarde het nie, Hy het dus nie 'n wet vir die ongelowige en 'n wet vir die gelowige nie. Daar is net één standaard, en dit is die Tien Gebooie.

Chantry (1970:37) openbaar seker die grootste tragedie in vandag se evangelisasie-metodes, omdat die Tien Gebooie nie meer gebruik word nie, wanneer hy die volgende sê:

"Normal evangelical practice is swiftly to run to the cross of Christ. But the cross means nothing apart from the Law. Our Lord's wretched suffering must be tragic and senseless in the eyes of any who have no reverent esteem for the perfect commandments. On the cross Jesus was satisfying the just demands of the law against sinners. If sinners are unaware of the Decalogue's requirements for themselves, they will see no personal significance in Christ's broken body and shed blood.

Without knowledge of condemnation of God's holy law, the cross will draw sympathy but not saving faith from sinners."

Ryken (2003:12) noem dat die kerke vol mense is wat nie eers die Tien Gebooie ken nie, om nie eers daarvan te praat dat hulle dit moet onderhou nie! Mense is meer geïnteresseerd in God, maar is glad nie gewillig om te doen wat Hy sê nie. Hierdie gevolge van die verwerping van die wet vandag, word opgesom deur Kennedy (2010:41):

"Dit wil soms voorkom asof die hele samelewing die rug op God se Wet gekeer het, met baie onaangename gevolge. Mense tree op asof die Wet van God 'passé' – 'n oorblyfsel uit vergange se dae – is. Maar die waarheid is dat hierdie wette die lym is wat ons samelewing aanmekaar hou. Ons samelewing het al so ver agteruitgegaan, dat sommiges nie eens besef dat hulle God se Wet verbreek nie. Die gevolg hiervan is dat ons samelewing onstabiel, skrikwekkend en gevaarlik geword het. Dit was beslis nooit Sy begeerte om ons as mense te verhoed om 'n goeie lewe te hê nie. Hy het dit vir ons gegee omdat Hy geweet het as ons dit volg, sal ons ons volle potensiaal bereik en dat ons dan seuns en dogters van die lewende God sal wees."

Ryken (2003:9,32) beaam Kennedy se stelling en sê dat goeie prediking en onderrig oor die wet vandag broodnodig is. Die mens leef tans in wettelose tye, wanneer disrespek vir die owerheid gelei het tot wydverspreide minagting vir God se Gebooie. Wangedrag is aan die orde van die dag, selfs in die kerk. Deel van die probleem is dat mense nie weet wat God van hulle verwag nie. Selfs onder Christene heers 'n onrusbarende gebrek aan kennis rondom die perfekte standaard van God se wet. Die situasie is egter erger in die samelewing in die algemeen.

Net soos die Fariseërs destyds, is daar mense wat vandag nog dink dat hulle geen nood het aan God se genade nie. Die waarheid is dat, tensy mense weet hulle het 'n sonde-

probleem, hulle nooit na Christus sal kom vir 'n oplossing nie. Mense kom nie om gesond gemaak te word, tensy hulle weet hulle het 'n ernstige siekte onder lede nie. Hulle sal nooit kom vir lewe, tensy hulle weet dat hulle onder die doodstraf verkeer nie. Hulle sal nooit kom vir redding, tensy hulle weet hulle is vasgevang in die kloue van sonde nie (MacArthur, 1994:68), (Ryken, 2003:9).

Comfort (1989:108) sê dat die aspek wat hierdie saak verander, die gebruik is van die Wet van God tydens evangelisasie, preke, ensovoorts. Aan die sondaar word nou 'n meetsnoer gegee waarmee hy sy eie sonde kan meet. Die Wet verlig die oë, sodat die sondaar die nodigheid van die komende oordeel kan verstaan. Eers dan word die sondaar oortuig van sy eie sondige toestand en sy nood aan God se genade en vergifnis. Chantry (1970:38) en MacArthur (1994:92, 90) beweer dat, voor die sondaar sy eie siel nie in die lig van God se Wet sien nie, hy nie reg is om die Blye Boodskap te hoor nie. Jesus Christus het die Wet primêr gebruik tydens Sy bediening. Hy het geweet dat om die Tien Gebooie te predik, die enigste manier is om 'n sondaar te leer dat hy skuldig staan voor God. Hierdeur word daar dan binne-in hom die soeke en begeerte vir God se genade en vergifnis aangeraak. Reisinger (1999:6) voeg hierby dat die Wet van God onvervangbaar is in Bybelse, God-gesentreerde evangelisasie.

Mohler (2010:23) beaam wat Comfort, Chantry en Reisinger daarvan sê dat die kerk nooit die Wet van God moet wegsteek of dit probeer ontduik nie. Inteendeel, dit is die Wet wat aan die mens sy sonde uitwys, asook baie duidelik vir die mens sy ontoereikendheid en gebrek aan geregtigheid uitwys. Die Wet op sigself kan nie lewe gee nie, maar soos Paulus in Gal. 3:24 sê is die Wet die mens se tugmeester na Christus toe. Hammond (2010a:32) voeg hierby dat die geredde persoon nie die Wet onderhou om gered te word nie, maar die Wet hou omdat hy gered is. Poythress (1991:315) is van die volgende mening:

“We must be ready to rethink our attitude towards the law. Many of us reject theonomy because we think that the Mosaic Law is harsh. But the real problem is with us, not with the law (cf. Romans 7:12, 14). We have swallowed so much of the modern humanistic thinking

that our own judgments and emotional reactions are corrupted. We confuse mercy with vague good will, justice with tolerance, and love with sentimentality. Like all sinners we have something in us that would like to be free from God's standards altogether. We desire to abolish God's standards rather than have the standards honored by substitutionary death of Christ in payment for their violation."

2.14 DIE WETTIGE EN ONWETTIGE GEBRUIK VAN DIE TIEN GEBOOIE – EKSEGESE VAN 1 TIM. 1:8

2.14.1 INLEIDING

Malan (2009:8, 9) noem dat nege van die Tien Gebooie in die Nuwe Testament herhaal word. Dit word in die wet van die liefde saamgevat en op alle gelowiges van toepassing gemaak. Verder moet Nuwe Testamentiese gelowiges uit die nasies daarop bedag wees dat hulle nooit deel van Israel en sy verbonde en wette was nie, en dit ook nie ná hul bekering word nie. Malan (2009:9) sê voorts dat slegs drie wette op die nie-Jood van toepassing is, naamlik die verwysing na voedsel in Hand. 15:20, tweedens hoerery (1 Kor. 6:12-20) en laastens die verbond van vleis eet (Gen. 9).

In teenstelling hiermee verduidelik Barcellos (2001:77) dat nege van die Tien Gebooie deur God gestraf is voor die afkondiging van die Dekaloog via Moses, en aangesien dieselfde nege gebooie herhaal word in die Nuwe Testament, hierdie nege gebooie die Morele Wet verteenwoordig. Volgens Barcellos (2001:86) maak die Nuwe Verbond-teoloë die volgende stelling: "Since all of the Ten commandments are not repeated in the New Testament, and only those repeated are still binding, therefore, not all ten are still binding". Malan (2009:8) huldig hierdie selfde foutiewe stelling. Barcellos (2001:86) verwerp egter hierdie stelling en waarsku dat daar geen eksegetiese basis is vir so 'n stelling nie: "Unfortunately, many Evangelical Christians adhere to this maxim today. Yet it is simply a hermeneutical presupposition, not based on the exegesis of the text of Scripture. I have yet to see this maxim established from exegesis, and even when it is assumed, it is fraught with exegetical and practical difficulties."

Malan (2009:5) gaan voort en sê: “Ons kan dus nie enige OT wet op gelowiges van toepassing maak en afdwing nie”. Hierdeur maak hy homself skuldig aan Antinomianisme (sien punt 2.15.3), omrede hy alle Ou Testamentiese wette, insluitende die Tien Gebooe by die kerkdeur uitgooi. Jesus self het in Matt. 5:17 bevestig dat Hy nie gekom het om die wet te ontbind nie, maar om dit te vervul. Dit op sigself het volle betekenis aan die wet kom gee, omdat die evangelie betekenisloos is sonder die wet.

Soos in punt 2.13.1 gesien word, het God se morele wet die oorhandiging van die geskrewe wet by die berg Sinai voorafgegaan; so is dit ook dan duidelik dat die morele standarde van die Dekaloog ook nie eindig by die kruisiging van Christus nie. Dit is waar dat die Christen nie meer onder die wet is deur die verbond van werke nie, nog minder onder die vloek van die wet, maar die Christen is onder die wet as 'n reël vir die lewe en 'n objektiewe standaard vir regverdigheid vir alle mense ten alle tye (Barcellos, 2001:38,44; De Bruyn, 2008:18,19; Edwards, 2009:47; John, 2000:14; Reisinger, 1997:15,18,22,68; Reisinger, 1999:1; Ryken, 2003:20,24). In teenstelling met die seremoniële wette wat net tydelik van aard was, was die sedewet (die Tien Gebooe) bestem om vir ewig te bly (Barcellos, 2001:38,44; De Bruyn, 2008:14; Edwards, 2009:47; Hedges, 2005:1; Reisinger, 1997:18,69; Reisinger, 1999:1; Ryken, 2003:20,24). Die Christen is nog steeds onder 'n ernstige obligasie om die wet van God te hou, maar met hierdie groot verskil, dat hy nou die krag het van Christus, deur die werking van die Heilige Gees, om dit wel te kan doen (Barcellos, 2001:37).

Barcellos (2001:44,42), beaam deur Edwards (2009:38), sê voorts: “This understanding of the passage makes conformity to the law the responsibility of believers and unbelievers alike. The law is the standard for proper conduct as defined by God for all mankind, Christian or non-Christian. It is simply and emphatically not true that the law has no place in the life of the Christian.” Die morele wet is onveranderd; dit bly steeds van krag (Comfort, 2005:10; Chantry, 1980:118; De Bruyn, 2008:10; Douma, 1996:7,10,11; John, 2000:14; Kennedy, 2010:43; Poythress, 1991:336; Van Niekerk, (1970:3). Alhoewel die seremoniële wette herroep is, is die morele wet wat deur God se eie mond gegee is, ewigdurend in die kerk. Dit is geskryf op klip om die ewigdurendheid

daarvan te wys (Watson, 2002:12). Volgens Comfort (1989:48) is die wet van God die enigste standaard waarmee die sondaar sy lewe moet vergelyk.

Ryken (2003:28) beweer dat baie Christene vandag dink dat die wet op 'n manier gekant is teen die evangelie. Hulle maak die afleiding dat redding in die Ou Testament net deur die wet gekom het, teenoor redding in die Nuwe Testament deur genade. Die waarheid is egter dat redding altyd net gekom het deur genade, en die wet en evangelie werk tesame vir redding van siele in beide die Ou en die Nuwe Testament. Hierdie siening word bevestig deur Van Niekerk (1970:2) wat sê dat die Wet reeds 'n stuk evangelie is en dit is nie te skei nie. Volgens Reisinger (1997:41,159) sal sondaars nooit in 'n verhouding met die Verlosser belangstel tot hulle die vreeslike breuk sien tussen hulle en die Skepper nie. Die Tien Gebooie is die Skepper se morele mandaat vir sy skepsels. Die wet berei die weg voor van die evangelie. Die skerp naald van die wet maak 'n pad vir die rooi draad van die evangelie. Die wet is *onvervangbaar* in die Bybelse, God-gesentreerde evangelie.

Die hoofprobleem vandag is nie die mens wat die wet van God te veel of oormatig gebruik nie, maar diegene wat halfpad of heeltemal gekant is teen die gebruik van God se wet. Daar is 'n groeiende hoeveelheid evangeliste wat die geldigheid van God se wet vandag bevraagteken (Edwards, 2009:43). Hammond (2010a:32) waarsku dat die verlore-gaande mensdom God se Wet haat, beide omdat dit 'n wet is en omdat dit van God kom. Maar diegene wat Jesus ken en Hom liefhet, het God se Wet lief en probeer om dit te hou uit totale dankbaarheid vir God se genade en barmhartigheid, en om God te behaag. God se kinders, gelei deur die Heilige Gees, ondervind hoë grade van gehoorsaamheid aan God se Wet, wat hulle nog nooit vantevore in staat was om te doen nie.

Een van die belangrikste eienskappe van die Wet van God is om die persoon wat tot redding gekom het, te leer sodat hy vir God se glorie kan lewe (Ryken, 2003:29). Die geldigheid van die Tien Gebooie of die onderhouding van die Wet van God is seker een van die mees kontroversiële onderwerpe vandag, en die rol van die wet, of Jesus dit nou vervul het al dan nie, is nie iets nuuts nie, dit is immers al eeue lank op die kerklike

agenda. Daar is hoofsaaklik twee denkrigtings, die een neig net na die wet toe, en die ander neig weer heeltemal oor na die liefde toe. Die een wat baie sterk op orde en dissipline ingestel is, loop die gevaar om wetties te raak. Die ander gevaar (antinomianisme) is dat dié wat probeer om vry van die wet te leef en net liefde na te jaag, se lewenstyl sal begin grens aan 'n bandelose, selfs losbandige, manier van lewe (Smit, 2010:165).

Chantry (1970:40) sê egter dat die Heilige Gees in direkte teenstelling met die skeiding tussen liefde en wet verklaar het dat liefde en wet ewe veel verwant is aan mekaar. Jesus het eenvoudig geleer dat die wet jou dwing na niks minder as die liefde nie. Hierdie lering kan opgesom word met Matt. 22:37-40:

“En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.”

Volgens Malan (2009:16) moet die hedendaagse mens ten alle tye Christus se wet van die liefde, onderskei van die Ou Testamentiese wet. In teenstelling met Malan, sê Van Niekerk (1970:1) dat hierdie wanopvatting bygedra het tot 'n onbeminde en 'n misverstaan van die Wet van God. Brown (1999:28) voer aan dat liefde nie langer liefde sal wees as dit misluk om hierdie geslag tereg te wys nie, en waarheid sal nie langer waarheid wees as dit faal om leuens te ontbloot nie. Hedges (2005:6) maak die stelling dat dié wat die Tien Gebooie verwerp, die liefde verwerp. Hierdie stelling word bevestig deur Reisinger (1997:92,93) en Ryken (2003:17) wat konstateer dat die Wet van God nie van God se liefde geskei kan word nie, omrede Jesus self die gebruik van die wet bevestig en Hy dit direk aan liefde koppel wanneer Hy in Joh. 14:15 sê: “As julle my liefhet, bewaar my gebooie.” Soortgelyke stellings word ook gevind in Joh. 14:21 en 1 Joh. 5:3 waar Jesus en Johannes die geldigheid van die wet bevestig.

Smit (2010:165) bevestig baie duidelik die geldigheid van die wet en die funksie van die liefde as hy opmerk dat, in Jesus se woorde en werke, die wet en die evangelie volmaak saamgevoel het in 'n bediening van liefde en gehoorsaamheid. Smit (2010:165) vra dan die vraag of die wet wel gehoorsaam moet word? Volgens hom kom die antwoord van Jesus self wat sê dat dit wel gehou moet word en daaroor bestaan daar nie die minste twyfel nie. Die kinders van God moet mekaar leer om die wet te gehoorsaam. Dis immers God se Wet. Wat wel bykom, is die manier waarop die wet gehoorsaam moet word. Die Fariseërs (hulle wou juis so raakgesien word) het pligsgetrou die wet tot in die fynste besonderhede gehoorsaam, maar hul harte was nie daarin nie. Dit kom neer op niks anders as pligpleging nie en Jesus veroordeel dit. As die mens die wet nie met sy hele hart en siel gehoorsaam nie, is dit betekenisloos. Die mens se hele hart moet in die wet wees. Dit beteken dat die wet uit liefde gehoorsaam moet word.

In Joh. 15 bring Jesus die wet en liefde die heeltyd in verband met mekaar, en speel nie die een teen die ander af nie. Johannes verduidelik hierdie twee aspekte baie duidelik in 1 Joh. 5:3-4: die mens se liefde vir die Here word bewys in die wyse waarop hy God se Wet gehoorsaam.

Edwards (2009:40) kom kragtig oor tot die geldigheid van die wet van God en hy sê dat die feit dat Christus die mens kom vrykoop het van die straf van die wet, nie beteken dat dit die mens vrymaak van die regverdige eise van die wet nie. Jesus het die wet gehou, daarom moet die mens dit ook doen. Die hele wet is van toepassing op die mens, elke deel van dit. Volgens Edwards (2009:40) is dit egter 'n baie groot voorreg om onder God se wet te wees, nie vir redding nie, omdat dit onmoontlik is, maar vir regverdigheid wat God behaag. God se wet sal nooit tot niet gaan nie, omdat dit op die harte van Christene geskrywe staan (Jer. 31:33).

Die perikope van Op. 12:17 en 14:12 bevestig die onderhouding van die geboorte in die eindtyd. Op. 12:17: "En die draak was vertoorn op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die geboorte van God bewaar en die getuigenis van Jesus Christus hou." Op. 14:12 "Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die geboorte van God en die geloof in Jesus bewaar."

Dit is baie duidelik dat hierdie teksverse nog in vervulling moes gaan ten tye dat Johannes dit geskrywe het. Hierdie teksverse is baie lank na Jesus se kruisiging geskryf, en dit dui op die eindtyd, wat nog moet gebeur.

As daar in detail na Op. 12:17 gekyk word, sal daar gesien word dat die Satan vertoornd is teenoor die Kerk van God, en dat hy uitgegaan het om oorlog te maak teen die Kerk se ander nakomelinge wat die gebooie of die Wet van God onderhou, asook die getuienis van Jesus Christus. Die vraag ontstaan hoekom sal Satan juis dan wou oorlog voer teen mense wat God se Wet hou, as die wet dan nie meer van toepassing is nie en tot niet gemaak is met die kruisiging van Jesus? Daar sou dan dus geen rede vir hom tot kommer wees as die wet nie meer van toepassing is nie.

Die rede waarom Satan vertoornd is op mense wat God se gebooie bewaar, is omdat Satan weet wat die doel van die Tien Gebooie is, naamlik om verlore siele bewus te maak van hulle verlore toestand om sodoende na Christus, die Verlosser te soek (Ryken, 2003:34). Satan is terdeë bewus van die krag en die doel en die heiligheid van die Tien Gebooie, daarom dan dat hy dit so haat, en ook die vyandskap in vandag se tyd geskep het tussen wet, genade en liefde.

Bogenoemde beklemtoon die geldigheid van die wettige gebruik van die wet van God, maar ook die feit dat die wet onwettig gebruik word.

2.14.2 MOTIVERING VAN TIM. 1:8 AS DIE FOKUSVERS

Reisinger (1997:106) verklaar dat die oplossing van die probleem met hoe die Fariseërs die wet gebruik het, nie was om die wet tot niet te maak nie, maar dat die probleem in die misbruik van die wet lê. 'n Geldige vraag sal wees om te vra: "Kan die wet dan onwettig gebruik word?" Reisinger (1997:49-50) merk op dat aangesien die term "wet" so dikwels in die Skrif gebruik word, dit noodsaaklik is dat ernstige studie en aandag gegee moet word en onderskeid getref moet word tussen morele, seremoniële en siviele wette. Wanneer daar misluk word om hierdie onderskeid te tref, sal die uitvloeisel daarvan altyd wettisisme of antinomianisme wees. Reisinger (1997:54) benadruk dat dit

van die uiterste belang is om onderskeid in die drie verskillende wette te handhaaf, omrede sulke grusame foute dwaalleer tot gevolg kan hê.

Weens wettisisme en antinomianisme wat die kerk binnegedring het, het Paulus teen hierdie gevaar gewaarsku met sy brief aan die jong Timotheüs in 1 Tim. 1:1-11. Reisinger (1997:159) maak die stelling dat die hele sendbrief aan die jong Timotheüs, genoem kan word “Paulus se Voorskrifboek vir die Kerk van God.” Reisinger (1997:159-165) se kort kommentaar of verduideliking van hierdie gedeelte sal dien as motivering en inleiding op die eksegeese van die wettige en onwettige gebruik van God se Wet, die Tien Gebooie.

In vers 3 en 4 gee Paulus die verduideliking van hierdie skrywe aan Timotheüs. Hy sê aan hierdie jong leraar dat hy sekere mense moet beveel om nie ’n teenstrydige doktrine te leer nie. Paulus gee nie die name in vers 3 nie, maar later in vers 20 identifiseer hy wel vir Himenéüs en Alexander. Hierdie valse leraars het ’n nuwe doktrine aan die mense geleer. Hierdie mense het ’n “Athenian spirit” gehad. Hierdie “Athenian spirit” word verduidelik in Hand. 17:21: “Nou het al die Atheners en die uitlanders wat by hulle gewoon het, vir niks anders tyd gehad as om iets nuuts te sê en te hoor nie.” Hierdie mense was inderwaarheid “noviteit onderwysers”. ’n Baie goeie duimreël is om die gevaar te herken van valse doktrine wanneer enige persoon iets leer wat skryn teen die Tien Gebooie, Jesus se Gebod en die Apostoliese Geloofsbelydenis.

Daarom waarsku Paulus vir Timotheüs teen diegene wat hulle “besig hou met fabels en eindelose geslagsregisters” (1 Tim. 1:4). In vers 5 verklaar Paulus wat die doel is van die gebod. Die doel is liefde, wat alleenlik kan kom van ’n werklike ondervinding van God se genade. Paulus gee ’n drievoudige verduideliking van die oorsprong van die bron van hierdie liefde: dit ontstaan (1) uit ’n rein hart, (2) van ’n goeie gewete, en (3) ’n ware, ongeveinsde geloof. Omdat hierdie leraars hiervan afgewyk het, betrek hulle ander in sinnelose spekulasie en ydele praatjies (vers 6).

In vers 7 word daar gesien dat hierdie valse leraars graag leermeesters van die wet wil wees, maar dat hulle het geen insig in die wet het nie. Hulle lering is gebore uit

hardkoppige onkunde en is vererger deur hoogmoed. Dit is in hierdie konteks van Paulus se opposisie teen hierdie valse lering van die wet, wat die rede vir vers 8 na vore bring: “Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik.”

Baie duidelik is hier twee dinge wat uitstaan: (1) Die wet is goed as iemand dit wettiglik gebruik; (2) Die wet van God word onwettig gebruik. Daarom is dit dus nodig om te weet wat hierdie wettige en onwettige gebruik van die wet is.

2.14.3 EKSEGESE OP TIM. 1:8

- **Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel**

Na die brief-opening in 1 Tim. 1:1-2, begin Paulus die volgende perikoop met die woord “soos”. Hierdie begrip of woord “soos” is ’n voegwoordelike partikel wat ’n eksplisiete aanduiding gee van die verhouding met die voorafgaande. Tog, in vers 3 maak Paulus egter gebruik van ’n imperatief “versoek” wat dui dat die perikoop ’n opdrag is aan Timotheüs om sekere opdragte uit te voer. Hierdie opdragte behels dan (vers 3) om in Efese te wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie, en (vers 4) hulle nie besig te hou met fabels en eindelose geslagsregisters nie. Vers 3 tot 11 word dus gesien as inleidende verse of instruksies tot die geheel van 1:8 – 6:19. Vanaf 6:20 eindig Paulus die brief weer met dieselfde imperatief.

Volgens Mare (2004:346) word die eerste brief aan Timotheüs opgedeel in 9 dele:

- | | |
|----------|---|
| 1:1-2: | Inleiding. |
| 1:3-11: | Instruksies teen valse leringe, en die onderwysing en handhawing van goeie en vaste leer. |
| 1:12-20: | Paulus se voorbeeld van sy roeping om getrou te wees aan die diens van God en sy oproep aan Timotheüs om dieselfde te doen. |
| 3:1-16: | Kwalifikasies vir ouderlinge en diakens van ’n gesonde kerk wat behoort aan Jesus Christus. |
| 4:1-16: | Instruksies aan Timotheüs vir gevaarlike tye wat kom, en sy oproep om die ware doktrine te proklameer en ’n Goddelike lewe te handhaaf. |

- 5:1-6:2: Versorging van die verskeie segmente van die Christelike gemeenskap, jonk en oud, weduwees, slawe, ensovoorts.
- 6:3-21a: Die waarskuwing teen die liefde vir geld en rykdom, die opdrag aan Timotheüs om God getrou te dien, die waarskuwing aan daardie mense wat afhanklik is van aardse goed, en Timotheüs se vereiste om die waarheid van God te bewaar.
- 6:21b: Seënwens.

Die plek van die perikoop (1 Tim. 1:8) in die struktuur van die boek val dus binne die instruksies teen valse leringe, en die onderwysing en handhawing van 'n goeie en vaste doktrine. Paulus se woorde in 1 Tim. 1:8 vorm die rede vir die bestudering van wettige en onwettige gebruik van die Tien Gebooie in hierdie studie.

- **Die genre van die perikoop en die boek waarin die perikoop voorkom**

Die twee briewe aan Timotheüs en die brief aan Titus sorteer onder die genre van *Pastorale (Herderlike) Briewe*. Volgens (Vergeer, 2009:1942) herinner die persoonlike aanslag van die brief (pa-seun) baie sterk aan die Ou-Testamentiese wysheidsliteratuur. Hierdie briewe bevat hoofsaaklik instruksies aan diegene wat aan die hoof (Voorganger) van kerke staan (Martin, 1989:62; Andria, 2006:1469; MacArthur, 1995:ix; Vergeer, 2009:1941).

- **Ontleding van die gedagte-opbou van die perikoop**

Die teenstelling van die valse lering



- **Openbaringshistoriese plasing van die perikoop**

Die begrip van “dat die wet goed is” kom voor in Rom. 7:12, Jak. 2:8. Hierdie betrokke perikope handel oor dieselfde beginsel, naamlik dat die wet van God goed is. Spesifiek in Rom. 7:12 maak Paulus melding daarvan: “die wet is heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed.”

- **Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop**
- **Agtergrond van 1 Tim. 1:8 (Martin, 1989:62; Andria, 2006:1469; MacArthur, 1995:ix; Vergeer, 2009:1944; Van Rensburg, 2003:805)**

Timotheüs was een van Paulus se getrouste metgeselle, sy vriend en volgeling, al was hy heelwat jonger as Paulus. Paulus en Timotheüs het vir 'n tyd lank saam in Efese gewerk. Daarna het Paulus hom as voltydse bedienaar van die Woord agtergelaat en het hy vertrek na Masedonië. Reeds met sy vertrek het Paulus vermoed dat valse leerstellings in die gemeente sou ontstaan (Hand. 20:29-30), en volgens die eerste brief aan Timotheüs was sy vermoede nie ongegrond nie. Hy moedig vir Timotheüs aan en gee hom raad om hierdie valse leerstellings te stuit en dan sorg te dra dat die gemeente aan hierdie Godgegewe doel voldoen.

- **Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het**

Die eerste brief aan Timotheüs het duidelike praktiese riglyne wat God van Christenleiers verwag. Hierdie brief is hoofsaaklik gerig aan Timotheüs en in hierdie brief onderrig Paulus vir Timotheüs oor die volgende: hoe hy die dwaalleer wat ontstaan in die kerk die hoof moet bied, hoe hy sonde moet hanteer, die rol van die vrou, die sorg van weduwees, en hoe om geld te hanteer. Die geloofskeuses waarvoor Timotheüs dus gestel was: as 'n Christenleier moes hy getrou die werk wat God van hom verwag doen, ten midde van die teenstanders wat altyd daar sal wees en sodoende al sy kragte sal vra (Van Rensburg, 2003:806; MacArthur, 1995:x).

- **Woordstudie van belangrike begrippe**

1 Tim. 1:8: “Maar ons weet dat die wet νόμος / *nomos* goed is as iemand dit wettiglik νομίμως / *nomimōs* gebruik.”

- **wet** (νόμος / *nomos*) – ontleding: manlike substantief.

Die woord *nomos* kom een keer in hierdie perikop voor. In die konteks van 1 Tim. 1:1 – 1:20 verwys hierdie begrip die sterkste na die Tien Gebooie. Bevestiging daarvan word verkry in 1 Tim. 1:9 waar Paulus sekere sondes noem, wat uitsluitlik gekenmerk word deur die gebruik van die Tien Gebooie (Rom. 7:7). Volgens Vine (2005:213) en Thayer (2004), beteken *nomos* “om onderskeid te tref, wet soos voorgeskryf deur sede”. Die woord *ethos* “sede”, was behoue gewees vir die ongeskrewe wet, terwyl *nomos* die vasgestelde naam geword het vir “wet” as ’n dekreet deur ’n staat en opgestel as die standaard vir die administrasie van geregtigheid of reg.

In die Nuwe Testament word “wet” op verskeie maniere gebruik: (1) wet in die algemeen (Rom. 2:12); (2) ’n krag of invloed aangedryf deur aksie (Rom. 7:21, 23 (eerste deel) “ander wet”; en (3) wet soos in die morele wet, die Tien Gebooie (Matt. 5:18; Joh. 1:17; 1 Tim. 1:8; ensovoorts). In die Nuwe Testament word die begrip “wet” algemeen gebruik en kom dit 195 keer voor; *nomos* word hoofsaaklik gebruik om morele en religieuse voorskrifte aan te dui. Louw en Nida (1996:426) plaas die begrip of woord *nomos* in die semantiese veld 33.333, 33.55 en 33.56. 33.333 kom in die semantiese veld 33 (kommunikasie) voor onder die subdomein G “wet, regulasie, ordinansie” en 33.55 en 33.56 kom ook in die semantiese veld 33 (kommunikasie) voor onder die subdomein E “geskrewe taal.”

In die semantiese velde 33.333 verwys *nomos* na “geformuleerde reëls of ’n stel reëls wat mense voorskryf wat hulle moet doen, wet, ordinansie, reëls”. In die semantiese velde 33.55 verwys *nomos* na die eerste vyf boeke van die Ou Testament of die “Torah” en in die semantiese velde 33.56 verwys *nomos* na die heilige geskrifte van die Ou Testament.

- **Gevolgtrekking:**

As daar na die konteks van die begrip “wet” in 1 Tim. 1:8 gekyk word, is dit verseker dat die begrip slegs kan val in die subdomein 33.333 “geformuleerde reëls of ’n stel reëls wat mense voorskryf wat hulle moet doen, wet, ordinansie, reëls”, want Paulus omskryf die “wet” in vers 9. Die domein en subdomein van Louw en Nida (1996:426) toon duidelik dat die begrip *nomos* die Tien Gebooie is, en dit sluit aan by die eksegeese van Matt. 19:18-19. Die begrip van die eerste vyf boeke of die Torah en geskrewe heilige geskrifte kan nie in die konteks van 1 Tim. 1:8 inpas nie, weens die feit dat Paulus self die begrip “wet” verklaar in vers 9.

- **wettiglik** (νομίμως / *nomimōs*) – ontleding: manlike substantief.

Die woord *nomimōs* kom een keer in hierdie perikoop voor. In die konteks van 1 Tim. 1:1 – 1:20 verwys hierdie begrip na die aanvaarding van die wet, wettiglik. Volgens Vine (2005:214) en Thayer (2004) beteken *nomimōs* “die wet is goed as dit wettiglik gebruik word”, asook “aanvaar die ontwerp van die wet”. Vine (2005:214) gaan voort om te sê dat die betekenis van “wettiglik” is dat niemand die ewige lewe kan verkry deur die werke van die wet nie, maar dat die gelowige die wet in sy hart moet hê en om aan die vereistes daaraan te voldoen deur te doen soos staan in Rom. 8:4 “sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.” In die Nuwe Testament word “wettiglik” net twee keer gebruik, in 1 Tim. 1:8 en 2 Tim. 2:5, en word *nomimōs* hoofsaaklik gebruik om die wettige gebruik van die wet aan te dui. Louw en Nida (1996:674) plaas die begrip of woord *nomimōs* in die semantiese veld 72.18, binne die semantiese veld 72 (waar en vals) onder subdomein B (akkuraat, onakkuraat). In die semantiese velde 72.18 verwys *nomimōs* na “(o)oreenkomstig die reëls en regulasies behoort dit korrek te wees, korrek ooreenkomstig die reëls en regulasies, die wet is goed as dit korrek gebruik word.”

- **Gevolgtrekking:**

As daar na die konteks van die begrip 'wet' in 1 Tim. 1:8 gekyk word, is dit duidelik dat die begrip *nomimōs* beteken "korrek". Dus kan die gevolgtrekking gemaak word dat die wet is goed as dit volgens die wet korrek gebruik word. In die 1953 Afrikaanse Bybel word die begrip "wettiglik" gebruik wat die korrekte vertaling vir bogenoemde gevolgtrekking is.

- **Vergelyking van Skrif met Skrif**

In Rom. 7:12 en Jak. 2:8 kom die begrip van "die wet is goed" voor. Die goedheid van die wet in hierdie betrokke perikope handhaaf dieselfde beginsel. Buiten die feit dat die wet goed is, maak Paulus melding in Rom. 7:12 dat die wet ook heilig en regverdig is. Die verkeerde afleiding wat gemaak word dat die wet "net" goed is wanneer die wet wettig gebruik word, word in Rom. 7:12 die nek ingeslaan omdat die wet heilig is, die wet is goed, en die wet is regverdig, ongeag of dit wettig gebruik word al dan nie.

- **Godsopenbaring in die perikoop**

In Rom. 7:12 maak Paulus melding dat die wet heilig is, die wet is goed, en die wet is regverdig. Hierdie korrekte gebruik van die wet in 1 Tim. 1:8, dui op die perfeksionisme van God, en dat sy standaard gelykvormig is aan sy karaktereienskappe en foutloosheid (Reisinger, 1997:164)

2.14.4 SAMEVATTING VAN EKSEGETIESE PERSPEKTIEWE OP 1 TIM. 1:8

- Die wet in 1 Tim. 1:8 is die Tien Gebooie (Barcellos, 2001:56).
- Die Tien Gebooie is goed as dit korrek gebruik word, wettiglik.
- Die goedheid, heiligheid en regverdigheid van die Tien Gebooie verander nie met die onwettig gebruik van die Tien Gebooie nie.
- Die Tien Gebooie dui op God se karaktereienskappe.
- Die Tien Gebooie word ook onwettig gebruik.

Eerstens sal daar gekyk word na die onwettige gebruik van die Tien Gebooie. In die konteks van 1 Tim. 1:1 – 20 is dit dus geldig om te vra hoe die Tien Gebooie onwettig gebruik word.

2.15 *DIE ONWETTIGE GEBRUIK VAN DIE TIEN GEBOOIE*

Voordat die onwettige gebruik van die Tien Gebooie verduidelik word, is dit eers belangrik om te verduidelik wat Paulus bedoel as hy in 1 Tim. 1:9a sê: “en as hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie”. MacArthur (1995:21) maak die volgende stelling: “Those who think they are righteous will never be saved (cf. Luke 5:32), since they fail to understand the true use of the law. The law was made for those who are lawless and unruly, for the ungodly and sinners, for the unholy and profane. The purpose of the law shows willing sinners their sin (cf. Rom. 3:19), and the need for a savior (Gal. 3:24)”. Volgens Reisinger (1997:161) en Reymond (2002:477) is dit duidelik dat Paulus nie hier bedoel dat die wet nie geldig is vir die Christen nie, of dat die Christen niks met die wet te doen het nie, maar dat hy die Christen se etiese dimensie benadruk.

Die wet is dus nie gegee vir die gehoorsame mens wat alreeds sy lewe vorm volgens die riglyne van God se standaard, die Tien Gebooie nie. Hierdie vorming is alleenlik moontlik deur die werk van Christus, wat bewerkstellig word deur die Heilige Gees: “sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees” (Rom. 8:4). Reisinger (1997:16, 161) benadruk die feit wat soveel antinomianiste verkies om te vergeet, en dit is die feit dat God se wet in Adam se hart geskrywe was voor die sondeval, toe hy nog regverdig en onskuldig was. Die wet het nie vervloek of verdoem tot Adam gesondig het nie. Dit is ook belangrik om te onthou dat die engele onder die wet was, anders kon hulle nie gesondig het nie: “maar waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie” (Rom. 4:15); “Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word” (2 Pet. 2:4).

Paulus is dit eens dat die wet van God goed is, maar dat dit misbruik of onwettig gebruik kan word. Wanneer word die wet onwettig gebruik? Volgens Reisinger (1997:162) word die wet onwettig gebruik op die volgende maniere:

- Die wet word onwettig gebruik wanneer dit misverstaan word, soos deur die Fariseërs en die skrifgeleerdes.
- Die wet word onwettig gebruik wanneer dit gebruik word om Christus te opponeer, genade te opponeer, of die evangelie te opponeer – een van die foute van die Jode.
- Die mees gevaarlike en verdoemende onwettige gebruik van die wet is wanneer mense die wet gebruik vir regverdigmaking – die onderhouding van die wet om guns by God te verwerf om sodoende saligheid te verkry. Hierdie onwettig gebruik verwerp die genade, opponeer Christus en verwerp regverdiging deur geloof alleen.
- Die wet word onwettig gebruik wanneer dit gebruik word om gebroke sondaars verder te verdoem. Daarom moet die Wet en die Goeie Nuus saam gepreek word.
- Die wet word onwettig gebruik wanneer dit gebruik word om die genade van hoop omvêr te werp (Rom. 5).
- Die wet word onwettig gebruik wanneer die glorie wat God toekom (vir die fantastiese werk van regverdigmaking) weggeneem word.
- Die wet word onwettig gebruik wanneer dit die doktrine van heiligmaking omvêrwerp. Daar is geen krag in die wet om regverdiging of heiligmaking te bewerk nie. Die krag moet kom van die Heilige Gees. Daarom mag die Heilige Gees nooit geskei word van die wet en die evangelie nie. Elkeen sal kragteloos wees sonder die Heilige Gees.
- Die wet word onwettig gebruik wanneer dit slegs gebruik word as ammunisie in onvrugbare, onsinnige twisgesprekke. As evangeliste en predikers nie Christus met die wet verkondig nie, is dit 'n onwettige gebruik van die wet.
- Cameron en Comfort (2004:112), beaam deur Brown (1999:41), noem dat die wet onwettig gebruik word op die volgende wyse: “Hellfire preaching without using the Law to show sinners *why* God is angry with them will more than likely

leave them bewildered and angry – for what they consider unreasonable punishment. However, if we use the Law lawfully, it appeals to the reason of sinners.”

Uit bogenoemde is daar duidelik twee onwettige gebruike wat na vore kom, wettisme en antinomianisme. Reisinger (1997:58) verduidelik dat, net soos Christus tussen twee rowers gekruisig is, so word die wet van God heel dikwels tussen wettisme en antinomianisme gekruisig. Chantry (1980:113, 123) maak die volgende stelling rondom hierdie twee onwettige gebruike van die wet:

“Simplistic understanding of the Biblical word ‘law’ causes great confusion. Ultimately, it leads to serious errors. Those who want to reinstitute every Mosaic ordinance in this generation and those who want to cancel the validity of every Old Testament commandment, have a common starting-point. Both extremes begin asserting that in every New Testament passage ‘law’ refers to the entire body of Moses’ regulations. Both insist that no distinction can be made between law from God’s Word and any other. At times error is easier to comprehend than is truth. Perhaps that is why in every age so many lazy minds have welcomed both legalism and antinomianism.

An easy rule of thumb adopts the Old Testament regulations wholesale. Equally effortless is an invalidation of the entire old covenant. Both methods will lead to serious doctrinal and practical aberrations, and will certainly fail to harmonize with the New Testament’s own treatment of the law. It is not devotion to tradition, but love of the Scripture, which drives us back to the position of the creeds. Moral law remains. Ceremonial and judicial laws of Moses have passed away. We must wrestle with these distinctions in understanding God’s Word.”

Reisinger (1999:7) gee hier 'n baie belangrike feit en oplossing rondom antinomianisme en wettisisme en hy sê dit is waar dat die Christen nie onder die morele wet is as 'n weg tot regverdigmaking nie, nog minder as 'n bediening tot veroordeling, maar dat die Christen nie vry is van die wet as 'n reël vir die lewe nie, wat gelewe moet word in liefde tot die Verlosser. Hierdie siening van die Tien Gebooie sal wettisisme en antinomianisme uitskakel.

2.15.1 WETTISISME

Volgens Atkinson en Field (1995:546), Cameron en Comfort (2004:37-40), Edwards (2009:51) en Hammond (2010a:35), is wettisisme die onderhouding van die wet om saligheid te verkry, teenoor saligheid verkry vanaf God as 'n vry offer vir die vergewing van sondes. Atkinson en Field (1995:546) verduidelik dat, in ware Christenskap, saligheid nie verkry word deur die onderhouding van die wet nie, maar om te vertrou op Jesus se geregtigheid. Die belangrikheid van gehoorsaamheid aan die wet is 'n bewuste verbintenis aan God, 'n teken van getrouheid aan die verbond, en nie 'n voorwaarde om die verbond te verkry nie. Om hierdie rede is gehoorsaamheid aan die wet 'n baie belangrike, maar nie die sentrale punt in die Christen se lewe nie. Hierdie belangrike klem op wetsonderhouding het partykeer die ongesonde uitbroeiing van wettisisme voortgebring, wat oormatige wetsonderhouding op ander mense wou afdwing.

Hammond (2010a:35) waarsku dat wettisisme 'n distorsie van gehoorsaamheid is wat motiewe en doel verdraai, omdat goeie dade as 'n weg gesien word om guns by God te verwerf. Wettisisme kan arrogante en minagtende aanhangers produseer wat die eie ek en trots probeer verdoesel ten koste van die verwerping van nederigheid, vriendelikheid en deernis. Reisinger (1999:7) sê dat die persoon wat wettisisme aanhang, faal om die verbinding te sien tussen wet en evangelie. Volgens Ryken (2003:53) dink sommige mense, Christene ingesluit, die versigtige ontleding en bestudering van die wet is wettisisme. Ryken (2003:53) gaan voort om te sê hierdie stelling word verwerp omdat die mens 'n beperkte begrip het van die wet, en daarom neig hy na wettisisme.

Hierdie mens dink dan hy kan die wet volmaak onderhou. Wanneer die sesde gebod sê die mens mag nie doodslaan nie, is dit heel maklik vir die meeste mense om hierdie gebod te hou, maar in die konteks van die hele Bybel, is dit nodig om die sesde gebod te interpreteer teenoor alles wat die Bybel te sê het oor moord-intensies. Omdat die wet geestelik is, veroordeel dit woede sowel as moord. Omdat dit positief sowel as negatief is, vereis dit 'n aktiewe onderhouding van die lewe. En omdat dit 'n hele klomp kategorieë van sondes verteenwoordig, word die mens verbied om sy medemens enige skade te berokken, of om ander toe te laat om dit te doen. Hierdie word die “sinekdogeïese” karakter van die Dekaloog genoem (De Bruyn, 2008:16).

Ryken (2003:53) vra of hierdie denke dan wetties is? Die antwoord is nee, intendeel glad nie! Hierdie metode van Bybelse denke red die mens eerder van wettisme deurdat dit die mens weerhou om God se standaard te verlaag. God se standaard word alleenlik gehandhaaf wanneer die mens besef wat regverdiging werklik vereis. Wanneer die mens dan weet wat God vereis, in al sy volheid, sal die mens die erns van sy sonde sien. Dit is slegs 'n volle begrip van God se wet wat die volle nood vir die evangelie openbaar. 'n Lae siening van die wet sal altyd wettisme in godsdiens voortbring, 'n hoë siening van die wet sal die mens 'n soeker maak van genade.

Edwards (2009:51) definieer wettisme as gewettigde gewoontes – om kultuurgebruike en gewoontes wet te maak. In teenstelling daarmee, wanneer die Tien Gebooe gehoorsaam word, en daarop aangedring word dat ander dit ook doen, is dit nie wettisme nie, omdat die Tien Gebooe nie 'n tradisie van mense is nie, maar 'n openbaring van God. Chantry (1980:126) verklaar wettisme as die volgende en sê die innerlike essensie van die wet was oor die hoof gesien deur die Fariseërs. Met hul passie vir uiterlike besonderhede, is mense onder geweldige druk geplaas deur spesifieke regulasies, wat God nooit gegee het nie. Die “moets en moenies” van die mens het 'n regsplig op die volk geplaas. Edwards (2009:53) gee die oplossing om wettisme te vermy en sê daar is een eenvoudige reël om te volg: “The Old Testament law is no longer binding unless grace leads us to it. Legalism is going where grace does not lead.”

2.15.2 ANTINOMIANISME

Antinomianisme beteken letterlik “anti-wet”. Hierdie tweede gevaar van die onwettige gebruik van die wet word soos volg deur Le Cornu (2002:17) verduidelik: “Antinomianisme, radikaal of verborge, op watter terrein van die lewe ook al, is so gevaarlik en dodelik as wat teïstiese evolusie byvoorbeeld vir die Bybelse skeppingsleer is. Teonomie wil dus Godgesentreerd (teosentries) te werk gaan teenoor die outonomie wat mens-gesentreerd (antroposentries) is in sy verskeie vorme waarin die mens alleen die wet bepaal of in Arminiaanse medewerking met God dit wil doen”.

Reisinger (1997:62) het dieselfde standpunt as Le Cornu en hy sê dat die gees van antinomianisme is om die Wet van God te versaak. Die waarheid is egter dat wat ook al die outoriteit van God se wet oteien en tot niet probeer maak, die evangelie en ware godsdiens verdraai. Die wet en die evangelie is boesemvriende. Hulle dien mekaar wedersyds om die doel van elk te bewerkstellig. Hierdie gevaar van onwettige gebruik van die wet het egter met elke generasie die kerk binnegedring.

R.C. Sproul, aangehaal deur Barcellos (2001:67), sê die volgende: “There is, in every generation, a constant threat to the church from a heresy called Antinomianism. The Antinomian heresy is the view that the law of God revealed in the Old Testament has nothing to do with the New Testament church.” Barcellos (2001:68) volg hierdie uitspraak op en verduidelik dat wanneer daar gesê word dat Jesus die wet tot niet gemaak het, eintlik bedoel word dat Jesus die wet van die Ou Verbond tot niet gemaak het. Die Ou Verbond is vervang deur die Nuwe Verbond. Die Wet van Moses funksioneer nie soos in die Ou Verbond nie, maar dit beteken glad nie dat dit nie meer funksioneel is nie.

Volgens Reisinger (1999:7) sien die antinomianis geen verhouding tussen die wet en die evangelie nie, behalwe om vry te wees van die wet. Le Cornu (2002:7) het dieselfde siening as Sproul en Barcellos in hul beskouing van antinomianisme. Hy is verder van mening dat die doel van die genade nooit is of was om met die wet weg te doen nie en ook nie om deur die onderhouding daarvan gered te word nie. God het nie die wet opsy laat sit om sodoende sy Seun nie te laat sterf nie, maar het daardeur juis die wet

bevestig, hoeveel te meer mag gelowiges nie die wet probeer opsy sit nie! Verder moet die moderne verval van wet en orde, eerstens nie gesoek word by die wêreld nie, maar by kerke wat vashou aan en roem op hul antinomianisme, dit wil sê kerke wat God se wet, direk of indirek, kundig of onkundig, verwerp vir die ordening van die totale lewe.

Hammond (2010a:35) bring die verhouding tussen wet, genade en liefde pragtig uit en noem dat wanneer die Christen na God soek met sy hele hart, siel, verstand en krag, en slegs in sy krag alleen vertrou, daar werklik ontdek word wat Jesus geleer het: “As julle my liefhet, sal julle my gebooie bewaar”.

2.16 *DIE WETTIGE GEBRUIK VAN DIE TIEN GEBOOIE. DIE GEBRUIK VAN DIE TIEN GEBOOIE TYDENS EVANGELISERING IN DIE NUWE TESTAMENT DEUR JESUS – EKSEGESE VAN MATT. 19:16-22*

2.16.1 *INLEIDING*

Dit is duidelik dat die onwettige gebruik van die wet neerkom op wettisme en antinomianisme. Hierdie onwettige gebruik van die wet het gemaak dat daar skeiding tussen liefde en die wet plaasgevind het. Volgens Reisinger (1997:91) ondermyn die skeiding tussen liefde en wet, die Tien Gebooie, Bybelse moraliteit, en ware Christenskap. Dit het dwaalleer en geestelike skipbreuk tot gevolg. Die skeiding tussen wet en liefde is die meester-uitvindsel van Satan om die gebruik van God se wet tot stilswye te dwing. Chantry (1970:40) bevestig hierdie stelling en waarsku dat Satan 'n effektiewe manier ontwerp het om die wet, wat nodig is om verlore gaande siele by Christus uit te bring, tot stilswye te bring. Satan suggereer dat die wet van God en liefde onversoembare vyande is, en dat hulle mekaar opponeer. Wanneer wet en liefde in konflik is, sal die mens oor die algemeen altyd liefde kies, en die wet verwerp, omdat niemand dit sal waag om die liefde te verag nie. Daarom het Satan verklaar dat liefde onafhanklik is van die wet en in teenstelling is daarmee.

Aan die hand van bogenoemde is dit dus duidelik dat die wettige gebruik van die wet verduidelik moet word, en wie kan dit beter verduidelik as die Wetgewer self? (Jak. 4:12).

2.16.2 MOTIVERING VAN MATT. 19:17 AS DIE FOKUSVERS, VERGELYK MARK. 10:17-31, LUK. 18:18-30

Reisinger (1997:30) maak die volgende stelling: “Christ’s giving the Ten Commandments, reaffirming them in His teaching, and fulfilling them in His ethical behavior show a unity – not an antithesis – between the law and the gospel.” Matt. 19:17 is een gedeelte waar die wettige gebruik van die Tien Gebooie deur Jesus baie duidelik uitstaan. In hierdie gedeelte openbaar Jesus die wil van die Vader (Van Zyl, 1999:1111) deur die gebruik van die morele wet, die Tien Gebooie. Dit word bevestig in punt 2.11.1 dat Jesus gekom het om te doen wat die Vader van Hom verwag. Jesus het deur sy hele bediening net gedoen wat die Vader behaag (Chantry, 1970:23) en sy metode om verlore siele die weg te wys tot die ewige lewe, deur die gebruik van die Tien Gebooie, word weerspieël in hierdie gedeelte.

- **Tekstuele konteks van die perikoop**
- **Sien punt 2.11.1 (Tekstuele konteks van die perikoop)**

Die plek van die perikoop (Matt. 19:16-22) in die struktuur van die boek val tussen die vierde en die vyfde blok van Jesus se preke volgens Jackman en Philip (2003:21). In Matt. 19:16-22 demonstreer Jesus die gebruik van die Tien Gebooie met liefde en bevestig die gebruik daarvan tydens evangelisasie. Die gebruik van die Tien Gebooie deur Jesus het egter niks te make met verdienste nie, maar met ’n lewe in gemeenskap met Jesus Christus (Van Zyl, 1999:1159). Jesus se gebruik van die Tien Gebooie in Matt. 19:17 is een van vele ander voorbeelde in die Nuwe Testament om verlore siele onder ’n sondebeseft te bring.

- **Sien punt 2.11.1 (Die genre van die perikoop en die boek waarin die perikoop voorkom)**

Matt. 19:16-22: “En daar kom een na Hom en sê vir Hom: Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê? En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie. Hy vra Hom: Watter?

En Jesus sê: Jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie egbreek nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie; eer jou vader en moeder; en: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Die jongman sê vir Hom: Al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af. Wat kom ek nog kort? Jesus antwoord hom: As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My. Maar toe die jongman dié woord hoor, het hy bedroef weggegaan; want hy het baie besittings gehad.”

- **Ontleding van die gedagte-opbou van die perikoop**

Die vraag oor wat gedoen moet word om die ewige lewe te verkry

Matt. 19:16 En daar kom een na Hom en sê vir Hom: Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?

Stap 1- Die antwoord “onderhou die gebooie” om ’n besef van sonde-toestand teweeg te bring.

Matt. 19:17 En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie.

Die gewete wat wil bevestig dat daar wel van die Tien Gebooie gepraat word

Matt. 19:18 Hy vra Hom: Watter?

Die gebruik van die Tien Gebooie en samevatting oor die tweede tafel

Matt. 19:18b – 19 En Jesus Sê – dit: Jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie egbreek nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie; eer jou vader en moeder; en: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Selfregverdiging

Matt. 19:20 Die jongman sê vir Hom: Al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af. Wat kom ek nog kort?

Jak 2:10 Breek van een gebod maak jou skuldig aan al tien. Niemand kan die Tien Gebooie volmaak hou nie, dus bring dit ’n sondebeseft voort.

Matt. 19:21 Jesus antwoord hom: As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal ’n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My.

Die resultaat: Oortreding van die tweede gebod. Geld en besittings was die ryk jongman se afgod

Matt. 19:22 Maar toe die jongman dié woord hoor, het hy bedroef weggegaan; want hy het baie besittings gehad.

- **Openbaringshistoriese plasing van die perikoop**

Die begrip van “onderhou die gebooie” kom voor in veelvuldige plekke regdeur die hele Skrif. In die Ou Testament: Eks. 13:10, Deut. 4:5, Eks. 13:8-10; Eks. 20:3-17; Deut. 4:5; Deut. 4:9; Deut. 4:10; Deut. 5:6-21; Deut. 6:4-9; Deut. 11:18-21; Deut. 32:46; Deut. 32:47; Jos. 8:30-35; 2 Kron. 17:7-9; Neh. 8:2-8; Ps. 78:1-7; Spr. 3:3; Spr. 3:4; Spr. 6:20; Spr. 6:21; Spr. 7:1-4; Jes. 57:8; Jer. 11:4; Sag. 7:9; Sag. 7:10; Sag. 8:16; Sag. 8:17.

In die Nuwe Testament – Voorskrifte van Jesus, duidelik uitgedruk of daaronder begrepe in didaktiese diskoers: Matt. 5:16; Matt. 5:22-24; Matt. 27-48; Matt. 6:1-4; Matt. 6:6-8; Matt. 6:16-25; Matt. 6:31-34; Matt. 7:1-29; Matt. 10:5-42; Matt. 16:24; Matt. 18:8-10; Matt. 18:15-17; Matt. 18:21; Matt. 18:22; Matt. 19:16-19; Matt. 20:25-28; Matt. 22:21; Matt. 22:34-40; Matt. 24:42-51; Matt. 25:34-46; Mark. 6:7-11; Mark. 8:34; Mark. 9:35; Mark. 9:38; Mark. 9:39; Mark. 9:42-50; Mark. 10:9; Mark. 10:11; Mark. 10:12; Mark. 10:17-22; Mark. 11:22; Mark. 12:17; Mark. 13:33-37; Luk. 6:27-42; Luk. 10:28-37; Luk. 12:12-31; Joh. 7:24; Joh. 13:34; Joh. 13:35; Joh. 14:11; Joh. 14:15; Joh. 14:23; Joh. 14:24; Joh. 15:2; Joh. 15:4; Joh. 15:5; Joh. 15:7-12; Joh. 15:14; Joh. 15:17; Joh. 15:20-22.

Voorskrifte van Paulus, duidelik uitgedruk of daaronder begrepe in didaktiese epistels: Rom. 12:1-3; Rom. 6-21; Rom. 13:8-14; Rom. 14:19-21; Rom. 15:1; Rom. 15:2; 1 Kor. 8:1; 1 Kor. 8:7-13; 1 Kor. 10:7-10; 1 Kor. 10:24; 1 Kor. 10:28; 1 Kor. 10:29; 1 Kor. 10:31; 1 Kor. 10:32; 1 Kor. 14:20; 1 Kor. 16:13; 1 Kor. 16:14; 2 Kor. 13:7; Gal. 5:1; Gal. 5:16; Gal. 6:1; Gal. 6:2; Ef. 4:1-3; Ef. 4:26-32; Ef. 5:1-6; Ef. 5:11; Ef. 5:15; Ef. 5:17-21; Ef. 6:10; Ef. 6:11; Ef. 6:13-18; Fil. 1:27; Fil. 1:28; Fil. 2:2-8; Fil. 2:12-16; Fil. 4:6; Fil. 4:8; Fil. 4:9; Kol. 2:6; Kol. 2:16; Kol. 2:20-23; Kol. 3:1; Kol. 3:2; Kol. 3:5; Kol. 3:8; Kol. 3:9; Kol. 3:12-17; Kol. 3:23; 1 Tess. 3:12; 1 Tess. 4:1; 1 Tess. 4:3; 1 Tess. 4:5; 1 Tess. 4:6; 1 Tess. 4:9-12; 1 Tess. 5:6; 1 Tess. 5:8; 1 Tess. 5:12-22; 2 Tess. 2:15; 2 Tess. 3:6-15; 1 Tim. 1:4; 1 Tim. 2:1; 1 Tim. 2:2; 1 Tim. 2:8-12; 1 Tim. 3:2-13; 1 Tim. 4:1-7; 1 Tim. 4:12-16; 1 Tim. 5:1-14; 1 Tim. 5:16-21; 1 Tim. 6:11-14; 1 Tim. 6:17-20; 2 Tim. 1:13; 2 Tim. 1:14; 2 Tim. 2:19; 2 Tim. 2:22-25; 2 Tim. 3:2-5; Tit. 1:5-14; Tit. 2:2-5; Tit. 2:9-12; Tit. 3:1; Tit. 3:2; Tit. 3:8; Heb. 6:1; Heb. 6:11; Heb. 6:12; Heb. 10:22-25; Heb. 13:1-3; Heb. 13:5; Heb. 13:7; Heb. 13:9; Heb. 13:15-17.

Ander apostels, duidelik uitgedruk of daaronder begrepe in didaktiese epistels: Jak. 1:16; Jak. 1:19; Jak. 1:21; Jak. 1:22; Jak. 2:1-4; Jak. 2:8-12; Jak. 3:1; Jak. 4:7-11; Jak. 4:13-15; Jak. 5:7-12; Jak. 5:16; 1 Pet. 1:13-17; 1 Pet. 2:11-25; 1 Pet. 3:8-12; 1 Pet. 3:15-17; 1 Pet. 4:1-16; 1 Pet. 5:1-3; 1 Pet. 5:5-9; 2 Pet. 1:5-7; 2 Pet. 1:10; 2 Pet. 3:14; 2 Pet. 3:18; 1 Joh. 2:15; 1 Joh. 2:28; 1 Joh. 3:10-23; 1 Joh. 4:1; 1 Joh. 4:7; 1 Joh. 4:8; 1

Joh. 4:11; 1 Joh. 4:12; 1 Joh. 4:15; 1 Joh. 4:16; 1 Joh. 4:21; 1 Joh. 5:21; 2 Joh. 1:5; 2 Joh. 1:6; 3 Joh. 1:11; Jud. 1:3; Jud. 1:4; Jud. 1:20-23; Op. 3:11; Op. 3:18; Op. 3:19; Op. 22:17.

In al die betrokke perikope handel “onderhou die gebooie” oor dieselfde beginsel, naamlik die bewusmaking van God se Heiligheid, en dat ongehoorsaamheid of die skending van God se standaard, die morele wet, die Tien Gebooie, sonde is (1 Joh. 3:4). Dus bring al die perikope wat handel oor “onderhou die gebooie” ’n bewusmaking van sonde (Rom. 7:7) voort, omdat geen mens die wet ten volle kan hou nie (1 Joh. 1:8), nie dat die mens deur die onderhouding van die wet gered kan word nie (Rom. 3:20) (Ryken, 2003:22), maar hy gehoorsaam dit uit liefde (Rom. 8:2-4; Jer. 31:33-34), want duidelik is geen werke voor God geregverdig nie. Die perikope van Matt. 19:17 is een van veelvuldige voorbeelde waar Jesus die Tien Gebooie gebruik om ’n soekende siel van sy eie sonde bewus te maak, wat noodsaaklik is vir ware bekering (sien punt 2.11.1: eksegeese van Matt. 5:3-12).

- **Die sosiohistoriese konteks van die perikope**
- **Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop**
- **Agtergrond van Matt. 19:1-22** (Chantry, 1970:70; Kapolyo, 2006:1150-1151; MacArthur, 1988:163-195; MacArthur, 2005:1160; Van Rensburg, 2003:1418-1159; Alexander, D. & Alexander P. 1998:487; Van der Waal, 2006/7:31-32)

Ná Jesus se leerrede vertrek Hy na die provinsie Judea, wat onder die heerskappy van koning Herodes is. Herodes was getroud met sy broer se vrou Herodias. Jesus se roem loop Hom vooruit sodat mense na Hom toe stroom om genees te word (vers 2). Hier het ’n klompie Fariseërs wat van sy aankoms gehoor het, sommer dadelik probeer om Jesus in onmin te bring voor die skare met ’n vraag of mens oor enige rede van jou vrou kan skei. Hierdie was ’n goed deurdagte strikvraag wat hulle baseer op Jesus se vorige uitspraak wat Hy gemaak het in Matt. 5:32. Maar hul eintlike doel was om Hom te vernietig. Hulle was goed bewus daarvan dat die gebied waar hulle hulself bevind onder die heerskappy van Herodes is, en Herodes het juis vir Johannes die Doper in die

tronk gesit omdat Johannes Herodes se onwettige troue met Herodias veroordeel het (Matt. 14:3-12). Dit het later ook Johannes die Doper se hoof gekos. Hierdie Jode het gehoop dat Jesus ook Herodes se huwelik sou veroordeel, en dus dieselfde gevolge sou dra as Johannes die Doper.

Jesus se antwoord was dat die klem nie op egskeiding val nie, maar op die huwelik en die verduideliking van die noodmaatreël wat Moses ingestel het vanweë die volk se sondigheid en wat God dus saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. Die reaksie van die Fariseërs op hierdie antwoord was een van verslaenheid. Daarna het die ouers hul kinders na Jesus gebring om geseën te word en dit bevestig ook dat die huwelik 'n instelling van God is (Matt. 19:13-15).

Hierna gaan Jesus voort met sy onderrig aan die dissipels wat handel oor die verkryging van die ewige lewe. Daar het 'n ryk (Matt. 19:20) jong (Matt. 19:22) man na Jesus gekom met die vraag wat hy moet doen om die ewige lewe te beërwe. In Luk. (18:18) staan daar ook dat hy leier was (owerste). Hy was dus 'n godsdienstige leier, toegewy, eerlik, ryk, uitstaande en invloedryk. Dus was dit baie vreemd dat hierdie ryk jongman na Jesus toe kom en erken dat hy nie die ewige lewe het nie, omdat hy het alles gehad het. Hierdie jongman het die regte ding kom soek – die ewige lewe, en hy het by die enigste Persoon (Jesus) uitgekom wat dit vir hom kon gee (1 Joh. 5:11,20). Hierdie ryk jongman het ook die regte vraag gevra: “Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?”

Duidelik kan waargeneem word dat hierdie vraag gevra word met die oog op die lering van die Fariseërs wat daarop dui dat goeie werke guns by God sal verkry, maar sy vraag was eg en opreg. Daar is definitief iets wat 'n persoon moet doen om na God toe te kom (Joh. 6:28-29). Die hoofpunt was om te ontdek hoe om die ewige lewe te kan verkry, en dit is die mees kritiese vraag wat enige persoon kan vra. Volgens Ryken (2003:30) is die hele doel en wese van die evangelie om verlore siele by God uit te kry sodat hulle die ewige lewe kan verkry. Die hele doel van redding is juis om die ewige lewe vir mense te skenk wat weens hul sonde die loon van sonde sal ontvang en dit is die ewige dood (Rom. 6:23). Hierdie ryk jongman was enige evangelis se droom.

Jesus se antwoord was egter meer skokkend as die vraag van die ryk jongman wat dan alles gehad het. Voordat Jesus hom die weg tot die lewe wys, bevestig Jesus eers die absolute hoë standaard wat God vereis en die futiliteit om redding te verkry op sy eie meriete. Die feit dat Jesus vir hom sê dat niemand behalwe God goed is nie, dui op die absolute heiligheid van God. Niemand behalwe God is goed nie, dit dui op die standaard van God, en dit is absolute perfeksionisme en heiligheid. Paulus koppel dieselfde "goed" en heilig aan die Wet van God in Rom. 7:12: "Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed." Omdat God goed en heilig is, kan Paulus nie anders as om die wet aan God gelyk te stel nie, want dit dui op die karaktereienskappe van God. Om hierdie rede gebruik Jesus dan ook die wet vir die ryk jong man sodat sy eie gewete hom aankla om hom bewus te maak van God se absolute heiligheid.

Jesus fokus dus op die gewete van die mens deur die gebruik van die Tien Gebooie (Comfort 1989:111; Spurgeon, 1988:118). Die gewete getuig teen die mens, die oomblik wanneer daar sonde gedoen word. De Bruyn (2008:5) definieer gewete as: "Die gewete is dus die geestesfunksie van die mens, waarkragtens hy, terwyl hy voor die alwetende God staan, saam met God en sy innerlike self weet dat 'n saak net so en nie anders mag wees nie." Comfort (1989:110, 2005:94) het die volgende te sê oor gewete: "Conscience is that impartial judge in the courtroom of the mind. He is continually weighing our transgressions and our omissions. Conscience is the inbuilt knowledge of right and wrong. The word 'conscience' means 'with knowledge.'" Volgens Spurgeon (1988:40): "O believes me, guilt upon the conscience is worse than the body on the rack. Even the flames of the stack may be cheerfully endured, but the burnings of a conscience tormented by God are beyond all measure unendurable."

Die feit dat Jesus vir hom gesê het dat hy die gebooie moes bewaar, was niks nuuts vir hierdie ryk jongman nie. Trouens dit is lering van die Fariseërs wat mense van kindsbeen af leer as hulle die gebooie te bewaar, sal hulle die ewige lewe ontvang volgens Levitikus 18:5. Dus was hierdie antwoord van Jesus totaal en al teenstrydig met moderne evangelisasie-metodes. Ten eerste het Jesus 'n ernstige fout begaan om nie die uitnemende geleentheid aan te gryp om 'n besluit by die man te verkry vir Jesus

nie, of om die sondaarsgebed te bid vir hom nie, en ten tweede leer Jesus dan hier dat die ewige lewe verkrygbaar is deur werke!

Aangesien Jesus hierdie man se hart geken het, het Jesus hom nie valse hoop gegee wat sy siel sou vernietig nie (MacArthur, 1994:86). Jesus het geweet dat die man wou weet watter goeie goed hy moet doen, sodat hy persoonlik baat kon vind daarby. Hy wou die goeie hê, maar hy wou nie die Een (God) wat goed is, ken nie, daarom het Jesus vir hom gesê dat niemand behalwe God goed is nie, en as hy die lewe wil ingaan, moet hy die gebooi bewaar. Jesus het dit uitsluitlik gesê sodat die man se eie gewete hom sou aankla om hom bewus te maak van God se absolute heiligheid en hy sodoende sy verlorenheid kon besef.

- **Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het**

Die geloofskeuses waarvoor die volk dus gestel is, en meer spesifiek die ryk jongman en dissipels, was 'n ware bewustheid van wat sonde is en as hulle nie bereid was om te breek met sonde nie, sou hulle nie die koninkryk van God beërwe nie. Daarom juis die verslaenheid van die ryk jongman want hy het bedroef weggegaan, asook die verslaenheid van die dissipels oor hul vraag, “wie kan dan gered word?” (Matt. 19:25). Met ander woorde, bereidheid om sy besittings op te gee sou hom nie red nie, maar dit sou sy hart openbaar het wat deur die werking van die Heilige Gees oortuig word van sonde, en dat hy dan reg was vir ware bekering en redding (MacArthur, 1988:195).

- **Woordstudie van belangrike begrippe**

En daar kom een na Hom en sê vir Hom: “Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige (αἰώνιος / *aiōnios*) lewe (ζωή / *zōē*) kan hê? En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God. Maar as jy in die lewe (ζωή / *zōē*) wil ingaan onderhou die gebooi (ἐντολή / *entolē*).”

In die gedagtestruktuur hierbo sal slegs die belangrike begrippe in die oorspronklike taal in meer besonderhede bestudeer word, wat die rede was vir gebruik van die Tien Gebooie deur Jesus, naamlik “ewige lewe, gebooie.”

- **ewige** (αἰώνιος / aiōnios) – ontleding: adjektief.

Die word *aiōnios* kom slegs een keer in hierdie perikope voor. In die konteks van Matt. 19:16-22 is dit duidelik dat hierdie begrip verwys na die ewigheid, die lewe na die dood, wat geen einde het nie. Volgens Vine (2005:118) en Thayer (2004) beteken αἰώνιος / *aiōnios* “duurte, ongedefinieerd, maar nie eindeloos nie”, soos in 2 Tim. 1:9 en Tit. 1:2, maar ook “ongedefinieerd maar wel eindeloos”, soos Rom. 16:26 en 66 ander plekke in die Skrif. In die Nuwe Testament word αἰώνιος / *aiōnios* ook 42 keer gebruik. In al die betrokke perikope het hierdie begrip te doen met geen einde, vir altyd of eindeloos.

Die begrip of woord αἰώνιος / *aiōnios* word deur Louw en Nida (1996:642) in die semantiese veld 67.96 geplaas, dus in die veld van “tyd”. In hierdie semantiese veld word ’n hele subdomein (subdomein E – 67.78 tot 67.117) afgestaan aan ’n sekere tydstop met verwysing na sekere punte of eenhede van tyd: Tyd, tyd gespandeer, altyd, ewig, oud, onmiddellik, jonk. Die semantiese veld 67.96 dui op ’n gedefinieerde duurte van tyd, oftewel ewig. Die oorgrote gebruik van hierdie begrip in die Nuwe Testament is dieselfde as wat daar in Joh. 3:15 gebruik word: “sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”

- **lewe** (ζωή / zōē) – ontleding: vroulike substantief

Die word *zōē* kom twee keer in hierdie perikope voor. In die konteks van Matt. 19:16-22 is dit duidelik dat hierdie begrip verwys na die staat van lewe. Volgens Vine (2005:218) en Thayer (2004) beteken ζωή / *zōē* “om in besit te wees van lewe, lewensvatbaarheid, lewe in die algemeen, lewe in die absolute begrip, lewe soos God dit het, soos wat die Vader dit in Homself het en wat Hy vir sy verre Seun gegee het vir Homself”. In die

Nuwe Testament word ζωή / *zōē* ook 133 keer gebruik. In al die betrokke perikope het hierdie begrip te doen met die begrip van lewe.

Die begrip of woord ζωή / *zōē* word deur Louw en Nida (1996:262) in die semantiese veld 23.88 geplaas, dus in die veld van “psigologiese prosesse en toestande”. In hierdie semantiese veld word ’n hele subdomein (subdomein G – 23.88 tot 23.128) afgestaan aan lewe en dood. Die semantiese veld 23.88 dui op lewe, om lewendig te wees en om te lewe. Die oorgrote gebruik van hierdie begrip in die Nuwe Testament is dieselfde as wat daar in Joh. 3:15 gebruik word: “sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” Volgens Louw en Nida (1996:262) is daar ’n verskil in opinie waarop die klem moet lê ten opsigte van die duur van die lewe of die kwaliteit van die karaktereenskappe van die komende lewe na die dood.

In sommige tale word “lewe” slegs in die verbale vorm gebruik wat dan letterlik beteken “om te lewe”. Dan kan daar moontlik verwys word na ewige lewe as “lewe sonder om dood te gaan”, maar hierdie begrip kan verkeerdelik verstaan word as ’n verklaring dat Christene nooit fisies sal sterf nie. Om hierdie probleem te oorbrug, het sommige vertalers “ewige lewe” vertaal as “werklike lewe wat nooit eindig nie”. Hierdeur word daar ’n kwalitatiewe onderskeid gebring sodat lesers nie noodwendig sal dink aan lewe sonder einde op die aarde nie, vir wie dit in sekere dele van die wêreld ’n verskriklike straf sal wees, eerder as ’n seën.

- **Gevolgtrekking:**

As daar na die konteks van die begrip “ewig lewe” in Matt. 19:19-22 gekyk word, is dit duidelik dat die begrip slegs kan val in die subdomein 67.96 vir ewig en 23.88 vir lewe. Die domein en subdomein van Louw en Nida (1996:642) toon duidelik dat die begrip *aiōnios* gekoppel is aan die ’n tydperk wat geen einde het nie, met ander woorde, die ewigheid. So ook bewys die plasing van die begrip *zōē* in domein en subdomein 23.88 van Louw en Nida (1996:262) duidelik dat dit lewe sonder einde is, en meer spesifiek die lewe in die koninkryk van God.

Wanneer hierdie twee terme saam gebruik word in die perikoop van Matt. 19:16, is dit duidelik dat hier verwys word na die ewige lewe saam met God in sy koninkryk, dit wil sê, die lewe na die dood vir die wat werklik gered is.

- **gebooie** (ἐντολή / *entole*) – ontleding: vroulike substantief.

Die woord *entole* kom een keer in hierdie perikope voor. In die konteks van 19:17 is dit duidelik dat hierdie begrip verwys na die Tien Gebooie. Bevestiging daarvan word verkry deur Jesus self (Matt. 19:18-19) toe die ryk jongman wou weet watter gebooie hy dan moet hou. Volgens Vine (2005:281) en Thayer (2004) beteken *entole* 'n "bevel, gebod, voorskrif, opdrag." In die Nuwe Testament is *entole* die mees algemene term wat 71 keer voorkom en hoofsaaklik gebruik word om morele en religieuse voorskrifte aan te dui. Louw en Nida (1996:426) plaas die begrip of woord *entole* in die semantiese veld 33.330 en 33.333. Die eerste, 33.330 kom in die semantiese veld 33 (kommunikasie) voor onder subdomein F as "opdrag, bevel". 33.333 kom ook in die semantiese veld 33 (kommunikasie) voor onder subdomein G "wet, regulasie, ordinansie."

In die semantiese velde 33.330 verwys *entole* na "om opdrag of bevel te gee deur 'n hoë outoriteit of gesagsfiguur". Die tweede een, 33.333, verwys na "geformuleerde reëls of 'n stel reëls wat mense voorskryf wat hulle moet doen, wet, ordinansie, reëls."

- **Gevolgtrekking:**

As daar na die konteks van die begrip "gebooie" in Matt. 19:19-22 gekyk word, is dit duidelik dat die begrip slegs kan val in die subdomein 33.333 "geformuleerde reëls of 'n stel reëls wat mense voorskryf wat hulle moet doen, wet, ordinansie, reëls." Die domein en subdomein van Louw en Nida (1996:426) toon duidelik dat die begrip *entole* die Tien Gebooie is, en dit sluit aan by die feit dat Jesus self

verklaar dat dit die Tien Gebooie is in Matt. 19:18-19. Hierdie begrip of woord *entole* word vertolk as “opdrag” in die meeste Bybelvertalings.

Louw en Nida (1996:426) sê egter die volgende: “The difference between ‘a law’ and ‘a command’ is that a law is enforced by sanctions from a society, while a command carries only the sanctions of the individual who commands. When, however, the people of Israel accepted the commands of God as the rules which they would follow and enforce, these became their laws”. Die afleiding kan gemaak word dat die begrip *entole* nie “opdrag” beteken nie, want ten tye van die gelykenis in Matt. 19, het die Israeliete lankal die opdragte van God aanvaar en in plek gestel om dit te gehoorsaam as ’n wet. Verder kan “opdrag” nie in die konteks van Matt. 19:18-19 inpas nie, weens die feit dat Jesus self bevestig het dat *entole* die Tien Gebooie beteken.

- **Vergelyking van Skrif met Skrif**

Kennis en erkenning van eie sonde of ware sondebeseft is die voorvereiste vir die ewige lewe (MacArthur, 1994:72). Dieselfde beginsel word gehandhaaf oral waar daar in die Skrif gepraat word van die vereiste tot die “ewige lewe” en meer spesifiek waar iemand Jesus gevra het wat gedoen moet word om die ewige lewe te verkry (sien Mark. 12:28-34; Luk. 10:25-29 en Joh. 4:16). In Joh. 4:16 word die woord “gebooie” of “wet” nie direk deur Jesus gebruik nie, maar omdat hy die hart van hierdie vrou geken het, het Jesus geweet sy is ’n egbreker en het meer as een man, en daarom dat Hy die vrou gebied om haar man (enkelvoud) te gaan roep. In werklikheid gee Jesus vir haar die sewende gebod.

Comfort (1989:28) merk op dat wanneer die wetgeleerde Jesus in Luk. 10:25-29 vra wat hy moet doen om die ewige lewe te beërwe, Jesus hom nie die goeie nuus gegee het nie, maar wel die wet. Omdat hy homself wou regverdig, het die wetgeleerde sy sondes probeer bedek deur te vra “en wie is my naaste?” Comfort (1989:28) vra tereg: Waarom? Omdat die wet hom ontbloot het en nadat Jesus die gelykenis van die barmhartige Samaritaan vertel het, was hierdie sogenaamde wetgeleerde sprakeloos

(die wet stop die mond van die selfregverdiges – Rom. 3:19), en was daar geen manier om homself verder te probeer regverdig nie. Die wettige gebruik van die wet het hom skuldig verklaar voor die heilige Skepper van hemel en aarde, God die Almagtige.

- **Godsopenbaring in die perikoop**

Omdat Jesus die besondere Gestuurde van God was, kon Hy met gesag die boodskap van die koninkryk van God verkondig en onderrig (vergelyk Hagner, 1993:193-194).

2.16.3 SAMEVATTING VAN EKSEGETIESE PERSPEKTIEWE OP MATT. 19:16-22

- Wanneer die twee terme “ewige lewe” saam gebruik word, verwys dit na die ewige lewe saam met God in sy komende koninkryk. Dit is die ewige lewe na die dood vir die wat werklik gered is.
- Jesus bevestig die wettige gebruik van die Tien Gebooie om ’n ware sondebeseft voort te bring elke keer as iemand Hom vra hoe mens die ewige lewe verkry.
- Gebooie in die konteks van Matt. 19:16-22 beteken “Tien Gebooie.”
- Die wat die lewe wil ingaan, oftewel die ewige lewe wil hê, word aan die toets van die Tien Gebooie onderwerp. Dit bring dan ’n ware sondebeseft voort, wat volgens eksegeese van Matt. 5:3-12 baie duidelik die voorvereiste is vir ware bekering.

2.16.4 GEVOLGTREKKING VAN EKSEGETIESE PERSPEKTIEWE OP MATT. 19:16-22

Volgens Ps. 19:7 staan daar: “The law of the LORD is perfect, converting the soul” en in Gal. 3:24: “Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregtig kan word uit die geloof.” Omdat die wet perfek is, asook ’n tugmeester na Christus toe, het Jesus elke keer, sonder uitsondering, die Tien Gebooie gebruik wanneer iemand Hom gevra het: “*Wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?*” Edwards (2009:40) noem dat Jesus in alle gevalle nêrens die vereistes van die wet versag het nie, maar dat Hy die straf getemper het met genade.

Weereens is die rede eenvoudig vir die gebruik van die Tien Gebooie: om so ’n persoon tot ’n geestelike armoede, oftewel ’n ware sondebeseft, te bring, omdat dit ook die eerste

stap is tot ware redding. Sonder 'n besef van geestelike armoede, oftewel 'n ware sondebef, is wedergeboorte onmoontlik en is die ewige lewe nie beskore vir die sondaar nie. Hierdie is die geheim om valse bekerings tot die minimum te beperk en ware bekerings voort te bring. Die Tien Gebooie ontbloot die sonde en dit dwing die persoon om dan te besef dat hy skuldig staan voor 'n Heilige Almagtige God. Dit wys hom dan na die kruis. Jesus het nie die gebooie gebruik sodat hulle daardeur gered kan word nie, want redding is alleenlik moontlik deur die geloof (Ryken, 2003:22).

MacArthur (1994:60) werp meer lig op bogenoemde en hy sê Jesus het nooit enige vorm van goedkoop genade toegelaat nie. Hy het nooit die ewige lewe aan enigiemand met onbelyde sondes geoffer as net 'n byvoegsel tot die lewe nie. Dit is 'n ondenkbare feit dat Jesus vir enigiemand lewende water sou offer, sonder dat Hy daardie persoon se sondige lewenstyl sou uitwys aan homself om dit te verander nie. Jesus het gekom om sondaars te red van hulle sondes (vergelyk Matt 1:21), en nie om onsterflikheid te gee aan diegene wat verslaaf is aan boosheid nie (vergelyk Gen. 3:22-24).

2.17 DIE WETTIGE GEBRUIK VAN DIE TIEN GEBOOIE. DIE GEBRUIK VAN DIE TIEN GEBOOIE TYDENS EVANGELISERING IN DIE NUWE TESTAMENT DEUR SOMMIGE VAN DIE APOSTELS

Volgens Ryken (2003:43) en Reisinger (1997:71) het al die profete en die apostels die bindende outoriteit van God se morele Wet, die Tien Gebooie aanvaar. Hulle het dit nie eenkant toe gestoot nie, maar in baie gevalle dit geïnterpreteer en verduidelik. En omdat hulle lering ook outoriteit status handhaaf, is dit, wat ook al hulle te sê het oor die wet, van toepassing op alle mense.

2.17.1 PAULUS

Paulus het die Tien Gebooie gebruik as 'n evangeliese gereedskap om verlore sondaars te bereik (Comfort, 1989:57; Reisinger, 1997:137). Dit blyk dat Paulus absoluut geen probleem gehad het om die Dekaloog te kwoteer nie en hy het absoluut berus daarby (Barcellos, 2001:75). Paulus het basies regdeur al die sendbriewe en sy sendingreise die Wet van God gebruik om sondaars tot 'n kennis van sonde te bring. Hy het die Tien Gebooie gebruik vir die trotse en hoogmoediges wat God nie vrees nie en die evangelie

vir die wat gebroke van gees was. Hieronder volg slegs 'n paar voorbeelde van Paulus se gebruik van die Wet van God.

Die apostel Paulus se grootste passie in die lewe was die redding van verlore mense. Belangrik om op te let na die gehoor wat Paulus toegesprek het in Hand. 13:16: "Toe staan Paulus op, wink met die hand en sê: Israeliete en julle wat God vrees, luister!"; asook Hand. 13:26: "Broeders, kinders van die geslag van Abraham, en die onder julle wat God vrees, vir julle is hierdie woord van verlossing gestuur." Die Skrif gee 'n duidelike agtergrond in hierdie twee perikope na die kondisie van "grond" waarin Paulus die woord gaan saai. Daardie mense wat trots en hoogmoedig is en wat God nie vrees nie, het die Wet nodig om hulle te laat vrees. Dié wat God vrees, bewe alreeds en is alreeds verootmoedig, daarom het hulle die boodskap van genade nodig. Daarom preek Paulus die boodskap van die kruis. Hy vertel vir hulle dat die wet wat hulle vertrou hulle nie kan red nie, maar dat hulle vergifnis van sondes nodig het, en dit alleenlik deur Jesus kan verkry (Comfort, 2005:71).

Wesley (1872) gee kommentaar oor Paulus se prediking van Hand. 13:39-40:

"The very first sermon of St. Paul's, which is recorded, concludes in these words: "By him all that believe are justified from all things, from which ye could not be justified by the Law of Moses. Beware therefore, lest that come upon you which is spoken of in the Prophets; Behold, ye despisers, and wonder, and perish: For I work a work in your days, a work which you will in no wise believe, though a man declare it unto you." (Acts 13:39, 40).

Now it is manifest, all this is preaching the law, in the sense wherein you understand the term; even although great part of, if not all, his hearers, were either Jews or religious proselytes, (Verse 43) and, therefore, probably many of them, in some degree at least, convicted of sin already. He first reminds them, that they could not be justified by the Law of Moses, but only by faith in Christ; and then severely

threatens them with the judgments of God, which is in the strongest sense, preaching the law.”

Na die nydige Jode Paulus se boodskap verwerp het, maak Paulus dit duidelik dat die boodskap van toe af aan die Heidene verkondig sal word (Hand. 13:46). Hierop gee Wesley (1872) die volgende kommentaar:

“In his next discourse, that to the Heathens at Lystra, (14:15ff.) we do not find so much as the name of Christ: The whole purport of it is, that they should "turn from those vain idols, unto the living God." Now confess the truth. Do not you think, if you had been there, you could have preached much better than he? I should not wonder if you thought too, that his *preaching so ill* occasioned his being *so ill-treated*; and that his being *stoned* was a just judgment upon him for not *preaching Christ!*”

Volgens Wesley (1872) se kommentaar is dit duidelik dat predikers van sy tyd gedink het dat Paulus se preek afgewater was en dat hy die straf verdien het wat hy gekry omdat hy nie Christus gepreek het nie. Daar is sekere Christene in vandag se tyd wat wel dink Paulus was nie 'n predikant se sout werd nie en dat by hom die “lig” ontbreek het wat aan die moderne kerk gegee is. Baie duidelik egter is dit dat Paulus juis swak behandel en gestenig is omdat hy nie 'n “seeker friendly”-boodskap gepredik het nie. Paulus was uitgesproke, hy het die Wet van God gebruik omdat hy geweet het dat die Wet die klipharde hart sagmaak en die mens wys dat hy sondig teen 'n Heilige God. Eers as hulle hul eie sondige toestand besef, sal hulle waardering hê en ontvanklik wees vir die Blye Boodskap. Daarom gebruik hy die eerste en die tweede gebod en beveel dat hulle moet hulle bekeer van “nietige dinge.” Hier is dit duidelik dat dit verwys na afgodediens, die oortreding van die eerste en die tweede gebod. Paulus was getrou aan hierdie prediking van die Wet van God, getrou tot die dood, want die mense het hom gestenig en vir dood agtergelaat (Hand. 14:19) (Comfort, 2005:74).

Met Paulus se preek in Athene (Hand. 17:16-34) gebruik Paulus weer die eerste en die tweede gebod omdat sy gees in hom opstandig geraak het oor al die afgode wat in Athene was. Weereens gebruik Paulus die eerste en tweede gebod in Efese (Hand. 19:23-41). Hand. 19:23 maak juis melding dat dit wat Paulus preek, 'n hewige opskudding veroorsaak het oor die afgodsbeeldjies waarvoor hierdie mense neerbuig. Hy gebruik die Wet om hierdie mense tot kennis van sonde te bring wat 'n ware bekering voorafgaan (Comfort, 2005:81, 83).

Met die preek aan die Kolossense (Kol. 3:5-9) gebruik Paulus ses van die Tien Gebooie om die komende oordeel te wys aan diegene wat hulle skuldig maak aan die breek van God se Wet: “Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery (*sewende gebod*), onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid (*tiende gebod*), wat afgodediens (*tweede gebod*) is, waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom, waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het. Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede (*sesde gebod*), boosheid, laster (*derde gebod*), skandelijke taal uit julle mond. Lieg (*negende gebod*) nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het...”

Alhoewel Paulus die geleentheid gehad om Jesus Christus te preek en die Goeie Nuus aan Felix mee te deel het hy dit nie gedoen nie (Hand. 24:24-25). In hierdie perikoop is dit baie duidelik dat Felix bang was toe Paulus oor geregtigheid, selfbeheersing en komende oordeel gepraat het. Paulus het direk sy vinger op Felix se sonde gelê: sy god was sy maag en sy ongesonde eetlus. Dit is die verbreking van die eerste gebod. Vrees het hom oorweldig toe Paulus tot hom gespreek het oor die toekomstige oordeel, en God se standaard oor geregtigheid soos vervat in die Wet van God, het hom beangs gemaak (Brown, 1999:20; Comfort, 1989:50; 2005:89; Edwards, 2009:37).

Wesley (1872) lewer kommentaar op hierdie gebeurtenis en sê dat Paulus in plaas daarvan om Christus te predik soos moderne predikers dit graag sou wou gehad het, (wat Felix heel waarskynlik aanleiding sou gegee het om die spot te dryf met Christus en om te laster), het Paulus oor geregtigheid, selfbeheersing en komende oordeel gepraat. Dit het veroorsaak dat die harde Felix begin bewee het. Hier gee Wesley

(1872) aan sy lesers 'n duidelike riglyn oor hoe daar met sondaars gepraat moet word: "Go thou, and tread in his steps. Preach Christ to the careless sinner, by reasoning "of righteousness, temperance, and judgment to come!"

Wesley (1872) sê verder:

"If you say, 'But he preached Christ in a different manner in his Epistles: I answer, (1.) He did not there preach at all; not in that sense wherein we speak: For preaching, in our present question, means speaking before a congregation. But, waving this, I answer, (2.) His Epistles are directed, not to unbelievers, such as those we are now speaking of, but 'to the saints of God,' in Rome, Corinth, Philippi, and other places. Now, unquestionably, he would speak more of Christ to these than to those who were without God in the world. And yet, (3.) Every one of these is full of the law, even the Epistles to the Romans and the Galatians; in both of which he does what you term 'preaching the law,' and that to believers, as well as unbelievers."

Henry (2004), die groot Bybel-komentator, verduidelik hierdie gebeurtenis met Felix soos volg: wanneer die woord van God met krag en waarheid verkondig word, word sondaars met vrees en bewing vervul wanneer hulle sonde ontbloot word, asook die straf van God wat die gevolge van sonde sal wees. Die werking van die gewete, wanneer dit wakker gemaak word, vul die sondaar met angste en verwondering oor sy eie korrupte lewe en die gevaar daaraan verbonde. Diegene wat 'n skrikbewind voer in die land van die lewendes, word dus 'n verskrikking vir hulleself. 'n Blik op die toekomstige oordeel, is genoeg om enige klipharde hart met angste en bewing te vul, sodat hierdie magtige manne en konings eendag gaan uitroep dat berge op hulle moet val en hulle moet bedek.

Die vraag word tereg deur Comfort (2005:89) gevra waarom Paulus nie die goeie nuus van die evangelie gedeel het met Felix nie? Hoe sou dit Felix laat ontwaak het tot sy

verskriklike toestand? Die evangelie praat vrede, die wet werk oordeel. Dit is die wet wat die mens wys dat hy met oorlog teen God besig is – dat die mens vyande van God in sy gedagtes is deur boosaardige dade (sien Kol. 1:21).

Dit is baie duidelik uit bogenoemde dat Paulus wel die Wet van God gebruik tydens sy prediking. Daarmee word nie bedoel dat hy elke keer die wet gebruik het tydens sy prediking nie, maar Paulus het hom geskoei op die prinsiep van Bybelse evangelisasie: “Biblical Evangelism therefore follows the principle of ‘Law to the proud and grace to the humble’” Comfort (2005:18) en MacArthur (1993:98). Hierdie metode is gebou op die uitspraak van Jak. 4:6: “God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.” Die wat nederig van hart is, en hulle eie sonde erken en dit nie verberg nie, sal hulle nood aan God se genade sien, en sal daarom die boodskap van genade verstaan. Die wat egter hoogmoedig en trots is en hulle eie goedheid verkondig (Spr. 20:6), sien nie die nood vir die Verlosser nie. Hulle het die Wet van God nodig om die standaard vir geregtigheid te kan sien wat God vereis.

Bogenoemde Skrifverwysings is nie al die verwysings in die Skrif waar Paulus die Tien Gebooe gebruik het om sondaars tot ’n sondebeseft te bring nie, maar is die relevante gedeeltes. Die volgende Skrifverwysings van gebruike van die Tien Gebooe in sy boodskappe, preke en briewe, is net ter bevestiging dat Paulus wel die wet gebruik om sondaars tot ’n sondebeseft te bring, en het die voorbeeld van Jesus streng nagevolg: 2 Tess. 1:7-9; Hand. 28:23; Hand. 23:3; Rom. 2:3; Rom. 2:17,18; Rom. 2:21-24; Rom. 3:9; Rom. 3:19,20; Rom. 13:8,9; 1 Kor. 6:9,10; Gal. 5:19,20; Ef. 5:5,6; Ef. 6:2,3; 1 Kor. 15:56; 1 Tim. 1:8-11; 2 Tim. 3:2,3; 2 Tim. 3:6.

2.17.2 STEFANUS

Stefanus, die eerste martelaar vir Christus het nie gesterf omdat hy ’n “seeker friendly”-boodskap gepredik het nie. Nee, hy het met sy lewe geboet omdat hy nie geskroom het om Jesus se voorbeeld te volg en die wet te predik nie (Brown, 1999:19). Volgens Comfort (2005:91) was Stefanus sensitief, maar sy sensitiwiteit was nie om kerke vol mense te kry nie, hy was alleenlik sensitief om die wil van God te doen. Sy geïnspireerde woorde was waarheid, en dit maak nie saak of sy hoorders beledig is

deur sy woorde nie, wat saak maak is dat God grootliks beledig word deur hulle skynheiligheid. Alle Bybelse evangelistiese prediking moet gemik wees daarop om te verduidelik dat God beledig word en woedend is oor sonde.

Die gebruik van die wet in Stefanus se boodskap (Hand. 7:39-41) word hiermee uitgewys: “Na hom wou ons vaders nie luister nie, maar hulle het hom verstoot en met hulle harte na Egipte teruggekeer toe hulle vir Aäron gesê het: Maak vir ons gode (*eerste gebod*) wat voor ons uit sal trek; want hierdie Moses wat ons uit Egipteland uitgelei het, ons weet nie wat van hom geword het nie. En hulle het in daardie dae ’n kalf gemaak en aan die afgodsbeeld (*tweede gebod*) ’n offer gebring en hulle in die werke van hulle hande verbly.” In Hand. 7:51-53 gaan Stefanus voort om wet te predik: “Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle. Watter een van die profete het julle vaders nie vervolg nie? Ja, hulle het dié gedood wat vooraf die koms verkondig het van die Regverdige, van wie julle nou verraaiers en moordenaars (*sesde gebod*) geword het; julle wat die wet deur die beskikkinge van engele ontvang het en tog nie onderhou het nie!”

Comfort (2005:91) maak ’n baie belangrike opmerking oor Stefanus se woorde in Hand. 7:51-53 wanneer hy sê voordat die leser dink dat Stefanus dalk sagter en met meer liefde moes oorgekom het, moet die leser eers herinner word wat Jesus vir dissipels gesê het. Jesus het dit duidelik gemaak dat wanneer sy ware dissipels voor die owerheid gesleep gaan word, hulle nie nodig het om bekommerd te wees wat hulle moet sê nie, omrede die Heilige Gees hulle sal voorgaan met wat gesê moet word (Luk. 12:11). Daarom kan veroordeling van Stefanus se woorde, veroordeling van God self wees.

Net soos Jesus het Stefanus nie gekroom om die Heilige Wet van God te gebruik in sy boodskap nie, al het dit sy lewe gekos.

2.17.3 **PETRUS**

Met Petrus se boodskap aan die Jode (Hand. 2:1-47) het Petrus nie nodig gehad om soseer Wet te predik nie, want dit is duidelik dat volgens Hand. 2:22 die grond waarop Petrus sy boodskap saai, reeds voorberei was vir die boodskap van genade: “Israeliete, luister na hierdie woorde!” Pink (2004) sê met betrekking tot die voorbereiding van die grond waarop die Woord wat gesaai gaan word dat, net soos die wêreld nie reg was vir die Nuwe Testament nie, nie voor die Ou Testament gegee was nie, net so was die Jode nie reg vir die prediking van Jesus nie, nie alvorens Johannes die Doper hulle daarop voorberei het dat hulle hulself moet bekeer nie. Net so is die ongeredde persoon nie reg vir die evangelie nie, nie alvorens die wet van God die hart voorberei het nie, want deur die wet is kennis van sonde (Rom. 3:20). Volgens Pink (2004) is dit tydmors om saad te saai op grond wat nog nie voorberei is nie. Om die liefde van Jesus wat Hy aan die kruis kom doen het, te predik aan diegene wie se dominante passie dit is om te volhard in sonde, is om dit wat heilig is, vir die varke te voer.

Die gebruik van die woord “Israeliete” is ’n besliste aanduiding dat hierdie mense was wat reeds die Wet geken het, en daarom het Petrus gebruik gemaak van die baie belangrike Bybelse evangelie-metode van: “Wet vir die trotsaards, en genade vir die wat nederig van hart is.” Hierdie Jode was reeds diep onder ’n sondebeseft en het dus nie die Wet nodig gehad nie, maar genade (Comfort, 2005:118). Petrus het egter wel indirek na die Wet van God verwys in vers 23: “Him, being delivered by the determinate counsel and foreknowledge of God, ye have taken, and by wicked (ἄνομος / *anomos*) hands have crucified and slain.” Die Griekse woord wat hier gebruik vir “wicked” is *anomos*, wat beteken “wetteloos, wetteloosheid, wettelose” (Thayer, 2004).

In Hand. 10 het Petrus ook nie nodig gehad om die wet direk te preek nie, want Cornelius was reeds nederig van hart en biddend tot God (verse 25, 30). Hierdie was goed voorbereide grond, wat impliseer dat hy ’n kennis van sonde gehad het want hy smag na die geregtigheid van God. Petrus het dus die kruisiging van Christus, die opstanding, die oordeelsdag, en die universele offer van vergewing van sondes gepreek (verse 36-43) (Comfort, 2005:120).

In Hand. 5:4, 9 gebruik Petrus die negende en die tiende gebod met Ananias en sy vrou Saffira omdat hulle leuens vertel het oor die stuk grond wat hulle verkoop het. Die oortreding van die Wet vereis straf, en hulle is met die dood gestraf omdat hulle gelieg het. Comfort (2005:121) maak die stelling dat hulle ook die eerste en die tweede gebod gebreek het, omdat hulle God nie eerste geplaas het nie. Hul straf was vinnig, om vir die mensdom te wys dat dit wat die mens as inkonsekwente sonde beskou, God beskou as baie ernstig.

Petrus maak direk melding dat die gebruik van God se Wet, die Tien Gebooie, essensieel is wanneer enige persoon die woord van God verkondig in 1 Pet. 4:11: "If any man speak, let him speak as the oracles of God; if any man minister, let him do it as of the ability which God giveth: that God in all things may be glorified through Jesus Christ, to whom be praise and dominion for ever and ever. Amen." Hierdie "oracles of God" word ook gevind in Hand. 7:38 waar Stefanus dit direk koppel aan die Tien Gebooie wat Moses by die berg Sinai ontvang het. Paulus praat daarvan in Rom. 3:2 en die skrywer van Hebreërs maak melding daarvan in Heb. 5:12. In die konteks van bogenoemde Skrifverwysings is dit duidelik dat die "oracles of God" die Tien Gebooie is.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Petrus ook die wet gebruik het wanneer dit nodig was in sy prediking.

2.17.4 JAKOBUS

Jakobus gebruik die wet in Jak. 2:7-11, en meer spesifiek in Jak. 2:11: "Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie (*sewende gebod*), het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie (*sesde gebod*). As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword." Jakobus waarsku dat 'n oortreding van slegs een wet, die mens skuldig maak aan die oortreding van al tien wette (Jak. 2:10). Volgens Comfort (2005:128) is hierdie die spyker in die doodskis van baie mense wat meen dat hulle goeie mense is, as hulle nie al die gebooie gebreek het nie. Hierdie teksvers dui egter die perfekte standaard van God se Heilige Wet aan, dat absolute perfeksionisme 'n vereiste is.

In Jak. 4:1-17 is die gebruik van die Tien Gebooie deur Jakobus baie duidelik. In Jak. 4:1- 4: “Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste (*tiende gebod*) wat in julle lede stryd voer nie? Julle begeer (*tiende gebod*) en julle het nie, julle pleeg moord (*sesde gebod*) en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring. Egbrekers (*sewende gebod*) en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan ’n vriend van die wêreld wil wees, word ’n vyand van God.”

Volgens Comfort (2005:130) gebruik Jakobus die Bybelse evangelie-metode: “Wet vir die trotsaards, en genade vir die wat nederig van hart is.” Hy gebruik die wet om kennis van sonde voort te bring, dan vertel hy die trotse en die wat hulle self regverdig dat God hulle weerstaan, maar genade gee aan die wat nederig van hart is (vers 6).

In Jak. 5:1, 6 gebruik hy die eerste gebod en die sesde gebod:

“Kom nou, julle rykes, ween en huil oor die ellendes wat oor julle kom. Julle rykdom is bedorwe, en julle klere is deur die motte verniel. Julle goud en silwer is verroes, en hulle roes sal tot ’n getuienis teen julle wees en sal soos ’n vuur julle vlees verteer (*eerste gebod*). Julle het skatte vergader in die laaste dae. Kyk, die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het, wat deur julle agtergehou is, roep uit; en die geroep van die maaiers het gekom tot in die ore van die Here van die leërskaars. Julle het op die aarde ’n weelderige en losbandige lewe gelei; julle het jul harte vet gevoer soos op ’n slagdag. Veroordeel, vermoor (*sesde gebod*) het julle die regverdige; hy versit hom nie teen julle nie.”

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Jakobus ook die wet gebruik het. Baie duidelik kan uit die preke en briewe van Paulus, asook Jesus se dissipels gesien word dat hulle Jesus se gebruik van die wet om sondaars tot ’n sondebeseft te bring, getrou na gevolg

het. Hulle het die Wet gebruik waar hulle met trotse en hoogmoediges te doen gehad het, en waar hulle met nederige mense te doen gehad het, wat reeds onder 'n sondebeseef was, is daar die Blye Boodskap aan hulle oorgedra.

2.18 ENKELE VOORBEELDE VAN WARE BEKERINGS IN DIE NUWE TESTAMENT

Volgens MacArthur (1994:111,105) is die eienskap van 'n ware bekeerling nie iemand wat nie meer sonde doen nie, maar wanneer hy wel sonde doen, so persoon hom onmiddellik tot God wend om vergifnis. In teenstelling met 'n valse bekeerling, sal 'n ware bekeerde nooit volkome wegdraai van God nie. So persoon sal somtyds terugkeer na die visnette, maar sal altyd weer terugkeer na die Meester. Wanneer Christus so 'n persoon konfronteer, sal hy altyd terugdraai om in diens van die Meester te wees. Ware gelowiges sal volhard tot die einde toe.

Om te verstaan wat 'n ware bekeerling is, is dit nodig om na so 'n persoon se karaktereienskappe te kyk. Die karaktereienskappe van 'n ware bekeerling word gevind in Jesus se woorde in Mark. 4:20: “En dit is hulle by wie in die goeie grond gesaai is – hulle wat die woord hoor en aanneem en vrugte dra: een dertig – en een sestig – en een honderdvoudig.” 'n Ware bekeerling SAL vrugte dra, daar is nie die minste twyfel aan Jesus se woorde nie. Die vraag ontstaan dan, wat is hierdie vrugte waarvan Jesus hier praat?

Comfort (1983:2) gebruik Rom. 7:4 as bewys dat die ware gelowige deur Jesus vrygekoop is van die vloek van die wet, omdat Jesus die vloek gemaak is. Die ware gelowige is dood ten opsigte van die wet deur die dood van Jesus Christus. Die wet het geen houvas meer op die ware gelowige nie, maar die ware gelowige sal vrugte van bekering voortbring.

Dus sal die ware bekeerling vrugte voortbring van 'n nuwe lewenstyl. Dit sal 'n lewenstyl wees wat vir God Almagtig aanvaarbaar sal wees. As so persoon geanker en geënt is in Jesus Christus, sal dit voor die hand liggend wees. Jesus het gesê in Joh. 15:5: “Ek is die wyntok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder

My kan julle niks doen nie.” In Kol. 1:6 word gepraat van die evangelie en dit sê dit bring vrug voort in die een wat ’n ware gelowige geword het.

Comfort (1983:2) huldig dieselfde siening as MacArthur (1994:63,102-103) en vra tereg wat is hierdie vrugte waarvan die Bybel praat? Hy verduidelik hieronder die vyf soorte vrugte wat by ’n ware bekeerling pas. Ten eerste sê hy, is daar die vrug van bekering (Matt. 3:8): “Dra dan vrugte wat by die bekering pas”. Comfort (1983:2) gebruik die voorbeeld van Saggeüs, wat vir Jesus sê dat indien hy iemand skade berokken het, hy so ’n persoon viervoudig sal vergoed, asook die helfte van sy besittings aan die armes sal skenk. Saggeüs het God se Wet geken, omdat hy ’n Jood was (*vergeelyk* 2 Sam. 12:6). Dit is wat hom na Christus gebring het. Dit was die skoolmeester wat hom na Christus se voete gebring het.

Tweedens is daar die vrug van goeie werke, soos in Kol. 1:10 vermeld word: “sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei.” Wesley (1703 -1791) het gesê: “Do all the good you can, by all the means you can, in all the ways you can, in all the places you can, to all the people you can, as long as you ever can.” Die vrug van 1 Pet. 2:15 spreek vanself, want so is dit die wil van God dat deur goed te doen die onkunde van die dwase mense tot swye gebring word. ’n Ware bekeerling sal deur goeie werke die mond stop van die dwase mense.

Derdens is daar die vrug van danksegging, soos in Heb. 13:15 vermeld word: “Laat ons dan gedurig deur Hom aan God ’n loffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.” Die ware bekeerling sal gedurig aan God al die eer en die danksegging bring vir die ongelooflike geskenk wat God aan hom gegee het, ware wedergeboorte en die ewige lewe saam met God. As daar nie vrug van danksegging is nie, as daar nie dankbaarheid in ’n persoon se siel is vir wat Christus vir hom gedoen het nie, is so persoon nie werklik gered nie.

Vierdens vind ons die vrug van die Gees in Gal. 5:22: “Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid,

sagmoedigheid, selfbeheersing.” As ’n bekeerling enige van die vrugte van die Gees in sy daaglikse lewenswandel kort, moet hy sy redding betwyfel.

Vyfdens word die vrug van geregtigheid in Fil. 1:11 vermeld: “vervul met die vrug van geregtigheid wat daar is deur Jesus Christus tot heerlikheid en lof van God.” Die vrug van wat reg is sal in die ware bekeerling se lewe teenwoordig wees. Belangrik om te let op wat in Matt. 3:10 staan: “Maar die byl lê ook al teen die wortel van die bome. Elke boom wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.” Belangrik vir ware wedergebore kinders van die Here, dat sulke persone tydens die uitdra van die evangelie, hierdie teksvers in gedagte moet hou en dat hulle alles in hulle vermoë sal doen om nie net besluite vir Jesus, of kerklidmate te werf nie, maar om vrugdraende siele vir die Here te wen, want “(e)lke boom wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.”

In die Nuwe Testament is daar heelwat beskrywings van ware bekeerlinge, en hier volg kortliks net ’n paar:

- Saggeüs – Luk. 19:1-10.
- Natanael – Joh. 1:47.
- Die bekering van die 3000 Jode – Hand. 2:1-47.
- Die man van Ethiopië, die hofdienaar – Hand. 8:26-39.
- Paulus – Hand. 19:17-18.
- Die inwoners van Lidda en Saron – Hand. 9:35.
- Cornelius – Hand. 10:1 – 48.
- Cipriese en Cirenése manne – Hand. 11:21.
- Heidene – Hand. 13:48.
- Jode sowel as Grieke – Hand. 14:1.
- Lidia die purperverkoopster – Hand. 16:14.
- Die tronkbewaarder – Hand. 16:30-34.
- Sommige inwoners van Tessalonika – Hand. 17:4.
- Sommige inwoners van Berea – Hand. 17:12.
- Sommige inwoners van Athene – Hand. 17:34.

2.19 ENKELE VOORBEELDE VAN VALSE BEKERING IN DIE NUWE TESTAMENT

Om valse bekerings reg te verstaan en die verwarring uit te skakel wat vandag bestaan rondom ware wedergeboorte, is dit nodig om seker die mees belangrike gelykenis van Jesus van nader te bekijk: die gelykenis van die saaiër in Mark. 4:10-20.

In Mark. 4:10 vra die dissipels vir Jesus om die gelykenis van die saaiër te verklaar, en net voor Jesus dit verklaar maak Jesus 'n baie belangrike stelling in die vorm van 'n vraag (Mark. 4:13): “En Hy sê vir hulle: Begryp julle nie hierdie gelykenis nie? En hoe sal julle al die gelykenisse verstaan?” As hierdie gelykenis nie verstaan word nie, is dit nie moontlik om al die ander gelykenisse van Jesus te verstaan nie. Hierdie gelykenis is seker die belangrikste in die verstaan van ware en valse bekerings, die wat vrug dra en die wat nie vrug dra nie. Hierdie gelykenis word ook gevind in Matt. 13 en Luk. 8. Die fokus van hierdie studie is om valse bekerings tot die minimum te beperk en die karaktereienskappe van valse bekerings (klipgrond-hoorder) word gevind in hierdie gelykenis.

Volgens Comfort (1989:145) is daar ses eienskappe van die klipgrond-hoorder (valse bekerings):

- Hy reageer onmiddellik – (sien Mark. 4:5).
- Hy kort diepte – (sien Mark. 4:5).
- Hy het geen wortel nie – (sien Matt. 13:6).
- Hy ontvang die woord met blydskap – (sien Matt. 13:20).
- Hy glo net vir 'n tyd – (sien Luk. 8:13).

Volgens Comfort (1989:146) sal die skroeiende son die aanduiding gee of 'n plant 'n goeie wortelsisteem het al dan nie. Die plant wat 'n wortelstelsel het wat in klipgrond groei, sal deur die son verskroei word omdat die wortels nie diepte het nie. Die plant sal dan verlep en doodgaan. MacArthur (1994:112) huldig dieselfde siening as Comfort en sê dat hierdie die tipiese eienskappe van 'n valse bekeerling is. Jesus het juis die geestelike aspek van die son in hierdie gelykenis vergelyk met:

- verdrukking – Matt. 13:21.
- versoeking – Luk. 8:13.
- vervolging – Mark. 4:17.

Hierdie is drie faktore wat die menslike oog nie kan sien nie – die hart-kondisie van die valse bekeerling. MacArthur (1994:170) noem hierdie klipgrond-hoorders die “Judas-lote”. Hierdie vrugtelose lote is oppervlakkig geheg aan die Ware Wynstok. Vir die eksterne oog, blyk dit dat daar ’n konneksie bestaan, daar is selfs blare en ander tekens van lewe. Ongetwyfeld kort daar egter iets by hierdie lote. Hierdie lote is nie voldoende geheg aan die Ware Wynstok se interne vaskulêre sisteem nie. Hierdie lote is nie in staat om enige vrug te dra nie. Geestelik gesproke is hierdie vrugtelose lote, valse bekerings – iemand wat geloof bely in Christus, maar wat Jesus nie werklik ken nie.

2.19.1 JUDAS

Volgens MacArthur (1994:106,111,170) en Comfort (1983:11) is Judas se bekering ’n valse bekering. Comfort (1983:11) sê Judas was nie ’n Christen nie en was ook nooit een gewees nie omdat Jesus sê hy is ’n duiwel (Joh. 6:70,71). MacArthur (1994:106) merk op dat Judas vir drie jaar, dag in en dag uit, saam met Jesus was. Hy het Jesus se wonderwerke gesien, het na Jesus se woorde geluister, en het self deel gehad aan Jesus se bediening. In al daardie tyd het niemand sy plek as een van Jesus se dissipels bevraagteken nie. Hy het dieselfde status geniet as al die ander dissipels. Behalwe Jesus self wat Judas se hart en gedagtes geken het, het niemand ooit gedink Judas sou die Here verraaï nie. Terwyl die ander gegroei het in apostels, was Judas stadig maar seker besig om omkoopbaar te word in die hande van Satan. Wat ook al sy karakter in die begin was, was sy geloof nie eg nie (Joh. 13:10-11). Judas was so bekwaam met huigelary, dat hy in die binnekring gebly het tot die einde toe. Die aand toe hy Jesus verraaï het, het hy langs Jesus gesit en selfs toegelaat dat Jesus sy voete was! Daarna het hy die Verlosser verraaï vir dertig stukke silwer.

Jesus het dit egter die heeltyd geweet. In Joh. 13:18 sê Jesus: “Ek spreek nie van julle almal nie – Ek weet wie Ek uitverkies het – maar dat die Skrif vervul kan word: Hy wat saam met My brood eet, het sy hakskeen teen My opgelig.” Jesus het hier Psalm 41:9

gekwoteer. 'n Ander psalm wat profeteer van Judas is Psalm 55:12-14: “Want dit is geen vyand wat my smaad nie, anders sou ek dit dra; dit is nie my hater wat hom teen my groot maak nie, anders sou ek my vir hom wegsteek; maar jy, 'n man soos ek, my vriend en my vertroude! Ons wat innig met mekaar omgegaan het, in die huis van God gewandel het met die woelige skare.”

Hierdie is die perfekte prentjie van Judas. Hy was so naby as wat 'n mens kan kom aan die Verlosser, maar so ver van verlossing as wat moontlik kan wees. Dit sou beter vir Judas gewees het dat hy nooit gebore was nie (Matt. 26:24).

MacArthur (1994:107) verduidelik verder dat Judas se lewe en verraad as 'n belangrike waarskuwing moet dien teen enigiemand wat ewe goedsmoeds geloof in Christus bely. Daar word duidelik uit die verhaal van Judas geleer dit help nie om net naby Jesus te wees nie. Die sondaar kan Jesus “aanvaar, aanneem, in sy hart in nooi”, maar ongelukkig sal so 'n persoon nog steeds nie noodwendig gered word nie. Die individu wat positief reageer, maar nie heelhartig nie, loop die risiko om verlore te gaan en verdoem te word tot die ewige verderf. Ps. 55 is 'n sprekende voorbeeld van 'n persoon wat die geselskap van Jesus geniet en voorkom as 'n ware vriend, maar wat op die ou einde teen Jesus draai. Judas is die bewys daarvan.

Jesus self bevestig dat Judas nie waarlik wedergebore is nie, en gee 'n baie goeie leidraad om dit te bevestig in Joh. 6:70-71: “Jesus antwoord hulle: Het Ek nie julle twaalf uitverkies nie? En een van julle is 'n duiwel! En Hy het bedoel Judas Iskariot, die seun van Simon; want hy sou Hom verrai, hy wat een van die twaalf was.” Die uitspraak van Jesus in hierdie perikoop is van groot belang om valse bekerings reg te verstaan. MacArthur (1994:43), Comfort (1983:11) en Reisinger (1999:8) verduidelik dat nie almal wat roem daarop dat hulle Christene is, wel Christene is nie, maar in werklikheid valse bekerings is. Volgens Chantry (1970:54) het die evangeliste hierdie valse bekerings 'n nuwe naam gegee, naamlik “vleeslike Christene”. Volgens Reisinger (1997:45) bestaan daar egter nie iets soos “vleeslike Christene” nie. Chantry (1970:54) sê hierdie mense word die versekering van die ewige lewe gegee, terwyl hulle nog steeds die duiwel op aarde dien. Ongelowiges maak valse belydenis van geloof in

Christus, en mense wat nie werklik Christene is nie, mislei hulleself om te dink hulle is, soos in die geval van Simon die towenaar (Hand. 8:9-24).

2.19.2 SIMON DIE TOWENAAR

Hand. 8:13 sê: “En Simon het ook self gelowig geword, en nadat hy gedoop was, gedurig by Filippus gebly; en hy was verbaas toe hy die tekens en groot kragte sien gebeur.” Simon het dus gelowig geraak en het hom ook laat doop ter bevestiging van sy nuwe geloof, maar baie duidelik kan waargeneem word in Hand. 8:20-23 dat Simon nie ware bekering deurgemaak nie: “Maar Petrus sê vir hom: Mag jou geld saam met jou vergaan, omdat jy gedink het om die gawe van God deur geld te verkry. Jy het geen deel of lot in hierdie saak nie, want jou hart is nie reg voor God nie. Bekeer jou dan van hierdie boosheid van jou, en bid God of die gedagte van jou hart jou miskien vergewe mag word. Want ek sien dat jy in ’n gal van bitterheid en bande van ongeregtigheid is.”

Net soos Simon daardie tyd, is die kerke vol van klipgrond-hoorders, wat murmureerders, kla-kouse, onderdrukkers van die Heilige Gees en wolwe onder die skape is (Comfort, 1989:45; 2004:193; 2005:121). Hierdie is mense wat glo hulle is reg met God, maar hulle ignoreer God se Wet. Brown (1999:58) waarsku dat baie mense dink hulle het tot bekering gekom sonder kennis van Jesus se meesterskap. Volgens sy opinie het niemand tot bekering gekom wat bewustelik en moedswillig die regering van Jesus in hulle siele teëgestaan het nie. Simon het “geglo”, maar hy het nog steeds God se Wet verontagsaam – en Petrus het nie gehuiwer om dit vir hom te vertel nie.

2.19.3 VALSE BEKERINGS VANDAG

In die twee gevalle van Judas en Simon is dit duidelik dat valse bekerings ’n werklikheid was in die Bybel se tyd en dat hierdie tendens ongelukkig met magiese getalle toegeneem het as gevolg van die valse evangelie wat aan sondaars voorgehou word! MacArthur (1994:28) sê die volgende: “The community of professing believers is populated with people who have bought into a system that encourages shallow and ineffectual faith. Many sincerely believe they are saved, but their lives are utterly barren of any verifying fruit.” MacArthur (1988:xxi; 1994:xxi) en Brown (1999:58) huldig dieselfde siening as Comfort in punt 2.19.2. Chantry (1970:59) noem dat die evangelie

van vandag aan die sondaar belowe hy kan die ewige lewe hê, maar dat hy nog steeds in rebellie teen God kan wees. Inteendeel, dit moedig mense aan om te pronk dat hulle Jesus as Saligmaker aanvaar het, maar dit stel die verbintenis af om Jesus te gehoorsaam as hul Heer en Meester. Die evangelie vandag belooft redding van die hel, maar nie noodwendig vryheid van ongeregtigheid of wetteloosheid nie. Dit offer valse sekuriteit aan mense wat hulle verlustig in die sondes van die vlees, maar wat die weg van heiligheid verag. Ongelukkig het die goeie nuus van Christus die weg gebaan vir die slegte nuus van die “easy-believism”, wat geen morele eise stel aan die lewe van die sondaars nie. Dit is definitief nie dieselfde boodskap wat Jesus verkondig het nie. Hierdie nuwe evangelie het geboorte gegee aan ’n generasie van selferkende Christene wie se gedrag nie onderskeibaar is van rebelse ongereddes nie.

Volgens Chantry (1970:59) toon statistieke dat daar ongeveer 1.6 biljoen Christene wêreldwyd is. In Amerika word daarop aanspraak gemaak dat ongeveer ’n derde van die populasie weergebore is (net soos in Suid Afrika waar 76% mense sê hulle is Christene). Hierdie totale bewys egter dat miljoene tragies mislei is, en hulleself mislei dat hulle die ewigheid saam met God gaan deurbring. Hulle redding word geskoei op ’n verdoemende valse gerustheid.

Ryken en Edwards skaar hulle by die siening van Chantry, Comfort en MacArthur. Ryken (2003:38) merk op dat dit baie hartseer is dat God se wet in onguns gekom het in die moderne kerk vandag. Die wet word nie meer gepredik as die onfeilbare, heilige standaard van God se geregtigheid nie, en nog minder word dit toegepas in verhouding met die ware evangelie. Ongetwyfeld is dit so omdat die wet nie “seeker-friendly” is nie. Die feit van die saak is dat dit mense somtyds ongelooflik kwaad maak, maar die prediking van die wet is essensieel om die verlore sondaars te bereik. Dit is slegs ten aanhore van God se wet, dat sondaars oortuig word van hulle sonde, en dan die nood sien van die Blye Boodskap.

Ryken (2003:38) noem verder dat die verwarring in die samelewing vandag oor wat reg en wat verkeerd is – en selfs die vraagteken of daar wel iets is soos reg en verkeerd – die direkte resultaat is van ongehoorsaamheid aan God se Tien Gebooie. Die Tien

Gebooie is juis onpopulêr omdat dit persoonlik is en omdat vandag se filosofie weier om 'n objektiewe standaard van reg en verkeerd te aanvaar wat indruis teen die lewe van die individu. Wanneer 'n godsdiens nie inmeng in 'n persoon se private lewe nie, is daardie godsdiens nutteloos en niks werd nie (Edwards, 2009:54, 30).

Ten laaste waarsku Chantry (1970:39) dat op die huidige oomblik in die geskiedenis van die mensdom, daar meer onkunde rondom God se wet is, as in al die vorige generasies. Comfort (1989:110,59) verklaar dat omdat die kerk besluit het om nie die Wet van God te gebruik in evangelisasie as 'n metode om sondaars tot bekering te bring nie, weinig sondaars hulle nood aan 'n Verlosser sal sien. Comfort (1989:110,59) verduidelik voorts dat die fout nie lê by die sondaar nie, want die sondaar reageer op die boodskap net soos hy dit hoor en verstaan. Die fout lê by die prediker van die boodskap en daarom moet die predikers die Tien Gebooie begin gebruik om ware bekerings vorendag te bring.

2.20 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 2

Uit die voorafgaande hoofstuk kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Dit is absoluut noodsaaklik vir die mens om kennis van God se heiligheid te neem, dit te verstaan en te eerbiedig. God is onaangeraak en onbesmet met die euwel van hierdie wêreld. God se perfeksionisme is die standaard vir die mens se morele karakter, asook die motivering vir die mens se godsdienstige handeling. Die hele morele kode het sy oorsprong en vloei in God se heiligheid. Dit bring mee dat die mens moet weet met Wie hy te doen het, en dat hierdie eienskap van God seker dié mees belangrike karaktereienskap van God is. Sonder die kennis van God se heiligheid, kan die mens **geen** begrip van sonde hê nie. Daar niks in die wêreld so belangrik soos om God te vrees en sy Gebooie te hou nie. Alles begin by die vrees van God en die hou van sy Gebooie en alles eindig met die vrees van God en die bewaring van sy Gebooie. Om God te vrees, is om in Hom te glo. En om in Hom te glo, is om aan Hom gehoorsaam te wees.
- Die Heilige Gees het gekom om die sondaars te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Die mens is net 'n instrument in die hand van die Heilige Gees en deurdat

die evangelis, prediker, ensovoorts, gebruik maak van die Tien Gebooie van God, vind sonde-oortuiging plaas, wat 'n voorvereiste is vir ware bekering.

- 'n Definisie van sonde is 'n onbekende begrip onder vele self-erkende Christene van vandag. Sonde is die breek van God se Wet, die Tien Gebooie, oftewel wetteloosheid. Sonde het sy oorsprong lank voor Adam en Eva in die tuin gehad, in die engele-wêreld met die val Satan en sy demone. God het nie sonde gedoen nie, nog minder is Hy te blameer, of die outeur van sonde. Dramatiese gevolge wat die aanvanklike sonde vir die mensdom teweeggebring het en nog steeds op elke mens van toepassing is, sluit in: totale verdorwenheid van die menslike natuur, die verlies van gemeenskap met God deur die Heilige Gees, geestelike dood, gewaarwording van skaamte en om skuldig te voel, fisiese dood van die menslike liggaam en die verandering van fisiese verblyf. Die oorsprong van die sonde het uit die mens se eie vrye wil ontstaan om in opstand te kom teen God.
- Die Blye Boodskap is God se oplossing aan die mens om gered te word van die komende oordeel wat geldig is op alle mense wat wetteloos lewe. Dit waarsku die menslike ras dat hulle sondig is en dat hulle 'n arrogante rebellie teen God openbaar en daarin faal om Hom te vertrou. Die Blye Boodskap bied vergifnis aan diegene wat hulle bekeer en na God in Christus draai en dit verkondig hoop van 'n ewige, opgestane lewe na die graf. Die evangelie is nie 'n uitnodiging nie, maar 'n opdrag van God, want uitnodigings kan goedgunstiglik van die hand gewys word sonder vrees vir vergelding. Die grootste fout wat die moderne kerk en hul predikers vandag maak, is om te dink dat mense vanself besef hulle is sondaars. Jesus Christus distansieer Homself totaal en al van hierdie moderne evangelisasie-metodes. 'n Wettelose evangelie-verkondiging deur die kerk, is die oorsaak dat ontelbare mense oor die afgrond van die hel stort, en hierdie moderne evangelie is die tragedie van die moderne kerk.
- Die doel van evangelisering is om die Blye Boodskap aan die verlore mensdom te bring op die manier waarop Jesus dit gedoen het. Evangelisering is nie 'n opsie nie, maar 'n opdrag van Christus self. Evangelisering vereis gehoorsaamheid aan die opdrag van Jesus om die evangelie te verkondig aan die ganse mensdom, en die mens moet hierdie opdrag nie te liggelik opvat nie.

- Bekering is die enigste Bybelse term om die mens met God te versoen. Bekering was die hooftema van Jesus se prediking. Bekering is soos 'n natuurlike geboorte, met smart en pyn gaan dit gepaard, dit is nie net iets wat uit die lug val of onbewustelik gebeur nie. Bekering is die hart van die Christen-boodskap en die fondasie vir die Blye Boodskap. Bekering is absoluut essensieel vir ware redding. 'n Verlore sondaar kan nie gered word sonder ware bekering nie.
- Daar is stappe van ware bekering, wat gevind word in die Saligspreuke – sonder 'n besef van geestelike armoede, oftewel 'n ware sondebef, is wedergeboorte onmoontlik. 'n Ware sondebef is slegs moontlik deur die toepassing van God se Tien Gebooie. Die mense wat hul sondige toestand besef, sal treur oor hul eie verlorenheid. Persone kan alleenlik sagmoedig wees as hulle hul hoogmoed en trots laat vaar. Persone wat 'n ware sondebef het en hul verlore toestand besef, sal sagmoedig word en begin soek en smag na 'n oplossing. Hulle sal honger en dors na geregtigheid. Sulke persone sal vergeet van hulself, en sal begin bekommerd raak oor die ander verlore siele in die wêreld. Wanneer God mense se sondes vergewe, gee God vir hulle 'n rein hart, 'n nuwe hart. Hier word hulle nuwe skepsels, nuutgemaak deur die bloed van Christus wat hulle rein gemaak het. Hier word die mens wedergebore! Dié wat waarlik wedergebore is, sal God se Tien Gebooie liefhê, en sal groot vrede hê, en so 'n persoon sal in staat wees om vrede tussen ander mense te kan bewerkstellig. Die Bybel voorspel dat diegene wat hierdie bekeringsproses deurgemaak het, vervolg sal word. In die oë van die wêreld sal so 'n persoon 'n steen des aanstoot wees. Hulle sal gehaat word, hulle sal verwerp word en hulle sal verstoot word ter wille van die naam van Jesus Christus.
- Die noodsaaklikheid van ware bekering behels dat almal wat hulle nie bekeer nie, met die dag van oordeel nie die hemel sal kan betree nie, maar in die poel van vuur gewerp sal word.
- Die Tien Gebooie, of God se Wet, staan ook bekend as morele wette, die Dekaloog en Teonome norme. Vir die Christen is teonome norme van primêre belang. Die Christen moet onder alle omstandighede heel eerste vra wat die wil van God in 'n bepaalde situasie is. Die mens is van nature 'n sondaar en uit homself is hy nie staat om goeie norme daar te stel nie, daarom moet die mens hom laat lei deur teonome norme, oftewel die Tien Gebooie van God.

- Die oorsprong van die Tien Gebooie is by God self en hy het dit in die hart van Adam geskrywe lank voor hy dit met sy eie vinger in klip geskryf het as 'n permanente Wet vir ewig en altyd vir alle mense.
- Die Tien Gebooie is een van drie sentrale waarhede in die Bybel. Hierdie drie waarhede is: die Wet van God, die kruisiging van Jesus en die regverdige oordeel van God Almagtig. Hierdie drie waarhede is in 'n baie nou band aanmekaar verbind: doen weg met die wet, dan is daar nie sonde nie en ook geen nood aan 'n Verlosser nie. Doen weg met die kruis, dan is daar geen antwoord vir die sonde-probleem nie. As daar nie 'n regverdige toekomstige oordeel van God Almagtig gaan wees nie, is daar geen punt om te praat van sonde en 'n Verlosser nie.
- Die doel van die Wet van God is om God se karakter, wil, wese en sy heilige natuur te openbaar. Wanneer die mens weet wat die wet vereis, sal die mens die doktrine van heiligmaking verstaan. Om God se Wet te breek of dit te opponeer, is om 'n direkte aanval op God te loods. Die morele wet oortuig die skepsels van God van hul onvermoë om die perfekte standaard van die Dekaloog te onderhou. Die wet is nie deur God ontwerp en gegee om die mens van sy sonde te verlos nie. Deur die wet is die kennis van sondes, wat die perfekte standaard van God is, en dit is onvervangbaar in Bybelse, God-gesentreerde evangelisasie. Daar is net een standaard, en dit is die Tien Gebooie. Mense is meer geïnteresseerd in God, maar is glad nie gewillig om te doen wat Hy sê nie. Die wet is die lym wat die samelewing aanmekaar hou. Die samelewing het al so ver agteruitgegaan, dat sommiges nie eens besef dat hulle God se Wet verbreek nie. Die gevolg hiervan is dat ons samelewing onstabiel, skrikwekkend en gevaarlik geword het. Die wet is 'n meetsnoer vir die sondaar. Die wet verlig die oë, sodat die sondaar die nodigheid van die komende oordeel kan verstaan. Eers dan word die sondaar oortuig van sy eie sondige toestand en sy nood aan God se genade en vergifnis.
- Die Tien Gebooie word wettig en onwettig gebruik. Die morele standarde van die Dekaloog eindig nie by die kruisiging van Christus nie. Die Christen is onder die wet as 'n reël vir die lewe en dit bly 'n objektiewe standaard vir regverdigheid vir alle mense ten alle tye. Die morele wet is onveranderd; dit bly steeds van krag. Die hoofprobleem vandag is nie die mens wat die Wet van God te veel of óórgebruik nie, maar diegene wat halfpad of heeltemal gekant is teen die gebruik van God se Wet.

'n Groeiende hoeveelheid evangeliste bevraagteken die geldigheid van God se Wet. Daar is hoofsaaklik twee denkrigtings, die een neig net na die wet toe, en die ander neig weer heeltemal oor na die liefde toe. Die een wat baie sterk op orde en dissipline ingestel is, loop die gevaar om wetties te raak. Die ander gevaar (antinomianisme) is dat diegene wat probeer om vry van die wet te leef en net liefde na te jaag, se lewenstyl sal begin grens aan 'n bandelose, selfs losbandige, manier van lewe. Die liefde en wet is nou-verwant aan mekaar. As die mens Jesus liefhet, sal hy sy gebooie bewaar. Die Tien Gebooie is goed wanneer dit korrek en wettig gebruik word. Die goedheid, heiligheid, regverdigheid van die Tien Gebooie verander nie met die onwettige gebruik van die Tien Gebooie nie. Die Tien Gebooie dui op God se karaktereienskappe. Die Tien Gebooie word ook onwettig gebruik.

- Die twee onwettige gebruike van die Tien Gebooie is Wettisisme en Antinomianisme. Wettisisme is die onderhouding van die wet om saligheid te verkry, teenoor saligheid wat verkry word vanaf God as 'n vry offer vir die vergewing van sondes. 'n Lae siening van die wet sal altyd wettisisme in godsdiens voortbring; 'n hoë siening van die wet sal die mens 'n soeker maak van genade. Antinomianisme beteken letterlik “anti-wet”. Die antinomianis sien geen verhouding tussen die wet en die evangelie nie, behalwe om vry te wees van die wet. Hierdie onwettige gebruike van die wet het gemaak dat daar skeiding tussen liefde en die wet plaasgevind het. Dit het dan dwaalleer en geestelike skipbreuk tot gevolg. Die skeiding tussen wet en liefde is die meester-uitvindsel van Satan om die gebruik van God se Wet tot stilswye te dwing.
- Jesus het die Tien Gebooie, sonder uitsondering, wettig gebruik. Die term “ewige lewe” verwys na die ewige lewe saam met God in sy komende koninkryk, slegs vir dié wat werklik gered is. Jesus bevestig die wettige gebruik van die Tien Gebooie om 'n ware sondebeseft voort te bring. 'n Ware sondebeseft is duidelik die voorvereiste vir ware bekering.
- Paulus, Stefanus, Petrus en Jakobus het die Tien Gebooie wettig gebruik tydens evangelisering in die Nuwe Testament.
- Die ware bekeerling sal vrugte voortbring van 'n vernuwe lewenstyl. Hierdie vrugte is: die vrug van bekering, die vrug van goeie werke, die vrug van danksegging, die vrug van die Gees en die vrug van geregtigheid.

- Judas en Simon die towenaar was valse bekeerlinge in die Nuwe Testament.
- Valse bekerings vandag is 'n tendens wat met magiese getalle toegeneem het, as gevolg van die valse evangelie wat aan sondaars voorgehou word. Die goeie nuus van Christus is verwerp vir die slegte nuus van die "maklike-glo" evangelie, wat geen morele vereistes stel aan die sondaar nie. Dit is nie dieselfde boodskap wat Jesus verkondig het nie. Hierdeur word ontelbare mense mislei. God se Wet word vermy in die moderne kerk en as gevolg daarvan sien sondaars nie die nood aan 'n Verlosser nie. Hierdie fout lê nie by die hoorder nie, maar by die predikers.
- Hierdie navorsing bewys die feit dat God se Tien Gebooie essensieel is in prediking en evangelisasie, om sondaars tot 'n sondebeseft te bring. Sonder 'n sondebeseft kan geen mens gered word nie. Die Wetgewer Self het die voorbeeld gestel, en die Apostels het dit ook gebruik. Die wet is perfek om sondaars tot bekering te bring as dit wettig gebruik word, omdat die wet die tugmeester is na Christus toe. Verwerping van die gebruik van die wet tydens evangelisasie bring onomwonde valse bekerings tot gevolg.

HOOFSTUK 3

MODERNE BESKOUINGS/TEORIEË VAN EVANGELISERING EN BEKERING

3.1 INLEIDING

Die fokus van hierdie studie is om vas te stel hoe “waar en valse bekerings” deur die Skrif hanteer word deur die gebruik van God se Tien Gebooie. In teenstelling hiermee, maak moderne evangeliste nie gebruik van die Tien Gebooie nie, maar volg moderne maniere om verlore sondaars met Christus te versoen. Alhoewel hierdie metodes geskaar is op goeie bedoelings, is dit duidelik dat daar drasties fout met hierdie metodes is, soos in hoofstuk 1 vermeld. Die doel van hierdie hoofstuk is om die moderne metodes neer te pen en dit te evalueer, om te bepaal of dit 'n ware sondebeseft kan voortbring. Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om riglyne daar te stel wat evangeliste kan help om valse bekerings tot die minimum te beperk.

3.2 DIE WOORD VAN GOD AS MAATSTAF VIR DIE NAVORSING OOR WARE EN VALSE BEKERINGS

Soos in punt 2.2 vermeld, is die Woord van God die maatstaf vir die navorsing oor ware en valse bekerings. Alhoewel die navorser van harte oortuig is dat sekere van hierdie moderne metodes ook tot 'n mate gebaseer is op die Woord van God, die **verkeerde interpretasie** en aanwending van die Woord, valse bekerings tot gevolg het.

3.3 DOELSTELLING

Hierdie hoofstuk se doelstelling is om te fokus op uitsprake van moderne predikers en die verskillende beskikbare moderne evangelisasie-metodes, en hoe hierdie metodes gebruik en aangewend word. Hierdie metodes word dan aan die hand van hoofstuk 2 vergelyk, om vas te stel of dit 'n ware sondebeseft kan voortbring, wat die eerste stap is tot ware bekering. Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om moontlike oplossings daar te stel wat gebruik kan word om valse bekerings tot die minimum te beperk.

Die volgende punte sal in hoofstuk 3 behandel word:

- 'n Profetiese voorspelling rondom moderne evangelisasie.
- Wat is sonde volgens moderne evangeliste en hoe word hamartologie hanteer volgens hulle?
- Die Blye Boodskap volgens moderne evangelisasie-metodes.
- Bkering volgens moderne metodes.
- Die sukses van bekering volgens moderne metodes.
- Moderne evangeliese metodes.

3.4 METODE

Soos in hoofstuk 1 vermeld, sal 'n vergelykende literatuurstudie gedoen word vir die beantwoording van die verskillende navorsingsvrae. Daar sal prinsipieel in hierdie hoofstuk gefokus word op uitsprake en sienings van moderne teoloë rondom sonde, die Blye Boodskap en bekerings, en ook op die wyse waarop verskillende moderne evangeliste die evangelie uitdra. Hier sal gesteun word op vergelykende literatuurstudie.

3.5 WERKSPLAN

Die hoofpunt van hierdie navorsing is om valse bekerings tot die minimum te beperk. Om hierdie doel te kan bereik, is dit nodig dat die metodes van moderne evangeliste goed nagevors en neergepen moet word. Hierdie materiaal moet dan vergelyk word met die Bybelse perspektief op ware en valse bekerings, soos bespreek in hoofstuk 2. Die begrip van “sonde, die Blye Boodskap, die doel van evangelisering en bekering” volgens die moderne evangelis, moet eers goed nagevors en verduidelik word. Die werksplan kan dus soos volg uiteengesit word:

- In die eerste plek sal daar gekyk en verduidelik word die begrippe “moderne evangelisasie, moderne predikers of evangeliste” soos gebruik word in hierdie hoofstuk.
- In die tweede plek word daar gekyk na 'n Bybelse profesie en hoe moderne evangelisasie daarby inpas.

- In die derde plek word daar na sonde gekyk, soos gesien deur moderne predikers en evangeliste.
- In die vierde plek word daar gekyk na die Blye Boodskap soos gehuldig deur moderne predikers en evangeliste.
- In die vyfde plek word daar gekyk na bekering volgens die moderne evangelis.
- In die sesde plek word daar gekyk na die beskikbare evangeliese metodes en of dit wel in staat is om 'n ware sondebeseef vorendag te bring.

3.6 'n BYBELSE PROFESIE AANGAANDE “CHRISTENE” IN DIE MODERNE ERA (JES. 4:1)

Vir klarigheid rondom die tendens van moderne evangelisasie wat weinig, indien enige ware bekerings voortbring, is dit nodig om te kyk of die Bybel iets rondom hierdie saak sê. Is daar enige Bybelse profesie wat hierdie tendens voorspel en as daar is, hoe word dit verstaan en geïnterpreteer in vandag se tyd? Daar is egter 'n baie duidelike waarskuwing rondom die verklaring van Bybelse profesie en die uitleg daarvan. Die Bybel stel dit baie duidelik dat geen Bybelse profesie 'n saak van eie uitlegging is nie (2 Pet. 1:20). Dit beteken onomwonde dat geen mens Bybelse profesie uit eie insig mag uitleg nie. Die volgende vraag ontstaan dan: hoe kan die mens weet wat beteken die veelvuldige profesieë wat opgeteken staan in die Bybel? God het in sy alwetendheid die Bybel so geïnspireer deur die Heilige Gees, dat die Bybel self verklaar wat Bybelse profesie beteken.

3.6.1 EKSEGESE VAN EN MOTIVERING VAN JES. 4:1 AS DIE FOKUSVERS

Sekere profetiese terme wat regdeur die Bybel gebruik word, is in hierdie perikoop opgeteken. Die profetiese voorspelling van hierdie perikoop is essensieel tot die verstaan van die moderne evangelis se metode van evangelisasie. Aan die hand van bogenoemde, word daar na hierdie baie belangrike Bybelse profesie gekyk, wat betrekking het op die moderne evangelis se evangelisasie-metodes.

In Jes. 4:1 staan die volgende: “En in dié dag sal sewe vroue een man aangryp en sê: Ons eie brood sal ons eet en ons eie kleed aantrek; laat net jou naam oor ons genoem word, neem ons smaadheid weg.”

Hierdie profesie is tweeledig: ten eerste is dit 'n direkte profesie wat betrekking het op die toekoms van die ryk vroue van die ongehoorsame volk, en wat gaan gebeur in Jerusalem; en ten tweede het dit 'n baie dieper betekenis, wat gevind word in die woordgebruik in die perikoop. Hierdie twee uiteensettings van die profesie word hieronder uiteengesit.

3.6.2 DIE EERSTE BETEKENIS VAN DIE PROFESIE IN JES. 4:1

- **Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel**

Volgens Prinsloo (1999:769) is Jesaja die eerste van die profetiese boeke wat in die Ou Testament voorkom. Die beginsel dat God sy wil aan die mense bekend maak, word gevind in profesie. God deel sy wil aan 'n persoon mee, met die doel dat hierdie persoon dan weer dít wat God aan hom geopenbaar het, aan ander mense sal oorvertel. So 'n persoon word dan 'n profeet genoem. Profete was opgeroep in diens van die Here wanneer sonde 'n groot faktor geword het en dan moes profete die voorspelling van God se oordeel aan die volk oordra as die volk hulle nie bekeer van hulle sondige weë nie. In 'n sekere sin is 'n profeet dus indirek die mondstuk van God, wat God se wil aan mense oordra in die tyd toe daar nie 'n Bybel was nie (Gray, 1999:415, Henry, 2010:956, MacDonald, 1995:931, Prinsloo, 1999:769).

Volgens Prinsloo (1999:770,771) strek die boek Jesaja oor 'n baie lang tyd en word die boek hoofsaaklik in drie dele opgedeel: hoofstuk 1 – 39, hoofstuk 40 – 55 en hoofstuk 56 – 66. MacArthur (2005:758) deel ook die boek in drie dele: hoofstuk 1 – 35, hoofstuk 36 – 39 en hoofstuk 40 – 66. Carson e.a. (1994:630), Jamieson e.a. (1961:504) en MacDonald (1995:936) deel die boek in twee dele, naamlik hoofstuk 1 – 39, hoofstuk 40 – 66. Hierdie eenhede word nie geskei van mekaar nie en vorm 'n sentrale teologiese eenheid wat die boek saambind. Hierdie teologiese eenheid word weer in vier vlakke verdeel, naamlik die historiese vlak, literêre vlak, tematiese vlak en die teologiese vlak. Die perikoop van Jes. 4:1 kom dus in die eerste deel van Jesaja voor, en vorm deel van die oordeel van God oor die mense in Jerusalem.

- **Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek**

Volgens Prinsloo (1999:769-774) is die hooftema van hierdie boek 'n "pad". Dit vertel hoe God deur die eeue 'n pad saam met sy volk loop. Volgens Coulter (2009) en wiki.answer.com (2011) is die genre van Jesaja profesie, alhoewel daar ook historiese dele is en die boek is verder 'n gestruktureerde versameling van prosa verse.

- **Ontleding van die gedagte-opbou van die perikoop Jes. 4:1**

Die gevolge van God se oordeel oor die ryk vroue van Jerusalem

4:1a En in dié dag sal sewe vroue een man aangryp en sê:

Die motivering vir die aangryp van een man deur sewe vroue

4:1b Ons eie brood sal ons eet en ons eie kleed aantrek

Die belangrikheid van die man se naam

4:1c laat net jou naam oor ons genoem word

Die doel van die daad

4:1d neem ons smaadheid weg

- **Die sosiohistoriese konteks van die perikoop en die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop**

Prinsloo (1999:772-773) noem dat baie min bekend is oor die profeet Jesaja as mens. Henry (2010:956), MacArthur (2005:755) en Prinsloo (1999:772-773) is dit eens dat Jesaja maklik toegang tot die koning gehad het (Jes. 7:3), dat hy getroud was en twee seuns gehad het, wat beide simboliese name gehad het. Toe God hom geroep het tot 'n profeet, het hy met 'n blymoedige hart gereageer, alhoewel hy geweet dat sy bediening van die begin af verwerp sou word deur die volk. Hy het egter met gesag gepraat en sy roeping baie getrou nagekom. Jesaja het die oordeel van God op sy volk aangekondig, maar ook was sy boodskap nie sonder hoop nie. Die uitkoms van die oordeel was daarin gegrondves dat as die volk op

God vertrou, God hulle sal verlos. Die oorblyfsel sal terugkeer ná die oordeel en die beloftes van God sal hulle redding wees en 'n vrederyk sonder weerga sal gevestig word.

Volgens Prinsloo (1999:773) en Gray (1999:415) gaan dit in Jesaja 1–39 op ekonomiese gebied goed met die volk, maar hulle is inherent siek. In daardie tyd was die volk baie godsdienstig, maar van binne verrot. Armes is uitgebuit, en die mense was oneerlik en selfsugtig. Die volk het God verwerp, en daarom gaan Hy hulle verwerp. Om hierdie redes gaan God hulle straf. Die opkoms van die Assiriërs as wêreldmag is 'n instrument in God se hand om die ongehoorsame volk te straf. Die perikoop van Jes. 4:1 is midde-in hierdie oordeel van die ryk vrouens, wie se mans die armes uitgebuit het, terwyl die vrouens ook die voordeel daarvan geniet het. Die vrouens gaan in ballingskap weggevoer word, hulle hare gaan afgeskeer word en hulle gaan weduwees wees, omdat daar weinig mans sal oorleef. Die skande van weduweenskap en 'n ongetroude status, sal 'n wedywering laat ontstaan oor die oorblywende mans wat daar sal wees, sodat sewe vroue een man gelyktydig sal wil besit.

- **Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het**

Die geloofskeuse waarvoor die volk dus gestel is, is dat God sy volk sal suiwer. Redding is van God. Daar is hoop vir dié wat gaan oorbly en die oordeel vrygespring het. Dit is 'n boodskap van verlossing vir dié wat aan God behoort (MacArthur, 2005:756-757; MacDonald, 1995:938; Prinsloo, 1999:779).

- **Woordstudie van belangrike begrippe**

En in dié dag sal **sewe vroue een man aangryp** en sê: Ons **eie brood sal ons eet** en **ons eie kleed aantrek**; laat net **jou naam oor ons genoem word, neem ons smaadheid weg**.

As daar na die betrokke perikoop gekyk word, is daar ses begrippe wat vir hierdie studie-doeleindes uitstaan. Die eerste is “**sewe vroue**” (שבעה נשים)

(sheba'shib'ah) נשימאשה ('ishshahnashiyim)), die tweede is “**een man aangryp**” (ד ('echad) איש ('iysh) חזק (chazaq)), die derde is “**eie brood sal ons eet**” (לחם (lechem) לבשלבש (šimlah) שמלה) (labashlabesh), die vyfde is “**jou naam oor ons genoem word**” (שם (shem) קרא (qara')) en die sesde is “**neem ons smaadheid weg**” (חרפה (cherpah) אסף ('asaph)).

Hierdie ses begrippe gaan nou in meer besonderhede bestudeer word.

- “**sewe vroue**” (שבעהשבע / sheba'shib'ah נשימאשה / 'ishshahnashiyim) – ontleding: manlike en vroulike substantief vir sewe en vroulike substantief vir vroue. Volgens Brown e.a. (2000) is die betekenis van die woord **sewe** (sheba'shib'ah):
 - 'n Kardinale nommer
 - 'n Rangorde nommer

En die woord **vroue** ('ishshahnashiyim):

- Vrou, wat die teenoorgestelde is van 'n man
- Vrou, wat met 'n man getroud is
- Vroulike, soos die vroulike in diere

Gevolgtrekking van sewe vroue:

Wanneer hierdie begrip **sewe vroue** (sheba'ishshah) in die konteks van die perikoop Jes. 4:1 gebruik word, beteken die begrip “sewe vroue” niks anders as sewe werklike vroue nie.

- “**een man aangryp**” (ד ('echad) איש ('iysh) חזק (chazaq)) – ontleding: 'n byvoeglike substantief vir **een**; 'n manlike substantief vir **man**; en 'n verbum vir **aangryp**. Volgens Brown e.a. (2000) is die betekenis van die woord **een** (ד/ 'echad):
 - een, soos in 'n nommer
 - elk
 - 'n sekere
 - 'n (onbepaalde lidwoord)

- alleen, eenmaal, een en vir altyd
- 'n ander, die een, 'n ander een, een na die ander, een vir een.
- eerste

En die woord **man** (אִישׁ/ 'iysh):

- man, wat die teenoorgestelde is van 'n vrou
- man, wat met 'n vrou getroud is
- mens, persoon, in kontras met God
- dienskneg
- mensdom
- kampioen
- groot man

En die woord **aangryp** (חָזַק/ chazaq):

- om sterk te maak
- die oorhand te kry
- verhard
- sterk wees
- om sterk te word
- moed
- om ferm te wees
- om standvastig te wees

Gevolgtrekking van een man aangryp:

Wanneer hierdie begrip **een man aangryp** ('echad'iyshchazaq) in die konteks van die perikoop Jes. 4:1 gebruik word, beteken die begrip “een man aangryp” niks anders as een man oor wie die oorhand gekry is nie. Hy het die stryd verloor, die mag teen hom was te groot.

- “**die brood sal ons eet**” (לֶחֶם / lechem אָכַל / 'akal) – ontleding: manlike substantief vir **brood** en verbum vir **eet**.

Volgens Brown e.a. (2000) is die betekenis van die woord **brood** (לֶחֶם / lechem):

- brood
- kos
- graan
- kos in die algemeen

En die woord **eet** (אכל / 'akal):

- om te eet
- te verteer
- om op te brand
- te voer
- te verorber

Gevolgtrekking van *eie brood sal ons eet*:

Wanneer hierdie begrip ***eie brood sal ons eet*** (lechem'akal) in die konteks van die perikoop Jes. 4:1 gebruik word, beteken die begrip “eie brood sal ons eet” niks anders as dat die vroue hulle eie voedsel sal voorsien en dit self sal verorber nie.

- “***ons eie kleed aantrek***” (שמלה (śimlah) לבש/לבש (labashlabesh) – ontleding: vroulike substantief vir ***kleed*** en verbum vir ***aantrek***.

Volgens Brown e.a. (2000) is die betekenis van die woord ***kleed*** (שמלה/ śimlah):

- mantel
- voorwerp wat kleed
- klere
- 'n doek

En die woord ***aantrek*** (לבש/לבש / labash / labesh):

- om aan te trek
- om klere te dra
- om aangetrek te wees

Gevolgtrekking van *ons eie kleed aantrek*:

Wanneer hierdie begrip ***ons eie kleed aantrek*** (šimlahlabash) in die konteks van die perikoop Jes. 4:1 gebruik word, beteken die begrip “ons eie kleed aantrek” dat die vroue hulle eie klere sal voorsien en aantrek.

- “***jou naam oor ons genoem word***” (שם/ shem) קרא/ qara') – ontleding: manlike substantief vir ***naam*** en verbum vir ***genoem***.

Volgens Brown e.a. (2000) is die betekenis van die woord ***naam*** (שם/ shem):

- naam
- reputasie
- roem
- glorie
- die Naam soos deur God bepaal
- monument

En die woord ***genoem*** (קרא/ qara'):

- om te roep
- om uit te roep
- voordra
- lees
- verkondig
- skreeu

Gevolgtrekking van *jou naam oor ons genoem word*:

Wanneer hierdie begrip ***jou naam oor ons genoem word*** (shemqara') in die konteks van die perikoop Jes. 4:1 gebruik word, beteken die begrip “jou naam oor ons genoem word” dat die vroue wil die man se naam aanneem en dit hulle eie maak. Die man se naam is baie belangrik vir die vroue, want sonder 'n behoorlike naam, gaan die stamboom van die vroue tot niet.

- “***neem ons smaadheid weg***” (אספח/ 'asaphהרפח/ cherpah) – ontleding: verbum vir ***neem*** en vroulike substantief vir ***smaadheid***.

Volgens Brown e.a. (2000) is die betekenis van die woord **neem** (נָסַף/ 'asaph):

- in te samel
- te ontvang
- te verwyder

En die woord **smaadheid** (חֶרְפָּה/ cherpah):

- smaad
- spot
- treiter
- uitlag
- skande

Gevolgtrekking van *neem ons smaadheid weg*:

Wanneer hierdie begrip **neem ons smaadheid weg** ('asaphcherpah) in die konteks van die perikoop Jes. 4:1 gebruik word, beteken die begrip “neem ons smaadheid weg” dat die vroue tot die uiterste sal gaan om die skande van weduweeskap nie oor hulle te laat kom nie.

- **Gevolgtrekking van die eksegeese oor Jes. 4:1**

Die gevolgtrekking van hierdie profesie vir die eerste betekenis, is dat die oordeel van God oor die volk die meeste manne sal uitwis en die volk in ballingskap weggevoer sal word, volgens Alexander (1992:121), Coggins (2000:441), Gray, (1999:418), Grogan (1986:43), Henry (2010:963), Jamieson, Fauset en Brown (1961:509), MacDonald, (1995:943), MacArthur (2005:765), Prinsloo (1999:779) en Turner (2011). Die ryk vroue wat die uitbuiting van die armes met hulle mans gedeel het, se koppe gaan kaalgeskeer word en hulle sal as weduwees voortgaan. Hierdie vroue gaan al hul luukshede verloor en sal die brandmerk van 'n slaaf dra. Die bevolking gaan baie erg uitgedun wees, veral die mans, sodat sewe vroue een man sal smee om hul skande van weduweeskap en kinderloosheid van hulle weg te neem. In die konteks van daardie tyd was 'n hoë premium daarop geplaas om getroud te wees en om kinders te baar.

3.6.3 DIE TWEDE BETEKENIS VAN DIE PROFESIE IN JES. 4:1

Alexander (1992:121), Gill (1746) en Einron (2011) is dit eens dat die inhoud van Jes. 4:1 'n toekomstige profesie is oor Jesus asook die kondisie van die Kerk en die valse invloed wat die kerk op die mense het. Ter verduideliking van die tweede betekenis van hierdie profesie, is dit nodig om te weet wat sekere van die begrippe beteken wat gebruik word in hierdie spesifieke profesie. Die verklaring en betekenis hiervan kan slegs verkry word uit die Bybel self (2 Pet 1:20).

- **Vergelyking van Skrif met Skrif**

Die begrippe wat in Jes. 4:1 gebruik word, kom ook elders voor in die Bybel, soos hieronder aangedui, en ook op nog ander plekke. In al die betrokke perikope kom die profetiese verduideliking van hierdie spesifieke begrippe na vore. Hierdie begrippe bevestig dus die tweede betekenis van die profesie in Jes. 4:1.

- **En in dié dag:** Jesaja het al teen 740 B.C. geprofeteer wat met die kerk in die Nuwe Testamentiese tyd sal gebeur.
- **Sewe:** 'n Heilige getal onder die Jode, wat ook volmaaktheid of voltooiing aandui. Dit is gereeld deur Bybelse skrywers op 'n simboliese wyse gebruik, om die geheel van iets of 'n voorwerp aan te dui (Open. 1:4, 2 Kon. 5:10, 14; Op. 1:16; 2:1; 3:1; Gen. 29:18; 2 Sam. 24:13).
- **Vroue:** Ware kerk van God, toekomstige bruid van Christus (Jer. 6:2, 2 Kor. 11:2, Ef. 5:23-27).
- **Vroue:** Valse kerk (Es. 16:15-58; 23:2-21; Hos. 2:5; 3:1; Op. 14:4). Vroue dui op 'n volledige nommer van kerke.
- **Man:** Daar word na Jesus verwys as die seun van die mens (Engels "Son of Man") Man: mens (Matt. 8:20; Luk. 9:58; Matt. 9:6; Mark. 2:10; Luk. 5:24; Matt. 12:8; Mark. 2:28).
- **Brood:** Woord van God, manna, woorde van lewe, leerstellings (Joh. 6:35, 51, 52, 63).
- **Kleed:** Geregtigheid, kleed van heil (redding) of mantel van geregtigheid (Jes. 61:10; Ps. 132:16; Job 29:14; Op. 3:5; Op. 4:4; Op. 7:9).

Gill (1746) bevestig dat bogenoemde profesie in vervulling gegaan het in die moderne tyd:

“The words may be accommodated in a spiritual sense to some professors of religion, who lay hold on Christ in a professional way, but spend their money for that which is not bread, and live upon their own duties and services, and not on Christ, and wear their own rags of righteousness, and not his robe; only they desire to be called by the name of Christians, to take away the reproach of being reckoned Pagans or infidels.”

Einron (2011) huldig presies dieselfde siening en sê voorts dat die dag van toekomstige profesie 740 B.C. van Jesaja sal wees wanneer die **sewe vroue** (kerk, toekomstige bruid van Christus) **een man aangryp** (Jesus Christus) en sal sê: “Ons **eie brood sal ons eet** (eie manna, woorde van lewe, eie leerstellings) en **ons eie kleed aantrek** (eie kleed van heil (redding) of mantel van geregtigheid); laat net **jou naam oor ons genoem word** (Jesus, Christen), **neem ons smaadheid weg** (skande, uitlag, uitjou). Einron (2011) verduidelik in meer diepte die betekenis van hierdie profesie: regoor die wêreld sal mense hulself Christene noem, maar dit sal gebaseer word op hulle eie leerstellings en eie interpretasie van geregtigheid, wat die wette van God ignoreer. Hierdie mense glo dat deur hulself Christene te noem, dit hul skaamte sal wegneem om heidene genoem te word. Hanegraaff (1997:10,13) maak die stelling dat hierdie mense die naam van Jesus oënskynlik hoog sal ophou, maar dat hulle in werklikheid die Christus in die Bybel verdraai en Hom vervang met ’n skepping van hulle eie denke. (*Dit is ook ’n oortreding van gebod nommer 2 – Hulle buig voor ’n afgod wat hulle in hulle gedagtes gevorm het om by hulle eie sondigheid aan te pas – A. Ferreira*).

Selfs in die Nuwe Testament word hierdie voorspelling van Jes. 4:1 ook bewys: Petrus het gesê:

“Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en ’n vinnige

verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word; en uit hebsug sal hulle met verdigte woorde voordeel uit julle trek. Oor hulle is die oordeel van lankal af nie werkeloos nie, en hulle verderf sluimer nie” (2 Pet. 2:3).

En Paulus noem: “Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan. Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met trane te vermaan nie” (Hand. 20:30,31). Jesus self het die volgende gesê: “Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is” (Matt. 7:15).

Hierdie profesie oor die moderne kerk en die sogenaamde “Christene” is in direkte teenstelling met Joh. 4:23-24: “Maar daar kom ’n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid”. Dit is ook in teenstelling met Joh. 8:47: “Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie.” Hierdie profesie in Jes. 4:1 is dus ’n baie duidelike heenwysing na die valse bekerings in die moderne kerk.

Costas (2008:43), Goligher (2006:14,125,138) en Hanegraaff (1997:10) gee ’n akkurate opsomming van die profetiese voorspelling in Jes. 4:1, en sê dat die moderne kerk die moeilike en ongemaklike dele van Jesus se leer oorboord gooi, om dit meer aanvaarbaar te maak vir die massas. In plaas daarvan dat mense gekonfronteer word met hul sonde in hul sosiale lewens, word mense eerder gekonfronteer met abstrakte sondes, wat op sy beurt weer die sondige lewens van mense onaangeraak los. Die motivering is om Christenskap te weerhou van afname en sterwe deur soveel as moontlik van die wêreld se agenda te absorbeer en te inkorporeer; om soveel moontlik wêrelds te wees, maar nog terselfdertyd Christene genoem te word.

Onder die banier van “Jesus is Here” word ontelbare mense verlei deur ’n boodskap van gulsigheid na rykdom en eer. Die ware Christus en ware geloof van die Bybel word vervang deur ’n besmette valse boodskap deur moderne predikers. Baie energie word spandeer om verveelde jongmense te vermaak en om ou Christene te pamperlang. Hierdie mense wil graag populêr wees, maar vind dit moeilik, selfs onmoontlik om met ander mense te praat oor sonde, oordeel en die hel. Party van hierdie mense het werklik ’n passie om sondaars by God uit te kry, maar gee te veel weg en daardeur word die ware Blye Boodskap geoffer op ’n altaar van verwagting. God word net aan die wêreld voorgehou as: “God is liefde” (1 Joh. 4:8). God se ander attribute word selde, indien ooit, aan die wêreld voorgehou, en dít is verwringing van die ware Blye Boodskap.

- **Gevolgtrekking van die tweede betekenis oor Jes. 4:1**

Reg oor die wêreld sal mense hulself Christene noem, maar dit sal gebaseer word op hul eie leerstellings en eie interpretasie van geregtigheid, wat die wette van God ignoreer om meer aanvaarbaar te wees vir die massas. Soveel as moontlik van die wêreld se agenda word geabsorbeer en geïnkorporeer, maar terselfdertyd moet hulle nog Christene genoem word. Hierdie mense glo dat deur hulself Christene te noem, dit hul skaamte sal wegneem om heidene genoem te word. Daar word bykans nooit oor sonde, oordeel en die hel gepraat nie, en net God se attribute oor “liefde” is van toepassing.

3.7 SOMMIGE MODERNE EVANGELISTE SE SIENING OOR SONDE EN REDDING

Die vervulling van die profesie in Jes. 4:1 word gevind in die uitsprake van moderne predikers en evangeliste. Hieronder volg uitsprake en stellings van sekere moderne predikers, evangeliste soos Bechtle, Chester, Hession, Kimball, Malan, Morgan, Prince en Schuller. Die motief van sommige van hierdie predikers en evangeliste is wel opreg om verlore sondaars te wen vir die koninkryk van God, maar dit kan nie gesê word van almal nie.

3.7.1 BECHTLE

Bechtle (2006:51,72) maak die uitspraak dat tydens sy opbrengs mense gebombardeer is met die evangelie in die vorm van “as jy Jesus aanneem, sal jou sonde vergeef word en jou bese verlate uitgewis word”. Hierdie aanslag het min of geen impak vandag, omdat mense verhard geword teen die evangelie. Mense baat niks daarby om te hoor van sonde nie, omdat hulle oor die algemeen dink hulle is goed en hulle leer van hulle foute; daarom het hulle geen begeerte om vergewe te word nie. Bechtle (2006:152) sê verder dat daar te dikwels gedink word dat dit nodig is om die evangelie op mense se tekortkominge en sonde te laat skyn, sodat dit duidelik kan wees waar die probleem is, maar dat dit nie die gelowige se werk is nie. Deur die gelowige se lewe, sy woorde en sy verhoudings met ander mense, moet die lig van Jesus so skyn, dat ongelowiges ’n baie helder, opregte siening van Jesus sal kry.

3.7.2 CHESTER

Chester (2010:72) sê, net soos Malan hieronder, dat daar net twee wette is wat vandag nog van toepassing is – die wet van die liefde vir God en die wet van die liefde vir die mens se naaste. Die res (*die Tien Gebooe*) se doel is net om die wet van die liefde te omskryf en duideliker te maak wat dit beteken. Die Gees gee aan die mens die begeerte om liefde te bewys, en stry sodoende teen die sondige begeertes. Daarom is die mens nie meer ’n slaaf van sonde nie, maar is hy vrygekoop deur dit wat Jesus aan die kruis gedoen het.

3.7.3 DU PLESSIS

In Du Plessis se boek “Die belofte van sy wederkoms” met baie sterk aanbevelings deur Isak Burger, Nico Landman en Anton van Deventer dat dit ’n uitstekende teologiese korrekte boek is maak Du Plessis (2003:158) die volgende uitsprake en sê dat diegene wat die Tien Gebooe probeer hou, geestelik nie mondig is nie en nog nie die Heilige Gees ontvang het nie. Die Tien Gebooe is slegs geldig vandag vir die ongelowiges, omdat gelowiges deur die Gees lewe en nie onder die wet is nie, volgens Gal. 5:25. Verder sê hy dat gelowiges wat wel die wet probeer hou, onder slawerny is, maar gelowiges wat onder die nuwe verbond leef, is vry van die wet. Daarom is dit gevaarlik vir gelowiges in dié kerkperiode om geassosieer te word met die wet. Kerke wat die

Tien Gebooie voorlees tydens eredienste, bring kerkgangers onder die indruk dat die wet nog van toepassing is, en dat hulle moet dit probeer hou. Christene wat vandag die Tien Gebooie probeer hou, hinder die werk van die Heilige Gees en ondermyn die ware essensie van die nuwe verbond. Hierdeur maak Du Plessis homself skuldig aan Antinomianisme (sien punt 2.15.3), aangesien hy die Tien Gebooie verwerp. Die Tien Gebooie word deur Jesus self bevestig in Matt. 5:17, dat Hy nie gekom het om die wet te ontbind nie, maar om dit te vervul. Dit op sigself het volle betekenis aan die wet kom gee, omdat die evangelie betekenisloos is sonder die wet. Die vraag ontstaan weereens dat as die Tien Gebooie nie meer van toepassing is nie, hoe kan die gelowige weet wat is sonde, want waar geen wet is nie, is daar nie sonde nie (Rom. 4:15), en deur die wet is kennis van sonde (Rom. 3:20; 7:7; 1 Joh. 3:4)?

3.7.4 ESTERMAN

Esterman (2005:7-10) verduidelik dat die Blye Boodskap van God 'n liefdesverklaring van God aan alle mense is en dat die kruis is soos 'n pyl wat uit die hemel geskiet is, met hierdie verklaring aan die punt vasgemaak. Hierdie is 'n boodskap van liefde en vergifnis, van lofprysing en aanbidding tot God, van 'n ewige lewe, van getransendeerde krag en 'n uitnodiging om te deel in die hemel se glorie. Hierdie boodskap is dat Jesus die regte toegangskaartjie het/is, dat die mens sal ingaan as sy gaste, en dat al die kos gratis is in die hemel! Verder is die Blye Boodskap 'n persoonlike uitnodiging om God se genade te ontvang en om versoen te word met Hom.

Esterman (2005:27,28) sê voorts dat dit negatief is om sonde te preek en dat dit slegte nuus is. Sonde-prediking sal mense laat voel dat hulle almal egbrekers is, wat vasgevang sit in hulle eie ego, en slegs op een ding konsentreer, naamlik geld. Sonde-prediking is die teenoorgestelde as om mense uit te nooi na 'n fees. Om mense na 'n fees te nooi, sal beter wees, want dan sal alle buitestaanders deel word in die "kom-en-volg"-uitnodiging van Jesus. Die buitestaander of sondaar moet self sien dat hy sleg is, en dan sal die Goeie Nuus waarlik goeie nuus wees vir so 'n persoon.

Volgens Esterman (2005:140) probeer hulle in hul kerkdienste geensins om mense skuldig te laat voel nie en dwing hulle ook nie iets op mense af nie, maar word daar

gefokus op inspirerende prediking en leierskap om heling te bring in dié wat gebroke is (*nie gebroke as gevolg van sondebeseft nie, maar in die konteks van die skrywe eerder gebroke as gevolg van teleurstellings en verwerping. A. Ferreira*). Hierdie is die Goeie Nuus, volgens Esterman.

3.7.5 FINNEY

Finney (2004:48, 50, 99,102) verduidelik dat sonde-prediking 'n baie negatiewe reaksie ontloot, wanneer 'n prediker vandag vir post-moderne mense predik. Wanneer hierdie mense deur erge persoonlike ondervinding hul eie geestelike lewens bevestig het, en 'n prediker kom preek sonde, word dit gesien as 'n persoonlike aanval teen hulle integriteit. Daarom word die prediker en sy boodskap verwerp. Mense sien hulself nie as perfek nie, maar die titel "sondaar" sal nooit meer vandag aanvaar word nie. Mense behou hulle die reg voor om te besluit wat hulle is en nie is nie. Sonde speel vandag nie meer 'n rol nie, en min mense dink ooit daaraan.

Volgens Finney is hierdie saak baie belangrik om in gedagte te hou, omdat baie predikers op persoonlike sondes fokus en mense daarvan vergewe moet word. Hy vra egter die vraag: is dit nog relevant vir die moderne mens van vandag? Dit is 'n Bybelse waarheid dat almal gesondig het en dit hulle aan die heerlijkheid van God ontbreek (Rom. 3: 23). Hierdie waarheid is veronderstel om 'n gewaarwording vorendag te bring van God se heiligheid en 'n kennis van die mens se eie onheiligheid. Mense aanvaar hul eie tekortkominge, maar om voort te gaan en te sê dat mense God se gebooie gebreek het, en dat hulle daarom skuldig is voor Hom, is 'n konsep wat vir baie mense betekenisloos is. Selfs vir baie Christene is hierdie Goddelike element van sondeberou nie eers teenwoordig in hulle bekering nie en sal 'n oproep van die prediker oor bekering van sondes die teenoorgestelde effek ontloot as waarop die prediker gehoop het. (*Geen mens kan sonde-vergifnis en redding van God ontvang, alvorens so 'n mens tot 'n ware sondebeseft gekom het nie – sien punt 2.11.1. A. Ferreira*).

3.7.6 GRAHAM

Billy Graham is seker een van die bekendste moderne evangeliste. Daar word geroem daarop dat, tydens sy evangelisasie-veldtogte in Amerika en regoor die wêreld, derduisende mense tot bekering gekom het, en meer spesifiek by sy eerste optrede in

New York in Manhattan, waar ongeveer 56 000 mense 'n besluit vir Jesus gemaak het (Mitchell, 2005:9). Wat die onderstaande uitspraak van Graham betref, blyk dit duidelik dat hy die verlossingswerk van Jesus aan die kruis ontken. Tydens 'n televisieonderhoud met Billy Graham deur Robert Schuller, op Saterdag 31 Mei 1997, het Graham die volgende in die sewe-minute-lange onderhoud gesê:

“I think everybody that loves Christ, or knows Christ, whether they're conscious of it or not, they're members of the Body of Christ. ... whether they come from the Muslim world, or the Buddhist world, or the Christian world, or the non-believing world, they are members of the Body of Christ, because they've been called by God. They may not even know the name of Jesus, but they know in their hearts they need something that they don't have, and they turn to the only light that they have, and I think they are saved, and that they're going to be with us in heaven” (aangehaal deur Kennedy (2010), Kofahl (1997) en Marrs (1997)).

Met hierdie stelling maak Graham geen geheim van sy kennis van sonde nie, en is dit duidelik dat 'n ware sondebeseft nie deel van sy evangelisasie-veldtogte is nie.

3.7.7 HESSION

Hession (1990:19) beweer dat die mens nie moet hoor wat hy alreeds verkeerd gedoen het nie, aangesien dit reeds te laat is. Dit is dalk goeie advies, maar goeie advies op hierdie tydstip is om die staldeer toe te maak nadat die perd alreeds vasgemaak is. Wanneer Jesus na die mens kom, kom Jesus nie met goeie advies nie, maar met Goeie Nuus. Jesus hou nie reëls en regulasies voor van “moenie dit of moenie dat doen nie” as die vereiste om na Hom te kom nie, maar eerder “Goeie Nuus”. Hession (1990:52) sê verder: “And all the time God is not against us at all. The imagined hostility on the part of God exists only in the mind of the sinner because of his guilty conscience.”

In teenstelling met dit wat Hession verkondig, kan geen mens sondevergifnis en redding van God ontvang nie, alvorens so 'n mens tot 'n ware sondebeseft gekom het nie (sien

punt 2.11.1). Hession (1990:19, 25) sê verder dat, volgens Op. 1:5, God eers die mens liefgehad het en hom toe skoongewas het. God sal ook op “sekere maniere” die mens aan die mens self voorstel, sodat die mens die diepste sondige wese in homself sal ontdek (*hierdie maniere word geensins deur Hession gedefinieer nie – A. Ferreira*). Met hierdie stelling van Hession word die kar weer voor die perde gespan, omdat daar weereens net aan die sondaar, God se liefde deur God se Seun, Jesus Christus, voorgehou word. Die vraag is weereens: Hoe kan ’n sondige mens enige waardering van God se liefde ervaar, as so ’n persoon nie eers weet dat hy sondig is nie, alhoewel dit vir hom gesê word dat alle mense gesondig het en dit hulle ontbreek aan die heerlijkheid van God (Rom. 3:20)? Sonder die Wet, die Tien Gebooie, kan daar geen kennis van sonde wees nie (Rom. 7:7, 1 Joh. 3:4).

3.7.8 KIMBALL

In Kimball se boek “They like Jesus but not the Church” is die tema alreeds ’n vervulling van die profesie in Jes. 4:1. Volgens Kimball (2008:7) is die samelewing negatief ingestel rondom Christene en die kerk, maar tog respekteer hulle Jesus en vind groot aanklank by Hom. Hy haal selfs vir Mahatma Gandhi aan, wat eens op ’n tyd gesê het: “I like your Christ. I do not like your Christians. They are so unlike your Christ.”

3.7.9 MALAN

Malan (2009:5, 7, 14, 24, 33, 40, 69) sê dat geen Ou-Testamentiese wet op gelowiges van toepassing gemaak en afdwing kan word nie. Sonde is nie meer die oortreding van die wet nie, omdat die wet nie meer van toepassing is nie. Sonde is alles wat in stryd is met die natuur van Christus. Die gelowige het geen wet nodig om vir hom te vertel dat hy geen gode voor God se aangesig mag hê nie, (*nog minder enige wet wat ook dan die mens vertel dat hy nie mag steel nie, egbreek pleeg nie, nie mag lieg nie, ensovoorts – A. Ferreira*). Hierdeur maak Malan homself skuldig aan Antinomianisme (sien punt 2.15.3), aangesien hy alle Ou-Testamentiese wette, insluitende die Tien Gebooie, by die kerkdeur uitgooi. Jesus self het in Matt. 5:17 bevestig dat Hy nie gekom het om die wet te ontbind nie, maar om dit te vervul. Dit op sigself het volle betekenis aan die wet kom gee, omdat die evangelie betekenisloos is sonder die wet.

Malan (2009) weerspreek homself gereeld. Hy sê onder andere dat nege van die Tien Gebooe in die Nuwe Testament herhaal word en in die wet van die liefde saamgevat en op alle gelowiges van toepassing gemaak word, maar op bladsy 14, 23, 24, 33 sê hy weer dat geen wet van toepassing is op enigiemand nie, want Christus se verlossingswerk het dit beëindig. Malan (2009:26) noem wel dat geen mens aan die reddende genade van Christus deelagtig kan word nie, nie alvorens so 'n persoon sondebelydenis gedoen het nie. Die vraag ontstaan nou dat as Christus die einde van alle wette was, insluitende die Tien Gebooe, hoe kan enige persoon dan weet wat is sonde, want waar geen wet is nie, is daar nie sonde nie (Rom. 4:15), en deur die wet is kennis van sonde (Rom. 3:20; 7:7; 1 Joh. 3:4)?

3.7.10 MORGAN

Morgan (2008:67) is van mening dat ten opsigte van die dinge van geloof en morele sake, die mens vandag in veranderde tye leef. Nie lank terug nie, was daar 'n duidelike onderskeid tussen reg en verkeerd, wit en swart. Vandag is hierdie sienings nie meer ter sake nie. Morgan beweer dat die tradisionele manier om Christenskap uit te leef, 'n donker gesig op geloof plaas. Volgens Morgan is die volgende punte die oorsaak van hierdie donker gesig op ware geloof:

- Arrogansie – Christene tree minagtend en disrespekvol op teenoor ander gelowe wanneer hulle sê hul geloof “is die enigste ware geloof” (vergelyk Joh. 14:6 “Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.” – A. Ferreira).
- Veroordeling – Wanneer Christene ander evalueer wat anders glo, of wat verkeerd optree en hulle dan brandmerk as verkeerd, sleg, of sondig (vergelyk Rom. 2:12; Joh. 3:18. – A. Ferreira).
- Formule – Christene hou 'n wit-en-swart formule voor van hoe om 'n Christen te word en hoe om as Christen te lewe (sien 2.11).
- Skynheiligheid – Christene wat een ding sê/verkondig, maar 'n ander leef.

3.7.11 *MOSTERT*

Mostert (1999:31) draai die belangrike orde van sonde-bewustheid om. Hy is van mening dat wanneer die sondaar die prys van redding verstaan, die sondaar die verskriklikheid van sonde sal verstaan. Die sondaar sal dan besef dat een vloekwoord, een leuen, een greintjie liefdeloosheid en selfs een woord van kritiek 'n euwel is vir God. Soos egter gesien kan word in punt 2.11.4 is 'n ware sondebeseft eerstens nodig en essensieel tot 'n ware begrip van redding. Hierdie proses kan nie omgedraai word nie.

3.7.12 *PRINCE*

Prince (2010:68) maak die stelling dat die wêreld meer kerke nodig het wat net vol is van Jesus. Hierdie kerke het ten doel om vir die mense te sê dat God nie meer kwaad is vir die mens oor hulle sondes nie, hetsy dit sondes is in die verlede, hede of in die toekoms. Al die sondes van alle gelowiges is perfek teen die kruis vasgenaël. Die mense het genoeg gehad van kerke wat gebaseer is op antieke wette, wat God onakkuraat voorstel as iemand wat hard, kwaad en ongenadig is. Intendeel sê Prince (2010:93) dat God se wet antiek en absoluut is. Dit is geensins meer van toepassing op die Christen van vandag nie, want die wet is foutief en God self het fout gevind in sy wet! Wat vandag nodig is, is nie nog wette nie, maar 'n groter openbaring oor Jesus.

Volgens Prince (2010:52) is God nie teenwoordig om fout te vind met die mens nie, maar eerder om die mens grootliks suksesvol te maak. Die mens moet die leuen aflê wat sê dat God fout soek met die sondaar. God het die sondaar lief en kyk slegs na die sondaar deur die lens van die kruis, waar Jesus elke liewe sonde alreeds van die sondaar verwyder het. Daarom is God nie daar om die mens te oordeel nie, maar eerder om die mens te rig en te lei na groot sukses. In dieselfde asem, en wat baie verwarring veroorsaak, beweer Prince (2010:100-101) dat die wet egter gegee is vir die nie-gelowige, die persoon wat nog nie sy hart vir Jesus gegee het nie. Volgens hom is die doel van die wet om ongelowiges tot Christus te bring.

3.7.13 SCHULLER

Die uitspraak van Schuller bevestig die profetiese vervulling van Jes. 4:1. Schuller, soos aangehaal deur Fox (2003), Oppenheimer (2009) en Tangelde (2008), sê die volgende:

"I don't think anything has been done in the name of Christ and under the banner of Christianity that has proven more destructive to human personality and, hence, counterproductive to the evangelism enterprise than the often crude, uncouth, and unchristian strategy of attempting to make people aware of their lost and sinful condition".

Tangelde (2008) verduidelik verder dat Schuller, in sy pogings om sekulêre mense vir die Blye Boodskap te wen, onderwerpe in die Bybel wat handel oor gewete, skuld, sonde en versoening vermy, en dat hy skaamteloos die Skrifgedeeltes "versoet" om sy boodskap meer aanvaarbaar te maak vir sy massa-gehoor.

Bogenoemde uitsprake en stellings bevestig weereens die rede vir hierdie navorsing.

In teenstelling met bogenoemde sienings en uitsprake sê Hanegraaff (1997:39): "Tragically, these purveyors of error have become adept at misleading their followers with a message that sounds authentic but is in reality a counterfeit". Ryken (2006:31) verklaar dat sodra die mens weet wat die probleem is, die mens die oplossing sal soek en waardeer. Die probleem met die mens is sonde – die mens se ingebore sondige natuur om vir homself en sy eie glorie te lewe, in plaas daarvan om te lewe vir die glorie van God. Slegs wanneer die mens oortuig word van sy sondige en verlore toestand, met al sy dodelike gevolge, sal die mens uitroep na die hulp wat slegs God kan gee: "wat moet ons doen om gered te word?" (Hand. 16:30). Packer (1991:25) se stelling bevestig Ryken se verduideliking wanneer hy sê: "Man without Christ is a guilty sinner, answerable to God for breaking His law."

Ook Goligher (2006:63, 98) se siening oor sonde, naamlik dat sonde 'n oortreding is van God se wil wat geopenbaar word in God se Tien Gebooie, beaam Ryken se stelling.

Goligher (2006:79) benadruk voorts dat die grootste probleem met die mens is dat hy **sonde** nie sien as uitermatige sondig nie (Rom.7:13). Die mens beskou sonde as iets kleins en nie eers as 'n verbreking van God se wette nie. Die erns van die mens se slegte gedrag word verklein en verwerp wanneer dit vergelyk word met ander slegter mense, soos byvoorbeeld 'n massamoordenaar of verkrachter. Dit is hier waar die sondaar die fout maak: die vergelyking moet nie getref word met ander mense nie, maar met 'n heilige, sondelose God, en sy standaard is perfek en word saamgevat in die Tien Gebooie (sien punt 2.8).

3.8 DIE BLYE BOODSKAP VOLGENS DIE MODERNE EVANGELIS

Volgens Basu (2005:178) moet die Blye Boodskap of die evangelieboodskap altyd die gevolg hê van 'n ware sonde-erkenenis, belydenis van sondes en om dan die rug te draai op sondes. Ware sondebeseft is 'n noodsaaklike deel van redding en vorm 'n houding van ware nederigheid teenoor God (sien punt 2.11.1). Aan die hand van hierdie kort maar kragtige stelling, word daarna gekyk of sommige moderne predikers hieraan voldoen. Bechtel (2006:17,122) beweer dat evangelisasie nie 'n "skuldgevoel"-gebaseerde metode is nie, maar eerder 'n wyse om vriende aan mekaar voor te stel; met ander woorde, evangelisasie beteken om mense te lei na Jesus of om hulle aan Jesus voor te stel. Bechtel (2006:150) noem verder dat evangelisasie is om mense se oë op Jesus te kry, en dit stel die evangelis in staat om as fasiliteerder die mense in die regte rigting te laat kyk. Dan kan die evangelis uit die pad stap, om sodoende God toe te laat om sy werk te doen.

Hession (1990:19-22,57) verklaar dat die "Goeie Nuus" is dat die mense se sonde vergewe is! Die manier om die "Goeie Nuus" te kan ontvang en te deel daarin, is vir so 'n persoon om eerstens te erken dat hy sleg is. Wanneer so 'n persoon se hart aangeraak word deur hierdie "Goeie Nuus", sal so 'n persoon nie anders as om te wil erken dat hy sleg is nie. Dit is geïmpliseerde voorwaardes wat die krag aan die boodskap van genade gee, en op sy beurt sal dit daartoe lei dat die mens sonde in homself sal oordeel. Baie dikwels is 'n stilswyende voorwaarde meer afdwingbaar as 'n duidelik-gestelde een. Dit word aan die sondaar oorgelaat om self te dink wat reg en verkeerd is in die lig van die seën wat aan so 'n persoon geskenk word. Op grond

hiervan sal so 'n persoon dan baie gewillig wees om Jesus te aanvaar as die Saligmaker.

Hybels en Mittelberg (1994:152) en Kimball (2008:110) verduidelik dat die sentrale middelpunt van die Blye Boodskap is dat Christus in die mens se plek gesterf het as sy plaasvervanger. Hy het die skuld van die doodsvonnis namens die mens gedra. Daardeur bewys Hy die liefde van God, verteenwoordig Hy die heiligheid van God en bevredig Hy die oordeel van God.

Volgens Prince (2010:29, 32) bestaan daar net een “Blye Boodskap”: die boodskap van Jesus, wat nie net aan die kruis gesterf het vir die mens se sonde nie, maar ook vir die mens se siektes en armoede. Dit is die duiwel wat die mens siek en arm wil hê. Jesus het aan die kruis die vloek van armoede en siektes gedra. God haat siektes en armoede, daarom moet die mens reageer op Jesus se voltooiende werk, dan sal hulle sondes vergewe word, hulle siektes genees word en armoede sal geskiedenis wees!

In teenstelling met Prince verduidelik Goligher (2006:82) dat hierdie voorspoed-teologie nie die karakter dra van Jesus se bediening op aarde nie. Jesus het lyding beklemtoon as die pad na glorie, en dood as die pad na lewe. Jesus kwalifiseer nie as 'n held in die wêreld van die voorspoed-teologie wat sê dat die mens sterk moet wees, en nié swak nie, dat die mens moet wen, en nié verloor nie en dat die mens ryk moet wees, en nié arm nie.

Mostert (1999:53) maak die stelling dat die moderne evangelie ontbreek aan 'n belangrike punt. Hy voer aan dat mense 'n dieper honger na die dinge van God het. Nuwe realiteite word in Christenskap gesoek, en die evangelie vandag verkondig nie die realiteit van die lewe nie. Die evangelie vandag het net een kant: dat God liefde is (en Hy is liefde), dat God genadig is (en Hy is genadig), dat God sonde vergewe (en Hy vergewe sonde), maar die eise van die lewe word nie tydens die evangelie aan die mense uitgespel nie. Christenskap beteken nie dat alles net goed sal gaan nie, maar dat die gelowige ook deur vuur en water sal gaan.

Volgens Packer (2010:217) vertel die evangelie vir die mens dat die Skepper die sondaar se Verlosser geword het. Dit kondig aan dat die Seun van God mens geword het vir die redding van mense en aan die kruis gesterf het om sondaars te red van die ewige oordeel. God se toorn is sy geregverdigde reaksie teen die ongeregtigheid van mense en die reddende dood van Christus in die Bybel is die *versoening* daarvoor. Maar Jesus Christus beskerm die mens teen die vooruitsig van vergeldende geregtigheid deur die mens se verteenwoordigende plaasvervanger te word, in gehoorsaamheid aan sy Vader se wil. Christus ontvang die loon van die mense se sonde in hulle plek. Sodoende het geregtigheid geskied, want die sondes van almal wat ooit vergewe sal word, is geoordeel en gestraf in die Persoon van God die Seun. Dit is op hierdie basis wat vergifnis aan die mens, die oortreders, gebied word. “Reddende liefde en vergeldende geregtigheid het as’t ware op Golgota hande gevat, want daar het God Homself regverdig bewys ‘deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo’” (Packer, 2010:217).

Hierdie hedendaagse Blye Boodskap of die evangelie volgens Bechtel, Hession, Hybels en Mittelberg, Mostert, Packer en Prince word gehuldig deur die oorgrote meerderheid moderne evangeliste en predikers. Die waarheid is sigbaar hierin, maar dit ontbreek weereens aan die definisie en omskrywing van sonde. Sonder ’n ware sondebeseft, wat slegs moontlik is as die Tien Gebooe van God gebruik word as riglyn, is die evangelie ’n vae boodskap vir dié wat dit aanhoor (sien hoofstuk 2.11.1).

3.9 BEKERING VOLGENS DIE MODERNE EVANGELIS

Die woord “bekering” is in die moderne kerk vervang met begrippe soos: “’n besluit vir Jesus”, “my lewe toegewy aan Jesus”, “ek verbind my met Jesus”, “my hart gee vir Jesus”, ensovoorts (vergelyk 2.11.1). Vervolgens word aanhalings uit die volgende bronne bespreek as bewys van hierdie vervanging van die woord “bekeer” met ander terme: Bechtel, (2006:18, 51, 59, 122); Copeland (2011); Esterman, (2005:71,92); Finney (2004:76, 83); Hybels en Mittelberg, (1994:28,154,155); Morgan, (2008:159); Towns, (2007:52) en nog vele ander.

Copeland (2011) is van mening dat Jesus elke mens se prys vir sonde betaal het. Die hemel is die getuie dat elke mens vrygekoop is, en dit is asof elke mens self ongeveer 2000 jaar gelede aan die kruis gesterf het. Ongelukkig beteken dit egter nie dat almal hemel toe kan gaan nie, alhoewel God vir Jesus aarde toe gestuur het om vir elke mens se sonde te sterf, en ten spyte daarvan dat God niks teen enigiemand hou nie. Die groot rede waarom almal nie hemel toe gaan nie, is omdat almal nie die besluit gemaak om Jesus as hulle persoonlike Saligmaker aan te neem nie. Elke mens moet hierdie verlossingswerk as sy eie aanvaar, anders gaan hy in die hel eindig. Elke mens het 'n wil van sy eie en daarom berus die keuse slegs by elke individu, en God sal niemand forseer nie. God sal nie 'n vinger verroer om iemand verder te help nie, aangesien Hy alreeds alles gedoen het toe Hy Jesus aarde toe gestuur het. Bekering is dus volgens Copeland 'n blote "besluit vir Jesus".

Esterman (2005:31) noem dat wanneer 'n persoon sy/haar hart vir Jesus gegee het, hy/sy nog nie verstaan wat verlossing is nie, maar dat hy/sy wel gereageer het op God se uitnodiging.

Finney (2004:76, 83) is van mening dat bekering oor 'n baie lang tydperk gebeur en nie meer gesien word as 'n skielike proses waar die sondaar van die staat van ongered skielik oorbeweeg na die staat van gered toe nie. Dit word gesien as 'n pelgrimstog waar die individu verskeie roetes oor 'n lang tydperk kon gevolg het om tot bekering te kom. Mense word nie meer voorgeskryf hoe om by God uit te kom nie, want navorsing bewys dat die "nou poort" baie paaie het wat soontoe lei (vergelyk Matt. 7:14 wat sê "nou is die poort en smal is die weg").

Van sy eie bekering vermeld Hession (1990:59) die volgende: "There was not much intelligent faith or repentance about it at that time", maar dan sê hy ook "saving faith nearly always implies repentance" (Hession, 1990:150) en "(r)epentance is the essential key by which all the blessings of the gospel come alive to us and the Christian lie begins really to work" (Hession, 1990:157).

Hierdie stellings van Hession (1990:158-161) is kontrasterend ten opsigte van sy eie verduideliking en sienswyse oor bekering. Hybels en Wiersma (2006:44) handhaaf dieselfde siening: dit is die verandering van gedagte of denke. Spr. 21:2 is baie duidelik in die openbaring dat elke mens regverdig is in sy eie oë, dat dit elke mens se basiese houding is en dat dít juis is waar God met die mens moet begin. God se Woord vertel vir die mens hy is 'n sondaar en spesifiseer sekere dinge waarin hy fouteer. Maar dít wil die mens nie aanvaar nie. Hy is regverdig in sy eie oë. Daarom verwerp hy die lering van God (Luk. 7:30), net soos die Fariseërs dit ook verwerp het. Onmiddellik is so persoon in 'n verkeerde verhouding met God, omdat hy in effek God as 'n leuenaar uitmaak (Fil. 2:7). Hierdie persoon se verhouding met God is nou in werklikheid 'n staat van vyandskap, omdat hy onwillig is om te aanvaar dat hy 'n sondaar is, soos God sê hy is.

Volgens Hession (1990:158-161) is die reaksie van selfregverdiging totaal en al outomaties. Met selfs net 'n effense verwysing dat hy verkeerd is, sal so 'n persoon daarop aandring dat hy reg is, voor God en sy medemens. Dit is hier waar die persoon hom dan moet bekeer, hierdie is die punt waar God die persoon druk, partykeer baie hard, dat so 'n persoon sy gedagtes moet verander. God sal met so 'n persoon stoei, soos die engel met Jakob gestoei het, dikwels tot dagbreek toe, tot so 'n persoon erken: "O God u is reg en ek is verkeerd". Dit gaan nie altyd gepaard met emosies nie, maar die verandering van die wil. Die persoon is gewillig om die plek van die sondaar in te neem en dan te erken dat hy verkeerd is. Bogenoemde proses is volgens Hession (1990:158-161) bekering, naamlik: "Bekering is wanneer 'n persoon sy eie selfregverdiging opgee om te erken dat hy verkeerd is".

Morgan (2008:76) is ook van mening dat bekering 'n proses is wat oor 'n lang tyd kan gebeur, maar voeg daarby dat dit ook baie vinnig kan gebeur. Die stadige bekering het te doen met die mens se geleidelike reaksie wanneer God homself aan die mens begin openbaar. Die vinnige bekering is wanneer die mens die werklikheid van God in een oomblik besef. In albei gevalle is redding duidelik en definitief, alhoewel dit in die geheim plaasvind. In albei gevalle wag God dat die nie-gelowige "dit het" in sy/haar eie tyd en in sy/haar eie omstandighede. Hoe dit gebeur is persoonlik. Hierdie hele proses

kan pynlik stadig of ongelooflik vinnig geskied. Volgens Morgan (2008:77) het sy 'n Christen geword toe sy sestien jaar oud geword het, maar eintlik was sy al lankal 'n Christen, sy het dit toe net nie geweet nie. Sy verklaar verder dat sy verseker is van haar saligheid, en dat God haar daaglik verander soos Hy haar wil hê.

Mostert (1999:46) maak die stelling dat aangesien Jesus die vereistes van die wet vervul het, die mens nie weer die vereistes van die wet hoef na te kom om gered te word nie. Baie duidelik in hierdie stelling, is Mostert van mening dat die wet die mense kon red voor die kruisiging, maar dat hierdie tipe redding na die kruisiging verval het. Die wet was nog nooit 'n vereiste vir redding nie, nie in die Ou Testament nie en ook nie in die Nuwe Testament nie (vergelyk Heb. 11).

Bekering bestaan uit drie dele, volgens Towns (2007:53, 54). Eerstens is daar die **intellektuele proses**. Dit beteken dat 'n persoon moet weet hy is 'n sondaar volgens Rom. 3:23. Dit beteken eenvoudig dat 'n persoon weet hy/sy is onder die oordeel van God oor hul sonde (Rom. 6:23). Daarna moet die persoon besef dat Christus lyding deurgegaan het vir sy/haar sondes (Rom. 5:8). Maar om al hierdie feite te ken, kan geen mens red nie, dit maak nie die deur oop na die hemel toe nie, want Jesus het tereg gesê dat nie almal wat vir Hom sal sê "Here, Here", in die koninkryk van God sal ingaan nie (Matt. 7:21). 'n Sondaar word nie 'n Christen om sekere reëls te volg nie, of net om eenvoudig van Christus te leer nie.

Die tweede deel van bekering behels 'n **emosionele proses**. In 2 Kor. 7:9 maak Paulus die stelling: "hulle was bedroef tot bekering". Hierdie emosies wys 'n hart wat werklik bekeer wil word (2 Kor. 7:10): "Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding". Maar om net te ween of om bedroef te wees, bewerk nie redding nie, want Paulus sê verder in 2 Kor. 7:10: "maar die droefheid van die wêreld werk die dood".

Die derde deel van bekering is dus **wanneer die individu God kies**. Die een aspek van hierdie keuse is bekering (inkeer / "repentance"), omdat Petrus dit duidelik maak in Hand. 3:19: "Kom dan tot inkeer en bekeer julle". Hierdie is 'n aksie van die wil om God

te kies (Luk. 9:23). Om hierdie drie stappe op te som: niemand word gered deur kennis alleen, emosies alleen, of deur 'n keuse alleen nie. Inteendeel, iemand word gered deur die regte kennis van die Woord van God, dat Jesus gesterf het vir mense se sondes en opgewek is uit die dood om nuwe lewe te gee (intellek). Daarom moet die menslike hart 'n ondervinding van skuldgevoel hê ten opsigte van sondes en 'n oorweldigende gevoel van liefde vir God (emosies). Dan is die finale stap dat die persoon moet kies om Jesus te aanvaar as sy Verlosser (wil).

Bogenoemde verklarings van bekering is 'n druppel in die emmer soos gehuldig deur die moderne kerk vandag. Bogenoemde uitsprake is weereens die bewys van 'n definitiewe probleem dat ware sondebeseft geen rol speel in die moderne prediking en evangelisasie-veldtogte nie.

In teenstelling met bovermelde beweer Packer (1991:69):

“The Gospel is not, ‘believe that Christ died for everybody’s sins, and therefore for yours,’ any more than it is, ‘believe that Christ died only for certain people’s sins, and so perhaps not yours.’ The Gospel is, ‘believe on the Lord Jesus Christ, who died for sins, and now offers you Himself as your Savior.”

3.10 DIE SUKSES VAN BEKERING VOLGENS MODERNE EVANGELISASIE-METODES

Volgens Finney (2004:64) is die oordrywing van resultate tydens evangelisasie-veldtogte 'n algemene faktor: “The danger of exaggeration is ever present, particular in the published statistics of those who have been converted. All research suggests that only a fraction of the proportion of people who are claimed to profess conversion actually show it by a marked difference of lifestyle”. Finney (2004:72) beskou massa-evangelisasie-veldtogte as oneffektief, maar tog is daar nog steeds mense wat dit doen. Hieronder volg slegs 'n baie klein fraksie van voorbeelde hiervan beskikbaar:

- Bill Bright: meer as 200 miljoen besluite deur middel van die Vier Geestelike wette en die Jesus Film (Bright, 2001).
- Reinhard Bonke: meer as 52 miljoen in sy Afrika-veldtogte (TheVoice Magazine.com, 2011).
- John en Lily Crowder: meer as 100 000 in Indië alleen (Crowder, 2011).
- Joyce Meyer: meer as 5 000 slegs in tronke wat hulle in die jaar 2005 besoek het (Lormis, 2005).
- Billy Graham: in New York, Manhattan, het 56 000 mense, en in Londen, 1954, het 38 447 mense 'n besluit gemaak (Mitchell, 2005:9,177).
- Benny Hinn: duisende en duisende mense stroom na vore om die “grootste wonderwerk” te kan ontvang tydens Hinn se “Miracle crusades” (Hinn, 2007-2011).
- Kobus van Rensburg: honderde mense word gered en genees (Van Rensburg, 2011).
- Die baie bekende Jesus Film het al meer as 200 miljoen besluite voortgebring, volgens die International Faith Telegraph (2011).

Die grootste beloning wat God 'n evangelis kan gee, is om te sien hoe 'n sondaar tot bekering kom (Esterman, 2005:149,150; Hybels & Mittelberg, 1994:34,35). Hierdie drang na, of smagting om te sien hoe sondaars tot bekering kom en om dan die getalle te kan noem, net soos wanneer 'n jagter 'n merkie op sy kerfstok maak, is seker die grootste dryfveer vir die huidige evangelisasie-metodes (Bublitz, 2006). Getalle van die besluite vir Jesus het die plek geneem van ware sondebeseft en bekerings. Getalle is die hoof-agenda op sendingvergaderings (A. Ferreira – sendingskommissie-voorsitter 2001-2004). Selfs op die internet is die hoeveelheid mense wat hulle harte vir Jesus gegee het, die middelpunt van die webwerf “GodRev.com - Real-time decisions for Christ” en “<http://go.to/truepeace>” om maar slegs twee te noem. Om hierdie getalle te kan kry, is die hoofmetode wat gebruik word, altaaroproepe.

3.10.1 ALTAAROPROEPE

“An altar call is a practice in some evangelical churches in which those who wish to make a new spiritual commitment to Jesus Christ are invited to come forward publicly. It is so named because the supplicants gather at the altar located at the front of the church building. In the Old Testament, an altar was where sacrifices were made. So, the name "altar call" refers to a believer "offering" themselves on an altar to God, as in Romans 12:1: “I beseech you therefore, brethren, by the mercies of God, that ye present your bodies a living sacrifice, holy, acceptable unto God, which is your reasonable service.” (Wikipedia, 2011)

Die meeste van al die moderne predikers en evangeliste is voorstanders van altaarproepe (Esterman, 2005:16, 50, 56, 58, 71, 112; Hybels & Mittelberg, 1994:35). Volgens Esterman (2005:50, 56, 58) is altaarproepe absoluut Bybels om ongeredde mense met God te verenig. As bewys van hierdie stelling sê hy dat Jesus dit al die tyd gedoen het en gebruik hy die voorbeeld van Matt. 19:21: “en kom hier, volg My”. Wanneer mense boodskappe hoor wat hulle diep raak, sal so 'n persoon alreeds 'n besluit gemaak het om Jesus aan te neem, nog lank voor die altaaroproep gemaak is. Daar sal nooit 'n reaksie wees as die boodskap nie relevant is nie, daarom word daar nooit oor geloof gepraat nie, maar eerder oor hoe 'n persoon geloof kan verkry; daar word nie soseer gepraat oor wie God is nie, maar eerder oor hoe iemand kan weet wie God is. Hierdie vorm van prediking wys die verskil tussen gewone predikers en evangeliste, want evangeliste soek na 'n reaksie vanaf die toehoorder om te reageer op altaarproepe.

Volgens Esterman is die volgende riglyne tydens altaarproepe belangrik en is dit noodsaaklik dat dit presies so gedoen word:

- Die altaaroproep begin die oomblik wanneer die evangelis na die mikrofoon toe kom. Alles wat die evangelis doen en sê, is 'n voorbereiding vir 'n positiewe reaksie by die luisteraars wanneer hulle reageer op 'n altaaroproep.
- Ongeag of die spesifieke tema van die preek, 'n woord, 'n gedagte of 'n vers uit die Bybel is, moet dit die lanseerstrook wees vir die opbou van die altaaroproep. Gereelde kerkgangers sal weet wanneer die altaaroproep op pad is.
- Die manier en die metode van preek wat gelewer word, en die stemtoon is van uiterste belang, en dit moet sag, maar tog dringend wees, om mense se harte te deursoek.
- Dit moet nooit afgejaag word nie, want mense het tyd nodig om vertroue op te bou om te reageer op die altaaroproep.
- Dit is belangrik om te beklemtoon dat altaaroproepe net daar is om nuwe bekeerlinge te maak, en nie om vir ou, afgekoelde Christene 'n nuwe verbintenis met Jesus te bewerk nie.
- Emosies speel 'n groot rol tydens altaaroproepe. Wanneer trane dan vloei is dit nie noodwendig van sondeberou nie, maar van die intense liefde van God wat ervaar word tydens so altaaroproep. Daar is iets spesiaal wanneer trane vloei, veral as dit 'n man is.
- Die regte tipe musiek of sang is nodig om die regte stemming te kry.
- Dan is dit ook nie altyd noodwendig nodig nie, maar dit sal help om 'n fisiese blok in die mat of vloerteël voor in die kerk te hê, waarmee die nuwe bekeerling later kan identifiseer om te sê: "Op hierdie spesifieke punt of merk het ek my hart vir Jesus gegee!" Hierdie merk sal dan as getuienis dien van die wonderlike boodskappe wat daar gepredik was.

Bogenoemde metodes van massa-optredes en altaaroproepe word sterk veroordeel deur Packer, (1991:83,84). Die grootste kritiek teen massa-optredes en altaaroproepe is dat dié opgesweepte vrolikheid lei tot oneerbiedigheid. Die verdere poging om vermaak aan die evangelie te koppel, het die gevolg dat God se heiligheid en majesteit verlore gaan, dit verban die gees van aanbidding, en dit vorm 'n goedkoop idee van God as Skepper. Verder is dit 'n absurde manier van voorbereiding van die nuwe siele wat tot die gemeente bygevoeg gaan word na hulle "bekering". Hierdie opgesweepte

romantiese voorstelling van die Christenlewe en die getuienisse wat gegee word, is Bybels onverantwoordelik, want dit gee 'n valse prentjie van wat 'n Christen werklik is. Hiermee tesame is die lang uitgerekte altaaroproepe, wat met emosiebelaaide musiek aangevuur word, die resep vir “valse bekerings”, want dit dra geen vrug van ware sondebeseft en bekering nie. Hierdie metodes is niks anders as 'n sluwe manier om getalle van bekerings te kry nie, want op die ou einde sal hierdie nuwe “bekeerlinge” wegval en verhard word teen die evangelie (sien 2.19.3).

3.10.2 SONDAARS- OF BEKERINGSGEBED

Die klimaks van die altaaroproep is die “sondaarsgebed” of “bekeringsgebed”. Afgesien van die feit dat basies geen ware sonde-erkenning bestaan tydens die moderne bekering nie, word die gebed wat gebid word, die “sondaarsgebed” genoem. Dit is ironies genoeg dat dit 'n “sondaarsgebed” genoem word, maar dit het geen betekenis hoegenaamd nie, omdat die gebed in die meeste gevalle deur die prediker of evangelis gebid word (Bechtel, 2006:59; Hybels & Mittelberg, 1994:187-190; Mitchell, 2005:196; Morgan, 2008:114). Met die EE III-bediening en ander word die gebed saam gebid; die evangelis bid vooruit en die nuwe “bekeerling” bid agterna (Kennedy, 1998:68). Die mense vir wie daar gebid word, word partykeer net gevra om saam te stem, om dan hulle hande op te steek of om op te staan, en dan word daar vir hulle gebid omdat hulle te skaam is om self te bid. Die navorser was 'n persoonlike getuie van waar mense selfs gevra is om die persoon se hand te druk of net om die kop te knik! (sien 2.19.3).

Die vraag ontstaan onwillekeurig, wat is die oorsprong van die sondaarsgebed? Rom. 10:9-10 soos gesien word in punt 3.11.5, is die oorsprong van die gebruik van die sondaarsgebed. “As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding”.

Die klem van die sondaarsgebed word gelê op: “As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo”. Volgens Rom. 10:10 is belydenis nie 'n menslike handeling waardeur Christus se geregtigheid bewillig word nie, maar dit is 'n uitvloeisel van geloof waardeur geregtigheid van Christus verkry word (vergelyk Rom. 4:3, Rom. 4:23-24).

Geloof is nie die resolusie van die hart, “ek wil glo” nie, maar dit is die resultaat van ’n geestelike openbaring van God deur die Woord en Gees, “ek glo wel”. Indien enige persoon tot hierdie gevolgtrekking kan kom en dan soos Petrus in Matt. 16:16 kan verklaar: “U is die Christus, die Seun van die lewende God”, dan kan daar onomwonde gesê word dat vlees en bloed dit nie geopenbaar het nie, maar wel God wat in die hemel is (Matt. 16:17) (Keener, 2010).

Hierdie teksvers van Rom. 10:9,13 word uit konteks gebruik, want nie almal wat bid, word gered nie. Die voorbeeld van die Fariseër en die tollenaar is baie duidelik in hierdie verband (Luk. 18:10-14). Die Fariseër was opreg en het ook bedoel wat hy bid, maar volgens Jesus is hy verlore. Dit is duidelik dat wanneer mense opreg bid en bedoel wat hulle bid, dit alleen nie redding kan teweegbring nie. Baie van hierdie sondaarsgebede word gebid in opregtheid, maar die volgende dag is die meeste van hierdie mense terug in die ou sondige gebruike, en dit word gesien aan die vrug van die boom. Die enigste geloof wat hierdie mense het, is dat Jesus die Seun van God is. Die duiwels glo dit egter ook (Keener, 2010).

Volgens Keener (2010) is Paulus indirek besig om Joël 2:32 aan te haal, wat ’n profetiese voorspelling was dat die Jood en heiden almal toegang tot God sal hê deur Jesus Christus, en Rom. 10:12 bewys dit. Hierdie teksverse is deur Paulus aangehaal om te wys sy lering is in lyn met Bybelse profesie. Die Griekse woord “Epikaleomai” wat hier gebruik word in Rom. 10:13, beteken veel meer as net ’n uiting van ’n sondaarsgebed. Volgens Thayer (2004) beteken dit “om te roep om hulp of in aanbidding, te kyk na of om swaar te steun op” iets. Dit is met ander woorde niks anders as werklike vertroue in Christus, en nie net ’n sondaarsgebed nie. Daar is geen bewys dat die tollenaar in Luk 18:13 gered is deur sy gebed nie, nog minder het Jesus dit gesê, maar hy is gered deur genade alleen, deur geloof in Christus alleen. Dus was sy gebed net ’n uitvloeisel as bewys van sy geloof in God. Daarom moet Rom. 10:10 net so ook van toepassing wees op die mens: “want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding”. Dus moet die sondaars se belydenisgeloof in die hart wees, waardeur hy alreeds gered is deur genade. Dit is dus

belydenis tot redding (Rom. 10:10) en nie die handeling van 'n sondaarsgebed wat redding bewerk nie!

Wanneer die voornemende sondaar dan hierdie sondaarsgebed bid, word die vertrouwe in die gebed geplaas vir sy redding, en nie in Jesus Christus nie. In die meeste gevalle na so 'n gebed word die “nuwe bekeerling” gevra of hy “bedoel” het wat hy/sy gebid het. Dit is om dan die versekering te gee dat ware redding werklik plaasgevind het! Om hierdie rede is dit baie moeilik om bestaande “Christene” sovêr te kry om te maak soos Paulus gesê het in 2 Kor. 13:5: “Ondersoek juiself of julle in die geloof is; stel juiself op die proef”; want hierdie mense beroem hulself op hierdie sondaarsgebedjie wat hulle eens op 'n tyd gebid het. Wat verder die saak van “selfondersoek” bemoeilik, is die feit dat, nadat hierdie gebed gebid is, die nuwe “bekeerling” die versekering gegee word dat hy wel gered is, en dat niemand hom uit die hand van God sal ruk nie (Joh. 10:28). Verder mag hy ook nie die sogenaamde redding betwyfel nie, want dit is net Satan wat hom lastig val (sien 2.11).

3.10.3 JESUS EN ALTAAROPROEPE

In die konteks van waar Jesus gesê het dat mense hom moes volg (Matt. 19:21), is dit geensins vergelykbaar met moderne altaaroproepe nie. Jesus het altyd wanneer iemand Hom gevra het wat moet gedoen word om gered te word, die wet vir die trotse gegee en genade vir die persoon wat weet dat hy/sy verlore is (sien 2.9.1 oor die manier waarop Jesus met mense omgegaan het en hulle gered het). Jesus se oproep om hom te volg het altyd die gevolg gehad dat 'n persoon die koste moes opweeg om Hom te volg, en dit was nooit 'n maklike ding om te doen soos dit vandag geprojekteer word vanaf die altaar nie! Volgens Mostert (1999:53) is kruisopneming die ontbrekende faktor wat kort in die evangelie van: “God is liefde, genadig en vergewe sondes”.

Verder kan geen Skrifgegewens gevind word dat Jesus sy stemtoon verander het en musiek gespeel om die regte stemming te verkry tydens sy evangelisasie-bediening nie. Daar is geen Skrifgegewens wat daarop dui dat selfs één persoon tot bekering gekom tydens Jesus se bergpredikasie nie! Die Prediker van alle predikers se preke was nie daarop ingestel om massas tot valse bekering te lei nie, maar eerder daarop gemik dat

mense tot 'n ware sondebeseft kan kom en hulle dan kan bekeer van hul sondige lewe (sien Eksegese van Matt. 5 in 2.11).

Jesus se preke is dus in teenstelling met vandag waar predikers pronk oor die honderde, duisende en miljoene wat hulle harte vir Jesus gegee het (Bright, 2001; Crowder, 2011; Esterman, 2005:92; Hybels & Mittelberg, 1994:35; Hinn, 2007-2011; Lormis, 2005; Mitchell, 2005:9,177; Morgan, 2008:170; TheVoice Magazine.com, 2011; Van Rensburg, 2011), en dan daarna wonder hoekom daar geen of weinig vrug is van hierdie sogenaamde bekerings nie (Esterman, 2005:107, 120, 121, 137; Hybels & Mittelberg, 1994:43,55,200; Hybels & Wiersma, 2006:27; Malan, 2009:30; Morgan, 2008:160). Ten opsigte van haar eie kinders verstaan Morgan (2008:105) nie dat sy haar eie kinders gehelp het tot 'n valse bekering nie. Daarenteen noem sy haar kinders se valse bekerings “sincere commitments to Jesus” (Morgan, 2008:107), aangesien hulle hul harte vir Jesus gegee het, terwyl hulle ten tye van die skryf van haar boek, niks met Jesus of God uit te maak wou hê nie. As gevolg van valse bekerings, het die euwel van “opvolg of nasorg” die kerk binnegekom en is dit die bespreking van die volgende punt.

3.10.4 OPVOLG OF NASORG

Die nuwe gereddenes moet opgevolg word, en veral die eerste week na die bekering is van kritieke belang, sodat daar vrugte geskep sal word wat sal hou (Bechtel, 2006:75; Mitchell 2005:188; Esterman, 2005:120, 121; Kennedy, 1998:13). Volgens Mitchell (2005:188) was “opvolg” uiters belangrik tydens die veldtogte van Graham. Hierdie “opvolg” is alreeds twee jaar voor die aanvanklike veldtogte beplan, en hoe die kerke die nuwe bekeerlinge moes opvolg om seker te maak hulle bly in die geloof. Tydens Graham se veldtogte in Manhattan is meer as 1 700 kerke gelas met die taak van “opvolg”. Hybels en Mittelberg (1994:193) maak die stelling dat die meeste nuwe bekeerlinge net so gelos word en dan op hul eie moet oorleef. Omdat hulle nuutgebore is, kan hulle nie alleen gelos word nie, maar moet hulle gevoed word met geestelike voedsel. Hierdie “opvolg” het dan ten doel dat die nuutgebore bekeerling aangemoedig word om kerk toe te gaan. Hy word aangemoedig om sy Bybel te lees. Hy word aangemoedig om betrokke te raak by kerklike aktiwiteite. Hy word aangemoedig om

oriënteringsklasse by te woon sodat hy nie stagneer nie (Kennedy, 1998:13, 14). (In teenstelling hiermee, vergelyk Mark 4:20, Hand. 8:26-39 en veral Hand. 8:39).

Algemene probleme om hierdie opvolg te maak werk, is gewoonlik ouderdomsverskille, geslagsverskille, verskille in persoonlikheid, verskillende woongebiede, ensovoorts. Die antwoord hierop is om iemand anders te benoem wat as geestelike ouer kan sorg vir hierdie nuwe bekeerling wat nie bogenoemde probleme het nie. Hierdie persoon moet dan gewillig wees om tyd en energie te spandeer, totdat die nuwe bekeerling 'n volwaardige Christen geword het.

Wanneer die geestelike ouer nie meer die energie of tyd het vir hierdie proses nie, of daar het nog 'n nuwe geestelike “baba” bygekom, en hierdie mense dan geleidelik die opvolg staak, verdwyn die “geredde” persoon van die toneel af. Dit is die gevolg van valse bekerings en is presies wat Jesus voorspel het in Mark. 4:16, 17 (sien die bespreking in 2.19). Hulle neem Jesus met blydschap aan, maar net vir 'n tyd lank, want sodra die beloofde verdrukking kom, kan so 'n persoon dit nie meer hanteer nie. Dan klim hy van hierdie geestelike wa af, om nooit weer gesien te word nie en word hy ook verhard teen die Blye Boodskap, Christenskap en God.

In teenstelling met die evangelistiese “opvolg”, is dit onbybels om iemand op te volg. “Opvolg” moet nie verwar word met ware dissipelskap en die opdrag van Jesus in Matt. 28:19 nie: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; *en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het*” (kursief bygevoeg – A. Ferreira). 'n Persoon wat waarlik gered is, sal **wil** kerk toe kom, hy sal **wil** betrokke raak by kerklike aktiwiteite, hy sal **wil** sy Bybel lees, hy sal **wil** graag bid en dit sal nie nodig wees om so 'n persoon aan te moedig om meer te leer van die Jesus wat hy waarlik ontmoet het nie. Dissipelskap sal 'n voortvloeiing wees van ware redding, waar die ware geredde persoon meer en meer gevorm sal word soos Christus en meer en meer leer en geleer word wat is dit om 'n “kind van God genoem te word”. 'n Ware bekeerling het nie nodig om opgevolg te word nie; as bewys daarvan, sien Mark. 4:20 en Hand. 8:26-39.

3.11 MODERNE EVANGELISASIE-METODES

Dit is belangrik om die volgende in gedagte te hou wanneer daar na moderne evangelisasie-metodes gekyk word (Packer (1991:112):

- Dit is verregaande om te dink dat enige metode, hoe getrou ook al aan die Skrif, 'n waarborg sal wees dat enigiemand waarlik gered sal word.
- Die mens se hart is verduister bo alle dinge, daarom moet dit nie 'n verrassing wees, indien niemand tot bekering kom tydens evangelisasie-veldtogte of predikings nie.
- Die evangelis se pogings moet daarop geskoei wees om getrou te wees, en nie suksesvol nie.
- Alle hoop om vrug te sien, moet voor die deur van God se alomteenwoordige genade gelê word.

Volgens Packer (1991:117) is daar geen towerkrag in enige metodes nie, want dit is God wat die dooies laat opstaan, en nie die mens of menslike metodes nie. Aan die hand van hierdie stellings word daar nou gekyk na die moderne evangelisasie-metodes. Hierdie metodes gaan geëvalueer word om te sien of dit wel 'n ware sondebeseft kan voortbring. Vir die evaluasie van hierdie metodes, en om korrektheid te verseker, is die meeste van hierdie metodes direkte aanhalings uit die verskeie bronne, Bylae A tot Bylae G. Die navorser gee erkenning aan die feit dat al die aangehaalde Skrif in die onderstaande metodes, volgens 2 Tim. 3:16 bruikbaar is om die verlore mens tot redding te bring. Die navorser betwyfel geensins die meeste van hierdie genoemde teoloë se integriteit en ware bedoelinge om verlore sondaars vir Jesus te wen nie. Die doel van hierdie navorsing is slegs om te evalueer of genoemde metodes wel 'n ware sondebeseft kan voortbring en wat die voorvereiste is vir ware bekering. Verder het hierdie navorsing ook nie ten doel om al die ander moontlike teologiese foute uit te wys nie.

3.11.1 DIE VIER GEESTELIKE WETTE – BILL BRIGHT (Campus Crusade for Christ, Suid Afrika) (sien Bylae A)

Van hierdie Vier Geestelike wette-traktaatjie word gereken dat daar al ongeveer 1,5 biljoen gedruk is in die meeste tale wat in die wêreld gepraat word (Global Media Outreach, 2006). Die sukses (getal bekeerlinge) van hierdie traktaatjie beloop in die miljoene (Bright, 2001). Soos die naam aandui, is die hoofpunte van hierdie traktaatjie geskoei op vier wette, en dit begin met 'n vergelyking tussen natuurwette en geestelike wette. In kort is die Vier Geestelike Wette soos volg:

Net soos daar natuurwette is wat die natuur beheer, is daar ook geestelike wette wat jou verhouding tot God beheer:

- Wet 1: God het jou lief en het 'n wonderlike plan vir jou lewe.
- Wet 2: Die mens is sondig en van God geskei, daarom kan hy nie God se liefde en plan vir sy lewe ken en ervaar nie.
- Wet 3: Jesus Christus is God se enigste oplossing vir die mens se sonde. Alleen deur Hom kan jy God se liefde en plan vir jou lewe ken en ervaar.
- Wet 4: Ons moet Jesus Christus persoonlik aanneem as Verlosser en Here. Slegs dan kan ons God se liefde en plan vir ons lewens ken en ervaar.
- Die selfbeheerde lewe word voorgestel as 'n lewe waar die “self” op die troon is. Belange is onder beheer van “self”, en dit lei dikwels tot konflik en frustrasie; Christus is buitekant die lewe.
- In die Christusbeheerde lewe, is Christus op die troon. Self is onttroon, en belange word onder beheer van God geplaas en dit lei tot toenemende harmonie met God se plan vir die persoon se lewe.

Die vraag word gevra: wie moet die persoon se lewe beheer, Christus of hyself/haarself? Christus kan dan deur geloof in gebed aangeneem word en dan volg die sondaarsgebed. As die gebed die begeerte van die persoon se hart vertolk, word dit gebid en word daar dan bevestig dat, op daardie selfde oomblik, Christus, soos Hy belowe het, in die persoon se lewe sal inkom.

Ter bevestiging daarvan dat Jesus wel ingekom het, word in die lig van Op. 3:20 gevra of Jesus die persoon sal mislei as hy by die deur staan en klop en wie ook al oopmaak, dat hy sal inkom? Op grond van die betroubaarheid van God Self en die Bybel, word dan gesê dat God die ewige lewe aan elkeen skenk wat Christus aanneem (1 Joh. 5:11-13). Christus word dan gedank dat Hy in die persoon se lewe is en dat Hy nooit die persoon sal verlaat of in die steek sal laat (Heb. 13:5) of bedrieg nie. 'n Belangrike wenk word gegee om nie op gevoel staat te maak nie. Christene maak staat op die beloftes van die Bybel (God se Woord) en nie op gevoel nie. Verder het baie dinge gebeur nadat Christus as Verlosser aangeneem is: Christus het deur die Heilige Gees in die persoon se lewe ingekom, die persoon se sondes is vergewe, hy/sy het 'n kind van God geword, hy/sy het die ewige lewe ontvang en die persoon begin om God se liefde en plan vir sy/haar lewe te ken en te ervaar.

God word dan gedank in gebed vir wat Hy gedoen het. Om God te dank is alreeds 'n daad van geloof en om die nuwe lewe tot die uiterste te geniet, word die volgende wenke vir geestelike groei voorgestel: Die persoon moet daaglik bid, elke dag sy/haar Bybel lees, gehoorsaam wees aan wat God leer in sy Woord, getuig van wat Christus vir hom/haar gedoen het, God moet vertrou word met elke aspek van die lewe, hy/sy moet sy/haar lewe onder beheer van die Heilige Gees bring en Christelike samesyn mag nie afgeskeep word nie.

- **Gevolgtrekking**

Die Vier Geestelike Wette begin met die stelling “God het jou lief en het 'n wonderlike plan vir jou lewe”, en dan word daar na God se liefde verwys in (Joh. 3:16). God se wonderlike plan is dat die mense lewe kan hê, en dit in oorvloed (Joh. 10:10). Die meeste mense ervaar nie 'n oorvloedige lewe nie, omdat die mens sondig is en van God geskei, en daarom kan hy nie God se liefde en plan vir sy lewe ken en ervaar nie.

Op hierdie punt word daar wel melding gemaak van sonde, maar dit is betekenisloos vir die sondaar, omdat sondaars eerstens nie weet wat is sonde

nie, en omdat daar geen heilige standaard aan hulle voorgehou word waarteen hulle hul self kan meet nie. Hulle enigste verwysing is die “groot” sondaars soos moordenaars en verkragters wat in die tronke sit, en daarom is hulle sonde in hulle eie oë nie so erg nie.

Hierna word die sondaar vertel dat die loon van die sonde die dood is (Rom. 6:23), wat ook absoluut waar is. Dan word daar aan die sondaar gevra dat hy sy posisie as sondaar moet aanvaar en ook aanvaar dat die straf van die sonde die dood is, en dat as hy nou te sterwe kom, hy op sy eie erkenning die ewigheid in die hel sal deurbring. Hierdie is alles feite, maar hier is meer as net feite nodig, omdat verandering van hart (denke) moet plaasvind ten opsigte van die geestelike kant ook. 'n Diepgaande hartsoortuiging van 'n ware sondebeseft is nodig voordat die sondaar ware bekering sal maak (Keener, 2010).

'n Sondaar moet geestelik ook oortuig word van sonde en so 'n persoon se hart moet letterlik gekrenk word met 'n goddelike berou oor sy sonde. Bekering tot God van hierdie sonde moet 'n letterlike haat ten opsigte van persoonlike sonde in so 'n persoon veroorsaak, alvorens so 'n persoon werklik na Christus sal kom (Luk. 13:5) (sien eksegeese van Matt. 5 in 2.11). Om hierdie rede is die Wet van God gegee, sodat sonde as uitermatig sondig uitgewys kan word, en sodat die mens dan oortuig kan word van hierdie enorme skuld wat sonde veroorsaak.

“Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees; aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregtig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde” (Rom. 3:19-20). Kennis van sonde is nie genoeg nie, daar moet 'n geestelike oortuiging en berou oor sondes ook wees.

Wanneer die sondaar dan daarvan “oortuig” is dat hy sondaar is volgens die Skrif, *(in die meeste gevalle word daar selfs ontken dat hulle sondaars is, want hulle vergelykingsbasis is ander mense soos verkragters, moordenaars,*

ensovoorts, en hulle is darem nie so erg soos daardie genoemdes nie), dan is die keuse wat voorgehou word: “Wil u graag die gawe van die Ewige Lewe ontvang?” Volgens Keener (2010) neem hierdie vraag geen geestelike bekommernis, inkering, oortuiging, geloof of wat ook al in ag nie, om dan die verstandelike besluit te kan maak dat daar tog dalk ’n hemel en ’n hel kan wees, en dan ’n besluit daarvolgens te neem nie. Wie sal in sy regdenkende verstand dan die hel kies? Die keuse is dan feitlik 100% altyd die keuse vir die hemel.

Dit is op hierdie punt waar die Vier Geestelike Wette die pad heeltemal byster geraak het ten opsigte van die waarhede in die Skrif rondom die evangelie en ware bekerings. Hier word nou ’n onbetaamlike metode aan die dag gelê om letterlik ’n strikvraag te vra, sodat die onbekeerde dief, godslasteraar, afgodsdienaar, dronkaard, egbreker, ensovoorts, altyd die hemel sal kies. Dit is ’n natuurlike keuse, en nie ’n keuse van ’n bekeerde hart nie (Keener, 2010). Waar is ware sonde-oortuiging teenwoordig in hierdie metode?

Volgens Joh. 16:8 is dit die Gees van God wat van sonde oortuig en nie die mens nie (Sien punt 2.7). Dit is absoluut waar dat dit die Heilige Gees se werk is om te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, maar as die oortuiging van sonde uitsluitlik dan oorgelaat word aan die Heilige Gees, sonder om die uitermatige sondigheid van sonde te preek soos Paulus gesê het in Hand. 20:21, moet prediking oor geloof tot Jesus Christus streng gesproke nie ook dan gelaat word vir die Heilige Gees nie? (Keener, 2010). Dit is juis hierdie punt van die prediking oor die uitermatige sondigheid van sonde, wat ware sondebesef voortbring, wat die moderne predikers oor die hoof sien, om net nog hierdie volgende een, honderd, duisend of miljoen bekeerlinge op sy kerfstok te kan plaas.

Baie duidelik kan daar gesien word dat GEEN ware sonde-oortuiging deel uitmaak van die Vier Geestelike Wette metode nie, en dat hierdie metode daarop geskoei is om mense ’n wonderlike lewe te bied. Dit is duidelik dat hierdie metode valse bekerings vorendag sal bring.

3.11.2 EEIII (EVANGELISM EXPLOSION III) – DR. JAMES KENNEDY (Kennedy, 1998:16, 17) (sien Bylae B)

Volgens Kennedy (1998:xi) is die doel van EE III om hulp te verleen aan kerke, leraars en lidmate, sodat leke kan leer om doeltreffende persoonlike evangelisasie te kan doen, en daardeur weer, dat dié wat geleer is, ander kan leer om dieselfde te doen. Volgens Kennedy (1998:11) moet die Blye Boodskap nóg apologeties, nóg verdedigend, nóg negatief aangebied word. Hierdie benadering vorm dan 'n eenvoudige positiewe benadering tot die boodskap. Hierdeur word Christene geleer om die evangelie verstaanbaar, kragtig en interessant oor te dra en bestaan hierdie metode uit vier hoofdele. In kort is die EE III-aanbieding soos volg:

Die eerste deel staan bekend as die “inleiding”. Daar word voor die tyd 'n afspraak gereël met 'n persoon, of die evangelie word ook op die beginsel van deur tot deur verkondig, waar geklop word en dan begin die proses as hierdie persone hulle wel toelaat om die huis binne te kom. Die gesprek begin met die teiken (sondaars / mense) en dan word daar eers gepraat oor hulle sekulêre lewe en geleidelik word daar oorbeweeg na hulle kerklike agtergrond. Teen daardie agtergrond praat die getuies dan oor hulle eie kerk, en word daar dan 'n persoonlike getuienis gelewer. Die volgende punt op die agenda, is die vra van die twee baie belangrike diagnostiese vrae: (1) Het u in u geestelike lewe op die plek gekom waar u met sekerheid kan weet dat indien u vandag te sterwe kom, u hemel toe sal gaan? (2) Veronderstel u kom vandag te sterwe en u staan voor God en Hy vra aan u: “Waarom moet Ek jou in my hemel toelaat?” Die persoon word dan gevra wat sy/haar antwoord sal wees.

Hierdie is dan die oorgang na die tweede deel van die metode en staan bekend as die “Evangelie (die Blye Boodskap)”. Daar word aan die persoon verduidelik deur genade is die hemel (Ewige Lewe) 'n vrye gawe en dit word nie verdien of verwerf nie. Die mens is 'n sondaar en kan homself nie red nie. Daarom is God genadig en wil Hy die mens nie straf nie, maar Hy is regverdig – daarom moet Hy sonde straf. Hierna word daar van Jesus vertel, en wie Hy is, dat Hy die ewige God is wat mens geword het en wat Hy gedoen het. Hy het die straf vir die mens se sondes op Hom geneem en daardeur vir die mens 'n plek in die hemel verdien wat Hy as geskenk aanbied. Hierna word geloof

verduidelik; dat dit nie net 'n blote intellektuele instemming is wat tydelik van aard nie is nie, maar dat dit wel vertrouwe is op Jesus Christus alleen, vir die mens se saligheid.

Hierna word daar oorgaan na deel drie, wat die “oorgawe / geloofsbeslissing” is en word die kwalifiserende vraag gevra. Die beslissingsvraag word dan gevra, naamlik of hierdie persoon graag die gawe van die Ewige Lewe wil ontvang. Op hierdie punt word die oorgawe verduidelik en wat dit behels. Daarna word die gebed van oorgawe / beslissing (sondaarsgebed) gebid en na die gebed word aan die persoon bevestig dat hy/sy wel gered is en word die sekerheid van saligheid verduidelik.

Deel vier van hierdie metode is die “onmiddellike nasorg / opvolg”, wat moet volg sodat hierdie nuwe bekeerling nie koud word nie. Daar word onmiddellik 'n sewende-dag-opvolg-afspraak gereël, wat volgens Kennedy (1998:17) Bybels is. Die persoon word aangemoedig om te bid, en word gevra om 'n kerk te besoek, want die gemeenskap van die heiliges mag nie verontagsaam word nie. Ten laaste word die persoon aangemoedig om 'n getuie te wees van wat met hom/haar gebeur het, deur ander van Jesus te vertel.

- **Gevolgtrekking:**

Paulus het dit duidelik gemaak dat sonder die wet het hy geen kennis van sonde gehad nie (Rom. 7:7). Waar die wet nie gebruik word vir sonde oortuiging nie, kan daar geen sondebewustheid wees nie. Dus, net soos die Vier Geestelike wette, is hierdie metode ook daarop gebaseer om die ewige lewe in die hemel as vrye gawe te verkry en geen ware sonde-oortuiging is ook gebruik in hierdie metode nie (sien die gevolgtrekking van 3.11.1).

3.11.3 CONTAGIOUS CHRISTIAN – HYBELS & MITTELBERG (Hybels & Mittelberg, 1994:39-50, 149-164)

In die metode van Hybels en Mittelberg word daar hoofsaaklik gekonsentreer rondom 'n formule, $HP + CP + CC = MI$, om die evangelie uit te dra. Hierdie formule behels die metode van werking om 'n effektiewe Christen te wees, wat aansteeklik is met die uitdra

van die evangelie. Hybels en Mittelberg (1994:47) verduidelik die betekenis van hierdie formule soos volg:

“HP/high potency + CP/close proximity + CC/clear communication = MI/maximum impact”

Ten einde die doel (*Maximum impact*), te bereik, word sekere illustrasies gebruik om die evangelie-boodskap oor te bring. Die hoof-illustrasie wat voorgestel word, is basies dieselfde as die Vier Geestelike Wette, en word ook verduidelik as die “brug-metode” (sien Bylae C).

Die “brug-metode” is kortliks die volgende: God is baie lief vir die mens en gee daarom om vir die mens. Hy het die mens gemaak, en wil daarom ’n verhouding met die mens hê. Maar die mens het gerebelleer teen God, aktief en passief, en alle mense is ongehoorsaam aan God. Hierdie sondes van die mens het skeiding gemaak tussen God en die mens, en het die verhouding tussen God en mens afgebreek. Tot en met ’n sekere mate is die mens bewus van hierdie skeiding, en daarom probeer die mens uit sy eie (deur barmhartigheid, kerk toe gaan, geld vir die armes, betaling van belasting) om na God en die verhouding met God, terug te keer. Daar is niks verkeerd met hierdie pogings op sigself nie, maar die Bybel maak dit baie duidelik dat niks wat die mens doen, hierdie gebroke verhouding kan herstel nie, en sodoende kan God se vergifnis nie verdien word nie. Die sondes wat die mens gedoen het, moet gestraf word, en die straf daarvoor is die dood, wat ’n fisiese dood, sowel as ’n geestelike skeiding van God behels, vir ewig, in ’n plek wat die hel genoem word.

Die goeie nuus is dat die mens belangrik is vir God en dat God omgee vir die mens. Dit is ’n feit dat God so lief is vir die mens, dat Hy iets gedoen het wat geen mens self kan doen nie. God het ’n brug voorsien wat vergifnis van sonde behels en die skeiding tussen Hom en die mens weer herstel. Hierdie brug is gebou deurdat God Self aarde toe gekom het as mens (Jesus Christus), tussen mense gelewe het, en toe gekruisig is om die mens se straf vir sondes te dra.

Hierdie is die sentrale boodskap van die Bybel, en wat God wil hê elke mens moet verstaan. Maar dit is egter nie genoeg net om kennis hiervan te dra en om net daarmee saam te stem nie. God wil hê die mens moet oorbeweeg na Hom toe. Die mens moet aksie neem. Dit is alleen moontlik om nederig te erken dat die mens teen God gerebelleer het, en dat die mens God se vergifnis en leierskap nodig het. Die eenvoudige feit van vertroue en gehoorsaamheid, beteken dat die mens se sonde vergewe word, en sy skuld betaal word. Die mens se verhouding met God is dan nou in ere herstel, en die mens word in God se familie opgeneem as seun of dogter.

- **Gevolgtrekking**

Hierdie brug-metode is gebaseer op die herstel van die gebroke verhouding tussen God en mens. Dit volg verder dieselfde beginsels as die Vier Geestelike Wette en dit is duidelik dat geen ware sonde-oortuiging moontlik is in hierdie metode nie (sien die gevolgtrekking van 3.11.1).

3.11.4 EMERGING EVANGELISM – JOHN FINNEY (Finney, 2004:156-160) (sien Bylae D)

Die metode wat Finney hier voorstel, behels baie duidelik ook geen ware sondebeseft nie en as voorbeeld word God as Skepper voorgedra, met die uitnodiging om Hom met danksegging te aanbid. Nog vele ander temas van God word voorgedra, maar die hoofpunt is dat die aanhoorder moet kan aanklank vind by 'n tema en dan 'n besluit rondom die spesifieke tema moet maak. Finney se metode behels vyf hoofpunte en is kortliks die volgende, met die gebruik van die tema as “God die Skepper”:

Ten eerste is die doel om die skeppende energie van God oor te dra, sodat die mense tot Hom kan neerbuig en aanbid. Tweedens word die lering verduidelik, en as voorbeeld word Psalm 95 gebruik as Skrifgedeelte. Ps. 95:3-5 verduidelik die wonder van die skepping en kan uitgebrei word. Die “Big-Bang” moet beklemtoon word, wat dan uitvloei na die pragtige berge en valleie, ensovoorts. Die hardheid van die natuurlike wêreld moet dan hier ingebring word, saam met die lyding wat orals is. Aan die hand van Christus se lyding moet dit dan uitgebrei word, maar die klem moet val op danksegging. Derdens is die illustrasie. Dit behels dat die gehoor gevra word dat hulle

moet vertel wat hulle raak in die wêreld om hulle, byvoorbeeld die sterreprag, sonsondergang, ensovoorts. Vierdens is daar die uitnodiging. Hier word verduidelik dat die hele Psalm 'n uitnodiging is om te sing, om te aanbid en om neer te buig. 'n Uitnodiging om te kniel sal van pas wees hier. Ten laaste is die gebed. Die gebed wat gebid moet word, moet 'n verbintenis wees om die mens se lewe te verbind met die Lewe van alles, en om herskep te word deur die Skepper.

- **Gevolgtrekking:**

Soos al die genoemde metodes in dié navorsing, is ook hierdie metode van Finney geensins daarop gebaseer om op enige manier sonde-oortuiging te kan teweegbring nie. Daar word nêrens eers van die woord “sonde” melding gemaak nie. Sy aanvoerrede dat die moderne mens nie meer oor sonde praat nie en dat dit nie meer belangrik is nie (sien 3.7.4), word duidelik waargeneem. Dit is baie duidelik dat geen sonde-oortuiging moontlik is in hierdie metode nie.

3.11.5 ROMAN ROAD – (Roman Road – Path to Salvation, 2011) (sien Bylae E)

Volgens Hybels en Mittelberg (1994:160) is die “Roman Road” een van die mees effektiewe illustrasies vir mense wat die evangelie-boodskap gehoor het, maar nodig het om dit wit op swart te sien, reg uit die Bybel uit. Die “Roman Road” is 'n evangelie-metode wat gebaseer is op sekere Skrifgedeeltes uit die boek Romeine en word gesien as 'n definitiewe pad na Christus toe. Alhoewel baie mense glo hulle gaan hemel toe as gevolg van die feit dat hulle gereeld kerk toe gaan, gedoop is, barmhartigheid gedoen het en ander mense met respek behandel het, is die Bybel duidelik daarvoor dat niemand kan lewe volgens God se standaard van regverdigheid nie. Daarom het die mens 'n pad na God nodig wat nie gebaseer is op enigiets wat die mens doen nie, maar totaal en al slegs op genade berus. Hierdie is die kaart om te volg en die “Romeinse Pad” is 'n gedetailleerde kaart vir die redding van die mens en gemeenskap met God. Die sondaar word dus aangeraai om hierdie stappe te volg:

Ten eerste moet die mens erken dat God die Skepper is van alles, en in nederigheid moet die mens sy plek en doel in die skepping aanvaar volgens Rom. 1:20-21. Ten tweede moet die mens besef dat hulle sondaars is en vergifnis nodig het en dit hulle

ontbreek aan die heerlikheid van God (Rom. 3:23). Derdens het God 'n weg gebaan vir die mens se sondes. Volgens Rom. 5:8 het God hierin sy liefde vir die mens bewys deur lewe te skenk aan die sondaar deur sy eie Seun, Jesus Christus, se lewe te neem. Vierdens word dit genoem dat as die mens besluit om 'n sondaar te bly, hy sal sterwe. Maar as die sondaar hom bekeer van sy sondes, Jesus Christus aanneem as Verlosser en Saligmaker, sal die ewige lewe verkry word (Rom. 6:23). In die vyfde plek, as die sondaar dan bely met sy mond dat Jesus Christus die Here is, en met die hart glo hy dat God Jesus uit die dood opgewek het, dan sal hy gered word, volgens Rom. 10:9-10.

In die sesde plek word dit duidelik gemaak dat daar geen ander rituele of formules is nie. Christus moet net aangeroep word, dan sal so 'n persoon gered word (Rom. 10:13). In die sewende plek moet die sondaar volgens Rom. 11:36 'n besluit in sy hart maak om Christus sy Heer en Meester te maak. Op hierdie stadium word die sondaar dan gevra of hy/sy reg is om die grootse besluit van sy/haar lewe te neem. Daar word ook gevra of hy/sy reg is om God se geskenk van redding te aanvaar.

Indien die respons positief is, dat Christus gesterf het vir hom/haar aan die kruis, word van die sondaar verwag om tot inkeer te kom oor sy sondes, en dan om sy/haar lewe te verbind met Jesus. Dit word bewerkstellig deur die sondaarsgebed te doen. Hierna word genoem dat die nuwe bekeerling die Heilige Gees ontvang het, volgens Hand. 2:28. Die nuwe bekeerling word dan verwelkom in die familie van God en sekere Bybelse vereistes word voorgehou wat nagekom moet word. Die volgende stap is die doop, om te getuig teenoor ander mense wat gebeur het, tyd met God te spandeer deur elke dag Bybel te lees en God te vra om geloof en kennis te versterk en om te verstaan wat die Bybel alles leer. Ten laaste word die nuwe bekeerling gevra om nie die samekoms van gelowiges te verontagsaam nie, en gereeld 'n kerk te besoek, waar ingeligte mense vrae gevra kan word wat mag opduik, en hulle dit ook sal kan beantwoord.

- **Gevolgtrekking:**

Net soos die Vier Geestelike Wette, is hierdie “Roman Road”– metode gebaseer op dieselfde beginsels. Dit is duidelik dat geen ware sonde-oortuiging moontlik is in hierdie metode nie (sien die gevolgtrekking van 3.11.1).

3.11.6 STEPS TO PEACE WITH GOD – BILLY GRAHAM (Mitchell, 2005:196)

Billy Graham se “Steps to peace with God” volg basies dieselfde aanslag as die Vier Geestelike Wette, asook dié van die ander bogenoemde metodes, maar dit begin met die meedeling dat God ’n plan met die mens se lewe het sodat hy vrede en lewe kan hê. Dit is die eerste van ses stappe in sy metode van evangelisering.

Die eerste stap is om die sondaar bewus te maak van die plan wat God met die mens het, en hierdie plan behels vrede en lewe. God het die mens so lief dat Hy graag wil hê dat die mens vrede en liefde moet ervaar (Joh. 3:16). Tweedens is die mens ’n sondaar en kan die mens homself nie red nie, volgens Rom. 3:23. Derdens moet die persoon reageer op die oplossing wat God gegee het, en dit is die kruisiging van Jesus. God het sy enigste Seun gestuur om die gaping tussen sondaar en God te vul (Rom. 5:8). In die vierde plek word verwag dat die sondaar dan God se Seun moet ontvang as Heer en Meester. Die gaping tussen God en sondaars sal oorbrug word en die mense sal deel word van God se familie die oomblik wanneer die sondaars vir Jesus vra om in hul lewens in te kom (Joh. 1:12). Die vyfde stap is die uitnodiging wat vra dat die sondaar hom moet bekeer en sy rug moet draai op sondes, en deur geloof word Jesus dan ontvang in die hart en lewe van die mens. Hierdie nuwe bekeerling moet Jesus dan volg in gehoorsaamheid as Heer en Meester. Die sesde stap is die sondaarsgebed wat bevestig dat die sondaar se lewe aan Jesus verbind word.

- **Gevolgtrekking:**

Net soos die Vier Geestelike Wette is hierdie metode ook daarop gebaseer om vrede en lewe te verkry en geen ware sonde-oortuiging is ook gebruik in hierdie metode nie (sien die gevolgtrekking van 3.11.1).

3.11.7 GEVOLGTREKKING VAN BOGENOEMDE HEDENDAAGSE EVANGELISASIE-METODES

Bogenoemde metodes is baie effektief om 'n "besluit vir Jesus", "gee jou hart vir Jesus" of "verbind my tot Jesus" te bewerkstellig, maar in die meeste gevalle is dit 'n ondoeltreffende gebruik van die Skrif om 'n sondaar tot 'n ware sondebeseft te bring wat ware bekering sal bewerkstellig deur geloof in Jesus Christus (vergelyk die sewe gevolgtrekkings van 3.11.1. tot 3.11.6).

Die meeste van die moderne evangeliese metodes wat hierbo bespreek is, se tweede stap is om te begin met Rom. 3:23: "almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God". Hierdie openbaring is absoluut waar, en die sondaar word gevra om te erken dat hy 'n sondaar is soos alle ander mense. Vervolgens word die sondaar dan vertel dat die loon van die sonde die dood is volgens Rom. 6:23. Die persoon word dan gevra dat hy sy posisie as sondaar moet aanvaar en ook dat die straf van die sonde die dood is. Daar word aan die sondaar voorgehou dat as hy nou te sterwe sou kom, hy op sy eie erkenning die ewigheid in die hel sal deurbring. Alhoewel hierdie stappe alles goed en reg is, is veel meer nodig om ware bekering te bewerkstellig. 'n Definitiewe geestelike verandering en 'n diepe hartsoortuiging van ware sondebeseft is noodsaaklik, voordat die sondaar ware bekering sal smaak.

Die Wet van God is gegee waardeur sonde as uitermatig **sondig** uitgewys word, sodat die mens oortuig kan word van die enorme skuld wat sonde veroorsaak "aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregtig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde" (Rom. 3:20). Blote kennis van sonde is nie genoeg nie, daar moet 'n geestelike oortuiging en diepe sondeberou ook wees om ware bekering moontlik te maak.

Wanneer die persoon volgens die moderne evangeliese metodes daarvan oortuig word dat hy dalk 'n sondaar is volgens die Skrif, word hy voor die volgende keuse gestel: "Wil u graag die gawe van die ewige lewe ontvang?" Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie vraag géén geestelike bevestiging, bekering, oortuiging, geloof of enigets verder in ag neem nie, maar slegs 'n intellektuele besluit dat daar dalk tog 'n hemel en 'n

hel kan wees. Om hierna 'n keuse te maak tussen die hemel en hel, is baie maklik... watter regdenkende persoon sal die hel bo die hemel kies?

Die moderne evangelis, met sy moderne metodes, ignoreer dus op hierdie punt die waarhede in die Skrif rondom die evangelie en ware bekerings. Deur die logiese opeenvolging van stappe in al die verskillende evangeliese metodes, word die onbekeerde sondaar 'n strikvraag gevra waarop hy altyd die hemel sal kies. Dit is bloot die natuurlike keuse, en nie die keuse van 'n waarlik bekeerde hart nie.

Die navorser kan op grond van die studie van genoemde evangeliese metodes, die gevolgtrekking maak dat ware sonde-oortuiging geen rol speel in hierdie metodes nie. Kritici kan egter daarby volstaan dat dit nie die mens nie, maar die Heilige Gees se werk is om van sonde, geregtigheid en oordeel te oortuig (Joh. 16:8). Maar weereens as die oortuiging van sonde dan uitsluitlik oorgelaat word aan die Heilige Gees, sonder om die uitermatige sondigheid van sonde te preek (Hand. 20:21), moet prediking oor geloof tot Jesus Christus streng gesproke nie ook dan gelos word vir die Heilige Gees nie? Dit is juis hierdie punt van ware sondebeseft wat die moderne predikers oor die hoof sien, om net nog 'n volgende bekeerling op sy kerfstok te kan kry.

Hiervolgens, as dit moontlik was, as al die totale van bekerings wat as statistieke opgegee word in boeke, tydskrifte, sendingsverslae, internet-webblaaie, ensovoorts, bymekaar getel kon word, dan sou dit blyk dat die hele wêreld al 'n paar keer gered moes wees! Dit is juis met hierdie groot getalle waar die moderne evangelis Jesus Christus tot leuenaar uitmaak, want Jesus het gesê: “Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, *en daar is baie wat daardeur ingaan*. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en *daar is min wat dit vind*” (Matt. 7:13,14, my kursivering).

3.12 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 3

Uit die voorafgaande hoofstuk kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die eerste, letterlike betekenis van Jes. 4:1 is dat God se oordeel oor die volk die meeste manne sal uitwis en dat die volk in ballingskap weggevoer sal word. Die ryk vroue wat gedeel het aan die uitbuiting van die armes, se koppe gaan kaalgeskeer word, en ook gaan hulle hul mans aan die dood afstaan. Hulle sal gebrandmerk word as slawe. Die bevolking gaan 'n groot tekort hê aan mans, wat tot gevolg sal hê dat sewe vroue met een man sal wil trou. Dit was ongehoord en 'n skande om nie getroud te wees nie en kinders was basies 'n vereiste van die getroude lewe.
- Die tweede betekenis van Jes. 4:1 het betrekking op die moderne tyd. Hiervolgens sal mense regoor die wêreld hulself Christene noem, maar dit sal gebaseer word op hul eie leerstellings en eie interpretasie van geregtigheid wat die wette van God ignoreer om meer aanvaarbaar te wees vir die massas. Soveel as moontlik van die wêreld se agenda word geabsorbeer en geïnkorporeer in hul godsdienste, terwyl hulle hulself steeds Christene noem. Hulle wil eerder Christene genoem word, omdat hulle skaam is om as heidene beskou te word. In hierdie moderne Christendom word negatiewe sake soos sonde, oordeel en die hel geïgnoreer, en slegs gekonsentreer op God se positiewe attribute van liefde en genade.
- Volgens die moderne evangelie se siening van sonde en redding, het sondeprediking geen impak vandag meer nie, omdat mense verhard geword het teen die evangelie. Die moderne evangelie of prediker glo dat mense niks daarby baat om te hoor van sonde nie, omdat hulle oor die algemeen dink hulle is goed en daarom het hulle geen begeerte om vergewe te word nie. Die begrippe “sondaar” en “sonde” speel bykans geen rol meer in die moderne samelewing nie en is irrelevant. Om sonde te preek ontloot 'n baie negatiewe reaksie by post-moderne mense wat dit sien as 'n persoonlike aanval teen hul integriteit en gevolglik die prediker sowel as sy boodskap verwerp. Die Goddelike element van sondeberou is nie eers teenwoordig in moderne “Christene” se bekering nie. Volgens die moderne evangelie het die gelowige geen wet nodig om vir hom te

vertel wat sonde is nie, aangesien sonde nie meer die oortreding van die wet is nie, want die wet is nie meer van toepassing nie. Daar is slegs twee wette wat vandag nog van toepassing is, naamlik die wet van die liefde vir God en die wet van die liefde vir die mens se naaste. Die moderne mens het genoeg gehad van kerke wat gebaseer is op antieke wette, wat God onakkuraat voorstel as iemand wat hard, kwaad en ongenadig is. God se Wet is verouderd en absoluut, want die Wet is foutief en God Self het fout gevind in sy Wet. Verder is die moderne samelewing negatief ingestel rondom Christene en die kerk, maar tog respekteer hulle Jesus en vind groot aanklank by Hom. Sommiges voel dat Christene minagtend en disrespekvol optree teenoor ander gelowe wanneer hulle sê dat hul geloof “die enigste ware geloof” is. Volgens hulle is daar vandag meer kerke nodig wat net vol is van Jesus.

- Die Blye Boodskap, volgens die oorgrote meerderheid moderne predikers en evangeliste wat harmatologie afskeep of geensins behandel nie, is nie ’n “skuldgevoel”- gebaseerde metode nie, maar eerder ’n metode om vriende aan mekaar voor te stel. Die “Goeie Nuus” is dat die mense se sonde vergewe is, en dit word aan die sondaar oorgelaat om te besluit wat reg en verkeerd is. Die sentrale middelpunt van die Blye Boodskap is dat Christus in die mens se plek gesterf het as sy plaasvervanger, maar ook vir die mens se siektes en armoede. Dit is die duiwel wat die mens siek en arm wil hê. Verder ontbreek die moderne evangelie aan die feit dat die gelowige ook die kruis moet opneem en Jesus volg.
- Die woord “bekering” is in die moderne kerk vervang met begrippe soos: “’n besluit vir Jesus”, “my lewe toewy aan Jesus”, “ek verbind my met Jesus”, “my hart gee vir Jesus”, en ander. Wanneer ’n persoon sy/haar hart vir Jesus gegee het, verstaan hulle nog nie wat is verlossing nie, maar hulle het wel gereageer op God se uitnodiging. Elke mens het ’n wil van sy eie en daarom berus die keuse slegs by elke individu. God forseer niemand nie en hou ook niks teen enigiemand nie. Hy het alreeds alles gedoen om die mens te help toe Hy Jesus aarde toe gestuur het. Bekering vind gewoonlik plaas oor ’n baie lang tydperk, alhoewel dit ook baie vinnig kan gebeur. Dit word nie meer gesien as ’n skielike proses waar die sondaar van die staat van ongered, skielik oorbeweeg na die staat van gered toe nie. Mense word nie meer voorgeskryf oor **hoe** om by God

uit te kom nie, want navorsing bewys dat die “nou poort” baie verskillende paaie het wat soontoe lei. Bekering is wanneer God die persoon baie hard druk, dat so 'n persoon sy gedagtes moet verander. Dit gee as't ware 'n stoeigeveg af tussen God en die sondaar, totdat so 'n persoon erken: “O God u is reg en ek is verkeerd”. Bekering vind dus plaas wanneer 'n persoon sy eie selfregverdiging opgee om te erken dat hy verkeerd is. Bekering is ook wanneer mense lankal Christene is, maar dit nie eers weet nie. Jesus het die vereistes van die wet vervul, nou hoef die mens nie meer die vereistes van die wet na te kom om gered te word nie.

- Die reuse getal suksesresultate van bekerings volgens moderne metodes, word selfs deur sommige moderne predikers as 'n oordrywing beskou. Hulle sien massa-evangelisasie-veldtogte as oneffektief. Ten spyte daarvan, is daar nog steeds evangeliste en predikers wat dit doen en hul resultate beloop miljoene tydens evangelisasie-veldtogte. Hierdie massa-bekerings word gedryf deur die idee dat dit die grootste beloning is wat God 'n evangelis kan gee, naamlik om te sien hoe 'n sondaar tot bekering kom. Hierdie drang na of smagting om te sien hoe sondaars tot bekering kom en om dan die getalle te kan noem en op sy kerfstok te plaas, is seker die grootste dryfveer vir die huidige evangelisasie-metodes. Getalle van die “besluite vir Jesus” het die plek geneem van ware sondebeseft en bekerings; getalle is die hoofagenda op sendingvergaderings.
- Die oorgrote meerderheid van moderne predikers en evangeliste is voorstanders van altaaroprope en beskou altaaroprope absoluut as Bybels om ongeredde mense met God te verenig. Goeie, kragtige boodskappe sal mense so diep raak, dat so 'n persoon alreeds 'n besluit gemaak het om Jesus aan te neem, nog lank voor die altaaroproep gemaak is. Die altaaroproep begin die oomblik wanneer die evangelis na die mikrofoon toe kom. Hierdie boodskappe moet die lanseerstrook wees vir die opbou van die altaaroproep. Die manier en metode van preek wat gelewer word, en die stemtoon wat gebruik word, is van uiterste belang. Daar moet nooit gejaag word nie, want mense het tyd nodig om vertroue op te bou om te reageer op die altaaroproep. Altaaroprope is net daar om nuwe bekeerlinge te maak, en nie om vir afgekoelde Christene 'n nuwe verbintenis met Jesus te maak nie. Verdere speel emosies 'n baie groot rol tydens altaaroprope.

Wanneer trane dan vloei, is dit nie noodwendig van sondeberou nie, maar van die intense liefde van God wat ervaar word tydens so 'n altaaroproep. Hierdie opgesweepte, romantiese voorstelling van die Christenlewe en die getuienisse wat gegee word, is Bybels onverantwoordelik, want dit gee 'n valse prentjie van wat 'n Christen werklik is. Hiermee tesame is die lang, uitgerekte altaarproepe, wat met emosiebelaaide musiek aangevuur word, die resep vir “valse bekerings”, want dit dra geen vrug van ware sondebeseft en bekering nie. Hierdie metodes is niks anders as 'n onbetaamlike manier om groot getalle bekerings te kry nie, want op die ou einde sal hierdie nuwe “bekeerlinge” wegval en verhard word teen die evangelie.

- Die klimaks van die altaaroproep is die “sondaarsgebed” of “bekeringsgebed”. Afgesien van die feit dat basies geen ware sonde-erkenning bestaan tydens die moderne bekering nie, word dit die “sondaarsgebed” genoem. Hierdie gebed word selde, indien ooit, deur die nuwe bekeerling self gebid, en word meestal voorgedaan deur die prediker of evangelis. Omdat die nuwe bekeerling skaam is, word daar net van hulle verwag om hul hand op te steek, om op te staan of met die kop te knik, en dan word daar vir hulle gebid. Die oorsprong van die sondaarsgebed lê in Rom. 10:9-10. Hierdie teksvers van Rom. 10:9,13 word egter uit konteks gebruik, want deur die Skrif is dit duidelik dat nie almal wat bid, gered word nie (vergelyk die Fariseër en die tollenaar). Dit is ook duidelik dat wanneer mense opreg bid en bedoel wat hulle bid, dit nie redding kan teweegbring nie. Die sondaar se belydenis moet dus uit geloof in die hart spruit, waardeur hy dan alreeds gered is deur genade. Dit is dus belydenis tot redding (Rom. 10:10) en nie 'n handeling van 'n sondaarsgebed wat redding bewerk nie! By die moderne bekeerling word die vertroue egter in die gebed geplaas vir redding, en nie in Jesus Christus nie. As hierdie bekeerling “bedoel” het wat hy/sy gebid het, word hy gered verklaar. Hy word dan die versekering gegee dat ware redding werklik plaasgevind het en dat niemand so 'n persoon uit die hand van God kan ruk nie. Om hierdie rede is dit baie moeilik om bestaande “Christene” sover te kry om daagliks hulle geloof te toets. Verder mag hy ook nie die sogenaamde redding betwyfel nie, want dit is net Satan wat hom lastig val.

- In die konteks van wanneer Jesus gesê het dat mense hom moes volg, is dit geensins vergelykbaar met moderne altaaroprope nie. Jesus het altyd wanneer iemand Hom gevra het wat gedoen moet word om gered te word, die wet vir die trotse gegee en genade vir die persone wat weet dat hulle verlore is. Jesus se oproep om hom te volg het altyd 'n kosteberekening ingehou en dit was nooit 'n maklike ding om te doen, soos dit geprojekteer word vanaf die altaar nie! Kruisopneming is die ontbrekende faktor wat kort in die moderne evangelie van "God is liefde, genadig en vergewe sondes". Geen skrifgegewens bestaan wat daarop dui dat Jesus sy stemtoon verander het en musiek gespeel het om die regte stemming te verkry tydens sy evangelisasie-bediening nie. Daar is ook geen skrifgegewens wat getuig dat selfs een enkele persoon tot bekering gekom het tydens Jesus se bergpredikasie nie. Jesus was nie daarop ingestel om massas tot valse bekering te lei nie. Inteendeel, Hy het daarop gefokus dat mense tot 'n ware sondebeseft kan kom en hulle dan kan bekeer van hul sondige lewe. Jesus se bediening is in sterk kontras met vandag se predikers wat pronk oor die honderde, duisende en miljoene wat hulle harte vir Jesus gegee het. Hierdie einste predikers wonder dan hoekom daar geen of weinig vrug is van hierdie sogenaamde bekerings nie. Sommige moderne evangeliste getuig self dat hul kinders niks met God en Jesus te doen wil hê nie, alhoewel hulle hul harte vir Jesus gegee het. Die euwel van "opvolg of nasorg" het die kerk binnegekom as gevolg van valse bekerings.
- Die nuwe geredde persone moet opgevolg word, en veral die eerste week na die bekering is van kritieke belang, sodat daar vrugte geskep sal word wat sal hou en dat die nuwe bekeerlinge in die geloof bly en nie koud word nie. Opvolg het dan ten doel om die nuutgebore bekeerling aan te moedig om kerk toe te kom, om sy Bybel te lees, om betrokke te raak by kerklike aktiwiteite en om oriënteringsklasse by te woon sodat hy nie stagneer nie. Algemene probleme duik tydens opvolg op, soos ouderdomsverskille, geslagsverskille, persoonlikheidsverskille asook verskillende woongebiede. Iemand anders word benoem wat as geestelike ouer kan sorg, solank hierdie persoon die tyd en energie het om daaraan te spandeer totdat die nuwe bekeerling 'n volwaardige Christen geword het. Wanneer die opvolg geleidelik gestaak word, verdwyn die

“geredde” persoon van die toneel af en is dit die gevolg van valse bekerings wat Jesus voorspel het in Markus 4. Dit is onbybels om iemand op te volg, want ’n persoon wat waarlik gered is, sal **wil** kerk toe kom, betrokke raak by kerklike aktiwiteite, sy Bybel lees, bid en geen aanmoediging sal nodig wees nie. Dissipelskap sal ’n voortvloeiing wees van ware redding en ’n ware bekeerling het nie nodig om opgevolg te word nie (vergelyk Hand. 8:26-39 as bewys hiervan).

- Moderne evangeliese metodes, hoe getrou ook al aan die Skrif, het geen waarborg dat enigiemand waarlik gered sal word nie. Geen bekerings moet ’n algemene verskynsel wees tydens evangelisasie-veldtogte en -predikings, omdat mense se harte verduister is. Die hoop om vrug te sien, moet voor die deur van God se genade gelê word. Genoemde metodes is baie effektief om ’n “besluit vir Jesus”, “gee jou hart vir Jesus” of “verbind my tot Jesus” te bewerkstellig, maar is ondoeltreffend om sondaars tot ’n ware sondebeseft te bring wat ware bekering voorafgaan. Hierdie metodes word gegrondves in die gebruik van Rom. 3:23: “almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God”. Die sondaar word dan vertel dat die loon van die sonde die dood is (Rom. 6:23). Dit word dan aan die sondaar voorgehou dat as hy nou te sterwe sou kom, hy op sy eie erkenning die ewigheid in die hel sal deurbring. ’n Diepgaande hartsoortuiging van ’n ware sondebeseft is egter nodig voordat die sondaar ware bekering sal smaak. Om hierdie rede is die Wet van God gegee, sodat sonde as uitermatig **sondig** uitgewys kan word, en sodat die mens dan oortuig kan word van hierdie enorme skuld wat sonde veroorsaak. Kennis van sonde alleen is nie genoeg nie, daar moet ’n geestelike oortuiging en berou oor sondes ook wees. Wanneer die persoon dan daarvan oortuig is dat hy sondaar is volgens die Skrif, word ’n keuse voorgehou om die gawe van die ewige lewe te ontvang. Hierdie vraag neem geen geestelike bekommernis, bekering, oortuiging, geloof of enigiets verder in ag nie, en word bloot ’n intellektuele besluit om te kies tussen die hemel en die hel. Geen regdenkende sal tog die hel kies nie, en daarom is die keuse feitlik 100% altyd die hemel. Dit is ’n onbetaamlike metode om letterlik ’n strikvraag te vra sodat die onbekeerde sondaar altyd die hemel sal kies. Daar is geen ware sonde-oortuiging teenwoordig in hierdie metodes nie. Dat dit die Heilige Gees se werk is om te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, is nie

argumenteerbaar nie. Maar as die oortuiging van sonde uitsluitlik oorgelaat word aan die Heilige Gees, sonder om die uitermatige sondigheid van sonde te preek, moet prediking oor geloof tot Jesus Christus streng gesproke nie ook dan gelos word vir die Heilige Gees nie? Dit is juis hierdie punt van prediking oor die uitermatige sondigheid van sonde en ware sondebeseft, wat die moderne predikers oor die hoof sien, om net nog hierdie volgende een, honderd, duisend, of miljoen bekeerlinge op sy kerfstok te kan kry. Met hierdie daad word Jesus in werklikheid tot leuenaar uitgemaak, want Jesus het gesê dat die poort wat na die lewe lei, nou is en die pad smal, en dat daar min is wat dit vind.

- Om bogenoemde probleme wat lei na valse bekerings te oorbrug, word daar in die opvolg hoofstuk riglyne voorgestel wat hierdie probleme kan hok slaan.

HOOFSTUK 4

DIE PLEK VAN DIE TIEN GEBOOIE IN EVANGELISASIE-METODES WAT WARE BEKERING VORENDAG KAN BRING

4.1 INLEIDING

Die fokus van hierdie studie is om vas te stel hoe “waar en valse bekerings” deur die Skrif hanteer word deur die gebruik van God se Tien Gebooie. Die doel van hierdie hoofstuk is om twee beskikbare evangelisasie-metodes neer te pen wat die volgende elemente bevat:

- God se heiligheid
- Die gebruik van die Tien Gebooie
- Ware sondebeseft
- Ware vrugte van bekering

Hierdie twee metodes word dan geëvalueer en kernpunte word gekombineer om 'n sentrale metode as riglyn saam te stel. Vervolgens kan dan 'n oorkoepelende doelstelling van hierdie studie bereik word om evangeliste te help om valse bekerings tot die minimum te beperk.

4.2 DIE WOORD VAN GOD AS MAATSTAF VIR DIE NAVORSING OOR WARE EN VALSE BEKERINGS

Soos in punt 2.2 vermeld, is die Woord van God die maatstaf vir die navorsing oor ware en valse bekerings. Ondergenoemde metodes is beproef oor 'n baie lang tydperk deur die navorser self, asook deur die betrokke outeurs van hierdie genoemde metodes. Valse bekerings, indien enige, is 'n rare verskynsel. Omdat die navorser nie in die hart van mense kan sien nie, word valse bekerings egter nie in totaliteit uitgeskakel nie. Die teendeel is egter baie duidelik waarneembaar. Wanneer bekerings plaasvind, is daar ware vrugte van bekering, soos Jesus tereg gesê het in Mark. 4:20.

4.3 DOELSTELLING

Hierdie hoofstuk se doelstelling is om te fokus op twee verskillende beskikbare werkende evangelisasie-metodes, en hoe hierdie metodes gebruik en aangewend word. Hierdie metodes word dan aan die hand van hoofstuk 2 vergelyk, om vas te stel of dit 'n ware sondebeseft kan voortbring, wat die eerste stap is tot ware bekering. Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om dié twee metodes as riglyne te evalueer, wat gebruik kan word om valse bekerings tot die minimum te beperk.

4.4 METODE

Soos in hoofstuk 1 vermeld, word daar in hierdie hoofstuk gefokus om te sien watter plek die Tien Geboorte in evangeliseringsmetodes het en hoe dit kan dien as riglyne wat ware bekering vorendag kan bring. Hierdie riglyne word bereik deur versamelde materiaal deur analise, interpretasie en sintese te keur en te orden, om 'n hermeneutiese wisselwerking tussen vergelykende literatuurstudie te vorm.

4.5 WERKSPLAN

Die hoofpunt van hierdie navorsing is om valse bekerings tot die minimum te beperk. Om hierdie doel te kan bereik, is dit nodig dat die beproefde metodes van sekere hedendaagse evangeliste goed nagevors en neergepen moet word. Hierdie materiaal moet dan vergelyk word met die Bybelse perspektief op ware en valse bekerings, soos bespreek in hoofstuk 2. Die begrip van “sonde, die Blye Boodskap, die doel van evangelisering en bekering” soos gesien deur die outeurs van hierdie evangelisasie-metodes, moet eers goed nagevors en verduidelik word. Die werksplan kan dus soos volg uiteengesit word:

- In die eerste plek word daar gekyk na die Siewenner of die Ambassadeur vir Christus, asook die vereistes van hierdie amp.
- In die tweede plek word daar gekyk na “New Tribes Mission” se “Building on Firm Foundations – Creation to Christ” en of hierdie metode wel daaraan voldoen om God se Heiligheid weer te gee, en ware sondebeseft voort te bring deur die gebruik van die Tien Geboorte en ook of ware vrugte van bekering daaruit voortvloei.

- In die derde plek word daar gekyk na “The way of the Master” en “Conquer your fear, share your faith” deur Ray Comfort en Kirk Cameron en of hierdie metodes wel daaraan voldoen om God se Heiligheid weer te gee, en ware sondebeseft voort te bring deur die gebruik van die Tien Gebooie en ook of ware vrugte van bekering daaruit voortvloei.
- In die vierde plek sal daar gekyk word hoe om die kernpunte van hierdie bogenoemde beproefde metodes saam te voeg as ’n werkbare metode om predikers, evangeliste, lekepredikers en elke persoon wat gehoorsaam is aan die Groot Opdrag, te kan help om die ware evangelie uit te dra, sodat valse bekerings tot die minimum beperk kan word.

4.6 DIE SIELEWENNER OF AMBASSADEUR VIR CHRISTUS

In Spr. 11:30b is hierdie kragtige stelling opgeteken: “en hy wat siele win, is wys.” Die Woord van God is baie duidelik hierin dat die persoon wat bemoeienis maak om siele vir die koninkryk van God te wen, wys is. In hoofstuk 3 is dit duidelik dat baie mense opregte bedoelings het om siele te wen vir die koninkryk van God (alhoewel dit nie van almal gesê kan word nie). Dit is egter ’n feit dat die oorgrote meerderheid mense wat evangeliseer, onbybelse metodes gebruik, wat dan daartoe aanleiding gee dat daar ontelbare valse bekerings geskep word (Brown, 1999:58; Chantry, 1970:48,59; Comfort, 1989:45; 2004:193; 2005:121; Hammond, 2010b:32; MacArthur, 1988:xxi; 1994:xxi, 27, 28) sien ook hoofstuk 3. In teenstelling met Spr. 11:30 is hierdie mense dan volgens die Skrif nie wys nie, maar dwaas. Jesus self bevestig die dwaasheid van hierdie mense in Matt. 23:15: “Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom ’n kind van die hel, twee maal erger as julle self.” Om dus wys te wees en om valse bekerings tot die uiterste minimum te beperk, is daar sekere kenmerke en vereistes waaraan predikers, evangeliste en enige persoon wat die Blye Boodskap uitdra, moet voldoen.

4.6.1 KENMERKE VAN ’n WARE EVANGELIS – WARE VRUGTE VAN BEKERING

In die eerste plek moet ware vrugte van bekering teenwoordig wees in die lewe van die evangelis, prediker of wie ook al die Blye Boodskap uitdra. Die uitdraer van die

evangelie moet self waarlik gered wees. Hy of sy self moet weet dat God hom of haar nuutgemaak het (2 Kor. 5:17). Hierdie vrugte van bekering moet duidelik te bespeur wees in so 'n persoon, en volgens die Skrif is dit soos volg:

- Vrug van bekering (Matt. 3:8)
- Vrug van danksegging (Heb. 13:15)
- Vrug van goeie werke (Kol. 1:10)
- Vrug van die Gees (Gal. 5:22-23)
- Vrug van geregtigheid (Phil. 1:11)

Om duidelik te wees oor hierdie aspek word daar na byvoorbeeld die vrug van die Gees gekyk (Gal. 5:22-23). In hierdie skrifgedeelte is dit duidelik dat hierdie *vrug* in die enkelvoudsvorm geskryf is, en nie die meervoudsvorm nie. Met ander woorde, dit is die **vrug** van die Gees en nie **vrugte** van die Gees nie (Newton, 1998). Hierdie vrug is nie opsioneel of ekstra, sodat die Christen kan kies watter een hy wil hê of nie, maar die **hele vrug** van die Gees wat verkry word met ware wedergeboorte. As daar dus slegs een is wat ontbreek in die lewenstyl van die evangelis, is dit uiters noodsaaklik dat daar selfondersoek gedoen moet word om te sien of die evangelis wel in die geloof is, al dan nie.

Indien enige ander een van bogenoemde vrugte nie teenwoordig is in die lewenstyl van die sielewenner nie, is dit noodsaaklik vir so 'n persoon om te besin of hy of sy werklik gered is, al dan nie. Om ware redding te betwyfel, is nie 'n aanval van die Satan nie, maar is 'n Bybelse opdrag. Paulus skryf in 2 Kor. 13:5: "Ondersoek juisself of julle in die geloof is; stel juisself op die proef. Of is julle nie seker van juisself dat Jesus Christus in julle is nie – as julle ten minste nie verwerplik is nie!"

Volgens Washer (2006) is daar is ongeveer 22 toetse waaraan 'n kind van God moet voldoen om te weet of hy of sy wel waarlik gered is en die ewige lewe het. Hierdie lewenstyl-toetse is baie duidelik deur die Heilige Gees opgeteken en word hoofsaaklik gevind in die hele boek van 1 Johannes. Dit is essensieel vir elke gelowige om hom of haar daagliks te onderwerp aan hierdie toetse. Vir 'n volledige uiteensetting van hierdie

toetse beveel die navorser alle evangeliste aan om na Washer se boodskap “Examine Yourself” te luister by <http://media.sermonindex.net/12/SID12975.mp3>.

4.6.2 VERHOUDING MET GOD

Tweedens moet die evangelis 'n persoonlike verhouding met God hê. Dit behels natuurlik dat die evangelis, soos hierbo genoem, wedergebore moet wees, want hoe anders kan die evangelis die Bybel gebruik as hy of sy nie die Skrywer daarvan (die Heilige Gees) persoonlik ken nie? Hoe kan die evangelis iemand evangeliseer as hyself nie die bewys is van die verandering wat God in sy lewe gedoen het nie? Hierdie verhouding is nie net “ek ken Jesus nie”, maar ook “ken Jesus jou?” (vergelyk Matt. 7:21-23). Hierdie persoonlike verhouding met God sluit verder in 'n deeglike kennis van die Bybel, en dit kan slegs bereik word deur gedissiplineerde Bybelstudie. Met voortdurende Bybelstudie sal belangrike Skrifgedeeltes gememoriseer word (Piper, 2006). Willard, (1998) maak die volgende stelling oor Bybelstudie en die memorisering van belangrike Skrifgedeeltes:

“Scripture memorization is the final specific discipline we will mention here. It is, in fact, a subdivision of the discipline of study. Study as a spiritual discipline is, in general, the focusing of the mind upon God's works and words. In study our mind takes on the order in the object studied, and that order invariably forms the mind itself and thereby the soul and the life arising out of it. Thus the law of God kept before the mind brings the order of God into our mind and soul. The soul is "restored" as the law becomes the routine pattern of inward life and outward action. We are integrated into the movements of the eternal kingdom.”

4.6.3 'n HEILIGE, GESONDE VREES VIR GOD

In die derde plek is 'n heilige, gesonde vrees vir God nodig vir evangelisasie (Cameron & Comfort, 2009:185). Hierdie heilige vrees vir God sal die boodskapper daarvan weerhou om moderne metodes te gebruik wat gewaarborg is om valse bekerings vorendag te bring. Sien hoofstuk 2.6 oor die heiligheid van God.

4.6.4 GEDISSCIPLINEERDE GEBED

Vierdens is gebed van uiterste belang by evangelisasie. Buiten bogenoemde, is dit uiters belangrik om reg en gereeld te bid. Gebed moet aktief beoefen word om sodoende die struktuur en doel van gebed reg te verstaan. Krag uit die Hoogste is slegs moontlik deur pleitende volharding in gebed en dit is God se voorwaarde (Smith, 1996:33). In Hand. 1:14 word dit soos volg gestel: “Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking”. Wanneer die sielewenner dan volhard en elke dag pleitend en kragdadig bid vir verlore siele, bevestig Hand. 1:8 die verhoring van hierdie gebed: “maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde”. Volgens Smith (1996:33) is dit duidelik dat die salwing of bekragtiging deur die Gees die ondervinding is wat beleef word wanneer die Heilige Gees oor die gelowige kom en hom of haar vir diens toerus, en is hierdie bekragtiging slegs moontlik deur pleitende, volharding in gebed.

Wanneer die sielewenner volhard in gebed en smeking vir verlore siele, is die belofte duidelik in die Skrif dat dit die Heilige Gees is wat ware bekerings vorendag bring, volgens Joh. 6:63: “Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie.” Verder is dit net so duidelik dat enige poginge wat die sielewenner op sy eie krag aanwend, valse bekerings vorendag sal bring. Dit word bevestig in Joh. 3:6: “Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.”

4.6.5 DIE WAARDE VAN SIELE

In die vyfde plek moet die prediker of boodskapper van God se Blye Boodskap die waarde van siele besef. Volgens Cahill (2005:26) is 'n siel in God se oë van onskatbare waarde. Die mens is na God se ewebeeld geskape (Gen. 1:26) en om hierdie onskatbare waarde van enige siel te verstaan, sal meebring dat die boodskapper op sy tone gehou word met die uitdra van die Blye Boodskap. Dit sal die gevolg hê dat die boodskapper genoodsaak word om doodseker te maak dat die Boodskap wat hy uitdra, Bybels korrek is.

Volgens Spurgeon (1995:17) sal die liefde vir siele die sielewenner noodsaak om nie die leer van totale verdorwenheid te weerhou van die verlore siele nie. Die weerhouding van hierdie leer berokken ernstige skade aan die hoorders, want hierdie mense het nie ware genesing ontvang nie, omdat hulle nie weet dat hulle 'n dodelike siekte onder lede het nie, en gevolglik sterf hulle sonder Christus. Mense het nodig om vertel te word dat, tensy die genade van God hulle red van hulle vyandigheid teenoor God, hulle verdoem is tot die ewige verderf. Wanneer die prediker of die boodskapper die waarde van siele verstaan, sal die liefde vir verlore siele die prediker of boodskapper van die Goeie Nuus noodsaak om die hoorders neer te werp in totale hopeloosheid, sodat hulle genoodsaak is om op te kyk na Hom alleen wat hulle kan help.

Spurgeon (1995:18) sê voorts dat om 'n siel vir Christus te probeer wen en om hierdie siel dan in die duister te hou van alle waarheid, in teenstelling staan met die werking en gedagte van die Heilige Gees.

4.6.6 VERHOUDING MET 'n PLAASLIKE KERK

Om 'n doelgerigte en behoorlike verhouding met die plaaslike liggaam van gelowiges te hê, is in die sesde plek 'n essensiële gedeelte van die evangelis se verhouding met God. Hierdie verhouding het sy mandaat in die Bybel, en is die bestaansreg van die plaaslike gemeente, gegrondves in evangelisasie. Wat deel vorm van hierdie verhouding, is lofprijsing, teologiese akkuraatheid, om meer soos Christus te wees, asook goeie rentmeesterskap. Volgens Spurgeon (1995:9) is die hoofdoel van elke Christen om siele te wen vir Christus. Die prediker wat nie evangeliseer nie, mis die primêre doel van Christus se lewe en sy bediening. Verder behels hierdie verhouding met die kerk 'n verhouding met ander gelowiges, dissipelskap, diens aan ander, asook die hantering van kritiek.

4.6.7 PERSOONLIKE VERHOUDINGS

In die sewende plek is die evangelis se huwelik (vir dié wat getroud is) 'n prentjie van God se liefde vir sy bruid – die Kerk – en die gehoorsaamheid van die bruid aan haar Heer. Die evangelis se huwelik en persoonlike lewe moet 'n voorbeeld wees van hierdie persoonlike verhouding. As die evangelis nie Bybelse riglyne volg vir sy/haar huwelik

nie, hoe kan hy/sy dan die Blye Boodskap uitdra? Onder hierdie persoonlike verhoudings sorteer die familie van die evangelis, sowel as vriende. Verder is persoonlike dissipline deel van persoonlike verhoudings. Die liggaam is die tempel van die Heilige Gees, en daarom moet daar na die liggaam gekyk word deur genoeg slaap in te kry, oefening te doen, voldoende gesonde kos te eet en deur sy/haar liggaamsgewig dop te hou (Smith, 1994: 142-153).

4.6.8 DIE EVANGELIS SE POTENSIAAL OM SONDE TE DOEN

In die agste plek moet die evangeliste duidelik weet dat hulle vrygemaak is van sonde, maar dat hulle nog steeds onder die vloek van sonde leef. Die feit dat geen mens sondeloos is nie, is intendeel een van die toetse van ware redding wat genoem word in 1 Joh. 1:8 (sien punt 4.6.1). Dit beteken dat evangeliste in staat is om dieselfde sonde te doen as die ongelowiges. Sonde is volgens Smith (1996:45) die enigste struikelblok wat die kanaal tot God kan verstop en God se magtige werking kan verhinder. Sonde is die groot hindernis wat die werk van die Heilige Gees in die wêreld kan ry, soos Dawid ook in Ps. 66:18 skryf: “As ek ongeregtheid bedoel het in my hart, sou die Here nie gehoor het nie”. In Spr. 28:13 is dit ook duidelik dat diegene wat hulle oortredinge probeer bedek, nie voorspoedig sal wees nie.

As die evangeliste dan wel sonde gedoen het, moet hulle eerste reaksie wees om dit te bely en 'n plan van aksie te lods om dit nie weer te doen nie. Daar is geen alternatief vir sonde in die evangelis se lewe nie. Dit moet totaal en al uit die weg geruim word. Smith (1996:45) noem voorts dat God sal nie werk as daar verborge sondes in die harte sy kinders is nie. Om hierdie weggesteekte sondes te ontbloot, sodat die Heilige Gees dit kan uitwys, het die sielewenner nodig om Dawid se gebed met erns te bid: “Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes” (Ps. 139:23).

4.6.9 TOTALE LEWENSUITKYK

In die negende plek moet die evangelis die hele spektrum van die lewe en sy evangelisasie-proses uit God se oogpunt kan aanskou. Omdat niks vir die oog van God weggesteek is nie, is God absoluut in beheer van alles. In Rom. 8: 28-29 word die mens geleer dat God in beheer is van elke faset van die lewe, en dit vir sy eie glorie.

Dus is die bekering en ware redding van siele vir God se eer alleen. Spurgeon (1995:47) verklaar dat enigiemand wat roem en eer op homself laat neerkom omdat siele tot bekering gekom het, hierdie persoon en die boodskap wat hy gebring het, opgehang moet word. Die glorie en eer van ware bekerings behoort aan God en God alleen.

4.7 *DIE EVANGELISASIE-PROSES*

Sonder die Blye Boodskap en evangelisasie-proses kan ongeredde persone nie hoor hulle is verlore nie, en sal so persoon nie soek na 'n oplossing nie (Rom. 10:14). Dus is die evangelisasie-proses as sulks baie belangrik, en ook dat dit so korrek as moontlik gedoen moet word en dat die voorbereiding van die “grond” baie goed gedoen moet word, voordat die saad van die evangelie gestrooi word.

In hierdie hoofstuk gaan daar hoofsaaklik gefokus word om riglyne daar te stel vir kort- en langtermyn uitreikmetodes. Die kort metode sal riglyne ondersoek aan die hand van die beproefde, Skrifgefundeerde metodes van Ray Comfort en Kirk Cameron en staan bekend as “The way of the Master” en “Conquer your fear, share your faith”. Hierdie korttermyn metode fokus hoofsaaklik daarop om verlore siele vir Christus te wen op 'n een-tot-een-basis, prediking in die opelug, asook prediking in bestaande kerke. Hierdie metode is gefokus op mense wat dalk alreeds gehoor het van Christus, maar nog nooit tot 'n ware sondebeseft gekom het nie, sowel as mense wat nog nooit gehoor het van Christus nie. Die gehoor is dus op enige plek en van toepassing op enigiemand wat nie waarlik bekeer is nie.

Die langtermyn metode sal ook fokus op beproefde, Skrifgefundeerde metodes soos ontwikkel deur Trevor McIlwain en staan bekend as “Firm Foundations – Creation to Christ” van New Tribes Mission. Eerstens word daar gekyk na die “Building on Firm Foundations”-metode. Hierdie metode is merendeels gefokus op langtermyn evangelisasie, prediking, asook Bybelstudiegroepe waar daar oor 'n langtermyn gefokus word om van die begin af uit God se Woord die fondasie vir die ware Kerk van God te lê.

4.7.1 VEREISTES WAARAAN EVANGELISASIE METODES MOET VOLDOEN

Daar is drie hoofvereistes vir 'n evangelisasie-metode om te voldoen as 'n Bybelse werkende riglyn (sien punt 2.6; 2.7; 2.13.2; 2,17.1). As enige één van hierdie drie vereistes ontbreek, diskwalifiseer dit so 'n metode as 'n werkende metode om die evangelie op 'n Bybelse verantwoordbare manier te gebruik. Hierdie drie vereistes is soos volg:

- Bewusmaking van God se heiligheid (Edwards, 2009:25; Murray, 1998:186-189).
- Bewusmaking van persoonlike hopeloosheid en verlorenheid (Comfort, 1989:108; Murray, 1998:184-186).
- Bewusmaking van persoonlike veroordeling en komende oordeel (Brown, 1999:20; Comfort, 1989:50; 2005:89; Edwards, 2009:37; Murray, 1998:184-186).

Hierdie drie bene van vereistes word goed omskryf deur McIlwain (1991:13) wat sê:

“The answer to false professions, however, is not found in adding to the Gospel by requiring the sinner to promise to follow, obey, and suffer for Christ. There aren't any strings attached to the Gospel. The answer to true conversion does not lie in these additions; it lies in the correct preparation of the sinner's mind and heart for the Gospel. This is accomplished by the Holy Spirit as the sinner hears and understands from the Scriptures that he is lost, helpless and hopeless, and stands condemned before God, who is his righteous, holy Creator and Judge.”

Bogenoemde word verder onderverdeel deur die volgende drie waarhede in die Skrif volgens Reisinger (1997:35-36):

- Die Wet van God.
- Die kruisiging van Jesus.
- Die regverdige oordeel van God Almagtig.

Soos gesien in punt 2.13.2 is hierdie drie waarhede in 'n baie nou band aanmekaar verbind: As daar weggedoen word met die Wet, dan kan daar nie sonde wees nie, en daarom is daar dan geen nood aan 'n Verlosser nie. Dus kan daar dan geen bewusmaking van God se Heiligheid, asook van persoonlike hopeloosheid en verlorenheid wees nie. As daar weggedoen word met die kruis, is daar weer geen antwoord vir die sonde-probleem nie. Wanneer die bewusmaking van persoonlike veroordeling en komende oordeel ontbreek, is dit gewoonlik wanneer daar weggedoen word met die regverdige oordeel van God Almagtig, en is daar dan geen punt daarin om te praat oor sonde, die kruis en die Verlosser nie.

Soos hierbo gesien, is dit dus baie duidelik dat al hierdie genoemde punte teenwoordig moet wees in die evangelisasie bediening, anders word die Blye Boodskap verdraai en word die hoorder onder 'n wanindruk geplaas oor wat die Goeie Nuus dan nou werklik is. Die resultaat is onomwonde valse bekerings.

4.8 DIE METODE VAN “FIRM FOUNDATIONS – CREATION TO CHRIST” AS RIGLYN

Elke gebou wat vandag gebou word, het 'n vaste en stewige fondasie nodig om te bly staan. Enige gebou wat nie op 'n baie goeie fondasie rus nie, loop die gevaar om inmekaar te tuimel met die eerste en die beste storm, grondverskuiwing of aardbewing. Dieselfde geld wanneer God se Kerk gebou word. 'n Vaste fondament is nodig om valse bekerings te verhoed.

Hier onder volg 'n verkorte opsomming en motivering van “Firm Foundations – Creation to Christ” as 'n werkbare riglyn vir langtermyn evangelisasie wat wel voldoen aan bogenoemde vereistes wat predikers en evangeliste met vrymoedigheid kan gebruik. Dit is opgestel deur Trevor McIlwain (1991:1-578). Waar van toepassing sal erkenning van direkte aanhalings gegee word (vanaf punt 4.8 – 4.9) indien die outeur nie McIlwain is nie, terwyl die res van die onderstaande werk en direkte aanhalings erkenning geniet van Trevor McIlwain (1991:1-578) om die akkuraatheid van die hele metode te behou.

Volgens McIlwain (1991:3) is die eerste beskrywing in die Bybel van iets wat gebou of geskep is, die skepping van hemel en aarde. God is die Skepper van die heelal en die aarde, en volgens die Skrif staan dit vas: “Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leer, want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan” (Ps. 33:6-9). Wat God dus bou, staan vas en sal nooit in der ewigheid wankel nie. Alles wat siende en onsiende is, is deur God se perfekte plan gemaak. Volgens Gen. 1:31 was dit goed.

Later in die Skrif het God vir Noag opdrag gegee om die ark te bou. Maar God het nie net vir Noag gesê om die ark te bou en Noag gelos om self die ark te ontwerp nie. God het aan Noag presiese aanwysings gegee waarvolgens die ark gebou moes word en Noag was getrou om God se planne streng te volg om die ark te bou (Gen. 6:22).

Toe God besluit het om onder die volk te kom woon, het Hy vir Moses opdrag gegee om 'n tabernakel te bou. Weereens is die planne nie oorgelaat aan die mens nie, maar het God presiese planne vir Moses gegee wat hy moes volg met die bou van hierdie tabernakel (Heb. 8:5). Die Skrif verklaar dat Moses getrou was en God se opdragte presies uitgevoer het (Heb. 3:2), behalwe in een opsig – toe Moses die rots geslaan het om water daaruit voort te bring, in plaas daarvan om met die rots te spreek (Num. 20:7-12). Hiervoor is Moses nie toegelaat om die beloofde land te betree nie. Hierin kan baie duidelik gesien word hoe uiters belangrik dit is om alles te doen volgens God se plan.

Die hemel en aarde is geskep deur God se Woord. Noag en Moses het God getrou gehoorsaam in dit wat hulle moes bou. God se huidige werk om die Kerk te bou word ook gedoen deur sy Woord: “Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus” (2 Kor. 4:6).

Die hemel en aarde se skepping was die werk van God alleen. Hier het God niemand toevertrou met sy handewerk nie. Maar ten opsigte van die groot werk om die Kerk te bou, het God besluit, soos met Noag en die ark, asook Moses en die tabernakel, dat

God weereens van sy kinders gebruik gaan maak: “Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie” (2 Kor. 4:7); “Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen” (2 Kor. 5:20); “maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde” (Hand. 1:8). God het besluit dat die voltooiing van sy Kerk, sal geskied deur die lering en prediking van sy Woord, en dít deur die lede van die Kerk self.

Dit is dus duidelik dat God werk volgens spesifieke planne, en as die ark en die tabernakel, wat net tydelik was, so noukeurig gebou moes word volgens presiese planne, hoeveel te meer nie die Kerk van God wat bestem het om vir ewig daar te wees nie? Daarom is dit uiters belangrik om te let op wat in 1 Kor. 3:17 staan: “As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle.”

Elke mens se werk ten opsigte van die bou van die Kerk, sal getoets word met vuur. Die Groot Meesterbouer se verterende vuur sal elke medewerker (1 Kor. 3:9) se werk toets om te sien of dit voldoen het aan sy Meesterplan. Daarom moet die lede van die Kerk baie versigtig en wys wees om te sien of God se plan trou nagevolg word (1 Kor. 9-23). Netso waarsku Paulus, wat homself as ’n “bekwame boumeester” beskryf (1 Kor. 3:10) dat medebouers aan die Kerk versigtig moet wees met hoe hulle bou aan die fondasie van die Kerk soos hy neergelê in 1 Kor. 15:1-4.

Bogenoemde bring onomwonde sekere vrae soos die volgende na vore:

- Volgens watter standaard het Paulus sy eie boumetodes beoordeel, sodat hy homself as ’n bewame boumeester geklassifiseer het?
- Hoe kan alle voorgenome bouers aan die Kerk seker wees dat hulle die korrekte metodes volg wat die Groot Boumeester se goedkeuring wegdra?
- Het God die mens alleenlik deur sy Woord geleer hoe om ander te leer (teoreties), of het Hy ook die mens gewys hoe om ander te leer (prakties)?

- Hoe kan die mens verseker weet en vertrou dat die fondasies wat gelê word vir die Kerk, hulle deur geloof veilig sal besorg in die hemel en vas sal staan op die oordeelsdag?
- Hoe kan die prediker verseker weet dat hy die mens alles geleer het wat God wou gehad sy kinders moes weet?
- Watter toetslys sal die prediker of evangelis gebruik om seker te maak hy/sy is op die regte pad, asook dat Kerk voltooi word volgens die goddelike plan?
- Hoe kan kerkplanters weet dat hulle alles gedoen het wat hulle moes doen?

In die beantwoording van bogenoemde vrae het McIlwain die riglyne neergelê vir die metode van “Firm Foundations – Creation to Christ”. Dit het hom baie jare geneem om hierdie metode neer te pen, omdat hy vasgevang was in die tradisionele evangelisasie-metodes wat Kerke vandag nog gebruik, en soos gesien in hoofstuk 3, lei dit hoofsaaklik tot valse bekerings. McIlwain (1991:3) maak die volgende stelling:

“Years passed before I understood the answers to these questions. Why did it take so long? Because my mind was captivated by traditional Bible teaching methods. The answers I needed were finally found through looking to God’s Word alone. After my prayers had been answered and the Lord had shown me the teaching principles which He has used and illustrated throughout His entire Word, He then opened opportunities for me to share these principles with others who were also searching.”

Hierdie “Firm Foundations – Creation to Christ” is ’n beproefde evangelisasie-metode (McIlwain, 1991:31). Die navorser self het dit ook beproef oor ’n tydperk van meer as ’n jaar met ’n nuutgestigte Bybelstudiegroep wat hoofsaaklik bestaan het uit ongeredde mense. Hierdie metode word sedert 2004 aangewend in die sendingveld van Angola en Botswana onder leiding van Ds. Fred de Waal met groot sukses. Valse bekerings, indien, enige, word tot die minimum beperk. Hierdie metode sal as ’n teologiese vertrekpunt gehandhaaf word in die riglyne vir langtermyn evangelisasiewerk in hierdie hoofstuk.

4.8.1 GODDELIKE FONDASIE BOU-BEGINSELS

4.8.1.1 INLEIDING

Gedurende die beginjare van McIlwain se werk onder die Palawan mense in die Filippyne, het baie van hierdie mense die begrip van regverdigmaking deur geloof verstaan en dat dit kom deur die genade van Jesus Christus. Om hierdie mense, wat nuut in die geloof was, verder geestelik te voed, was 'n enorme taak. McIlwain het besluit dat die bestaande onderwerp-prediking nie geskik is vir so 'n taak nie, en het oorgeskakel na "vers vir vers" verklarende prediking. Hier het hy begin met die boek Johannes, maar het homself vasgeloop in die gebruik van terme in Johannes wat verwys na die Ou Testament, waarvan hierdie mense geen kennis gehad het nie. Dus moes hy gereeld teruggaan na die Ou Testament om sekere terme te verduidelik. As voorbeeld noem McIlwain (1991:31) van Joh. 1:1: " '...and the Word was with God...' After explaining that 'the Word' is yet another title for the Lord Jesus, it was obvious that the Palawano people did not understand that Jesus was with the Father before the beginning."

Hierdie het die gevolg gehad dat McIlwain na 'n beter en makliker manier gesoek het om die boodskap van die Bybel oor te dra aan mense. Dit het die vraag laat ontstaan hoe om dit te doen. Die antwoord hierop word bespreek in die volgende punt.

4.8.1.2 EEN BOEK

McIlwain (1991:32) verklaar dat die Skrif geskryf is met 'n definitiewe begin en einde. Tussen die begin en die einde is daar insidente wat, indien dit geleer en verstaan word in die historiese konteks, dit een komplee, aaneenlopende, intelligente verhaal vorm. Dit is net soos enige boek wat natuurlik van die begin af gelees word en gevolg word wat die outeur wil sê, tot by die konklusie aan die einde. Dit is om hierdie rede waarom so baie mense vandag nog nie die Bybel verstaan nie. Die Bybel moet holisties benader word. Die Ou Testament is nie 'n bundel van interessante stories, wat net gebruik word as tipiese illustrasies van die Nuwe Testament se waarheid nie. Die Ou Testament het 'n logiese inleiding, fondasie, en outoriteit vir die verhaal van Christus soos opgeteken staan in die Nuwe Testament. Die Ou Testament is by uitstek die belangrikste bron van interpreteerbare agtergrondmateriaal van die historiese gebeure

in die Nuwe Testament. Die Ou en Nuwe Testament is onafskeibaar van mekaar om die volledige boodskap van God uit te dra aan die wêreld en moet gesien word as “Een Verhaal”.

4.8.1.3 EEN VERHAAL

McIlwain (1991:32) gaan voort en benadruk dat die hele Bybel God se boodskap is aangaande sy Seun, die Verlosser. God se doel met die Bybel was om sy Seun te openbaar. Die Ou Testament is die voorbereiding van Christus. Die Nuwe Testament is die vervulling van Christus. Die hele Bybel vind sy doel gegrondves in Jesus Christus. Jesus het aan die Jode gesê dat die Skrifte van Hom getuig: “Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig” (Joh. 5:39).

Jesus self gee die riglyn van hoe om metodies korrek die evangelie aan sondaars oor te dra in Luk. 24:27: “En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.” Hierdie teksvers het betrekking op twee van die dissipels wat na Jesus se kruisiging nog steeds nie die gebeure van die kruis verstaan het nie. Alhoewel hulle wel die Skrifte gelees het, en saam met Jesus gewandel het, was hulle volgens Jesus traag om te glo wat daarin staan (Luk. 24:25). Daarom het Jesus self vir hulle begin verduidelik van Moses (Genesis tot Deuteronomium) en die profete (die res van die Ou Testament) wat op Homself en die kruisiging betrekking het.

Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat die Christus-verhaal nie apart verstaan en oorgedra kan word, sonder om te begin by die Godgegewe beginpunte wat slegs in die Ou Testament voorkom nie. Volgens McIlwain (1991:32) is dit dus die plig van die evangelis om die evangelie Bybels korrek oor te dra, dat die beginpunte in die Ou Testament eerste behandel moet word, en daarna dan die vervulling daarvan in die Nuwe Testament. In die Ou Testament het God tipes en verlossingswerk-analogieë gegee aan Israel om hulle voor te berei om die Nuwe Testament-verhaal van Christus te kan verstaan. Hierdie verlossingswerk-analogieë is ook aan die hele wêreld gegee: “Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur

lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê” (Rom. 15:4).

McIlwain (1991:33) maak die stelling dat God nie direk met die heidene gepraat het nie, maar dat Hy gekies het dat die heidene bereik word deur die Woord wat Hy aan Israel en die Kerk gegee het. Alle mense moet na die Lig kom wat skyn uit die Skrif. God het in sy alwysheid besluit dat die verlossingsverhaal van Christus gesetel is in die kultuur, geografiese en historiese raamwerk van die volk Israel. Om hierdie rede kan niemand die verhaal van die Nuwe Testament verstaan, alvorens so 'n persoon die basiese kennis het van Israel se oorsprong, ontwikkeling en geskiedenis, soos dit opgeteken staan in die Ou Testament nie. Die Bybel alleen is God se openbaring aan die wêreld, en is die fundamentele waarheid van Christenskap.

Die verwerping van hierdie waarheid en prediking van moderne predikers wat beweer dat die Bybel nie alleen die waarheid bevat nie, maar dat dit ook te vinde is ook in ander godsdienste, is volgens McIlwain (1991:33) die oorsaak dat Hindoeïsme, Boeddhisme en ander valse godsdienste al hoe meer aanhangers werf. Om hierdie rede is dit die Christen se verantwoordelikheid om hierdie essensiële waarheid, wat slegs aan die volk Israel geopenbaar is deur God en sy Woord, te bevestig en dit te handhaaf. Daarom is dit noodsaaklik dat, indien die wêreld die waarheid wil weet rondom God, dit nodig is om slegs na een Boek te gaan, naamlik die Bybel.

Hierdie openbaring van God begin in die Ou Testament en word voltooi met die Nuwe Testamentiese openbaring in en deur Israel se Messias, Jesus van Nasaret. “Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het” (Heb. 1:1,2).

McIlwain (1991:34) maak die stelling dat die oorgrote meerderheid Christelike leringe fokus op individuele leerstellings van die Bybel, in plaas daarvan dat die Bybel voorgehou word as een komplee, onafhanklike openbaring van God. Partyskap, misverstande en oorbeklemtoning van sekere Skrifgedeeltes, asook oorbeklemtoning

van alleenreg van sekere denominasies, kan in meeste gevalle terugverbind word na die onthouding van chronologiese en panoramiese Bybelse lering. Na baie jare van luister na nie-opeenvolgende, onderwerpgedrewe, doktrine-geformuleerde boodskappe, wat in die meeste gevalle gebaseer is op geïsoleerde tekste, ken kerkgangers nog steeds nie die Bybel as een Boek nie. Verskeie herhaalde Skrifgedeeltes en sekere leerstellings word geken, maar die Skrif, soos God dit in sy alwysheid geskryf het as 'n historiese struktuur, word bitter swak verstaan.

Die konklusie van bogenoemde is dus dat die hele Bybel één boek, één verhaal is. Die Ou Testament is die inleiding en die enigste basis vir die begrip en verstaan van die Nuwe Testamentiese verhaal rondom Christus en sy verlossingswerk. Op hierdie basis en begrip van die Bybel word die Evangelie of die Blye Boodskap uitgedra. Dit begin by die begin in die Ou Testament en word voltooi met Christus se kruisiging, begrafnis, opstanding en uiteindelijke hemelvaart en Wederkoms. Op hierdie manier het God dit bewerk dat 'n definitiewe riglyn bestaan om die verlossingswerk van Christus verstaanbaar te maak.

4.8.1.4 *DIE LITERÊRE VORM VAN DIE BYBEL*

God is die grootste onderwyser nog, en alle intelligente wesens is sy studente (McIlwain, 1991:34). Nie een kan ontsnap van God se klaskamer, die heelal, nie. Selfs die engele, asook Satan en die duiwels, is onderworpe aan God se goddelike onderrig (Ef. 3:10). Hierdie stem van God word in ontelbare maniere gehoor regdeur die hele skepping. Die mens, geskape deur God en vir God, was veronderstel om die gewillige student van God te wees. God se stem van wysheid sê: “Ek roep na julle, manne, en my stem is tot die mensekinders. Leer tog skrandereheid verstaan, eenvoudiges, en dwase, leer verstandigheid verstaan” (Spr. 8:4-5). Die alomteenwoordige God het 'n Boek geskrywe om aan die mensdom die waarheid oor Homself en sy perfekte wil te openbaar. Omdat God die Skepper is van die mens, verstaan God perfek die funksies van die menslike brein. God weet die beste hoe om die mens se verbeelding gevange te hou, asook hoe om mense te lei na 'n helder begrip van die waarheid.

McIlwain (1991:34) verduidelik voorts dat die Outeur van die Bybel weet wat die beste literêre styl is om te gebruik, omrede dit gelees word deur jonk en oud. God ken sy onderwerp en Hy ken ook die student, daarom het Hy die mees geskikte literêre styl gekies om die Bybel te skryf. Die Kerk is God se verteenwoordiger op aarde, en die Bybel is gegee om God se boodskap van verlossing aan die wêreld uit te dra (2 Kor. 5:18-20).

Nieteenstaande die feit dat God die Kerk gekies het as sy verteenwoordiger op aarde om sy Woord uit te dra, soos opgeteken staan in die Bybel oor die verlossing wat Hy vir die mens bewerk het (2 Kor. 5:18-20), moes die Kerk die mense leer op God se manier en God se metode alleen. Maar die Kerk het die goedvoorbereide onderwyser-Handleiding op sy eie manier geïnterpreteer, die Goddelike metode en styl geïgnoreer en dit op sy eie manier aan mense begin leer. In die meeste gevalle, vanaf Sondagskool tot in die sendingveld, het mense gefaai om die vloei van God se lering te oordink en te gebruik soos dit in die goedvoorbereide onderwyser-Handleiding, die Bybel, voorkom.

4.8.1.5 GESKIEDENIS

McIlwain (1991:35) benadruk verder dat die opgetekende verhale in die Ou Testament nie sprokiesverhale is nie, maar werklike gebeure. God het gepraat, God het gehandel en God het gewerk met regte, historiese mense. Daarom is die inhoud van die Bybel relevant vir alle mense van alle tye, ongeag die kultuur, aangesien die Bybel 'n boek is van historiese gebeurtenisse. Die hedendaagse mens kan homself identifiseer met die gebeure in die Bybel. God het met regte mense gepraat en Hy het Homself geopenbaar deur handeling in die geskiedenis. Wanneer God nodig gehad het om sy ware identiteit te openbaar aan Israel, het God hulle terugverwys na die geskiedenis en God se verhouding met hulle voorvaders. God het aan Moses gesê: "Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die HERE, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag."

God het gedurigdeur die Israeliete herinner aan die geskiedenis van hulle voorvaders, Abraham, Isak en Jakob, aan die trek uit Egipte, deur die Rooi See, deur die woestyn, na die beloofde land. Israel se geloof berus op God se openbaring van sy handeling deur die geskiedenis heen. Daar is 'n voortdurende herinnering aan die redding uit Egipte met elke Paasfees. Die geloof van elke geslag was gebou op die vaste fondasie van die geskiedenis en hoe God Homself geopenbaar het as Israel se Verlosser in Egipte (Eks. 12:24-27). Elke Israeliet moes persoonlike geloof handhaaf in God vir ware redding, maar hierdie geloof was nie gebaseer op persoonlike ondervinding nie, maar op die God wat geopenbaar is in die geskiedenis.

God het egter nie net Homself geopenbaar in die Ou Testament nie, maar ook in die Nuwe Testament deur Jesus Christus (Joh. 14:8,9). Deur Jesus was God in aksie (Joh. 1:18). In die Ou Testament was God in aksie as Jahweh. In die Nuwe Testament is God in aksie as Jesus Christus. God is in die handeling van die apostels ook in aksie as die Heilige Gees.

4.8.1.6 DIE BEKLEMTONING VAN DIE OU TESTAMENT DEUR DIE APOSTELS

McIlwain (1991:35) merk op dat die apostels die Ou Testament bevestig het as God se opgetekende rekord aangaande sy teenwoordigheid in die wêreld en meer spesifiek met sy uitverkore volk as voorbereiding vir die komende Verlosser. Intendeel was die Ou Testament die Bybel van die vroeë kerk. Die prediking van die apostels, soos opgeteken in Handeling, beklemtoon God se handeling en verhouding met Abraham, Isak, Jakob, Josef, Moses, Dawid, en die nasie van Israel. Die apostels het dan hierdie handeling van God in die Ou Testament verbind met die openbaring van God Homself in die geskiedenis van sy Seun, Jesus van Nasaret. Die apostels het die volle verhaal van Christus se koms, sy geboorte, lewe, dood, opstanding, Christus se huidige glorie en alle toekomstige openbarings geïnterpreteer aan die hand van die geskiedenis en profesieë in die Ou Testament.

Die apostels het die Ou Testament gebruik om bewys dat Jesus wel die komende Messias was. Vir hulle het die verhaal van Jesus begin lank voor hulle Hom ontmoet

het langs die see van Galilea of die rivier waar Johannes besig was om te doop. Hul geloof was gebaseer op die Jesus van die Ou Testament. Hulle het die geskiedenis van die Ou Testament, en die gebeure wat hulle deurgemaak het saam met Jesus, as een verhaal aan ander geleer. Hierdie metode word duidelik gesien aan die begin van Petrus se preek op die dag van Pinkster. Ander bewyse van hierdie metode word gevind in Hand. 2:22-36, 3:13-26, 7, 10:34-43, 13:16-41, 17:2,3.

4.8.1.7 *DIE KERK SE VERANTWOORDELIKHEID*

Die Ou Testamentiese geskrifte wat die menslike verstand voorberei om die nood en doel van redding deur Christus te sien, is en word baie erg verwaarloos deur die Kerk, volgens McIlwain (1991:36). Ontelbares vertolk die hele doel van Christus se bediening en dood verkeerd, omdat hulle slegs 'n vae, indien enige, begrip van Bybelse redes het vir Christus se koms. Indien die verlossingsverhaal van Christus in die Ou Testament geleer word in die kerke, Sondagskole, Bybelstudies en seminariums, voor hulle die vervulling daarvan geleer word in die Nuwe Testament, sal baie meer mense begryp wat God se doel is met Jesus as Verlosser, en dus sal sy plan vir menslike redding van meet af reg verstaan word.

Terwyl hierdie Goddelike openbaring geïgnoreer word en hierdie tendens ongelukkig deel is van die moderne kerk, sal menigvuldige mense nog steeds nie die doel van Christus verstaan nie. Dit sal op sy beurt weer aanleiding gee tot valse bekerings. Baie predikers sal na jare van hierdie tipe lering vind dat mense hierdie boodskap vleeslik aanvaar het, maar dit nog nooit werklik verstaan het nie. (Dit sluit duidelik aan by die voorspelling van Jes. 4:1, sien hoofstuk 3.6.3 – A. Ferreira).

Bob Goddard, Sr., aangehaal deur McIlwain (1991:36), skryf die volgende oor die Avastam van Paraguay:

“The Jesuit priests established colonies with many of these Indians over 400 years ago. The Jesuits were banished by the political leaders, and the Indian colonies were abandoned. In those days, the Mamelucos of Brazil made raids into Paraguay and carried off many Indians as slaves.

The results of all this are reflected in the culture and religious beliefs of these Ava people. Religiously, they are willing to accept God and Jesus Christ, as they did from the Catholics years ago. They simply add them to their innumerable list of gods which is continually increasing. This was unknown to our missionaries when they first presented the Gospel to the Avas. Since there were those who were willing to accept their teaching and professed to be Christians, it seemed there was progress. However, as the years passed and very little sign of the reality of changed lives was observed, it was found that they did not understand the Gospel. A study of their culture and religion has brought us to the conclusion that we must begin with Genesis and lay a foundation upon which to build so that they can understand who God is, what sin is, how man fell through sin and can be saved only through faith in God's Son, Jesus Christ."

Volgens McIlwain (1991:36) is die God van die Christene dieselfde God van die geskiedenis. Die geloof van Christene is gebaseer op God se groot openbarende handelinge, en dit begin met die skepping en daaropvolgende geskiedenis van die geboorte, lewe, dood, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus. Net soos dit die verantwoordelikheid was van die Israeliete om die geskiedenis van Israel te leer en vir altyd te behou as die werklike basis vir die doel en mening van geloof, so is dit die Kerk se verantwoordelikheid om dieselfde te doen. Die Kerk moet die historiese inhoud van die Skrif leer aan mense sodat hulle nie na persoonlike subjektiewe ervarings kyk as hoop op redding nie, maar eerder objektief kyk na die realiteit van die werklike lewendige God soos Hy Homself geopenbaar het in en deur Bybelse geskiedenis en deur Christus se verlossingswerk aan die kruis (2 Kor. 5:18-20).

Wanneer historiese inhoud van die Skrif geïgnoreer word, sal mense gedryf word deur hulle eie subjektiewe ondervindings in plaas daarvan dat gefokus word op historiese verlossingsondervindings deur Jesus Christus as hulle verteenwoordiger. Wat mense geleer word, sal die basis van hulle geloof vorm. Wanneer mense se fokus op persoonlike ondervindings is, sal mense kyk na innerlike ondervindings as die basis vir

aanvaarding voor God. Maar as die boodskap Bybelse geskiedenis behels, wat Christus se historiese verlossingswerk beklemtoon, sal mense se geloof gebou word op die werklikheid van Christus se handeling alleen. Mense sal na God kyk vir die voltooide werk van Christus, vir hulle part. Hierdie geskiedenis is nie net 'n lys van gegewe leerstellings nie, maar dit is feite, dit is 'n werklikheid en dit is geskiedenis. Die Bybel word beroof van sy sterkste argument en rede om aanvaar te word as die enigste outentieke bron van God se openbaring aan die wêreld, wanneer die geskiedenis nie vertel of geleer word aan mense nie. Wanneer dit gedoen word, word die Christelike geloof maar net as nog 'n alternatiewe geloof gesien.

Om hierdie rede mag die Bybel nie aan mense geleer word as 'n reeks leerstellings wat geskei is van die geskiedenis nie, maar as één Godgegewe historiese openbaring van Homself soos God self besluit hoe Hy Homself geopenbaar wil hê. Mense kan Bybelse leerstellings van die hand wys as Westerse filosofie van God, maar geskiedenis kan nie weerlê word nie. Hierdie moet die boodskap aan die wêreld wees, soos God dit toevertrou het aan die mens.

4.8.1.8 CHRONOLOGIESE OPBOU IN EVANGELISASIE

Volgens McIlwain (1991:39) is dit nodig om die Bybelse riglyne te volg, soos gedemonstreer in die Skrif, om misverstande, sinkretisme, wettisme en onvolledige Ou Testamentiese fondasies te voorkom, wat nodig is vir 'n beter begrip van die Nuwe Testament. Hierdie logiese en Bybelse redenering behels die volgende:

- Die Skrif wat geleer word tydens evangelisasie moet die hoorders blootstel aan die openbaring van God se natuur en karakter met die doel om hulle voor te berei vir die Goeie Nuus. Wanneer evangelisasie plaasvind, is dit ten eerste belangrik om God se heiligheid, regverdigheid en toorn teenoor sondears te beklemtoon, sodat mense hulself sal oordeel in die lig van die Bybelse konsep oor God.
- Omdat God besluit het om Homself te openbaar deur handeling in die geskiedenis eerder as blote verklarings en stellings, moet die evangeliese lering die geskiedkundige dele van die Skrif waarin God sy ware karakter en natuur openbaar, insluit.

- Die Wet, oftewel die Tien Gebooie, moet deel uitmaak van die lering omdat dit die harte van mense voorberei om alleen te vertrou in Jesus Christus, want deur die Wet is kennis van sonde (Rom. 3:20). Wanneer misverstande, sinkretisme, wettisisme en 'n mengelmoes van werke en genade vermy moet word, moet die Wet korrek gebruik word, sodat die gewete van die aanhoorders ontbloot word deur die Wet se skuldigbevinding en oortuigende krag.
- Die doel van alle ware evangelisasie is om te sien dat mense alleenlik sal vertrou in Jesus Christus en die reddingswerk wat Hy gedoen het namens hulle. Wanneer hoorders nodig het om te verstaan en 'n korrekte begrip te toon rondom die Evangelie-verhaal van Christus in die Nuwe Testament, moet voldoende Ou Testamentiese Christologiese agtergrond-informasie deurgegee word.
- Tydens evangelisasie is dit nodig dat die hoorders die basiese geskiedenis en kultuur van Israel geleer word. Slegs dan sal die verhaal van die Joodse Messias, en die Ou Testamentiese verlossingswerk-tipes wat deur Christus vervul is, verstaan word. Dit sluit in die verwysing na Christus as die Seun van Dawid, Koning, die regverdige Regter van Israel, asook sy spesifieke bediening aan die verlore skape van Israel en sy finale verwerping van sy eie mense.

McIlwain (1991:39) verduidelik voorts dat hierdie Bybelse-lering en riglyne absoluut noodsaaklik is tydens evangelisasie. Die beste metode om hierdie riglyne korrek aan te wend, is om chronologies die fondasie te bou soos God dit beplan het in die Bybel. Evangelisasie begin by die begin en dan word daar chronologies deur die Skrif gewerk, sodat daar verseker word dat mense die verhaal van Christus verstaan en ten volle voorbereid is vir die evangelie. Die eerste seksie van die chronologiese lering-metode, wat vir spesifiek vir evangelisasie bedoel is en redding beklemtoon, begin by Genesis en kom tot 'n konklusie met Christus se hemelvaart, soos gevind word in die boek Handeling. Daar is vyftig lesse in hierdie kursus, Firm Foundations — Creation to Christ, en dit dek die hele spektrum van die Chronologiese metode.

Die Ou Testament bied die fundamentele openbaring van God as die mens se soewereine, almagtige, alwetende, alomteenwoordige, heilige, liefdevolle, regverdige, genadige en onveranderlike Skepper, Wetgewer, Regter en Verlosser. Hierdie

openbaring van God begin in Genesis 1 en volg verder deur die historiese ontwikkeling van die menslike ras en deur die lewens van die patriarge, wat begin by Abraham. God se natuur en karakter word geopenbaar sy oordeel op Farao van Egipte, die vrymaking van Israel van slawerny, en God se barmhartigheid ten opsigte van die Israeliete in hul tog na die berg Sinai. God se soewereine posisie as die mens se Skepper, Wetgewer en Regter is plegtig versterk deur die gee van die geskrewe Wet. Die bekendmaking van God se aard en karakter word voortgesit deur sy oordele op die rebelse volk Israel, maar ook getemper deur sy genade en voortdurende en waaksame sorg. Deur middel van die ministeries van Moses, Josua, die rigters, die konings en die profete, het God ten volle geopenbaar dat dit sy prerogatief is om die skuldiges aan die kaak te stel en om diegene wat berouvol is te vergewe.

Verder dek die Ou Testament die bedeling van die Wet. Dit beteken glad nie dat God se genade nie toegepas is in dié tydperk nie. Die redding van sondaars, wat begin het by Adam en Eva, het totaal en al berus op God se genade. Alhoewel God se genade sienbaar is in die Ou Testament, is die soewereiniteit, regverdigheid, heiligheid en oordeel van God baie meer sigbaar. Deur die geskrewe Wet wat gegee is aan Israel, het God Homself geopenbaar as die Heilige Een wat nie sonde sal toelaat nie, en nog minder dit ongestraf sal laat. God se heilige Wet is gegee in die Ou Testamentiese era om die aangebore verdorwenheid van die menslike hart te ontbloot, en God se heilige woede teenoor almal wat sy Gebooie breek, duidelik te toon.

Dit is om hierdie rede dat daar nie 'n beter of meer eenvoudige metode bestaan wat 'n ongeredde persoon van aangesig tot aangesig voor God se heiligheid bring nie, as wanneer so persoon blootgestel word aan die Heilige Wet se vereistes nie. Dit is hoekom die Wet in die Ou Testament gebruik is om die volk te leer en voor te berei om hulle eie hulpeloosheid te sien en die weg voor te berei vir die Verlosser. Dit is ook nie nodig om die hele Ou Testament in volle detail te leer vir ongeredde mense alvorens die lewe en redding van Christus geleer word nie. Die rede hiervoor is omdat die grootste deel van die Ou en die Nuwe Testament geadresseer is aan gelowiges.

Die hoofdoel van die vier evangeliese boeke was hoofsaaklik om ongereddes kennis en insig te gee oor Christus se lewe en sy werk as Verlosser. Johannes skryf die volgende in Joh. 20:31: “maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.” Daarom is dit logies dat wanneer die evangelie bedien word, dit slegs nodig is om die dele in die Ou Testament te behandel wat die fondasie lê vir Christus se geboorte, lewe, werk, sterwe, opstanding en hemelvaart. Dit is dus uiters noodsaaklik om die Ou Testament-gedeeltes te behandel wat deur die Nuwe Testament-skrywers gebruik word ter illustrasie of lering, en dat kennis van hierdie Ou Testament-verhale, alreeds bekend is by die hoorders sodat die doel en die betekenis daarvan in die Nuwe Testament verstaan kan word. God het hierdie chronologiese “vloei” van gebeure rondom sy Seun in die Bybel ingeskryf vanaf Genesis tot Openbaring en as hierdie “vloei” chronologies geleer word, is dit die mees effektiewe manier om die evangelie uit te dra.

4.8.1.9 DIE VLOEI VAN BYBELSE GESKIEDENIS

McIlwain (1991:41) gee die volgende tabel om die vloei van die Bybelse Geskiedenis weer te gee.

Die boeke van geskiedkundige vloei of beweging	Ander boeke wat geskryf is gedurende hierdie tydperk
Genesis	Job, Psalms
Exodus	Levitikus, Psalms
Numeri	Deuteronomium, Psalms
Joshua	Psalms
Rigters	Rut, Psalms
I en II Samuel	Psalms
I en II Konings	Spreuke, Prediker, Hooglied, I Kronieke, II Kronieke, Jesaja, Hosea, Joel, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Psalms
Daniël	Jeremiah, Klaagliedere, Esegïel
Ezra	Haggai, Sagaria
Nehemia	Ester
Maleagi	
Matteus, Markus, Lukas, Johannes	

Handelinge	Jakobus, I en II Tesselonise, Galasiërs, I en II Korintiërs, Romeine, Filemon, Efesiërs, Kolossense, Filippus, I Petrus, I Timoteus, Titus, II Timoteus, Hebreërs, II Petrus, Judas, I, II, en III Johannes
Openbaring	

4.8.2 DIE DOEL EN TOEPASSING VAN “FIRM FOUNDATIONS – CREATION TO CHRIST”

Volgens McIlwain (1991:65) is die hoofsaaklike doel van hierdie studiemateriaal of evangelisasie-metode om dit wat Jesus in Joh. 17:3 bid, te bewerkstellig: “En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.” Hoofsaaklik is hierdie Bybellesse ontwerp en saamgestel om ongelowiges tot redding te bring wat gegrondves word in Jesus Christus. Dit is egter nie net gemik op ongelowiges nie, maar ook daarop dat gelowiges tot ’n dieper kennis van God en die Bybel kan kom, om te groei in die geloof, sodat hulle ware ambassadeurs vir Christus kan wees.

Hierdie lesse volg ’n duidelike en chronologiese volgorde sodat studente maklik kan onthou wat hulle geleer het, en sodoende weer ander kan leer. Volgens McIlwain (1991:65) is die doel wat in gedagte gehou moet word, die volgende:

“The purpose of this course is to clearly present the nature and character of God and His message of salvation as He has progressively revealed these truths to us through His Word, the Bible.”

Die tema van McIlwain se studie word beperk tot “redding deur genade” en die tema van “heiligmaking” word nie tydens die studie indirek gehanteer nie. Volgens McIlwain (1991:65) word heiligmaking voldoende hanteer: “Many of the Bible passages referred to are rich in examples of how believers were used of God to do His good works.” Hierdie studie fokus dus hoofsaaklik daarop om slegs die fundamentele temas van redding te hanteer.

McIlwain (1991:66) verduidelik voorts dat dit belangrik is om daarop te let dat hierdie nie 'n kits-evangelie is nie. God het 'n leeftyd “om te leer” beplan vir die mens, wat begin by die kleuter. Rondom sy Woord het Hy duidelike riglyne gestel in Deut. 6:6-9:

“En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees. En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe.”

Dit is ook belangrik om te weet dat “oppervlakkige kennis” rondom die Bybel nie voldoende is nie (McIlwain, 1991:66). Mense leer Bybelse feite vinnig en maklik aan, maar fondasie-temas kan nie so vinnig geleer word nie. Daarom is dit belangrik, soos reeds beklemtoon, dat daar chronologiese deur die Bybel gewerk word om ongeredde persone die kans te gee om te verstaan dat hulle verlore is en dat redding slegs deur Jesus Christus moontlik is, asook om sekere miskonsepsies en valse leerstellings wat oor die jare opgebou is, af te breek.

Hierdie kursus is volgens McIlwain (1991:66) ontwerp om oor 'n jaar te strek, sodat 'n volledige fondament vir die Christelike geloof opgebou kan word. Alhoewel die kursus versnel kan word deur dit meer intens te bestudeer en meer as een les op 'n slag te hanteer, word dit nie aanbeveel nie. Om kortpaaie te kies in die kursus, moet ten alle tye vermy word. Dit is nodig dat die fondasie korrek en sterk gebou word, sodat die Bybelse legkaart volledig en reg inmekaar pas om toekomstige kennis en Bybelstudie te vereenvoudig wat gebaseer is op die waarheid.

4.8.3 SPESIFIEKE RIGLYNE VIR DIE EVANGELIS

4.8.3.1 WEES VOORBEREID

Ten eerste is gebed die belangrikste element van voorbereiding. Daar kan nie genoeg beklemtoon word hoe belangrik gebed is nie (sien punt 4.6.4). McIlwain (1991:73) sê

dat dit noodsaaklik is dat deel 1 van “Firm Foundations – Building According to Plan” gelees en geabsorbeer word. Daarna moet deel 2, “How To Use This Bible Study” gelees word. Kortliks moet dan al die “Overview”-dele van al die lesse gelees word. Dit sal ’n algemene perspektief van die lesse gee. Dit is dan belangrik om die eerste paar lesse deeglik deur te werk, sodat die pad vorentoe nie onbekend is wanneer daar onderrig begin gee word nie. Soos daar deur die lesse gewerk word, is dit essensieel om die opvolglesse te lees om die studente doelgerig en chronologies korrek te kan leer. Verder is dit belangrik om gereeld weer deel 1 en 2 te lees wat praktiese voorbeelde bevat hoe om moontlike probleme te oorbrug wat mag voorkom tydens die aanbidding.

4.8.3.2 SPANWERK

McIlwain (1991:73) is van mening dat spanwerk belangrik is tydens die aanbidding van hierdie lesse. Die spanwerk behels basies drie dele:

- **Spanonderrig**

Wanneer meer as een persoon onderrig gee, is dit noodsaaklik dat almal goed voorberei is vir die betrokke les. Die een kan ook vir die ander een instaan wanneer iemand afwesig is.

- **Helpers**

Sommige studente sal nie vir hulp vra tydens die opsoek van Bybelverse, ensovoorts nie. ’n Helper is ’n aanwinst in hierdie verband om studente nie verleë te laat voel as hulle nie weet waar om iets spesifiek op te soek nie. Die helper moet ook bekendgestel word as ’n helper in hierdie verband.

- **Gebedstryders**

As daar vriende en familie tydens die aanbidding van die lesse as gebedstryders kan optree, sal dit baie goed wees. Rapporteer terug aan hulle en lig hulle in oor die betrokke les wat behandel word.

4.8.3.3 *KLASFORMAAT*

Die grootte van die klas en die hoeveelheid wat teenwoordig is, sal bepaal hoe die lesse aangepas moet word. Dit berus by die aanbieder om die lesse aan te pas na gelang van die omstandighede. Volgens McIlwain (1991:73) is die lesse so ontwerp dat dit baie omstandighede kan akkommodeer.

4.8.3.4 *GESAGHEBBENDE EVANGELISASIE*

Hierdie lesse is volgens McIlwain (1991:74) gebaseer op 'n direkte aanbiedingsmetode. Die evangelis neem die leiding en werk deur die spesifieke materiaal vir die betrokke les. Die is nie 'n algemene soort Bybelstudie waaraan almal deelneem, en elkeen sy eie opinie gee nie. Daar is wel plek en ruimte gemaak om studente se insette te kan akkommodeer, maar dit word beperk, sodat daar nie van die struktuur van die les afgewyk word nie. Dit kan 'n wesenlike probleem veroorsaak as daar 'n gemengde klomp mense is, met 'n groep wat reeds 'n sekere mate van Bybelkennis het, en ander wat min of geen het nie. Daarom is dit belangrik dat die Bybel die finale gesag het en dit moet so gehandhaaf word ten alle tye.

4.8.3.5 *LEER UIT DIE BYBEL, DIE ENIGSTE GESAG*

McIlwain (1991:74) is van mening dat dit belangrik is om altyd direk uit 'n oop Bybel te leer. Studente moet kan sien dat die Bybel gebruik word, en dat dit gebruik word as die hoogste en enigste gesag. Mack (2004:25) bevestig dat daar geen hoër gesag is as die Bybel nie. Watter onderwerp die Bybel ook al aanraak, dit moet aanvaar word as onfeilbaar en absolute, hoogste gesag:

“The authority of Scripture is a key issue for the Christian church in this and every age. Those who profess faith in Jesus Christ as Lord and Saviour are called to show the reality of their discipleship by humbly and faithfully obeying God’s written Word. To stray from Scripture in faith and conduct is disloyalty to our Master. Recognition of the total truth and trustworthiness of Holy Scripture is essential to a full grasp and adequate confession of its authority” (Mack, 2004:25).

Dit is dus essensieel dat studente sien dat dít wat aan hulle geleer word, direk vanuit die Bybel afkomstig is.

4.8.3.6 *DIT MAAK SAAK HOE DIT GESÊ WORD*

Volgens McIlwain (1991:74) sal die meeste mense eerder daarvan hou om te luister na iemand wat 'n goed-voorbereide les aanbied, as wat hulle voel dat hulle bepreek te word. 'n Goed-voorbereide les sal selfs 'n nederige of skaam persoon wat moeilik voor mense praat, verstaanbaar maak.

- **Vermý godsdiensstige terminologie**

Vir die gelowige persoon is terme soos wedergeboorte, heiligmaking, regverdigmaking, ensovoorts nie onbekend nie, maar vir die ongelowige persoon is dit betekenisloos.

4.8.3.7 *KEN DIE STUDENTE*

McIlwain (1991:75) merk op dat Jesus mense geken het en omgee het vir hulle. Wanneer Jesus mense geleer het, het Hy dus op 'n persoonlike vlak met hulle gekommunikeer. Die illustrasies en gelykenisse wat Jesus gebruik het, was doelgerig gekies en duidelik van toepassing op die hoorders. Jesus is die direkte voorbeeld van hoe die evangelis sy studente moet ken. Valse leerstellings vorm die wêreldvisie van studente en daarom moet die evangelis bedag wees daarop. Moenie die valse leerstellings direk aanval nie, maar gebruik dit eerder in toepaslike lesse om dit uit te wys wanneer die waarheid in die Skrif geleer word. Ten alle koste moet dit vermy word om studente se geloof aan te val. Wees voorbereid en ken valse leerstellings en valse godsdiensle uit, sodat die evangelis die student se agtergrond, geloof en wat hy/sy as die waarheid beskou, kan leer ken, om sodoende die waarheid in komende of huidige lesse meer effektief te kan oordra.

Dit is belangrik om nie van stryk gebring te word nie, maar om by die Woord en die bepaalde les te bly. Die Heilige Gees moet vertrou word sodat Hy die student sal oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Verder is dit noodsaaklik om te bly bid vir die studente, om ook waar moontlik interaktief betrokke te wees by hulle buite die

studiegroep, en sodoende God te vertrou vir leiding. Die klaskamer moet 'n atmosfeer van aanvaarding hê, want studente word juis van redding deur genade geleer. Moenie studente probeer hervorm nie, maar leer hulle eerder om God se weg van redding en hervorming te verstaan wat geskied deur wedergeboorte in Jesus Christus.

4.8.3.8 AANVAAR ONGEREDDE STUDENTE – NET SOOS HULLE IS

Dit is God alleen wat die dooies kan laat opstaan. McIlwain (1991:75) is van mening dat God nie afhanklik is van enige mensgemaakte geloof of geestelike atmosfeer nie. God het hierdie studente aan die evangelis toevertrou as 'n ongeslypte diamant. Dit is die evangelis se plig en werk om almal te aanvaar net soos hulle is en God toe te laat om hulle te slyp en te vorm.

4.8.3.9 ONDERRIG, GEMENGDE GROEPE - GELOWIGES EN ONGELOWIGES

Volgens McIlwain (1991:74) is hierdie lesse ontwerp om ongelowiges se fondasie in die evangelie te bou. Dit is belangrik om nie die boodskap te kompliseer en verwarrend te maak nie. Dit is nie ongewoon om geredde, sowel as ongeredde persone in die gehoor te hê nie, en onder alle omstandige moet die evangelis nie op 'n syspoor gebring word nie, maar moet hy hou by die temas en die formaat van die lesse. Dit moet aan ware geredde persoon beklemtoon word dat die tema van redding deur genade alleen, van toepassing is, en dat onnodige praatjies rondom ander leerstellings vermy moet word, sodat dié wat nog nie gered is nie, tot volle begrip kan kom rondom redding.

Ware geredde persone moet aangemoedig word om ook die kursusmateriaal aan te koop en te bestudeer terwyl hy/sy die lesse bywoon om self vaardig te word om dit self later te kan aanbied.

4.8.3.10 GROOT EN KLEIN GROEPDINAMIKA

McIlwain (1991:74) is van mening dat klein groepe die evangelis noodsaak om meer taktvol te wees en direkte vrae te vermy wat studente in die verleentheid kan stel. Vra net vrae wat 'n antwoord regverdig, aangesien mense in kleiner groepies gedruk voel om 'n antwoord te gee. Besprekingsvrae moet vermy word, omdat dit maklik aanleiding sal gee tot persoonlike oortuiginge en argumente. In groter groepe kan retoriese vrae

gevra word, die les-aanbiedings kan meer persoonlik gemaak word en daar kan makliker “geskuif” word van een student na ’n ander indien onnodige diskussies ontstaan.

4.8.4 LEERSTELLIGE TEMAS

Mcllwain (1991:77) beklemtoon dat die leerstellige temas wat deurgaans gebruik word in die lesse, van so ’n aard is, dat dit mense sal wys dat hulle eerstens sondig, en verlore en hopeloos voor God is. Daar word getoon wie en wat die heilige en regverdige Skepper en Regter is. Tweedens word getoon hoe geloof bewerkstellig word deur die totale afhanklikheid van Jesus Christus as die enigste en ware Verlosser. Hierdie spesifieke temas volg hieronder (Mcllwain, 1991:77-79).

4.8.4.1 DIE PERSOON EN KARAKTER VAN GOD

- **God is die hoogste en soewereine gesag**

Die gesag van God is regdeur die Bybel duidelik. Hy het gesag oor die hele skepping, die mens, die engele en ook Satan. Niemand kan God bevraagteken nie. Hy is die groot inisierder, die Alfa en die Omega, wat alles bewerk na sy wil. In ’n samelewing waar die mens as die hoogste gesag beskou word, is dit nodig om die studente van voor af die waarheid te leer. Vir dié wat na die waarheid opsoek, is dit goeie nuus, alhoewel dit in teenstelling is met wat geleer word in die samelewing. Dit is egter noodsaaklik dat die waarheid geleer word, want die een waarheid help om die ander waarheidslesse wat volg, beter te kan verstaan. Ongeag alle pogings van die mens om God te onttroon as die hoogste gesag, bly God, en sal God altyd wees, die Almagtige Skepper van hemel en aarde.

- **God kommunikeer met die mens**

Die Bybel is nie net ’n geskiedenisboek wat bewyspunte bevat van wat God vir die mens gesê het nie. Die Bybel is duidelik God se Stem wat nog steeds met die mense praat vandag. Hierdie boodskap word egter erg verwaarloos deur miljoene mense wat Bybels op hulle boekrakke het, maar nooit lees nie. Buiten die feit dat hulle God verontagsaam en ontken as Skepper, is mense ook nog doof vir die boodskap wat God uit die natuur met liefde aan die mense vertoon, elke liewe dag.

God maak nog steeds elke dag bemoeienis met mense deur genade, en Hy roep nog steeds mense na Hom om hulle te bekeer van hulle sondige weë. God se Woord sal staan tot in ewigheid, en dus word studente geleer dat God se Woord betrekking het op hulle en is dit God wat deur sy Woord met hulle persoonlik praat. Sodoende is geen mens sonder verskoning nie (Rom. 1:20).

- **God is oral, al die tyd; Hy weet alles**

Die terme van “Alomteenwoordig” is doelbewus weggelaat om verwarring te voorkom met wat in die Panteïsme geleer word, naamlik dat God in alles is en alles is in God. Daar moet ’n duidelike onderskeid gemaak word tussen God en sy skepping. God is orals, maar Hy is nie in alles nie, en alles is nie in God nie.

- **God is almagtig**

Hierdie attribuut van God is seker die een wat die moeilikste aanvaar word deur mense wat alles altyd wetenskaplik wil bewys. Die wonderwerke van God word verwerp deur gefabriseerde verduidelikings, wat volgens hierdie mense ’n meer aanvaarbare verduideliking sal wees. In hierdie lesse word dit duidelik gemaak dat die wonderwerke God se doen en late is en dat Hy die Almagtige Persoon is wat wel in staat is om enigiets te doen.

- **God is heilig en regverdig. Hy eis die dood as die betaling vir die sonde**

Soos Jesus tereg gesê het, is net God goed, en is daar net een standaard vir goedheid, en dit is God. Enigiets laer as die perfekte standaard van God se regverdigheid, is onaanvaarbaar vir Hom. Enigiets wat verskil met God, of wat in teenstelling met God is, is sonde.

Hierdie waarheid is die een wat sienbaar afwesig is van vele godsdienstige denke vandag. In vandag se preke ontbreek prediking van God se heiligheid, die mens se sondige toestand, die doodstraf vir sonde, asook die bloed van Jesus Christus wat uitgestort is vir sonde. Die boodskap van die Bybel is nie “glimlag, want God het jou lief” nie, maar dit is “die siel wat sondig sal sterf” (Eseg. 18:4). Wanneer hierdie boodskap helder en duidelik is, sal Joh. 3:16 beter verstaan word.

Dit is 'n feit dat die doodstraf vir sonde en 'n werklike hel nie meer vandag van toepassing is volgens die oorgrote meerderheid mense nie. Maar God het nog nooit sy standaard verlaag of verander nie. Hy sal nooit toelaat dat enige mens Hom nader, tensy die volledige en regverdige vereiste van God se Wet nie ten volle betaal is nie. Hierdie vereiste is alleenlik moontlik gemaak deur die kruisdood van Jesus Christus en word as genadegawe aan almal gebied wat gewillig is om hom te bekeer van sy sondige weë.

In die Ou Testament is dierlike offerandes die enigste tydelike versoening wat God ingestel het. Dit moes altyd die sondaar herinner dat 'n onskuldige, vlekkelose lam, in sy plek gesterf het. Sonde vereis 'n betaling en dit is die dood, en dit was die enigste betaling wat vir God aanvaarbaar was. Die bloed van 'n dier was nooit 'n vervanging vir die doodstraf van die sondaar self nie, maar dit was 'n konstante herinnering dat niks behalwe die dood kan voldoen aan God se heilige en regverdige eise nie (Heb. 10:1-2).

- **God is liefdevol, genadig en barmhartig**

God se liefde is onveranderd, opreg en geensins afhanklik van die meriete of waarde van die objek van daardie liefde nie. God is liefde (1 Joh. 4:8). Hierdie liefde projekteer God se liefde in daardie konteks, en nie in die mensgemaakte, selfgeoriënteerde, selfsugtige idee of konteks soos dit vandag te dikwels geproklameer word nie. God se begenadiging word in hierdie lesse omskryf as die weg wat God voorberei het om die straf wat sondaars verdien, vry te spring. God se genade word beskryf as sy vriendelikheid teenoor sondaars wat dit glad nie verdien nie.

- **God is getrou, Hy verander nooit**

In vandag se tyd word die Bybel herskryf sodat dit kan aanpas by die mens soos hy dit graag wil hê. Daar word sterk klem gelê in hierdie lesse op die feit dat God nooit verander nie, en so ook sy Woord. Hierdie lesse beklemtoon God se getrouheid. Dit is 'n skitterende boodskap in hierdie ewig-veranderende donker wêreld van teleurstellings. God hou sy woord en sy beloftes, en dit is 'n feit wat gereeld

beklemtoon moet word, omdat dit in teenstelling is met wat die mens weet van homself en van ander mense.

4.8.4.2 DIE MENS

- **Die mens is 'n sondaar. Hy het God nodig en is hulpeloos om homself te red**

Die mens kan God geensins behaag deur sy eie pogings nie. Dit is slegs God se genade wat 'n persoon kan red. Alles wat die mens is, wat hy besit, sy lewe, eiendom en dit wat die mens het om voort te bestaan, word voorsien deur God. Die mens se hulpeloosheid in die natuurlike verband word in die Skrif gebruik ter illustrasie van die mens se geestelike hulpeloosheid en sy nood aan God se genadige voorsiening vir verlossing.

- **Die mens kan na God toe kom slegs volgens God se wil en plan**

Omdat God heilig en almagtig is, bepaal Hy alleen die manier waarop die mens na God toe kan kom. Dit kan slegs geskied volgens God se wil en plan.

- **Die mens moet geloof hê om God te behaag en om gered te word**

Sonder geloof kan die mens nie gered word nie.

4.8.4.3 SATAN

- **Satan veg teen God en sy wil. Satan is 'n leuenaar en 'n bedrieër. Hy haat die mens**

Satan en sy engele is ook skepsels van God, en daarom is hulle ook afhanklik van God en onderhewig aan God se gesag. Hulle is die onverbiddelike vyande van God en die mens, en is besig om sondige mense te gebruik om God se gesag omvêr te probeer werp en om God se koninkryk te probeer vernietig. Met hierdie pogings probeer Satan en sy engele om hulle eie koninkryk te bevestig.

Alhoewel Satan skaars genoem word in die Ou Testament, is dit nog steeds nodig om die studente te herinner aan sy teenwoordigheid en sy bose invloed op die geskiedenis van hierdie wêreld. Die Nuwe Testament noem hom die god van hierdie

wêreld (2 Kor. 4:4). Daarom weet die mens van sy teenwoordigheid en ewigdurende pogings om die mens tot verlei om sonde te doen wat in teenstelling is met God en God se wil. Nieteenstaande al Satan se pogings, triomfeer God oor elke poging van Satan om God se planne te vernietig om sy mense te seën en om redding te bring aan die mensdom.

4.8.4.4 JESUS CHRISTUS (NUWE TESTAMENT ALLEEN)

- **Jesus Christus is God**
- **Jesus Christus is mens**
- **Jesus Christus is heilig en regverdig**
- **Jesus Christus is die enigste Verlosser**

4.8.5 SPESIFIEKE RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN DIE AANBIEDING VAN HIERDIE LESSE

Die spesifieke riglyne is omvattend omskryf deur McIlwain (1991:80-90). Die metode van aanbidding van die lesse word breedvoerig beskryf en word dus hierby aangeheg as “Bylae H”.

4.8.6 DIE LESSE VAN “FIRM FOUNDATIONS — BUILDING ACCORDING TO PLAN”

Omdat hierdie lesse meer as vyfhonderd bladsye bevat, kan al die lesse nie in hierdie navorsing weergegee word nie, en ter illustrasie van die uitleg en die eenvoud van hierdie lesse, word slegs een les (les 25) aangeheg as “Bylae I”. Hierdie navorsing handel oor die gebruik van die Tien Gebooie tydens evangelisasie, en daarom is dit gepas om les 25 te gebruik as voorbeeld, aangesien les 25 handel oor die Tien Gebooie.

4.9 SAMEVATTING VAN “FIRM FOUNDATIONS — CREATION TO CHRIST”

Hierdie langtermyn metode dien as ’n uitstekende riglyn vir evangelisasie, omdat dit ’n duidelike en chronologiese volgorde volg wat begin by Genesis en eindig met die hemelvaart van Christus. (Opvolgkursusse is beskikbaar, soos byvoorbeeld die leer van eskatologie ensovoorts, vir studente wat ware bekering deurgemaak het en verdere

kennis wil opdoen oor Jesus en die Bybel). Die hooftema is “redding deur genade”. Dit het ten doel om God se natuur en karakter vir die sondige, verlore mens te openbaar. Hierdie boodskap van verlossing vir die sondige mens, deur God se Seun, Jesus Christus, word aan die mens geopenbaar deur God se Woord, die Bybel. Sentraal deur die lesse kom die volgende vereistes vir evangelisasie duidelik na vore:

- Bewusmaking van God se heiligheid.
- Bewusmaking van persoonlike hopeloosheid en verlorenheid.
- Bewusmaking van persoonlike veroordeling en komende oordeel.

Dit maak definitief gebruik van die drie waarhede in die Skrif:

- Die Wet van God.
- Die kruisiging van Jesus.
- Die regverdige oordeel van God Almagtig.

Op grond hiervan, is hierdie beproefde metode wel geskik vir evangelisering en deur gebruik te maak van “Firm Foundations – Creation to Christ” kan die doel van hierdie studie bereik word, naamlik die beperking van valse bekerings tot die minimum.

4.10 DIE MOTIVERING VAN DIE METODE VAN “THE WAY OF THE MASTER EN CONQUER YOUR FEAR, SHARE YOUR FAITH” AS RIGLYN

4.10.1 INLEIDING

Hieronder volg ’n verkorte opsomming en motivering van “The way of the Master” en “Conquer your fear, share your faith” as ’n werkbare riglyn vir korttermyn evangelisasie wat wel voldoen aan bogenoemde vereistes. Predikers en evangeliste kan hierdie metode met vrymoedigheid gebruik. Dit is opgestel deur Ray Comfort en Kirk Cameron (2004) en (2009). Waar van toepassing sal erkenning van direkte aanhalings gegee word (vanaf punt 4.10 – 4.12) indien die outeurs nie Cameron en Comfort is nie, terwyl die res van die onderstaande werk en direkte aanhalings erkenning geniet van Cameron en Comfort om die akkuraatheid van die hele metode te behou.

4.10.2 *DIE GEHOORSAAMHEID AAN DIE GROOT OPDRAG*

Cameron en Comfort (2004:1) maak die stelling dat die demonstrasie van Christene se liefde vir God deur gehoorsaamheid aan God se wil (Joh. 14:15) nie so natuurlik gebeur as wat die Christen dink nie. Dit is groot moeite om gehoorsaam te wees aan die Groot opdrag, om in Jesus se voetspore te volg en om te soek na dié wat verlore is. Cameron en Comfort (2004:1) noem verder dat in Bill Bright se boek “The coming Revival”, dr. Bright daarvan melding maak dat slegs 2% van die Amerikaners wat hulleself Christene noem, hul geloof deel met ander. Volgens Cameron en Comfort (2004:1) is hierdie toedrag van sake tragies en hulle vra die vraag: “If the love of God dwells in us, how can we not be horrified by the fate of the lost? Yet, many professing Christians today are so locked into worship (with the volume turned high) that they seem to give little or no thought to the fate of the ungodly.”

4.10.3 *DIE NALATIGE BRANDWEERMAN*

Om bogenoemde tragiese punt te bewys, gebruik Cameron en Comfort (2004:2) ’n vertelling van ’n brandweerman wat homself besig hou met onbenullighede op ’n ramptoneel. Terwyl mense bo in ’n gebou in ’n brand vasgekeer is en in uiterste nood verkeer, is hierdie ervare brandweerman besig om ’n nuwe CD-speler te toets wat hy vir die brandweerhoof as geskenk gekoop het. ’n Familie van vyf brand dood as gevolg van die feit dat noodsaaklike hulp nie by hulle uitkom nie. Hierdie brandweerman word nou aangekla van die ergste graad van nalatigheid en staar ’n baie ernstige vonnis in die gesig. Die vraag word gevra: watter vonnis sal die leser aan hierdie brandweerman toeken as hy/sy die regter in hierdie saak is?

Hierdie vergelyking van Cameron en Comfort (2004:3) hou nou verband met Judas 1:23: “maar ander moet julle met vrees red deur hulle uit die vuur te ruk”, en hulle vra die vraag of Christene nie dan ook vergelyk kan word met hierdie nalatige brandweerman, omdat die oorgrote meerderheid selferkende Christene geen poging aanwend om ongelowiges te red uit die put van die hel nie. Cameron en Comfort (2004:3) maak die stelling dat hulle glad nie impliseer dat mense wat nie getuig nie, nie gered is nie, maar wel die vraag vra dat as daar van ’n brandweerman verwag word om mense se lewens te red, moet die Christen nie ook dieselfde standaard op homself van

toepassing maak nie?

4.10.4 *BID VIR HERLEWING*

Volgens Cameron en Comfort (2004:3) is daar wel mense wat bid vir herlewing, wat goed is, maar die meeste mense gebruik dit as 'n verskoning om nie self uit te gaan en die evangelie te deel met ander nie. In werklikheid word die volgende dus gesê:

“Lord, I know that you have commanded us to go into all the world and preach the gospel to every creature. But we will stay here and pray. We know that you have chosen the ‘foolishness’ of preaching to save them that believe. But we will stay here and pray. And we know that the Bible asks us, ‘How will they hear without a preacher?’ But we will stay here and pray, because it is easier to talk to God about people than it is to talk to people about God.”

4.10.5 *GOD HET 'n WONDERLIKE PLAN VIR JOU LEWE*

Die groot rede vir die probleem dat weinig Christene die Opdrag van Christus uitvoer, moet gelê word voor die deur van die kerk en spesifiek die “boodskap” wat wel uitgaan vanaf die kerk. Cameron en Comfort (2004:11) maak die opmerking dat die kerk vandag kies om 'n boodskap van “goeie nuus” uit te dra, wat impliseer dat wanneer God mense red, daar vir hulle 'n wonderlike lewensplan ontvou, van geluk, lewensvreugde en vryheid van probleme en struikelblokke. Die “goeie nuus” dat sondaars regverdigmaking kan verkry deur Christus en sodoende gered word van die komende oordeel, word opsy geskuif vir 'n boodskap vol beloftes. Hierdie boodskap klink aanloklik vir mense, en kan selfs Bybels voorkom, maar dit is glad nie waar nie. Sulke boodskappe belowe maanskyn en rose aan sondaars, terwyl dié wat in Christus is, die teenoorgestelde ervaar. 'n Gemaklike vlug word belowe, maar dit is in werklikheid 'n vlug vol turbulensie.

Die sondaars wat dan wel hulle “hart vir Jesus gee” en hierdie wonderlike lewe wil ervaar, kom met 'n groot skok agter dat die pad van die Christen nie met rose besaai is nie, maar wel 'n pad is van verwerping en verdrukking. Hierdie “probleem”-mense het

nie 'n boodskap van sonde, geregtigheid en oordeel gehoor nie. Hulle het nie die boodskap ontvang om hulle te bekeer van sonde en sodoende te ontvlug van die komende toorn van God nie. In stede daarvan het hulle 'n boodskap gekry dat Jesus die oplossing is vir hulle probleme met alkohol, dwelms, hul huwelik, persoonlike of finansiële probleme, en dat Hy die Een is wat die vakuum in hulle lewens kan vul. Die meeste mense kom dus alleenlik net om 'n oplossing vir hulle persoonlike probleme te kry.

4.10.6 *FALSE BEKERINGS*

Bogenoemde mense wat hulle “hart vir Jesus gegee het” word gevolglik ontnugter en val dan weg, of raak afvallig, omdat hulle nie 'n ware berou oor sonde gehad het nie. Cameron en Comfort (2004:26) klassifiseer hulle as valse bekerings en gebruik Mark. 4:16-17 as motivering vir hierdie uitspraak. Hierdie valse bekerings hou die volgende nadelige gevolge vir die Liggaam van Christus in:

- Uitputting van predikante. In plaas daarvan dat predikante hulle tyd ten volle wy aan die sorg van die hele gemeente, is predikante op 'n permanente basis besig met berading aan diegene wat net hoorders van die Woord is, maar nie daders nie.
- Vasbinding van die enkele geloofswerkers (alreeds bitter min ware werkers van die geloof) in berading en opvolgaksies, terwyl hierdie “probleem”-mense in werklikheid 'n ware sondeberou en bekering nodig het.

4.10.7 *DIE EVANGELIE IS VIR ALMAL*

Cameron en Comfort (2004:27) verduidelik dat die evangelie universeel is en nie beperk is tot die ongelukkige en “seer” wêreld soos dikwels gepromoveer word nie. Die evangelie is 'n belofte van geregtigheid, nie 'n belofte van geluk nie. Die evangelie is dus ook vir die sondaar wat vir 'n tyd lank “die genot van sonde het” Heb. 11:25. Ray Comfort maak die stelling dat hy, vóór sy werklike bekering, gelukkig, tevrede, opgeruimd, dankbaar en vol lewenslus was. Hy het die lewe geniet en dit ten volle uitgeleef elke dag. Om hierdie rede was hy dus nie 'n kandidaat vir die moderne evangelie nie. Nadat hy egter gekonfronteer is met God se heiligheid en sy volmaakte

Wet en begryp het dat die rykdom van hierdie wêreld niks goed inhou nie, maar dat slegs God se geregtigheid red van die dood (Spr. 11:4), het hy sy nood aan 'n Verlosser raakgesien (Cameron & Comfort, 2004:27).

4.10.8 *DIE KERK SE EINDDOEL MET DIE EVANGELIE*

Die feit dat die einddoel van die evangelie voorgehou word as iets wat die sondaar geluk sal gee in plaas van geregtigheid, faal dit daarin om God se werklike intensie met die evangelie te herken. Hulle dink die evangelie is vir diegene wat 'n geldelike tekort het, dié wat gebroke is deur die lewe se omstandighede en vir dié wat die samelewing se probleem-mense is. Hierdie valse boodskap word vererger deur emosionele opsweping deur aanbiddingsliedere wat verkondig dat Christus op Golgota gesterf het vir die hartseer, stukkende en gebroke mense van die samelewing (Cameron & Comfort, 2004:27).

4.10.9 *JESUS SE MANDAAT MET DIE EVANGELIE*

Cameron en Comfort (2004:47) sê dat Jesus reg van die begin van sy bediening dit duidelik gemaak het dat sy goddelike mandaat is om die verlorenes te bereik met die evangelie. Jesus het gesê: “Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak” (Matt. 4:19). Om hierdie rede het Hy sy dissipels geroep – om hulle te leer hoe om mense te “vang”. Jesus verklaar sy goddelike opdrag in Matt. 5:17-20, om die Wet uit te lig, dit groot en eerbaar te maak:

“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die

hemele sal ingaan nie”.

4.10.10 *BLINDE LEIERS*

Cameron en Comfort (2004:47) merk voorts op dat die geestelike leiers van daardie tyd die Wet van God verkleineer en verag het. Hulle het die heilige inhoud en voorskrifte van die Wet verdraai en verkrag. Hulle het die krag van die Wet verdoesel, naamlik om mense tot die kennis van sonde te bring en hulle nood aan ’n verlosser en redding raak te sien. Die “swaarste van die wet” het hulle nagelaat (Matt. 23:23), en so die krag van die Wet beperk wat ten doel het om ’n sondebeseft voort te bring. Jesus het hulle blinde leiers genoem (Matt. 23:24).

4.10.11 *DIE PERMANENSIE VAN DIE TIEN GEBOOE*

Cameron en Comfort (2004:47) verduidelik verder dat Jesus kom reguit maak het wat die geestelike leiers gebuig het, en het Hy vergroot wat hulle verklein het. Verder het Jesus ook die permanensie van die Wet bevestig – wat God self in klip geskryf het en wat nooit sal verander nie. Nie een jota of een titteltjie sal verbygaan nie (Matt. 5:18). Dus is dit nie die Wet van God wat moet verander nie, maar die klipharde harte van die mense wat moet verander – en as dit nie gebeur nie, sal ’n groter klip kom en hulle vermorsel (Matt. 21:44; Luk. 20:18).

Ten tweede het Jesus die geestelike aspek van die Wet oopgemaak, en die mense gewys hoe God soek na “die waarheid in die binneste” Psalm 51:6. Dit is duidelik hoe Jesus die Wet heilig en groot maak in die volgende gedeelte:

“Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur. Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê

vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het” (Matt. 5:21-22, 27-28).

'n Bietjie later het Jesus, die Meester-onderwyser, die Wet verder vergroot en uitgelig en bring hy die negende gebod in Matt. 5:33-37 baie duidelik na vore,

“Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet jou ede aan die Here hou. Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie – nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is; ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning; ook by jou hoof mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie. Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose”.

4.10.12 WEES VOLMAAK

Jesus het hierdie prediking van Hom afgesluit met die volgende woorde: “Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is” (Matt. 5:48). Hierdie boodskap moes die hoorders sprakeloos gelaat het, want die doel van die wet is: “sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees” (Rom. 3:19). Cameron en Comfort (2004:49) vra dan die vraag: wie kan homself regverdig in God se oë as God perfeksionisme vereis? Die antwoord is eenvoudig: daar is hoegenaamd niemand wat dit kan doen nie.

Volgens Cameron en Comfort (2004:49) is daar sommige Bybel-komentators wat sê dat Jesus nie hier “perfeksionisme” bedoel het nie, maar eerder “volwasse”. As dit dan die geval is, moes Jesus dan gesê het: “Wees julle dan volwasse soos julle Vader in die hemele volwasse is”. Om te noem dat God “volwasse” is, sal beteken dat daar 'n stadium was dat Hy “onvolwasse” was. Hierdie gedagte is totaal en al onbybels, want God verander nooit nie (Mal. 3:6). God was en is nog van altyd af perfek en het dus nie nodig om volwasse te wees nie. Volgens MacArthur, (1985:351) is die Griekse woord

wat vir “perfek” gebruik word “Teleios” en word dit dikwels vertaal met “volwasse”. MacArthur huldig egter presies dieselfde siening as Cameron en Comfort, want perfek beteken perfek in hierdie konteks want God die Vader is die standaard.

God se Wet is ook perfek, en die mens wat nie aan hierdie standaard van die heilige perfekte Wet voldoen nie, sal met die oordeelsdag in die ewige vuur gegooi word. Daarom sê die apostel Paulus in Kol. 1:28: “Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel.” Jesus het konstant deur sy bediening die perfekte Wet van God gebruik en die geestelike waarheid daaraan verbonde, om sodoende sondaars tot bekering te roep. Hy het die waarheid van die toekomstige oordeel beklemtoon en was nie bang om die sondaars te waarsku nie: “Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug?” (Matt. 23:33). Jesus het verder nooit die woorde van sonde en bekering versag nie, nog minder was Jesus bang om die hel “die hel” te noem, en het Hy die hel in volle detail beskrywe in Mark. 9:34-44.

4.10.13 *DIE ONGUNS VAN HEL, OORDEEL EN SONDE*

Met verloop van tyd, het die realiteit van die hel, oordeel en sonde in onguns geraak in die moderne kerke, en het die predikers begin om die boodskap primêr te vervang met God se liefde en genade (Cameron & Comfort, 2004:50-55). In plaas daarvan om voort te gaan om die boodskap van die Wet te gebruik om sondaars van sonde te oortuig, het ’n oneffektiewe valse metode van verlossing die kerk binnegesluit met die volgende probleme:

- **Hierdie metodes is onbybels**

Die metodes is onbybels aangesien dit nie die Bybelse riglyn volg van Jesus wat ’n perfekte balans van Wet en genade gebruik het nie. Jesus het altyd Wet vir die trotsaard gegee en genade aan die wat nederig van hart was (Luk. 10:25-26; 18:18-20; Joh. 3:1-17). Nie eenkeer het Jesus die Blye Boodskap (die boodskap van die kruis, genade en begenadiging) aan trotse, arrogante persone of aan persone wat vol is van selfregverdiging, gegee nie. Jesus het die voorbeeld van sy Vader gevolg: weerstaan die hoogmoediges en gee genade aan die wat

nederig is.

- **Hierdie nuwe metodes gebruik omtrent nooit die woorde “oordeel en Oordeelsdag” nie**

Die Bybel projekteer juis hierdie verskriklike komende dag van oordeel as die rede om te bekeer en om die Verlosser te vertrou (Hand. 17:30-31). Wanneer daar nie van die oordeelsdag gepreek word, of tydens evangelisasie daarvan gepraat word nie, is die metodes nie getrou aan God se Woord nie en is dit dus onbybels.

- **Hierdie nuwe metodes omskryf of definieer nie sonde nie.**

Wanneer die woordjie “sonde” wel gebruik word deur die moderne evangelisering – metodes, word dit afgesonder van die standaard van die Wet (Rom. 7:7; 1 Joh. 3:4), en word dit net in die algemeen gebruik soos in Rom. 3:23. Met hierdie gebruik van die woordjie “sonde” word sonde maar net ’n abstrakte konsep in die gedagtes van die sondaars.

4.10.14 *DIE SKEPPING VAN DIE HEL VAN ’N LIEFDEVOLLE GOD?*

Daar word selfs in sommige kerk-geledere genoem dat ’n God van liefde nie ’n hel sal skep nie, nog minder sal Hy mense tot ’n ewige hel verdoem. Die evangelis mag nie die sondaar in enige opsig skuldig laat voel nie. Die rede waarom mense dit sê, is eenvoudig omdat die Wet (die Tien Gebooie) uit die vergelyking gehaal is, en daarom maak oordeel geen sin nie. God word uitgemaak as die krimineel, in stede van die mens. Die volle implikasie hiervan is dat as ’n liefdevolle God die hel geskep het, Hy egter nie liefdevol is nie, maar boos. God het die hel geskep en daarom word die God van die Bybel uitgekryt as boos. Bring egter die Tien Gebooie terug in die vergelyking, en die prentjie verander drasties. Dit wys dan duidelik dat die mens die krimineel is en dat God heilig, goed, perfek en regverdig is. Dit sal dan onomwonde die sondaar die vraag laat vra: hoe kan daar dan nie ’n hel wees nie? Algemene kennis sal dan enige persoon tot die konklusie bring dat daar ’n goddelike vergelding moet wees vir die onregverdigheid (Cameron & Comfort, 2009:93).

4.10.15 JESUS IS NIE 'n "SOEKER-VRIENDELIKE" EVANGELIS NIE

Cameron en Comfort (2004:49) verduidelik dat Jesus nooit sy gehoor verlei of mislei het met stellings soos "God het 'n wonderlike plan vir jou lewe" nie. Hy het ook nie sy woorde gekompromitteer wanneer dit by die "swaar dinge van die Wet" (Matt. 23:23) gekom het nie. Toe Jesus met die ryk jong man gepraat het in Matt. 19:16-22, het Jesus direk die Wet aangehaal en het Hy nie probeer om die man te oortuig om 'n "kind van die Here" te word nie. Intendeel was Jesus nie 'n "soeker-vriendelike" Evangelis nie.

4.10.16 BLOED SAL VAN DIE EVANGELIS SE HANDE GEËIS WORD

Die voorbeeld van hoe Jesus die evangelie uitgedra het, is trou nagevolg deur vele Godvresende manne. Volgens Cameron en Comfort (2004:49) was daar regdeur die eeue opregte predikers, onder andere Wesley, Wycliffe, Whitefield, Spurgeon en nog vele ander. Hierdie evangeliste en predikers het die woorde van Eseg. 3:17-19 ter harte geneem en die Goeie Nuus aan sondaars gebring soos wat God dit opgeteken het in sy Woord. Die evangelie is gedeel met mense met gebruikmaking van die Wet (die Tien Gebooie) om sondaars tot bekering te bring. Geskiedenis is die bewys van hulle effektiwiteit deur die ware bekerings wat plaasgevind het.

4.10.17 DIE KULTUURSENSITIEWE EVANGELIS

Cameron en Comfort (2009:64) verduidelik dat dit nie nodig om kultuursensitief te wees om te evangeliseer nie. Wanneer ware Bybelse evangelisasie, soos Jesus dit gedoen het, verstaan en toegepas word, is dit moontlik om die evangelie enige tyd, en in enige taal aan sondaars oor te dra. Die rede hiervoor is dat God aan alle nasies die lig van die gewete gegee het.

Met 'n behoorlike betroubare tolk in 'n vreemde land, kan enigiemand gevra word wat gebeur met 'n persoon as hy sterf. Alle kulture het een of ander geloof oor hierdie onderwerp. Elke persoon word meegedeel dat wanneer hy sterf, hy die Skepper van hemel en aarde van aangesig tot aangesig sal ontmoet, en dat hy geoordeel gaan word

op grond van God se Tien Gebooie. Die Tien Gebooie moet dan een vir een behandel word om die mense hulle sondige toestand te wys. Daarna word daar oorgegaan na die Oordeelsdag, die werklikheid van die hel word uitgewys, en eers daarna word die oplossing van hierdie dilemma meegedeel, naamlik die kruisdood van Jesus, en wat sy geboorte, lewe, sterwe, opstanding en hemelvaart vir die mensdom beteken. Wat daarop volg is om aan hulle die nood van sondevergifnis te verduidelik en dat geloof slegs deur Jesus Christus moontlik is, die enigste Een wat hulle kan red van die komende oordeel. Die resultate van die evangelisasie-proses word aan God oorgelaat.

Die ware evangelis veg vir die ewige redding van elke mens se siel, wat die mens se kosbaarste besitting is, omdat hy weet dat Jesus nog nooit die vereistes vir bekering verander het nie (Cameron & Comfort, 2009:66). Vir bekering om eg te wees benadruk Cameron en Comfort (2009:78) dat daar 'n goddelike berou moet wees.

4.10.18 TOETS DIE GROND

Voordat daar 'n goddelike berou kan wees, en voordat die evangelie gedeel word, is dit egter eers nodig dat die grond getoets word. Cameron en Comfort (2004:55) beweer die fout met die moderne evangeliese metodes is dat tot en met 90 % van die oes wegval. Hierdie oes verdor en verkrummel sodra die sonlig van verdrukking, vervolging en versoeking op hulle skyn (Mark. 4:16-17). Die kerk gee "kunsmiss" van berading en ondersteuning, en deeglike opvolg is aan die orde van die dag, maar dit help alles niks nie.

Die probleem is dat die grond nie getoets is voordat daar gesaai is nie. Die grond is kliphard en met rotse van sonde deurtrek. Die grond moet omgeploeg word met die Wet, sodat daar ná 'n ware sondebesef en bekering, die sondige rotse verwyder sal word en die grond vrugbaar gemaak word vir die evangelie. Die Bybel noem dat die mens 'n hart van klip het (Eseg. 36:26). Hierdie klipharde hart kan net gebreek word met die Wet, sodat dit ontvanklik kan wees vir die evangelie. Sonder die Wet, sal die wêreld voortgaan met "godsdienst" en sal die verskriklike gevolge daarvan valse bekerings wees.

4.10.19 GODSDIENS

Die funksie van godsdiens is die mens se pogings om met God reg te maak, iets wat onmoontlik is, maar wat die ware evangelie wel kan doen. Die ware evangelie is die onuitspreeklike goeie nuus aan Boeddhiste, Hindoes, Moslems, Jode en heidene. Sonder die kennis van die Wet, sal sondaars onaangeraak, selfs in kerkbanke sit en hulle godsdiens beoefen en dink hulle is gered, alhoewel vele in werklikheid op pad is na die ewige hel.

Dit is ook 'n feit dat weinig mense wat sonde doen, die Bybel lees, want dit kla hulle aan van hulle eie sonde (Cameron & Comfort, 2009:66). Sulke mense sal gevolglik nooit die ware konsep van genade verstaan nie.

4.10.20 GENADE WORD WONDERLIK

Die saai van die evangelie in onvrugbare grond het 'n beslissende gevolgtrekking: Cameron en Comfort (2004:67) vermeld baie duidelik dat daar iets drasties fout is met die evangelisasie-metodes van die afgelope 100 jaar. Dit is as gevolg van die feit dat die kerk die sleutel tot ware sondebeseft agterweë gelaat en hul eie onbybelse metodes begin gebruik het. Volgens Ps. 19:7 is die Wet perfek om die sondaar tot bekering te bring en Rom. 5:20 verduidelik die doel van die Wet: "Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword." Hierdie perikoop kan met die volgende illustrasie van die siviele wet meer duidelik gemaak word.

Gestel 'n persoon ry met sy motor op die hoofweg en hy ry maar net 15 km/h vinniger as die spoedgrens van 120 km/h. Hierdie persoon sus sy gewete deur te kyk na die ander motoriste wat dieselfde spoed en selfs vinniger as hy ry, en dat die oortreding van die wet met 15 km/h darem nie te erg is nie. Hierdie sus van die gewete kom gou tot 'n einde wanneer 'n verkeerskonstabel se rooi ligte agter hom flits en vir die persoon aandui om stil te hou. Die vergelyking met die ander motoriste wat die persoon gebruik het om sy eie gewete te sus, is totaal en al vergete, en die beseft dat enige oortreding van die wet baie erg is, oorweldig sy gedagtes.

Hierdie vergelyking kan nou deurgetrek word na die geestelike lewe van die mens en die hoofweg van sonde. Die hele wêreld dryf stroomaf met die vloei van die hedendaagse lewe. Almal vertel leuens (al is dit net 'n wit leuentjie), almal steel (al is dit net 'n ongemagtigde telefoonoproep, fotostaat, ensovoorts), almal laster soms (almal kyk na films waar Jesus se naam gelaster word, en verleen daardeur toestemming dat God gelaster word), en almal pleeg egbreuk (al is dit net in die gedagtes). Hierdie mense weet dat hulle besig is om verkeerd te doen, maar hulle sekuriteit berus in die feit dat almal dit doen en almal skuldig is. Dit wil blyk dat God nie bewus is daarvan nie of dalk glad nie omgee dat sy Wet oortree word nie (Ps. 10:11).

Wanneer die geestelike verkeerskonstabel nou na vore kom (die Wet van God), word hierdie sonde nou in die lig van die Wet gesien (sien hoofstuk 2). Hier verander die houding van die persoon, want ten eerste word so 'n persoon se mond gestop (Rom. 3:19) en besef hy hy is doemwaardig voor God. Die sekuriteit wat die persoon gehad het in die feit dat almal dit doen, verdwyn soos mis voor die son, omdat hy/sy besef dat elke persoon self voor God verantwoording moet doen vir alles wat gedoen is in hul lewe, en dat daar selfs van elke woord rekenskap gegee sal word. Sonde word dan persoonlik en word “vermeerder of meer”. So 'n persoon besef dan dat selfs 'n wit leuen in die oë van God 'n valse getuienis is, dat wellus egbreuk is, dat lang vingers diefstal is en dat haat eintlik moord is (1 Joh. 3:15) en dat slegs **een** sonde die dood en die hel verdien. Sonder die Wet, is sonde nie persoonlik nie: “want sonder die wet is die sonde dood” (Rom. 7:8).

Om bogenoemde redes het Cameron en Comfort die metode van “The way of the Master” saamgestel om Christene toe te rus om die evangelie op 'n Bybelse korrekte manier te kan uitdra, sodat valse bekerings tot die minimum beperk kan word.

4.11 DIE METODE VAN “THE WAY OF THE MASTER” EN “CONQUER YOUR FEAR, SHARE YOUR FAITH” AS RIGLYN

4.11.1 INLEIDING

In punt 4.9.17 word alreeds 'n baie verkorte metode van “The way of the Master” aangehaal. Hierdie korttermyn evangelisasie-metode, is glad nie iets nuuts nie, en

berus op die feit dat dit is hoe Jesus die evangelie uitgedra het, daarom dan ook die naam: "The way of the Master". Hierdie metode van Comfort en Cameron, is nie hulle eie skepping nie, maar dit is eenvoudig net so oorgeneem van die Meester Evangelis, Jesus Christus self, en is gebaseer op die wyse waarop Jesus een tot een met mense gepraat het wat soekend na die ewige lewe was. Dit sluit in sowel trotsaards as nederige mense. Die metode is hoofsaaklik geskoei op die evangelie van "die ryk jong man" soos dit gevind word in Matt. 19: 16-24, Mark. 10:17-25 en Luk. 18:18-24, asook die gelykenis van die vrou by die put in Johannes 4. Die volgende punt is min of meer hoe die hele metode werk, en hoe enige persoon die evangelie op 'n Bybelse verantwoordbare manier kan oordra.

4.11.2 OORKOM VREES

Om enige persoon toe te rus om die evangelie op 'n Bybelse korrekte manier oor te dra, gaan Cameron en Comfort (2004:127) van die veronderstelling uit dat nie almal weet hoe om 'n gesprek met vreemdelinge te begin nie, en dat almal die een of ander vrees het om met vreemde mense te begin praat. Die groot geheim is dat die persoon wat die evangelie wil uitdra, nie die geleentheid wil verbou nie, en omdat dit glad nie maklik is om met vreemde mense te begin praat nie, veral as dit die eerste keer is, is dit nodig om die vrese wat die verstand wil oorweldig, in perspektief te sien. Dit is nodig om dink aan die vrees wat die verstand wil oorweldig en om dan te dink aan die lot van die mense wat verlore gaan. Die vraag moet dan gevra word, watter een is die ergste? Dit is belangrik om ook te dink aan die vergelyking van die brandweerman, en sy verantwoordelikheid teenoor mense wat vasgekeer sit in 'n brandende gebou, en hoe die brandweerman sy eie vrese moet oorbrug om mense se lewens te red. Dieselfde vergelyking moet in perspektief gebring word wanneer daar aan die lot van verlore mense gedink word, wat in ewige vuur gegooi gaan word, as hulle hul nie bekeer van hulle sondige weë nie.

4.11.3 WEES VRIENDELIK

Die volgende is voorstelle volgens Cameron en Comfort (2004:127) hoe om te begin: Wees vriendelik. Praat net met mense. Begin oefen om met mense te praat by die petrolstasie, kruidenierswinkel, die park en winkelsentrums. Indien die persoon nie 'n

uitgaande persoonlikheid het nie, en maar skaam en skrikkerig is, is dit net nodig om te begin om vreemde mense te groet. 'n Tipiese voorbeeld wat nie te moeilik is nie, is soos volg: “Hallo, hoe gaan dit?”, “Lekker dag, is dit nie? My naam is so en so...” Met 'n bietjie oefening kan enigiemand leer om vriendelik te wees. Meeste mense reageer warm teenoor mense wat opreg en warm groet. Wanneer hierdie waarheid gesien en beleef word, sal dit die innerlike vrese help kalmeer en sien dat dit ongegrond is. Sodra daar meer vertrouwe opgebou is en die evangelis meer vertrouwd geraak met die groet en vriendelikheid teenoor vreemde mense, is die volgende stap nie so moeilik nie, naamlik om die gesprek te swaai na die onderwerp van die geestelike aspek.

4.11.4 MOENIE DIE GESPREK BEGIN MET “GENADE” NIE

Cameron en Comfort (2004:128) maak die stelling dat dit eintlik 'n verligting moet wees om nie die gesprek te begin met Jesus nie, want in die moderne tyd wil mense nie direk gekonfronteer word met enige godsdiens nie. Enige skerp “lig” in die oë is altyd offensief. 'n Goeie begin is om te begin met die natuurlike realm en Jesus se voorbeeld te volg in Joh. 4:7-26. Jesus het die gesprek begin met die natuurlike en het die vrou gevra om vir Hom water te gee. Daarna swaai Jesus die gesprek na die geestelike aspek (lewende water). Die evangelis kan die voorbeeld van Jesus volg om te begin praat oor die weer, sport, enigiets wat op daardie tydstip die jongste nuusgebeure is. Die evangelis kan selfs vra of die persoon weet van 'n goeie kerk in die omgewing. Die evangelis kan ook van Christelike traktaatjies gebruik maak.

Wanneer daar gebruik gemaak word van traktaatjies (sien punt 4.11.4.1) is dit altyd belangrik om te vra of die persoon alreeds so iets gekry het, wat hom laat voel asof hy uitmis op iets belangriks. Gewoonlik volg die vraag oor wat dit handel. Baie gemaklik kan daar dan opgevolg word en gesê word dat dit 'n Christelike traktaatjie is. Dit kan dan direk opgevolg word met die vraag of die persoon 'n Christelike agtergrond het. Die metode van hoe om die gesprek te begin, is nie relevant nie, maar wel dat dit wel gedoen word om die gesprek te begin en dan te kan swaai na die geestelike kant toe. Die meeste mense is nie offensief wanneer die onderwerp van God opkom nie, ten spyte van wat die evangelis se vooropgestelde idees en vrese vir homself vertel.

4.11.4.1 TRAKTAATJIES (sien Bylae J & K – Kopiereg behoort aan Livingwaters.com)

Ray Comfort het verskeie unieke traktaatjies ontwerp wat evangeliste met vrymoedigheid kan gebruik. Bylae J & K is twee van die traktaatjies wat die evangelieboodskap op die mees volledige manier aanbied. Van die ander traktaatjies is so uniek dat mense selfs kom vra vir nog. Die traktaatjies is almal so ontwerp, dat die gebruik van die Wet in almal voorkom, om die persoon bewus te maak van sonde. Vir 'n volledige lys van al die beskikbare traktaatjies sien die volgende webwerf www.livingwaters.com.

4.11.5 VIER BELANGRIKE STAPPE VAN EVANGELISASIE

Wanneer die vier trappe van evangelisasie geleer en onthou word, kan enige evangelis met gemak in enige omstandighede die evangelie Bybels korrek oordra, en dan sal die evangelis altyd in beheer van elke gesprek wees rakende die evangelis se geloof (Cameron & Comfort, 2004:129). Die evangelis sal presies weet in watter rigting die gesprek gaan beweeg, en in watter deel van die gesprek die evangelis op die oomblik is. Dit is nie nodig om Grieks te bestudeer nie, nog minder is dit nodig om argeologie te verstaan; dit is net nodig om vier belangrike punte te onthou. Wanneer hierdie vier belangrike punte onthou word, sal vrese verdwyn oor evangelisasie. Die grootste struikelblok is om die dinge van God na vore te bring in 'n gesprek. Die volgende hekkie is nie so hoog nie, en dit verdwyn natuurlik sodra daar begin word in die gesprek met geestelike dinge. Die vier trappe word verteenwoordig deur vier letters: "WDJD", wat staan vir "What Did Jesus Do?" Dit is belangrik om hierdie vier letters, plus die onderstaande vrae te onthou en dit behels die volgende volgens Cameron en Comfort (2004:129-136):

W: "Would you consider yourself to be a good person?" (Dink jy dat jy 'n goeie persoon is?)

Die evangelis sal verras wees om te weet dat die meeste mense glad nie 'n probleem het wanneer daar gevra word of hy/sy 'n goeie persoon is nie. As hulle "nee" sê, moet daar dan aan hulle gevra word wat hulle daarby bedoel. Dit is belangrik om te onthou dat daar oor die mens se gesogte onderwerp gepraat word, en dit is "hulleself". In die

meeste gevalle sal daar gevind word dat die oorgrote meerderheid mense sal sê: “Ek is ’n goeie persoon”, of “Ek is regtig ’n baie goeie persoon”. Hierdie erkenning is die bewys van elke mens se eie selfregverdiging, en dit maak dat die gesprek kan oorgaan om die Wet van God, die Tien Gebooie, te gebruik.

D: “Do you think you have kept the Ten Commandments?” (Dink jy dat jy die Tien Gebooie hou?)

Sommige mense sal sê dat hulle doen, en ander weer dat hulle nie die Gebooie hou nie. In ieder geval is dit nodig om net voort te gaan om te sê: “Kom ons kyk na ’n paar van die gebooie en kyk hoe jy vaar?” Dit is goed om te begin met die negende gebod, “jy sal geen valse getuienis teen jou naaste bring nie” of “jy mag nie lieg nie”, omdat die meeste mense sal erken dat hulle al vantevore gelieg het al is dit slegs eenkeer. Wanneer ’n persoon erken dat hy/sy al leuens vertel het, al is dit ’n wit leuen, is dit belangrik om hierdie persoon te vra: “As jy my uitvang dat ek leuens vertel, wat sal jy my noem?”

Sonder uitsondering sal almal altyd vir die evangelis vertel dat hy dan ’n leuenaar is. Die rede waarom dit so gedoen word, is omdat mense sal erken dat hulle leuens vertel, iets gesteel het, ensovoorts, maar omtrent nooit sal wil erken dat hy/sy self ’n leuenaar of dief is nie. Wanneer die projeksie van die term “leuenaar” eers self op die evangelis van toepassing gemaak word, is dit makliker om die erkenning van ’n leuenaar te kry van die persoon met wie daar gepraat word.

Die volgende is dan belangrik om dan die gebod op die persoon self van toepassing te maak, deur die volgende te sê: “Pieter, Kobus (gebruik die naam van die persoon), op jou eie erkenning is jy dus ’n leuenaar”. Daar is basies geen aggressie of weerstand teen hierdie manier van benadering nie, intendeel, daar sal gevind word dat die meeste mense versag en nederig word. Na hierdie erkenning moet onmiddellik voortgegaan word na die volgende gebod, en ’n goeie volgende een om te gebruik is die agtste gebod, “jy mag nie steel nie”.

Vra die vraag: “Het jy al ooit iets in jou lewe gevat, selfs toe jy jonk was, wat nie aan jou behoort het nie, ongeag van die waarde? Wees eerlik voor God.” Baie sal erken hulle het wel iets gesteel, maar daar sal ook sekere mense wees wat sê hulle het nog nooit iets gesteel nie. In hierdie geval is dit maklik om ook bietjie humor in te bring en die ys verder te breek deur eenvoudig terug te gaan na die negende gebod en vir die persoon te noem dat hy het net so 'n minuut of twee gelede erken het dat hy 'n leuenaar is en dat dit moeilik is om hom/haar nou te glo. Dit bring in die meeste gevalle 'n glimlag na vore en 'n onmiddellik erkenning dat die persoon wel al iets gesteel het. Die evangelis moet dan die dieselfde benadering volg as hierbo en die oortreding van die gebod eers op hom- of haarself projekteer. “As jy my vang dat ek iets steel, wat sal jy my noem?” Sodra die woord “dief” gehoor word, is dit nodig om dit weer terug te swaai na die persoon self toe: “Pieter, Kobus (gebruik die naam van die persoon), op jou eie erkenning is jy dus 'n dief”.

Volg hierna die voorbeeld van die gebruik van die eerste twee gebooie, en gebruik dan die sewende gebod “jy mag nie egbrek nie”. Dit sal absoluut die minimum gevalle wees waar iemand, man of vrou, sal ontken dat hulle al met seksuele begeertes na die teenoorgestelde geslag gekyk het nie. Hier is dit dan net nodig om te noem dat Jesus gesê het dat wie ook al na iemand kyk met seksuele begeertes, alreeds in sy/haar hart egbreuk gepleeg het. Swaai die gesprek weer terug na die persoon self toe: “Pieter, Kobus (gebruik die naam van die persoon), op jou eie erkenning is jy dus 'n leuenaar, 'n dief en 'n egbreker”. Volg onmiddellik op met die volgende stap.

J: On the day of judgment, if God judge you by the Ten Commandments, will you be innocent or guilty? (Op die dag van oordeel, as God jou sal oordeel op grond van die Tien Gebooie, sal jy skuldig of onskuldig wees?)

In die meeste gevalle sal almal sê hulle is “onskuldig”. Dit is belangrik dat die persoon sy skuld voor God moet erken voor daar werklike bekering kan plaasvind en dit is dus nodig om hulle te help in daardie rigting. Die volgende is 'n tipiese gesprek:

Hulle: “Ek sal onskuldig wees, want ek is 'n goeie persoon.”

Evangelis: “Jy het so pas erken dat jy 'n leuenaar, 'n dief en 'n egbreker is. Dink

daaraan, hoe kan jy onskuldig wees?”

Hulle: “Maar ek het dit baie lank terug gedoen, ek steel en lieg nie meer nie.”

Evangelis: “Stel jouself voor jy staan in ’n aardse hof en jy sê die volgende: ‘Regter, ek weet ek is skuldig, maar dit is darem nou al baie jare terug vandat ek dit of dat gedoen het.’ Die regter sal nie jou misdaad vergeef net omdat daar ’n geruime tyd verloop het nie, intendeel, hy sal toesien dat geregtigheid geskied en jou ’n vonnis gee wat by die misdaad pas. Die hof sal jou straf vir jou misdaad, en bewys daarvoor is dat oorlogsmisdadigers vervolgt word, baie jare na hulle hulleself skuldig gemaak het aan oorlogsmisdade. Sal jy skuldig of onskuldig wees?”

Hulle: “Maar ek het baie meer goed as sleg gedoen.”

Evangelis: “Weer ’n keer, dink aan die aardse hof. Jy het die wet gebreek en jy is skuldig, ongeag hoeveel goeie dade jy gedoen het. Die regter gaan jou nog steeds vonnis op grond van jou misdaad. Is jy skuldig of onskuldig?”

Hulle: “Maar dit is mense se wette, God is anders.”

Evangelis: “Jy is reg. God kan nooit omgekoop word nie, en sy standaard is baie hoër as enige aardse regter. God het regverdigheid lief en Hy belowe dat Hy nie net moordenaars en verkragters sal straf nie, maar ook leuenaars, diewe, egbrekers en lasteraars. Jy is in groot moeilikheid, is jy nie?”

Baie mense het teen hierdie tyd onder ’n sondebeseft gekom, maar sonder dat dit hulle werklik pla. Met ander woorde, hulle verstaan dat hulle God se Wet gebreek het, maar dit kom voor asof dit hulle glad nie skeel nie. Dit is die evangelis se werk om juis hierdie mense te wys op die gevaar van hulle sonde, want hulle staan op die rand van die hel en die volgende kan help:

Evangelis: “Gestel ’n rekenaarskyfie is agter jou oor ingeplant, en dit neem alles op wat jy sê, wat jy in die geheim dink, waarna jy kyk, 24 uur per dag. Met ander woorde dit neem alles op wat in jou brein aangaan, 24 uur per dag. Gestel na ’n week word hierdie skyfie verwyder en jou vriende en familie word bymekaar geroep en die inhoud van hierdie skyfie word teruggespeel voor hulle almal op ’n baie groot skerm. Hoe sal jy voel? Skaam, verleë? Dit is

presies wat gaan gebeur tydens die oordeelsdag, want van elke woord wat uit ons mond gegaan en elke daad wat ons gedoen het, gaan ons voor God moet rekenskap gee. Jy is in groot moeilikheid, nie waar nie?”

As die persoon teen hierdie tyd nog nie wil erken hy is skuldig nie, is dit nodig om hom of haar te help deur die volgende te sê: “As jy eerlik is voor God, sal jy weet dat jy skuldig is, en buiten dit sê die Bybel as jy sê dat jy onskuldig is, maak jy God ’n leuenaar.”

D: “Destiny – will you go to heaven or hell? (Sal jy hemel of hel toe gaan?)”

Vra versigtig vir die persoon: “Sal jy hemel of hel toe gaan?” Mense sal nie offensief wees oor hierdie vraag nie, omdat jy ’n vraag vra, en nie prontuit sê waarnatoe hulle op pad is nie. Sommige mense sal antwoord dat hulle op pad hel toe is, maar die meeste sal sê hulle is op pad hemel toe. Vir dié wat dink hulle gaan hemel toe, is dit nodig om die volgende analogie te gebruik:

“Dink daaraan, jy staan in die hooggeregshof. Jy is skuldig aan ’n baie ernstige misdaad. Daar is ’n miljoen rand of 20 jaar gevangenisstraf vonnis hangende op jou. Die regter sê die volgende: “Jy is skuldig, voor ek die vonnis uitspreek, het jy iets te sê vir jouself?” Jy antwoord: “Ja, u edele. Ek is jammer oor wat ek gedoen het. Vergewe my, ek sal dit nie weer doen nie, kan u my laat gaan asseblief?” Kan ’n regverdige regter jou laat vry gaan net omdat jy sê jy is jammer en dat jy dit nooit weer sal doen nie? Natuurlik kan hy dit nie doen nie! Daar is ’n miljoen rand boete wat betaal moet word of 20 jaar gevangenisstraf wat uitgedien moet word. Maar indien iemand hierdie boete betaal vir jou, is die regter dan by magte om jou vry te spreek? Natuurlik! Wanneer die boete betaal is, is die vereiste vir die wet nagekom, en die regter sal jou vryspreek.

Op dieselfde wyse is elke mens skuldig voor God, en sal Hy nooit die skuldiges net vryspreek omdat hulle om vergifnis vra en sê dat hulle jammer is oor wat hulle gedoen het en dat hulle dit nooit weer sal doen

nie. Natuurlik is dit belangrik om jammer te wees oor ons sonde, en ons moet dit nie weer doen nie. Maar die boete vir ons misdade moet nog betaal word. Ongeveer tweeduisend jaar gelede, het iemand ons boete betaal, Jesus Christus. God se eniggebore Seun het in ons plek gely en gesterwe aan die kruis. As ons ons sonde bely en laat staan en ons vertrouwe in Jesus Christus vestig en in Hom glo, sal God ons saak kwytskeld – nie net omrede ons jammer is oor wat ons gedoen het nie, maar omdat Christus ons straf gedra het, en ons boete betaal het.”

As die persoon reageer en sê dat dit 'n menslike regstelsel is en dat God se weë anders is as mense s'n, stem saam met hom of haar. Noem dit dat God net baie strenger is as die mens en sy standarde ongelooflik hoër is as die mens se standarde. Moenie bang wees om aan die persoon te noem dat die Bybel dit direk en onomwonde sê dat enigiemand wat in sy sonde sterf, sal hel toe gaan nie, en vra dan: “Pla dit jou dat jy nou weet dat jy op pad is na die hel?”

As die persoon noem dat dit hom/haar nie pla nie, of wanneer die evangelis agterkom dat die persoon ongeërg is oor die hel, dan is dit nodig om aan so 'n persoon die realiteit van die hel te wys soos dit in die Bybel staan, totdat die verskriklikheid van die hel wel insink. Volgens die Bybel is die hel 'n bewustelike, ewige plek van foltering waar die wurm nie doodgaan nie en die vuur nie uitgeblus word nie (Mark. 9:44) (Cole, 2006:1188); daar sal 'n geween en 'n gekners van tande wees (Luk. 13:28) (Franklin, 2000:946); ewigdurende straf (Matt. 25:46) (MacArthur, 1989:126); smaadheid en ewige afgrysligheid (Dan. 12:2) (Davies, 2000:570); ewige vuur en donkerheid van duisternis (Jud. 1:7, 13) (Rowland, 2000:1285). Die evangelis moet die persoon vertel dat hy/sy nie wil hê dat hierdie persoon hel toe moet gaan nie, en nog minder wil God hê dat hulle hel moet gaan.

Indien daar nog geen bewustelike voorkoms is dat hierdie persoon omgee om hel toe te gaan nie, kan die volgende analogie gebruik word:

“Verkoop jou oë aan my. Ek sal jou een miljoen rand gee vir jou regteroog. Kom maak die aanbod beter, ek sal jou tien miljoen rand gee vir altwee jou oë. Ons reël ’n pynlose operasie, verwyder altwee jou oë, en gee vir jou tien miljoen rand! Dink wat kan jy maak met tien miljoen rand. Jy kan die wêreld gaan sien!”

Die reaksie is 99% ’n reaksie van dat hulle nooit hulle oë sal verkoop nie, en wie kan die wêreld gaan sien sonder oë? Gaan dan voort en gebruik die volgende:

“Die Bybel noem dat ‘die lamp van die liggaam is die oog’ (Matt. 6:22-23), dus, die oë is die venster vir die siel. Dit is skrikwekkend om te dink die mens is bereid om sy siel te verkoop vir minder as een rand, en die siel sal vir ewig lewe, hetsy in die hemel of die hel, maar jy wil nie jou oë verkoop vir miljoene rande nie en jou oë sal vergaan wanneer jy die dag sterf. Dink jy nie dat jy rede tot kommer het nie? Verder, as jy nie glo in ’n hemel of hel nie, maak dit nie saak wat jy glo nie. Jou geloof kan nie die realiteit van die hemel of die hel verander, wegneem of tot niet maak nie. Wanneer die mens sterf, gaan almal voor die regterstoel eindig. Sterf sonder Christus, en jy eindig in die hel. Dit is die realiteit.”

As iemand nie glo in die hemel en die hel nie, kan ’n denkbeeldige hemel en hel gebruik word, en gebruik dan nog steeds die Wet om die persoon bewus te maak van sonde. Dit is ook belangrik om te onthou dat die Bybel noem dat alle ongeredde persone blind is vir die waarheid (Cameron & Comfort, 2009:85).

Moet nooit gedruk voel om die oplossing te gee vir ’n persoon wat trots of vol selfregverdiging voorkom (iemand wat laster, vol rebellie en arrogant), en nie sy skuld voor God wil bekennen nie. Jesus het nie die oplossing met die ryk jong man gedeel nie, want die Wet moes eers sy werk doen. Dit is belangrik om te luister en om ingestel te wees op die reaksie van mense, want nederigheid is nie so maklik te bespeur nie. As die persoon wel aandui dat die idee van om hel toe te gaan hom pla, dan eers is so ’n persoon reg om die Blye Boodskap te hoor. Wanneer die evangelis ook in die houding

van die persoon agterkom dat hy nederig is (nie meer vol selfregverdiging is en homself verdedig nie), dan eers het die evangelis die voorreg om die wonderlik Blye Boodskap aan so 'n persoon oor te dra.

4.11.6 DEEL DIE EVANGELIE

Om bogenoemde 4 stappe op te volg met die deel van die evangelie, is volgens Cameron en Comfort (2004:135) uiters noodsaaklik. Soveel moderne kerke en evangeliste begin egter verkeerdelik eerste met hierdie gedeelte. Hierdie stap is die oplossing op die sonde-probleem, en die vorige stappe is uiters noodsaaklik sodat die sondaar soekend sal wees na hierdie oplossing. Die evangelis moet die gesprek voortsit en die volgende vraag moet gevra word: “Weet jy wat het God gedoen sodat jy nie nodig het om hel toe te gaan nie? Hy het die weg gebaan sodat jy vergewe kan word. Maar die vraag is nou, hoe kry jy hierdie vergifnis?”

Dit is belangrik om so deeglik moontlik die volle plan van God vir die redding van siele nou aan hierdie persoon te verduidelik.

“God het jou so lief, dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het om te ly en 'n verskriklike dood te sterwe aan 'n kruis, en daarmee het Jesus jou straf wat jy verdien as gevolg van jou sondes, in jou plek gedra, sodat jy kan lewe. Jesus is begrawe en het op die derde dag weer opgestaan en sodoende oorwinning oor die dood verkry. Dit is so eenvoudig soos dit: jy breek die wet, en Jesus het jou boete betaal. As jy jou bekeer, en jou rug draai op sonde om dit nie weer te doen nie, en jou geloof en vertrouwe in Jesus Christus as jou Verlosser plaas, sal God jou vergewe en jou die ewige lewe skenk. God sal jou van binne na buite 'n nuwe skepsel maak in Jesus Christus.”

Cameron en Comfort (2004:135) gaan voort en sê dat dit op hierdie oomblik die tyd is om die liefde van God te openbaar in sy volle glorie aan die betrokke persoon. Hierdie is die plek en die tyd om Joh. 3:16 en sy volle glorie te verduidelik aan die persoon. God offer volledige vergifnis van sonde en gee die geskenk van die ewige lewe gratis

aan enige persoon wat bereid is om alles aan Hom op te offer deur geloof aan Jesus Christus. Die evangelis het dan nodig om die persoon te vra of hy presies verstaan wat aan hom/haar meegedeel is. As hierdie persoon dan gewillig is om te erken dat hy skuldig is aan die breek van God se gebooie en sodoende gewillig is om te bekeer van sonde, sy vertrou in Jesus Christus te vestig vir sy ewige lewe, laat hierdie persoon dan self tot God bid en om vergifnis vra. Dit is belangrik om hier op te let dat hierdie persoon **self** op sy eie moet bid, en enige persoon wat onder 'n ware sondebeseft gekom het, sal geen probleem hiermee ondervind nie. Selfs 'n eenvoudige, opregte, berouvolle gebed tot God sal God verhoor. Onder geen omstandighede moet die bekende sogenaamde “sondaarsgebed” namens en vooruit gebid word deur die evangelis nie (sien punt 3.10.2). Die evangelis kan nadat die persoon op sy eie gebid het, opvolg met 'n gebed en God vra om hierdie persoon te help, te lei en te bewaar teen die bose.

4.11.7 HOE GEMAAK MET OOGLOPENDE VALSE BEKERINGS?

Cameron en Comfort (2004:135) merk op dat wanneer die evangelis tydens evangelisasie te doen kry met die kerkganger wat 'n paar teksverse ken (soos Joh. 3:16), die evangelis die moeilikste oortuigbare persoon voor hom het. Hierdie persoon mag al die vrae korrek antwoord, maar dit is duidelik dat daar geen vrug van bekering is nie. In so geval kan die volgende vra gevra word:

- “Is jy weergebore?” As die persoon sê dat hy/sy nie weergebore is nie, is dit nodig om so 'n persoon daarop te wys dat Jesus gesê het dat die mens weergebore moet word om in die koninkryk van God te kan ingaan (Joh. 3:5).
- “Wanneer laas het jy jou Bybel gelees?” As so 'n persoon erken dat hy dit lank terug gedoen het, deel jou bekommernis oor sy siel met hom/haar soos volg: “Wat sal jy daarvan dink wanneer jy liefdesbriewe skryf en dit stuur aan jou geliefde, maar hy of sy doen geen moeite om dit eers oop te maak en te lees nie? Jy sal tot die gevolgtrekking kom dat daardie persoon geen belangstelling in jou het nie. God het vir jou ses-en-sestig briewe geskryf, en jy lees dit nie eers nie. Watter gevolgtrekking maak God oor jou liefde vir Hom?”

Die evangelis moet die persoon aanmoedig om hom- of haarself te ondersoek of hy/sy wel in die geloof is (2 Kor. 13:5). As daar geen tekens van wedergeboorte en geen tekens van die vrug van bekering is wat 'n aanduiding sal wees dat hy/sy wel 'n kind van God is nie, vra die volgende vraag: “Dink jy dat jy 'n goeie persoon is?” As so 'n persoon “ja” sê, is daar iets drasties verkeerd en is dit nodig om die volledige Wet van God met so 'n persoon deur te werk (sien ook punt 4.6.1).

4.12 SAMEVATTING OOR “THE WAY OF THE MASTER” EN “CONQUER YOUR FEAR, SHARE YOUR FAITH”

Wanneer die riglyne gevolg word in hierdie korttermyn metode, kan valse bekerings tot die minimum beperk word. Dit is duidelik dat hierdie evangeliese metode die voorbeeld volg van Jesus Christus en hoe Jesus die evangelie gedeel het. Die Tien Gebooie as God se perfekte standaard vir heiligheid is sentraal in hierdie metode as 'n werkende manier om 'n ware sondebeseft voort te bring. Dit op sy beurt noodsaak die sondaar om die heiligheid van God in oënskyn te neem, sodat die persoon beseft teenoor wie hy/sy gesondig het. Dit maak die persoon bewus daarvan dat hy/sy hopeloos en verlore voor God staan en dat uit sy/haar eie pogings geen oplossing is vir redding van die komende oordeel nie. Slegs wanneer die persoon 'n ware sondebeseft toon, word die evangelie of Blye Boodskap gedeel. Dit is gefokus op dieselfde prinsiep dat God die hoogmoediges en trotsaards weerstaan, maar genade gee aan dié wat nederig is van hart is. Hierdie metode voldoen aan die volgende vereistes vir evangelisasie:

- bewusmaking van God se heiligheid;
- bewusmaking van persoonlike hopeloosheid en verlorenheid;
- bewusmaking van persoonlike veroordeling en komende oordeel.

Dit maak definitief gebruik van die drie waarhede in die Skrif:

- die Wet van God;
- die kruisiging van Jesus;
- die regverdige oordeel van God Almagtig.

Op grond hiervan, is hierdie beproefde metode wel geskik vir evangelisering en deur gebruik te maak van “The way of the Master” en “Conquer your fear, share your faith” kan die doel van hierdie studie bereik word, naamlik dat valse bekerings tot die minimum beperk word.

4.13 SAMEVOEGING VAN KERNPUNTE VAN “BUILDING ON FIRM FOUNDATIONS”, “THE WAY OF THE MASTER” EN “CONQUER YOUR FEAR, SHARE YOUR FAITH” EN ANDER BELANGRIKE PUNTE AS ’n WERKENDE MODEL TYDENS EVANGELISASIE

Die kernpunte van hierdie bogenoemde beproefde metodes en ander belangrike punte word nou saamgevoeg om predikers, evangeliste, lekepredikers en elke persoon te kan help om die ware evangelie uit te dra, sodat valse bekerings tot die minimum beperk kan word. Beide metodes, “Building on Firm Foundations”, “The way of the Master” en “Conquer your fear, share your faith” is elkeen op sy eie reg ’n suksesvolle, Bybelse korrekte evangelisasie-metode. Soos gesien is die een effektief vir langtermyn evangelisasie en die ander een vir korttermyn evangelisasie. Dit sal afbreuk daaraan doen om hierdie genoemde metodes meer te probeer vereenvoudig en der halwe word slegs die kern punte van genoemde metodes weergegee wat sal dien as ’n verkorte model en aanvullende hulp tydens evangelisasie.

4.13.1 GEBED

Gebed is die sleutel tot ware evangelisasie. Sonder gebed stel evangeliste hulle daaraan bloot om valse bekerings te skep (Murray, 1998:353; 633; A Ferreira). Dit is belangrik om te onthou dat geen menslike metodes, hoe akkuraat en Skrifgetrou dit ook al kan wees, nie ware bekerings kan voortbring nie. Dit is slegs God wat die dooies kan laat opstaan. Daarom is gebed die eerste stap tydens alle evangelisasie-veldtogte. Daar moet gebed word voor daar beplan word, tydens beplanning, tydens die uitreik en, baie belangrik moet daar na elke uitreik afgesluit word met gebed. Om sonder gebed te gaan evangeliseer, is soos om sonder ammunisie oorlog te gaan maak. Gebed is die manier hoe God werk, en daarsonder is enige evangelisasie-uitreik gedoem tot mislukking (Bounds, 1974:85; Murray, 1998:149-150, 155; (sien ook punt 4.6.4).

4.13.2 VREES

Vrees vir die onbekende is seker die grootste struikelblok tydens enige evangelisasieveldtog. Dit kan alleen oorbrug word deur volgehou gebed en positiewe motivering. Positiewe motivering word verkry deur gedurig die voorbeeld van die nalatige brandweerman en Jud. 1:23 ingedagte te hou. Die lot van sondaars in 'n brandende hel sal enige ware geredde persoon sy vrees vir vreemde mense laat vergeet. Dieselfde liefde wat God vir die mens gehad het om sy Seun te laat sterf aan 'n vervloekte kruishout, moet die dryfkrag wees agter elke evangelisasie-poging (sien punt 4.11.2 en 4.10.16).

4.13.3 KOMMUNIKASIE

Sonder 'n behoorlike manier van kommunikasie, is dit vrugtelos om sondaars te probeer bereik met die evangelie. Die volgende is belangrik:

- Mondelingse kommunikasie: Die evangelis moet nie bang wees om sy mond te open en te praat nie. Dit kom deur oefening en daar kan geleer word om te praat met vreemde mense deur almal wat elke dag verby jou loop vriendelik te groet. Die meeste mense sal warm en vriendelik teruggroet sonder om offensief op te tree.
- Lyftaal: Wanneer die evangelis se lyftaal spreek van die vrug van die Gees (Gal. 5:22), is mense meer geneig om te luister wat so 'n persoon te sê het.
- Eerste hekkie: Begin altyd die gesprek met 'n opregte, warm en vriendelike groet. Dit is tydens hierdie oomblik van oor-en-weer groet, dat die evangelis die eerste hekkie oorbrug het en sodoende die pad oopmaak vir die res van die gesprek.
- Traktaatjies: Goed-opgestelde traktaatjies is nog 'n vorm van kommunikasie, en dit is in geskrewe vorm. Moet nie gebruik maak van traktaatjies wat nie voldoen aan die vereistes van die evangelie nie (sien punt 4.7.1). Ray Comfort het verskeie traktaatjies ontwerp wat enige persoon met graagte by die evangelis sal neem. (In al die jare wat die navorser besig is met evangelisering, was daar die minimum kere (+/- vier keer) waar 'n traktaatjie geweier is, opgeskeur is, of op die grond gegooi is, en dít uit 'n totaal van duisende wat al uitgedeel is). Begin altyd die gesprek met 'n groet, en volg dit op met “het jy al een van hierdie gekry?” Dit

bring 'n gevoel van “ek mis uit op iets” by die betrokke persoon en 99% keer sal die persoon die traktaatjie neem. Vir verder besonderhede oor die wye verskeidenheid traktaatjies beskikbaar, besoek www.livingwaters.com (sien bylae J & K).

4.13.4 *DIE TIEN GEBOOIE*

Tydens lang- en korttermyn evangelisering is dit nodig dat die Skrif wat geleer word, die hoorders blootstel aan die openbaring van God se natuur en karakter met die doel om hulle voor te berei vir die Goeie Nuus. Wanneer geëvangelizeer word, is dit ten eerste belangrik om God se heiligheid (sien punt 2.6), regverdigheid en toorn teenoor sondaars te beklemtoon (sien punt 2.7), sodat mense hulself sal oordeel in die lig van die Bybelse konsep oor God. Die Wet, oftewel die Tien Gebooie moet sentraal deel wees van die lering, omdat dit die harte van mense voorberei om alleen te vertrou in Jesus Christus, want deur die Wet is kennis van sonde (Rom. 3:20), en die Wet snoer die mond van dié wat vol van selfregverdiging is (Rom. 3:19) (sien punt 2.13 – 2.17). Wanneer misverstande, sinkretisme, wettisisme en 'n mengelmoes van werke en genade vermy moet word, moet die Wet korrek gebruik word sodat die gewete van die aanhoorders ontbloot word deur die Wet se skuldigbevinding en oortuigende krag. Dit word alleen bereik deur gebruik te maak van die Tien Gebooie en deur die metode van Cameron en Comfort te volg van “WDJD” (sien punt 2.13 – 2.17 en punt 4.11.5).

4.13.5 *GOD SE KARAKTER EN NATUUR*

Tydens langtermyn evangelisering moet die evangeliese lering die geskiedkundige dele van die Skrif insluit waarin God sy ware karakter en natuur openbaar, omdat God besluit het om Homself te openbaar deur handeling in die geskiedenis, eerder as blote verklarings en stellings.

4.13.6 *DIE DOEL VAN WARE EVANGELISASIE*

Die doel van alle ware evangelisasie is om te sien dat mense alleenlik sal vertrou in Jesus Christus en die reddingswerk wat Hy gedoen het namens hulle. Wanneer hoorders nodig het om te verstaan en 'n korrekte begrip te toon rondom die Evangelieverhaal van Christus in die Nuwe Testament, moet voldoende Ou Testamentiese

Christologiese agtergrond-informasie deurgegee word (sien ook Ray Comfort se “Hell’s Best kept secret” op www.livingwaters.com).

4.13.7 *DIE ROL VAN ISRAEL*

Tydens langtermyn evangelisasie is dit nodig dat die hoorders die basiese geskiedenis en kultuur van Israel geleer word, omdat alleenlik dan die verhaal van die Joodse Messias, die Ou Testamentiese verlossingswerk-tipes wat deur Christus vervul is, die verwysing na Christus as die Seun van Dawid, Koning, die regverdige Regter van Israel, sy spesifieke bediening aan die verlore skape van Israel, en sy finale verwerping deur sy eie mense verstaan sal word (sien punt 4.8.1.5).

4.13.8 *DEEL DIE EVANGELIE*

’n Persoon wat dink hy is gesond, sal nooit dokter toe gaan nie. Geen mens sal so ’n persoon anders kan oortuig, behalwe wanneer die siekte se simptome uitgewys word nie. Om dieselfde beginsel toe te pas tydens evangelisasie, mag die evangelis nooit die oplossing aan enige persoon verduidelik nie alvorens so ’n persoon weet dat hy skuldig, verlore en veroordeel sal staan op die oordeelsdag van God nie. God het die gewete vir die mens gegee, en wanneer die Heilige Gees en die gewete ’n persoon oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, dan en dan alleen mag die volle Blye Boodskap aan so ’n persoon gedeel word. Hierdie deel van die evangelie is die oplossing op die sonde-probleem, en was die vorige stappe uiters noodsaaklik gewees sodat die sondaar soekend sal wees na die oplossing. Dit is belangrik om so deeglik moontlik die volle plan van God vir die redding van siele nou aan hierdie persoon te verduidelik (sien punt 4.11.6).

4.13.9 *SONDEBEROU*

As hierdie persoon dan gewillig is om te erken dat hy skuldig is aan die breek van God se gebooie en sodoende gewillig is om te bekeer van sonde, sy vertrou in Jesus Christus te vestig vir sy ewige lewe, laat hierdie persoon self tot God bid en om vergifnis vra. Dit is belangrik om hier te let dat hierdie persoon **self** op sy eie moet bid, en dat enige persoon wat onder ’n ware sondebeseft gekom het, geen probleem hiermee sal vind nie. Selfs ’n eenvoudige, opregte, berouvolle gebed tot God sal deur

God verhoor word. Onder geen omstandighede moet die bekende sondaarsgebed namens en vooruit gebid word deur die evangelis nie (sien punt 3.10.2). Die evangelis kan, nadat die persoon op sy eie gebid het, opvolg met 'n gebid en God vra om hierdie persoon te help, te lei en te bewaar teen die bose.

As daar na die gebruik van die Tien Gebooie, nog steeds geen teken van sondeberou is nie, bedank die persoon dat hy na jou geluister het. Moet onder geen omstandighede die evangelie verder probeer deel met so persoon nie, want dit is God wat mense trek (Joh. 6:44). Enige verdere poging sal 'n moontlike valse bekering tot gevolg hê.

4.13.10 VERWERPING VAN DIE BOODSKAP

Dit is menslik om altyd sukses te verwag tydens evangelisasie. Daar is egter tye wanneer die boodskap wat die evangelis bring, verwerp sal word deur die aanhoorder of aanhoorders. Nooit moet hierdie verwerping as persoonlik gesien word nie, en moet die volgende Skrifgedeeltes in gedagte gehou word; Matt. 5:10; Matt. 10:22; Matt. 24:9; Joh. 15:21; Rom. 11:28; 1 Kol. 9:23; Fil. 3:8; 1 Tim. 2:10; 1 Pet. 3:14 en Open. 2:3.

4.14 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4

- Enige persoon wat die Goddelike opdrag uitvoer en bemoeienis maak om siele te win, is wys. Die oorgrote meerderheid mense wat evangeliseer, gebruik egter onbybelse metodes, en dit skep ontelbare valse bekerings. Hierdie mense is volgens die Skrif dwaas.
- Daar is sekere vereistes waaraan elke evangelis moet voldoen en dit word gesien aan die vrugte van bekering. Vrugte van bekering is duidelik te bespeur in 'n ware geredde persoon en is volgens die Skrif die volgende: vrug van bekering (Matt. 3:8); vrug van danksegging (Heb. 13:15); vrug van goeie werke (Kol. 1:10); vrug van die Gees (Gal. 5:22-23) en vrug van geregtigheid (Phil. 1:11).
- Indien enige tekort aan hierdie vrugte in die lewenstyl van die evangelis voorkom, moet ware redding betwyfel word, en moet daar getoets word of die evangelis wel in die geloof is. Dit is 'n Bybelse opdrag.
- Die evangelis moet 'n persoonlike verhouding met God hê, 'n heilige, gesonde vrees

vir God is nodig, en gebed is van uiterste belang. Die evangelis moet die waarde van siele besef, omdat die siel in God se oë van onskatbare waarde is. Die leer van totale verdorwenheid moet nie weerhou word van sondaars nie en 'n verhouding met die plaaslike liggaam van gelowiges is essensieel. Die evangelis se huwelik moet 'n voorbeeld wees van 'n persoonlike verhouding met God. Verder moet die evangelis duidelik weet dat hulle vrygemaak is van sonde, maar dat hulle nog steeds onder die vloek van sonde leef. As sonde wel gedoen is, moet die eerste reaksie sondebelydenis wees en 'n plan van aksie moet geloods word om dit nie weer te doen nie. Daar is geen alternatief vir sonde in die evangelis se lewe nie. Die evangelis moet die hele spektrum van die lewe en hul evangelisasie-proses uit God se oogpunt kan aanskou, omdat niks vir die oog van God weggesteek is nie, en God absoluut in beheer van alles is. Die glorie en eer van ware bekerings behoort aan God en God alleen.

- Sonder die evangelisasie-proses kan ongeredde persone nie hoor hulle is verlore nie, sodat daar nie gesoek sal word na 'n oplossing nie. Daarom moet dit so korrek as moontlik gedoen moet word voordat die saad van die evangelie gesaai word.
- Twee metodes is ondersoek, een vir kort-, en een vir langtermyn uitreike.
- Die kort metode staan bekend as “The way of the Master” en “Conquer your fear, share your faith”. Die fokus van hierdie metode is hoofsaaklik om verlore siele vir Christus te wen op 'n een-tot-een basis, opelug-prediking en prediking in bestaande kerke. Dit is gefokus op mense wat alreeds gehoor het van Christus, maar nooit 'n ware sondebef gehad het nie, sowel as mense wat nog nooit gehoor het van Christus nie.
- Die langtermyn metode staan bekend as “Firm Foundations – Creation to Christ”. Hierdie metode fokus op langtermyn evangelisasie, prediking en Bybelstudiegroepe waar daar oor 'n lang termyn gefokus word om die korrekte fondasie vir die ware Kerk van God te lê.
- Vir 'n evangelisasie-metode om te voldoen as 'n Bybelse werkende riglyn, is daar drie hoofvereistes. As enige een van hierdie drie vereistes ontbreek, diskwalifiseer dit so 'n metode as 'n werkende metode om die evangelie op 'n Bybelse verantwoordbare manier te gebruik. Hierdie drie vereistes is soos volg: bewusmaking van God se heiligheid; bewusmaking van persoonlike hopeloosheid

en verlorenheid; en bewusmaking van persoonlike veroordeling en komende oordeel.

- Hierdie vereistes word verder onderverdeel deur drie waarhede in die Skrif: die Wet van God, die kruisiging van Jesus en die regverdige oordeel van God Almagtig.
- Die metode van “Firm Foundations – Creation to Christ” is gegrond op die feit dat die hele Bybel één boek, één verhaal is. Die Ou Testament is die inleiding en die enigste basis vir die begrip en verstaan van die Nuwe Testamentiese verhaal rondom Christus en sy verlossingswerk. Op hierdie basis en begrip van die Bybel word die Evangelie of die Blye Boodskap uitgedra. Dit begin by die begin in die Ou Testament en word voltooi met Christus se kruisiging, begrafnis, sy opstanding en uiteindelijke hemelvaart. Op hierdie manier het God dit bewerk dat ’n definitiewe riglyn bestaan om die verlossingswerk van Christus verstaanbaar te maak en word gesien as die chronologiese opbou in evangelisasie.
- Chronologiese opbou in evangelisasie behels die volgende: hoorders moet blootgestel word aan die openbaring van God se natuur en karakter met die doel om hulle voor te berei vir die Goeie Nuus. Dit is ten eerste belangrik om God se heiligheid, regverdigheid en toorn teenoor sondears te beklemtoon, sodat mense hulself sal oordeel in die lig van die Bybelse konsep oor God. Geskiedkundige dele van die Skrif moet ingesluit word waarin God sy ware karakter en natuur openbaar. Die Wet, oftewel die Tien Gebooie, moet deel uitmaak aan die lering en korrek gebruik word, omdat dit die harte van mense voorberei om alleen in Jesus Christus te vertrou, want deur die Wet kom kennis van sonde. Daar bestaan nie ’n beter of meer eenvoudige metode wat ’n ongeredde persoon van aangesig tot aangesig tot God se heiligheid bring, as wanneer so ’n persoon blootgestel word aan die Heilige Wet se vereistes nie. Vir ’n korrekte begrip rondom die Evangelie-verhaal van Christus in die Nuwe Testament en vertroue in Jesus Christus se reddingswerk, moet voldoende Ou Testamentiese Christologiese agtergrond-informasie deurgegee word. Die basiese geskiedenis en kultuur van Israel moet geleer word, om alles rondom Christus te verstaan.
- Die volgende leerstellige temas word gebruik in die lesse en is van so ’n aard dat dit mense sal wys dat hulle eerstens sondig, verlore en hopeloos is voor God wat die Heilige en Regverdige Skepper en Regter is, en tweedens om geloof te

bewerkstellig en totale afhanklikheid van Jesus Christus as die enigste en ware Verlosser. Hierdie spesifieke temas is soos volg: God is die hoogste en soewereine gesag; God kommunikeer met die mens; God is oral, al die tyd, Hy weet alles; God is almagtig; God is heilig en regverdig; Hy eis die dood as die betaling vir die sonde; God is liefdevol en genadig; God is getrou, Hy verander nooit; die mens is 'n sondaar; die mens het God nodig en is hulpeloos om homself te red; die mens kan na God toe kom, slegs volgens God se wil en plan; Satan veg teen God en sy wil; Satan is 'n leuenaar en 'n bedrieër; Satan haat die mens; die mens moet geloof hê om God te behaag en om gered te word; sonder geloof kan die mens nie gered word nie.

- Die gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag gebeur nie so natuurlik as wat die Christen dink nie. Dit verg groot moeite om gehoorsaam te wees en om in Jesus se voetspore te volg om te soek na dié wat verlore is.
- Die hedendaagse “Christen” handhaaf dieselfde standaard in vergelyking met 'n nalatige brandweerman, volgens Jud. 1:23.
- Die meeste mense gebruik gebed vir herlewering as 'n verskoning om nie self te gaan evangeliseer nie.
- Die onwilligheid van Christene om te evangeliseer word vererger deur die valse boodskap van “God het 'n wonderlike plan vir jou lewe”.
- Die sondaars wat hulle “hart vir Jesus gegee het”, het nie gekry wat aan hulle belowe is nie.
- Bogenoemde mense val dan weg, omdat daar nie ware bekering van sonde plaasgevind het nie en is dus valse bekerings.
- Hierdie valse bekerings benadeel die liggaam van Christus, omdat hulle predikante en geloofswerkers onnodig belas en moeg maak.
- Die evangelie is universeel en is bedoel vir almal.
- Die hedendaagse kerk se einddoel met die evangelie verskil hewig met God se oorspronklike intensie met die evangelie.
- Jesus se mandaat met die evangelie was om die verlorene te bereik.
- Blinde leiers van Jesus se tyd het die Wet verkrag en verdraai om sodoende die krag daarvan te ontnem wat kennis van sonde voortbring, wat die nood aan 'n Verlosser sou uitwys.

- Jesus het ook die permanensie van die Wet bevestig wat God Self in klip geskryf het en wat nooit sal verander nie. Nie een jota of een titteltjie sal verbygaan nie. Die klipharde harte van die mense moet verander, en nie die Wet nie.
- Daar is niemand wat homself kan regverdig in God se oë as God volmaaktheid vereis nie.
- God se Wet is perfek en heilig, en die mens wat nie aan hierdie standaard voldoen nie, sal boet met sy lewe in die helse vuur, die dag van oordeel.
- Die primêre boodskap van die Wet van God, asook sonde, hel en die oordeel, is vervang met God se liefde- en genade-boodskappe.
- Hierdie oneffektiewe valse metode van verlossing wat die kerk binnegesluit het, het die volgende probleme: dit is onbybels en dit gebruik omtrent nooit die woorde “sonde en oordeelsdag” nie. Dit bevraagteken die skepping van die hel deur ’n liefdevolle God en maak God die krimineel.
- Jesus is nie ’n “soeker-vriendelike” Evangelis nie.
- Omdat die bloed van sondaars van evangeliste se hande geëis sal word, is die geskiedenis die bewys van die korrekte gebruik van die Wet deur opregte evangeliste en hulle effektiwiteit word gesien deur ware bekerings wat plaasgevind het.
- Die evangelie kan enige tyd en in enige taal aan sondaars oorgedra word.
- Voordat daar ’n goddelike berou kan wees, en voordat die evangelie gedeel word, moet die “grond” getoets word. Die grond is kliphard en met rotse van sonde deurtrek. Die grond moet omgeploeg word met die Wet, sodat, ná ware sondebeseft en bekering, die sondige rotse verwyder word en die grond vrugbaar gemaak word vir die evangelie.
- Sonder die Wet, sal die wêreld voortgaan met “godsdienste” en sal die verskriklike gevolge daarvan valse bekerings wees en die uiteinde die ewige hel.
- Mense wat sonde doen, wil nie Bybel lees nie.
- Diegene wat die werking van die Wet verstaan, weet wat is sonde en verstaan wat is God se genade.
- Die metode van “The way of the Master” en “Conquer your fear, share your faith” as riglyn, word eerstens gebruik om innerlike vrees vir evangelisering te oorkom.

- Die metode behels om vriendelik te wees en om te leer hoe om met mense te praat. Die gesprek moet nooit begin word met “genade” nie, omdat enige skerp “Lig” in die oë altyd offensief sal wees.
- Die metode waarop die gesprek begin word, is nie relevant nie, maar slegs dat dit wel gedoen word. Die gesprek word dan later geswaai na die geestelike kant toe. Meeste mense is nie offensief wanneer die onderwerp van God opkom nie, ten spyte van wat die evangelis se vooropgestelde idees en vrese mag wees.
- Daar is vier belangrike trappe van Evangelisasie, wat verteenwoordig word deur vier letters: “WDJD”, wat staan vir “What Did Jesus Do?”
- W: “Would you consider yourself to be a good person?” (Dink jy dat jy ’n goeie persoon is?)
- D: “Do you think you have kept the Ten Commandments?” (Dink jy dat jy die Tien Gebooie hou?)
- J: On the day of judgment, if God judge you by the Ten Commandments, will you be innocent or guilty? (Op die dag van oordeel, as God jou sal oordeel op grond van die Tien Gebooie, sal jy skuldig of onskuldig wees?)
- D: “Destiny – will you go to heaven or hell? (Sal jy hemel of hel toe gaan?)”
- Slegs nadat die 4 stappe deurgewerk is en daar is tekens van sondeberou, kan die evangelie gedeel word met die persoon.
- Wanneer die evangelie gedeel word teenoor ooglopende valse bekerings, is dit nodig om die volgende vrae te vra: “Is jy weergebore?” Wedergeboorte is **dié** vereiste om in die koninkryk van God te kan ingaan. Ook: “Wanneer laas het jy jou Bybel gelees?” Die erns van Bybel-lees sal getuig van die persoon se liefde vir God.
- Beide metodes wat in hierdie hoofstuk bestudeer is, voldoen aan die vereistes van die ware evangelie en kan met vrymoedigheid gebruik word deur evangeliste.
- ’n Model wat bestaan uit gekombineerde kernpunte moet die volgende elemente bevat: bewusmaking van God se heiligheid; bewusmaking van persoonlike hopeloosheid en verlorenheid; bewusmaking van persoonlike veroordeling en komende oordeel.
- In konklusie van al die bogenoemde is die volgende opsommende riglyne die belangrikste, waarsonder geen evangelisasie gedoen kan word nie, naamlik die drie

waarhede in die Skrif: die Wet van God; die kruisiging van Jesus en die regverdige oordeel van God Almagtig.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN LEEMTES VIR VERDERE STUDIE

5.1 INLEIDING

Ongeveer 76% van Suid-Afrikaners noem hulself Christene. Is almal wat hulself dan Christene noem, wel ware Christene? Met ander woorde gestel, is almal wat hulself Christene noem, waarlik bekeer en gered? In hoofstuk 2 “n Bybelse perspektief van ware en valse bekerings”, hoofstuk 3 “moderne beskouings/teorieë van evangelisering en bekering” en hoofstuk 4 “die plek van die Tien Gebooie in evangeliseringsmetodes wat ware bekering vorendag kan bring”, is al die besonderhede in verband met hierdie saak fyn uiteengesit. Hoofstuk 5 fokus daarop om die doelwitte, metodes en die gevolgtrekkings wat uit elke hoofstuk spruit, in een hoofstuk te kombineer, om in kort die volgende vraag te beantwoord:

Kan daar riglyne daargestel word wat evangeliste kan help om op 'n Bybels-verantwoorde manier valse bekerings te verhoed of tot die minimum te beperk?

Bogenoemde vraag was die probleemstelling van die studie, en die probleme wat hieruit voortgespruit het, was die volgende:

1. Watter Skrifperspektiewe is daar oor ware en valse bekerings?
2. Wat is die moderne beskouings/teorieë oor bekering?
3. Watter riglyne kan gegee word aan evangeliste om valse bekerings tot die minimum te beperk?
4. Hoe sal 'n model van Evangelisering vir ware bekerings daar uitsien en watter plek het die Tien Gebooie daarin?

Die beantwoording van hierdie vrae was die probleemstelling van die studie, en die probleme wat hieruit gespruit het, sowel as die doelwitte en gevolgtrekkings, kan soos volg in kort gestel word:

5.2 HOOFSTUK 2: BYBELSE PERSPEKTIEF VAN WARE EN VALSE BEKERINGS

Die hoofdoel van hoofstuk 2 was om vas te stel hoe “ware en valse” bekerings deur die Skrif hanteer word deur die gebruik van God se Tien Gebooie. Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie was om riglyne daar te stel wat evangeliste kan help om valse bekerings tot die minimum te beperk.

In die beantwoording van hierdie vraag, is die volgende metode gebruik:

Daar is 'n vergelykende literatuurstudie gedoen vir die beantwoording van die verskillende navorsingsvrae. Daar is prinsipieel gefokus op die wyse waarop Jesus die evangelie uitgedra het, deur gebruik te maak van die Tien Gebooie. In hierdie hoofstuk is daar gesteun op eksegetiese en vergelykende literatuurstudie.

Die volgende punte is in hoofstuk 2 behandel, deur te verwys na die voorkoms daarvan in die Ou Testament, sowel as in die Nuwe Testament:

- die Heiligheid van God;
- die werk van die Heilige Gees met betrekking tot ware bekering;
- sonde en die oorsprong daarvan;
- die Blye Boodskap;
- die doel van evangelisering;
- bekering;
- teonome norme, morele wet, God se Tien Gebooie of die Dekaloog;
- die geldigheid van die gebruik van God se Tien Gebooie vir vandag se tyd;
- die wettige gebruik van die Tien Gebooie tydens evangelisering in die Nuwe Testament deur Jesus en sommige van sy apostels;
- voorbeelde van ware en valse bekerings.

Die hoofpunt van hierdie navorsing is “om valse bekerings tot die minimum te beperk”. Alvorens ware en valse bekerings nagevors en verstaan kon word, is bogenoemde

begrippe in hoofstuk 2 nagevors en verduidelik. Die volgende gevolgtrekkings is hieruit gemaak:

- Dit is absoluut noodsaaklik vir die mens om kennis van God se heiligheid te neem, dit te verstaan en te eerbiedig. God is onaangeraak en onbesmet met die euwel van hierdie wêreld. God se perfeksionisme is die standaard vir die mens se morele karakter, asook die motivering vir die mens se godsdienstige handeling. Die hele morele kode het sy oorsprong en vloei in God se heiligheid. Dit bring mee dat die mens moet weet met Wie hy te doen het, en dat hierdie eienskap van God seker dié mees belangrike karaktereienskap van God is. Sonder die kennis van God se heiligheid, kan die mens **geen** begrip van sonde hê nie. Daar niks in die wêreld so belangrik soos om God te vrees en sy Gebooie te hou nie. Alles begin by die vrees van God en die hou van sy Gebooie en alles eindig met die vrees van God en die bewaring van sy Gebooie. Om God te vrees, is om in Hom te glo. En om in Hom te glo, is om aan Hom gehoorsaam te wees.
- Die Heilige Gees het gekom om die sondaars te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Die mens is net 'n instrument in die hand van die Heilige Gees en deurdat die evangelis, prediker, ensovoorts, gebruik maak van die Tien Gebooie van God, vind sonde-oortuiging plaas, wat 'n voorvereiste is vir ware bekering.
- 'n Definisie van sonde is 'n onbekende begrip onder vele self-erkende Christene van vandag. Sonde is die breek van God se Wet, die Tien Gebooie, oftewel wetteloosheid. Sonde het sy oorsprong lank voor Adam en Eva in die tuin gehad, in die engele-wêreld met die val Satan en sy demone. God het nie sonde gedoen nie, nog minder is Hy te blameer, of die outeur van sonde. Dramatiese gevolge wat die aanvanklike sonde vir die mensdom teweeggebring het en nog steeds op elke mens van toepassing is, sluit in: totale verdorwenheid van die menslike natuur, die verlies van gemeenskap met God deur die Heilige Gees, geestelike dood, gewaarwording van skaamte en om skuldig te voel, fisiese dood van die menslike liggaam en die verandering van fisiese verblyf. Die oorsprong van die sonde het uit die mens se eie vrye wil ontstaan om in opstand te kom teen God.
- Die Blye Boodskap is God se oplossing aan die mens om gered te word van die komende oordeel wat geldig is op alle mense wat wetteloos lewe. Dit waarsku die

menslike ras dat hulle sondig is en dat hulle 'n arrogante rebellie teen God openbaar en daarin faal om Hom te vertrou. Die Blye Boodskap bied vergifnis aan diegene wat hulle bekeer en na God in Christus draai en dit verkondig hoop van 'n ewige, opgestane lewe na die graf. Die evangelie is nie 'n uitnodiging nie, maar 'n opdrag van God, want uitnodigings kan goedgunstiglik van die hand gewys word sonder vrees vir vergelding. Die grootste fout wat die moderne kerk en hul predikers vandag maak, is om te dink dat mense vanself besef hulle is sondaars. Jesus Christus distansieer Homself totaal en al van hierdie moderne evangelisasie-metodes. 'n Wettelose evangelie-verkondiging deur die kerk, is die oorsaak dat ontelbare mense oor die afgrond van die hel stort, en hierdie moderne evangelie is die tragedie van die moderne kerk.

- Die doel van evangelisering is om die Blye Boodskap aan die verlore mensdom te bring op die manier waarop Jesus dit gedoen het. Evangelisering is nie 'n opsie nie, maar 'n opdrag van Christus self. Evangelisering vereis gehoorsaamheid aan die opdrag van Jesus om die evangelie te verkondig aan die ganse mensdom, en die mens moet hierdie opdrag nie te ligtelik opvat nie.
- Bekering is die enigste Bybelse term om die mens met God te versoen. Bekering was die hooftema van Jesus se prediking. Bekering is soos 'n natuurlike geboorte, met smart en pyn gaan dit gepaard, dit is nie net iets wat uit die lug val of onbewustelik gebeur nie. Bekering is die hart van die Christen-boodskap en die fondasie vir die Blye Boodskap. Bekering is absoluut essensieel vir ware redding. 'n Verlore sondaar kan nie gered word sonder ware bekering nie.
- Daar is stappe van ware bekering, wat gevind word in die Saligspreuke – sonder 'n besef van geestelike armoede, oftewel 'n ware sondebef, is wedergeboorte onmoontlik. 'n Ware sondebef is slegs moontlik deur die toepassing van God se Tien Gebooie. Die mense wat hul sondige toestand besef, sal treur oor hul eie verlorenheid. Persone kan alleenlik sagmoedig wees as hulle hul hoogmoed en trots laat vaar. Persone wat 'n ware sondebef het en hul verlore toestand besef, sal sagmoedig word en begin soek en smag na 'n oplossing. Hulle sal honger en dors na geregtigheid. Sulke persone sal vergeet van hulself, en sal begin bekommerd raak oor die ander verlore siele in die wêreld. Wanneer God mense se sondes vergewe, gee God vir hulle 'n rein hart, 'n nuwe hart. Hier word hulle nuwe skepels,

nuutgemaak deur die bloed van Christus wat hulle rein gemaak het. Hier word die mens wedergebore! Dié wat waarlik wedergebore is, sal God se Tien Gebooie liefhê, en sal groot vrede hê, en so 'n persoon sal in staat wees om vrede tussen ander mense te kan bewerkstellig. Die Bybel voorspel dat diegene wat hierdie bekeringsproses deurgemaak het, vervolg sal word. In die oë van die wêreld sal so 'n persoon 'n steen des aanstoot wees. Hulle sal gehaat word, hulle sal verwerp word en hulle sal verstoot word ter wille van die naam van Jesus Christus.

- Die noodsaaklikheid van ware bekering behels dat almal wat hulle nie bekeer nie, sal met die dag van oordeel nie die hemel kan betree nie, maar in die poel van vuur gewerp word.
- Die Tien Gebooie, of God se Wet, staan ook bekend as morele wette, die Dekaloog en Teonome norme. Vir die Christen is teonome norme van primêre belang. Die Christen moet onder alle omstandighede heel eerste vra wat die wil van God in 'n bepaalde situasie is. Die mens is van nature 'n sondaar en uit homself is hy nie staat om goeie norme daar te stel nie, daarom moet die mens hom laat lei deur teonome norme, oftewel die Tien Gebooie van God.
- Die oorsprong van die Tien Gebooie is by God self en hy het dit in die hart van Adam geskrywe lank voor hy dit met sy eie vinger in klip geskryf het as 'n permanente Wet vir ewig en altyd vir alle mense.
- Die Tien Gebooie is een van drie sentrale waarhede in die Bybel. Hierdie drie waarhede is: die Wet van God, die kruisiging van Jesus en die regverdige oordeel van God Almagtig. Hierdie drie waarhede is in 'n baie nou band aanmekaar verbind: doen weg met die wet, dan is daar nie sonde nie en ook geen nood aan 'n Verlosser nie. Doen weg met die kruis, dan is daar geen antwoord vir die sonde-probleem nie. As daar nie 'n regverdige toekomstige oordeel van God Almagtig gaan wees nie, is daar geen punt om te praat van sonde en 'n Verlosser nie.
- Die doel van die Wet van God is om God se karakter, wil, wese en sy heilige natuur te openbaar. Wanneer die mens weet wat die wet vereis, sal die mens die doktrine van heiligmaking verstaan. Om God se Wet te breek of dit te opponeer, is om 'n direkte aanval op God te loods. Die morele wet oortuig die skepsels van God van hul onvermoë om die perfekte standaard van die Dekaloog te onderhou. Die wet is nie deur God ontwerp en gegee om die mens van sy sonde te verlos nie. Deur die

wet is die kennis van sondes, wat die perfekte standaard van God is, en dit is onvervangbaar in Bybelse, God-gesentreerde evangelisasie. Daar is net een standaard, en dit is die Tien Gebooie. Mense is meer geïnteresseerd in God, maar is glad nie gewillig om te doen wat Hy sê nie. Die wet is die lym wat die samelewing aanmekaar hou. Die samelewing het al so ver agteruitgegaan, dat sommiges nie eens besef dat hulle God se Wet verbreek nie. Die gevolg hiervan is dat ons samelewing onstabiel, skrikwekkend en gevaarlik geword het. Die wet is 'n meetsnoer vir die sondaar. Die wet verlig die oë, sodat die sondaar die nodigheid van die komende oordeel kan verstaan. Eers dan word die sondaar oortuig van sy eie sondige toestand en sy nood aan God se genade en vergifnis.

- Die Tien Gebooie word wettig en onwettig gebruik. Die morele standarde van die Dekaloog eindig nie by die kruisiging van Christus nie. Die Christen is onder die wet as 'n reël vir die lewe en dit bly 'n objektiewe standaard vir regverdigheid vir alle mense ten alle tye. Die morele wet is onveranderd; dit bly steeds van krag. Die hoofprobleem vandag is nie die mens wat die Wet van God te veel of oorgebruik nie, maar diegene wat halfpad of heeltemal gekant is teen die gebruik van God se Wet. 'n Groeiende hoeveelheid evangeliste bevraagteken die geldigheid van God se Wet. Daar is hoofsaaklik twee denkrigtings, die een neig net na die wet toe, en die ander neig weer heeltemal oor na die liefde toe. Die een wat baie sterk op orde en dissipline ingestel is, loop die gevaar om wetties te raak. Die ander gevaar (antinomianisme) is dat diegene wat probeer om vry van die wet te leef en net liefde na te jaag, se lewenstyl sal begin grens aan 'n bandelose, selfs losbandige, manier van lewe. Die liefde en wet is nou-verwant aan mekaar. As die mens Jesus liefhet, sal hy sy gebooie bewaar. Die Tien Gebooie is goed wanneer dit korrek en wettig gebruik word. Die goedheid, heiligheid, regverdigheid van die Tien Gebooie verander nie met die onwettige gebruik van die Tien Gebooie nie. Die Tien Gebooie dui op God se karaktereienskappe. Die Tien Gebooie word ook onwettig gebruik.
- Die twee onwettige gebruike van die Tien Gebooie is Wettisisme en Antinomianisme. Wettisisme is die onderhouding van die wet om saligheid te verkry, teenoor saligheid wat verkry word vanaf God as 'n vry offer vir die vergewing van sondes. 'n Lae siening van die wet sal altyd wettisisme in godsdiens voortbring; 'n hoë siening van die wet sal die mens 'n soeker maak van genade. Antinomianisme beteken letterlik

“anti-wet”. Die antinomianis sien geen verhouding tussen die wet en die evangelie nie, behalwe om vry te wees van die wet. Hierdie onwettige gebruike van die wet het gemaak dat daar skeiding tussen liefde en die wet plaasgevind het. Dit het dan dwaalleer en geestelike skipbreuk tot gevolg. Die skeiding tussen wet en liefde is die meester-uitvindsel van Satan om die gebruik van God se Wet tot stilswye te dwing.

- Jesus het die Tien Gebooie, sonder uitsondering, wettig gebruik. Die term “ewige lewe” verwys na die ewige lewe saam met God in sy komende koninkryk, slegs vir dié wat werklik gered is. Jesus bevestig die wettige gebruik van die Tien Gebooie om ’n ware sondebeseft voort te bring. ’n Ware sondebeseft is duidelik die voorvereiste vir ware bekering.
- Paulus, Stefanus, Petrus en Jakobus het die Tien Gebooie wettig gebruik tydens evangelisering in die Nuwe Testament.
- Die ware bekeerling sal vrugte voortbring van ’n vernuwe lewenstyl. Hierdie vrugte is: die vrug van bekering, die vrug van goeie werke, die vrug van danksegging, die vrug van die Gees en die vrug van geregtigheid.
- Judas en Simon die towenaar was valse bekeerlinge in die Nuwe Testament.
- Valse bekerings vandag is ’n tendens wat met magiese getalle toegeneem het, as gevolg van die valse evangelie wat aan sondaars voorgehou word. Die goeie nuus van Christus is verwerp vir die slegte nuus van die “maklike-glo” evangelie, wat geen morele vereistes stel aan die sondaar nie. Dit is nie dieselfde boodskap wat Jesus verkondig het nie. Hierdeur word ontelbare mense mislei. God se Wet word vermy in die moderne kerk en as gevolg daarvan sien sondaars nie die nood aan ’n Verlosser nie. Hierdie fout lê nie by die hoorder nie, maar by die predikers.
- Hierdie navorsing bewys die feit dat God se Tien Gebooie essensieel is in prediking en evangelisasie, om sondaars tot ’n sondebeseft te bring. Sonder ’n sondebeseft kan geen mens gered word nie. Die Wetgewer Self het die voorbeeld gestel, en die Apostels het dit ook gebruik. Die wet is perfek om sondaars tot bekering te bring as dit wettig gebruik word, omdat die wet die tugmeester is na Christus toe. Verwerping van die gebruik van die wet tydens evangelisasie bring onomwonde valse bekerings tot gevolg.

5.3 HOOFSTUK 3: MODERNE BESKOUINGS/TEORIEË VAN EVANGELISERING EN BEKERING

Hierdie hoofstuk se doelstelling was om te fokus op uitsprake van hedendaagse predikers en die verskillende beskikbare evangelisasie-metodes, en hoe hierdie metodes gebruik en aangewend word. Hierdie metodes is aan die hand van hoofstuk 2 vergelyk, om vas te stel of dit 'n ware sondebeseft kan voortbring, wat die eerste stap is tot ware bekering. Die doelstelling van hoofstuk 3 was om moontlike oplossings daar te stel wat gebruik kan word om valse bekerings tot die minimum te beperk.

Om hierdie doelstelling te kon bereik, is die volgende metode gebruik:

Daar is 'n vergelykende literatuurstudie gedoen vir die beantwoording van die verskillende navorsingsvrae. Daar is prinsipieel in hoofstuk 3 gefokus op uitsprake en sienings van moderne teoloë rondom sonde, die Blye Boodskap en bekerings, en ook op die wyse waarop verskillende moderne evangeliste die evangelie uitdra.

Die volgende punte is in hoofstuk 3 behandel:

- 'n Profetiese voorspelling rondom moderne evangelisasie;
- Wat is sonde volgens moderne evangeliste en hoe word sonde hanteer volgens hulle;
- Die Blye Boodskap volgens moderne evangelisasie-metodes;
- Bekering volgens moderne metodes;
- Die sukses van bekering volgens moderne metodes;
- Moderne evangeliese metodes.

Die hoofpunt van hierdie navorsing is om weë aan te dui wat kan meebring dat valse bekerings tot die minimum beperk kan word. Om hierdie doel te kon bereik, is daar gekyk na 'n Bybelse profesie en hoe moderne evangelisasie daarby inpas, na sonde, die Blye Boodskap en bekering soos gehuldig en gesien deur moderne predikers en evangeliste. Daar is ook gekyk na die beskikbare evangeliese metodes en of dit wel in

staat is om 'n ware sondebeseft vorendag te bring. Uit hoofstuk 3 is die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- Die eerste, letterlike betekenis van Jes. 4:1 is dat God se oordeel oor die volk die meeste manne sal uitwis en dat die volk in ballingskap weggevoer sal word. Die ryk vroue wat gedeel het aan die uitbuiting van die armes, se koppe gaan kaalgeskeer word, en ook gaan hulle hul mans aan die dood afstaan. Hulle sal gebrandmerk word as slawe. Die bevolking gaan 'n groot tekort hê aan mans, wat tot gevolg sal hê dat sewe vroue met een man sal wil trou. Dit was ongehoord en 'n skande om nie getroud te wees nie en kinders was basies 'n vereiste van die getroude lewe.
- Die tweede betekenis van Jes. 4:1 het betrekking op die moderne tyd. Hiervolgens sal mense regoor die wêreld hulself Christene noem, maar dit sal gebaseer word op hul eie leerstellings en eie interpretasie van geregtigheid wat die wette van God ignoreer om meer aanvaarbaar te wees vir die massas. Soveel as moontlik van die wêreld se agenda word geabsorbeer en geïnkorporeer in hul godsdienste, terwyl hulle hulself steeds Christene noem. Hulle wil eerder Christene genoem word, omdat hulle skaam is om as heidene beskou te word. In hierdie moderne Christendom word negatiewe sake soos sonde, oordeel en die hel geïgnoreer, en slegs gekonsentreer op God se positiewe attribute van liefde en genade.
- Volgens die moderne evangelie se siening van sonde en redding, het sondeprediking geen impak vandag meer nie, omdat mense verhard geword het teen die evangelie. Die moderne evangelie of prediker glo dat mense niks daarby baat om te hoor van sonde nie, omdat hulle oor die algemeen dink hulle is goed en daarom het hulle geen begeerte om vergewe te word nie. Die begrippe “sondaar” en “sonde” speel bykans geen rol meer in die moderne samelewing nie en is irrelevant. Om sonde te preek ontloot 'n baie negatiewe reaksie by post-moderne mense wat dit sien as 'n persoonlike aanval teen hul integriteit en gevolglik die prediker sowel as sy boodskap verwerp. Die Goddelike element van sondeberou is nie eers teenwoordig in moderne “Christene” se bekering nie. Volgens die moderne evangelie het die gelowige geen wet nodig om vir hom te

vertel wat sonde is nie, aangesien sonde nie meer die oortreding van die wet is nie, want die wet is nie meer van toepassing nie. Daar is slegs twee wette wat vandag nog van toepassing is, naamlik die wet van die liefde vir God en die wet van die liefde vir die mens se naaste. Die moderne mens het genoeg gehad van kerke wat gebaseer is op antieke wette, wat God onakkuraat voorstel as iemand wat hard, kwaad en ongenadig is. God se Wet is verouderd en absoluut, want die Wet is foutief en God Self het fout gevind in sy Wet. Verder is die moderne samelewing negatief ingestel rondom Christene en die kerk, maar tog respekteer hulle Jesus en vind groot aanklank by Hom. Sommiges voel dat Christene minagtend en disrespekvol optree teenoor ander gelowe wanneer hulle sê dat hul geloof “die enigste ware geloof” is. Volgens hulle is daar vandag meer kerke nodig wat net vol is van Jesus.

- Die Blye Boodskap, volgens die oorgrote meerderheid moderne predikers en evangeliste wat harmatologie afskeep of geensins behandel nie, is nie ’n “skuldgevoel”-gebaseerde metode nie, maar eerder ’n metode om vriende aan mekaar voor te stel. Die “Goeie Nuus” is dat die mense se sonde vergewe is, en dit word aan die sondaar oorgelaat om te besluit wat reg en verkeerd is. Die sentrale middelpunt van die Blye Boodskap is dat Christus in die mens se plek gesterf het as sy plaasvervanger, maar ook vir die mens se siektes en armoede. Dit is die duiwel wat die mens siek en arm wil hê. Verder ontbreek die moderne evangelie aan die feit dat die gelowige ook die kruis moet opneem en Jesus volg.
- Die woord “bekering” is in die moderne kerk vervang met begrippe soos: “’n besluit vir Jesus”, “my lewe toewy aan Jesus”, “ek verbind my met Jesus”, “my hart gee vir Jesus”, en ander. Wanneer ’n persoon sy/haar hart vir Jesus gegee het, verstaan hulle nog nie wat is verlossing nie, maar hulle het wel gereageer op God se uitnodiging. Elke mens het ’n wil van sy eie en daarom berus die keuse slegs by elke individu. God forseer niemand nie en hou ook niks teen enigiemand nie. Hy het alreeds alles gedoen om die mens te help toe Hy Jesus aarde toe gestuur het. Bekering vind gewoonlik plaas oor ’n baie lang tydperk, alhoewel dit ook baie vinnig kan gebeur. Dit word nie meer gesien as ’n skielike proses waar die sondaar van die staat van ongered, skielik oorbeweeg na die staat van gered toe nie. Mense word nie meer voorgeskryf oor **hoe** om by God

uit te kom nie, want navorsing bewys dat die “nou poort” baie verskillende paaie het wat soontoe lei. Bekering is wanneer God die persoon baie hard druk, dat so ’n persoon sy gedagtes moet verander. Dit gee as’t ware ’n stoeigeveg af tussen God en die sondaar, totdat so ’n persoon erken: “O God u is reg en ek is verkeerd”. Bekering vind dus plaas wanneer ’n persoon sy eie selfregverdiging opgee om te erken dat hy verkeerd is. Bekering is ook wanneer mense lankal Christene is, maar dit nie eers weet nie. Jesus het die vereistes van die wet vervul, nou hoef die mens nie meer die vereistes van die wet na te kom om gered te word nie.

- Die reuse getal suksesresultate van bekerings volgens moderne metodes, word selfs deur sommige moderne predikers as ’n oordrywing beskou. Hulle sien massa-evangelisasie-veldtogte as oneffektief. Ten spyte daarvan, is daar nog steeds evangeliste en predikers wat dit doen en hul resultate beloop miljoene tydens evangelisasie-veldtogte. Hierdie massa-bekerings word gedryf deur die idee dat dit die grootste beloning is wat God ’n evangelis kan gee, naamlik om te sien hoe ’n sondaar tot bekering kom. Hierdie drang na of smagting om te sien hoe sondaars tot bekering kom en om dan die getalle te kan noem en op sy kerfstok te plaas, is seker die grootste dryfveer vir die huidige evangelisasie-metodes. Getalle van die “besluite vir Jesus” het die plek geneem van ware sondebeseft en bekerings; getalle is die hoofagenda op sendingvergaderings.
- Die oorgrote meerderheid van moderne predikers en evangeliste is voorstanders van altaaroprope en beskou altaaroprope absoluut as Bybels om ongeredde mense met God te verenig. Goeie, kragtige boodskappe sal mense so diep raak, dat so ’n persoon alreeds ’n besluit gemaak het om Jesus aan te neem, nog lank voor die altaaroproep gemaak is. Die altaaroproep begin die oomblik wanneer die evangelis na die mikrofoon toe kom. Hierdie boodskappe moet die lanseerstrook wees vir die opbou van die altaaroproep. Die manier en metode van preek wat gelewer word, en die stemtoon wat gebruik word, is van uiterste belang. Daar moet nooit gejaag word nie, want mense het tyd nodig om vertroue op te bou om te reageer op die altaaroproep. Altaaroprope is net daar om nuwe bekeerlinge te maak, en nie om vir afgekoelde Christene ’n nuwe verbintenis met Jesus te maak nie. Verdere speel emosies ’n baie groot rol tydens altaaroprope.

Wanneer trane dan vloei, is dit nie noodwendig van sondeberou nie, maar van die intense liefde van God wat ervaar word tydens so 'n altaaroproep. Hierdie opgesweepte, romantiese voorstelling van die Christenlewe en die getuienisse wat gegee word, is Bybels onverantwoordelik, want dit gee 'n valse prentjie van wat 'n Christen werklik is. Hiermee tesame is die lang, uitgerekte altaarproepe, wat met emosiebelaaide musiek aangevuur word, die resep vir “valse bekerings”, want dit dra geen vrug van ware sondebeseft en bekering nie. Hierdie metodes is niks anders as 'n onbetaamlike manier om groot getalle bekerings te kry nie, want op die ou einde sal hierdie nuwe “bekeerlinge” wegval en verhard word teen die evangelie.

- Die klimaks van die altaaroproep is die “sondaarsgebed” of “bekeringsgebed”. Afgesien van die feit dat basies geen ware sonde-erkenning bestaan tydens die moderne bekering nie, word dit die “sondaarsgebed” genoem. Hierdie gebed word selde, indien ooit, deur die nuwe bekeerling self gebid, en word meestal voorgedaan deur die prediker of evangelis. Omdat die nuwe bekeerling skaam is, word daar net van hulle verwag om hul hand op te steek, om op te staan of met die kop te knik, en dan word daar vir hulle gebid. Die oorsprong van die sondaarsgebed lê in Rom. 10:9-10. Hierdie teksvers van Rom. 10:9,13 word egter uit konteks gebruik, want deur die Skrif is dit duidelik dat nie almal wat bid, gered word nie (vergelyk die Fariseër en die tollenaar). Dit is ook duidelik dat wanneer mense opreg bid en bedoel wat hulle bid, dit nie redding kan teweegbring nie. Die sondaar se belydenis moet dus uit geloof in die hart spruit, waardeur hy dan alreeds gered is deur genade. Dit is dus belydenis tot redding (Rom. 10:10) en nie 'n handeling van 'n sondaarsgebed wat redding bewerk nie! By die moderne bekeerling word die vertroue egter in die gebed geplaas vir redding, en nie in Jesus Christus nie. As hierdie bekeerling “bedoel” het wat hy/sy gebid het, word hy gered verklaar. Hy word dan die versekering gegee dat ware redding werklik plaasgevind het en dat niemand so 'n persoon uit die hand van God kan ruk nie. Om hierdie rede is dit baie moeilik om bestaande “Christene” sover te kry om daagliks hulle geloof te toets. Verder mag hy ook nie die sogenaamde redding betwyfel nie, want dit is net Satan wat hom lastig val.

- In die konteks van wanneer Jesus gesê het dat mense hom moes volg, is dit geensins vergelykbaar met moderne altaaroprope nie. Jesus het altyd wanneer iemand Hom gevra het wat gedoen moet word om gered te word, die wet vir die trotse gegee en genade vir die persone wat weet dat hulle verlore is. Jesus se oproep om hom te volg het altyd 'n kosteberekening ingehou en dit was nooit 'n maklike ding om te doen, soos dit geprojekteer word vanaf die altaar nie! Kruisopneming is die ontbrekende faktor wat kort in die moderne evangelie van "God is liefde, genadig en vergewe sondes". Geen skrifgegewens bestaan wat daarop dui dat Jesus sy stemtoon verander het en musiek gespeel het om die regte stemming te verkry tydens sy evangelisasie-bediening nie. Daar is ook geen skrifgegewens wat getuig dat selfs een enkele persoon tot bekering gekom het tydens Jesus se bergpredikasie nie. Jesus was nie daarop ingestel om massas tot valse bekering te lei nie. Inteendeel, Hy het daarop gefokus dat mense tot 'n ware sondebeseft kan kom en hulle dan kan bekeer van hul sondige lewe. Jesus se bediening is in sterk kontras met vandag se predikers wat pronk oor die honderde, duisende en miljoene wat hulle harte vir Jesus gegee het. Hierdie einste predikers wonder dan hoekom daar geen of weinig vrug is van hierdie sogenaamde bekerings nie. Sommige moderne evangeliste getuig self dat hul kinders niks met God en Jesus te doen wil hê nie, alhoewel hulle hul harte vir Jesus gegee het. Die euwel van "opvolg of nasorg" het die kerk binnegekom as gevolg van valse bekerings.
- Die nuwe geredde persone moet opgevolg word, en veral die eerste week na die bekering is van kritieke belang, sodat daar vrugte geskep sal word wat sal hou en dat die nuwe bekeerlinge in die geloof bly en nie koud word nie. Opvolg het dan ten doel om die nuutgebore bekeerling aan te moedig om kerk toe te kom, om sy Bybel te lees, om betrokke te raak by kerklike aktiwiteite en om oriënteringsklasse by te woon sodat hy nie stagneer nie. Algemene probleme duik tydens opvolg op, soos ouderdomsverskille, geslagsverskille, persoonlikheidsverskille asook verskillende woongebiede. Iemand anders word benoem wat as geestelike ouer kan sorg, solank hierdie persoon die tyd en energie het om daaraan te spandeer totdat die nuwe bekeerling 'n volwaardige Christen geword het. Wanneer die opvolg geleidelik gestaak word, verdwyn die

“geredde” persoon van die toneel af en is dit die gevolg van valse bekerings wat Jesus voorspel het in Markus 4. Dit is onbybels om iemand op te volg, want ’n persoon wat waarlik gered is, sal **wil** kerk toe kom, betrokke raak by kerklike aktiwiteite, sy Bybel lees, bid en geen aanmoediging sal nodig wees nie. Dissipelskap sal ’n voortvloeiing wees van ware redding en ’n ware bekeerling het nie nodig om opgevolg te word nie (vergelyk Hand. 8:26-39 as bewys hiervan).

- Moderne evangeliese metodes, hoe getrou ook al aan die Skrif, het geen waarborg dat enigiemand waarlik gered sal word nie. Geen bekerings moet ’n algemene verskynsel wees tydens evangelisasie-veldtogte en -predikings, omdat mense se harte verduister is. Die hoop om vrug te sien, moet voor die deur van God se genade gelê word. Genoemde metodes is baie effektief om ’n “besluit vir Jesus”, “gee jou hart vir Jesus” of “verbind my tot Jesus” te bewerkstellig, maar is ondoeltreffend om sondaars tot ’n ware sondebeseft te bring wat ware bekering voorafgaan. Hierdie metodes word gegrondves in die gebruik van Rom. 3:23: “almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God”. Die sondaar word dan vertel dat die loon van die sonde die dood is (Rom. 6:23). Dit word dan aan die sondaar voorgehou dat as hy nou te sterwe sou kom, hy op sy eie erkenning die ewigheid in die hel sal deurbring. ’n Diepgaande hartsoortuiging van ’n ware sondebeseft is egter nodig voordat die sondaar ware bekering sal smaak. Om hierdie rede is die Wet van God gegee, sodat sonde as uitermatig **sondig** uitgewys kan word, en sodat die mens dan oortuig kan word van hierdie enorme skuld wat sonde veroorsaak. Kennis van sonde alleen is nie genoeg nie, daar moet ’n geestelike oortuiging en berou oor sondes ook wees. Wanneer die persoon dan daarvan oortuig is dat hy sondaar is volgens die Skrif, word ’n keuse voorgehou om die gawe van die ewige lewe te ontvang. Hierdie vraag neem geen geestelike bekommernis, bekering, oortuiging, geloof of enigiets verder in ag nie, en word bloot ’n intellektuele besluit om te kies tussen die hemel en die hel. Geen regdenkende sal tog die hel kies nie, en daarom is die keuse feitlik 100% altyd die hemel. Dit is ’n onbetaamlike metode om letterlik ’n strikvraag te vra sodat die onbekeerde sondaar altyd die hemel sal kies. Daar is geen ware sonde-oortuiging teenwoordig in hierdie metodes nie. Dat dit die Heilige Gees se werk is om te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, is nie

argumenteerbaar nie. Maar as die oortuiging van sonde uitsluitlik oorgelaat word aan die Heilige Gees, sonder om die uitermatige sondigheid van sonde te preek, moet prediking oor geloof tot Jesus Christus streng gesproke nie ook dan gelos word vir die Heilige Gees nie? Dit is juis hierdie punt van prediking oor die uitermatige sondigheid van sonde en ware sondebeseft, wat die moderne predikers oor die hoof sien, om net nog hierdie volgende een, honderd, duisend, of miljoen bekeerlinge op sy kerfstok te kan kry. Met hierdie daad word Jesus in werklikheid tot leuenaar uitgemaak, want Jesus het gesê dat die poort wat na die lewe lei, nou is en die pad smal, en dat daar min is wat dit vind.

5.4 HOOFSTUK 4: DIE PLEK VAN DIE TIEN GEBOOIE IN EVANGELISERINGS-METODES WAT WARE BEKERING VORENDAG KAN BRING

Die fokus van hierdie studie was om vas te stel hoe “waar en valse bekerings” deur die Skrif hanteer word deur die gebruik van God se Tien Gebooie. Die doel van hierdie hoofstuk was om slegs beskikbare evangelisasie-metodes neer te pen wat die volgende elemente bevat:

- God se heiligheid;
- die gebruik van die Tien Gebooie;
- ware sondebeseft;
- ware vrugte van bekering.

Om hierdie oorkoepelende doelstelling van hierdie studie te bereik wat evangeliste kan help om valse bekerings tot die minimum te beperk, is die volgende metode gebruik:

Verskeie evangelisasie-modelle is goed nagevors (sien hoofstuk 3) en slegs twee metodes is geïdentifiseer wat wel voldoen aan bogenoemde vereistes. Die versamelde materiaal van hierdie twee evangelisasie-metodes is deur analise, interpretasie en sintese gekeur en georden, wat ’n hermeneutiese wisselwerking tussen vergelykende literatuurstudie vorm. Hierdie hoofstuk het daarop gefokus om te sien watter plek God se heiligheid, die Tien Gebooie, ware sondebeseft en ware vrugte van bekering in hierdie evangeliseringsmetodes het, en hoe dit kan dien as riglyne wat ware bekering

vorendag kan bring. Hierdie twee metodes is geëvalueer en kernpunte is gekombineer om 'n sentrale metode as riglyn saam te stel.

Die volgende punte is in hoofstuk 4 behandel:

- Die Sielewenner of die Ambassadeur vir Christus, asook die vereistes van hierdie amp;
- Die evangelisasie-metode van “New Tribes Mission” se “Building on Firm Foundations – Creation to Christ”;
- Die evangelisasie-metode van “The way of the Master” en “Conquer your fear, share your faith” deur Ray Comfort en Kirk Cameron;
- Die kernpunte van bogenoemde beproefde metodes is saamgevoeg as 'n werkbare metode om predikers, evangeliste, lekepredikers en elke persoon wat gehoorsaam is aan die Groot Opdrag, te kan help om die ware evangelie uit te dra, sodat valse bekerings tot die minimum beperk kan word.

Die hoofpunt van hierdie navorsing is om valse bekerings tot die minimum te beperk. Om hierdie doel te kan bereik, is twee beproefde metodes van sekere hedendaagse evangeliste goed nagevors en neergepen. Hierdie materiaal is vergelyk met die Bybelse perspektief op ware en valse bekerings, soos bespreek in hoofstuk 2. Die begrip van “Sielewenner of die Ambassadeur vir Christus, die vereistes van hierdie amp, asook sonde, die Blye Boodskap, die doel van evangelisering en bekering” soos gesien deur die outeurs van hierdie evangelisasie-metodes, is goed nagevors en verduidelik. Hoofstuk 4 het hierdie twee metodes geëvalueer en bepaal dat dit wel daaraan voldoen om God se Heiligheid weer te gee, ware sondebeseft voort te bring deur die gebruik van die Tien Geboie en ware vrugte van bekering op te lewer as die voortvloeiing van hierdie metodes. Die volgende gevolgtrekkings is uit hoofstuk 4 gemaak:

- Enige persoon wat die Goddelike opdrag uitvoer en bemoeienis maak om siele te win, is wys. Die oorgrote meerderheid mense wat evangeliseer, gebruik egter onbybelse metodes, en dit skep ontelbare valse bekerings. Hierdie mense is volgens die Skrif dwaas.

- Daar is sekere vereistes waaraan elke evangelis moet voldoen en dit word gesien aan die vrugte van bekering. Vrugte van bekering is duidelik te bespeur in 'n ware geredde persoon en is volgens die Skrif die volgende: vrug van bekering (Matt. 3:8); vrug van danksegging (Heb. 13:15); vrug van goeie werke (Kol. 1:10); vrug van die Gees (Gal. 5:22-23) en vrug van geregtigheid (Phil. 1:11).
- Indien enige tekort aan hierdie vrugte in die lewenstyl van die evangelis voorkom, moet ware redding betwyfel word, en moet daar getoets word of die evangelis wel in die geloof is. Dit is 'n Bybelse opdrag.
- Die evangelis moet 'n persoonlike verhouding met God hê, 'n heilige, gesonde vrees vir God is nodig, en gebed is van uiterste belang. Die evangelis moet die waarde van siele besef, omdat die siel in God se oë van onskatbare waarde is. Die leer van totale verdorwenheid moet nie weerhou word van sondaars nie en 'n verhouding met die plaaslike liggaam van gelowiges is essensieel. Die evangelis se huwelik moet 'n voorbeeld wees van 'n persoonlike verhouding met God. Verder moet die evangelis duidelik weet dat hulle vrygemaak is van sonde, maar dat hulle nog steeds onder die vloek van sonde leef. As sonde wel gedoen is, moet die eerste reaksie sondebelydenis wees en 'n plan van aksie moet geloofs word om dit nie weer te doen nie. Daar is geen alternatief vir sonde in die evangelis se lewe nie. Die evangelis moet die hele spektrum van die lewe en hul evangelisasie-proses uit God se oogpunt kan aanskou, omdat niks vir die oog van God weggesteek is nie, en God absoluut in beheer van alles is. Die glorie en eer van ware bekerings behoort aan God en God alleen.
- Sonder die evangelisasie-proses kan ongeredde persone nie hoor hulle is verlore nie, sodat daar nie gesoek sal word na 'n oplossing nie. Daarom moet dit so korrek as moontlik gedoen moet word voordat die saad van die evangelie gesaai word.
- Twee metodes is ondersoek, een vir kort-, en een vir langtermyn uitreike.
- Die kort metode staan bekend as "The way of the Master" en "Conquer your fear, share your faith". Die fokus van hierdie metode is hoofsaaklik om verlore siele vir Christus te wen op 'n een-tot-een basis, opelug-prediking en prediking in bestaande kerke. Dit is gefokus op mense wat alreeds gehoor het van Christus, maar nooit 'n ware sondebeseft gehad het nie, sowel as mense wat nog nooit gehoor het van Christus nie.

- Die langtermyn metode staan bekend as “Firm Foundations – Creation to Christ”. Hierdie metode fokus op langtermyn evangelisasie, prediking en Bybelstudiegroepe waar daar oor ’n lang termyn gefokus word om die korrekte fondasie vir die ware Kerk van God te lê.
- Vir ’n evangelisasie-metode om te voldoen as ’n Bybelse werkende riglyn, is daar drie hoofvereistes. As enige een van hierdie drie vereistes ontbreek, diskwalifiseer dit so ’n metode as ’n werkende metode om die evangelie op ’n Bybelse verantwoordbare manier te gebruik. Hierdie drie vereistes is soos volg: bewusmaking van God se heiligheid; bewusmaking van persoonlike hopeloosheid en verlorenheid; en bewusmaking van persoonlike veroordeling en komende oordeel.
- Hierdie vereistes word verder onderverdeel deur drie waarhede in die Skrif: die Wet van God, die kruisiging van Jesus en die regverdige oordeel van God Almagtig.
- Die metode van “Firm Foundations – Creation to Christ” is gegrond op die feit dat die hele Bybel één boek, één verhaal is. Die Ou Testament is die inleiding en die enigste basis vir die begrip en verstaan van die Nuwe Testamentiese verhaal rondom Christus en sy verlossingswerk. Op hierdie basis en begrip van die Bybel word die Evangelie of die Blye Boodskap uitgedra. Dit begin by die begin in die Ou Testament en word voltooi met Christus se kruisiging, begrafnis, sy opstanding en uiteindelijke hemelvaart. Op hierdie manier het God dit bewerk dat ’n definitiewe riglyn bestaan om die verlossingswerk van Christus verstaanbaar te maak en word gesien as die chronologiese opbou in evangelisasie.
- Chronologiese opbou in evangelisasie behels die volgende: hoorders moet blootgestel word aan die openbaring van God se natuur en karakter met die doel om hulle voor te berei vir die Goeie Nuus. Dit is ten eerste belangrik om God se heiligheid, regverdigheid en toorn teenoor sonde te beklemtoon, sodat mense hulself sal oordeel in die lig van die Bybelse konsep oor God. Geskiedkundige dele van die Skrif moet ingesluit word waarin God sy ware karakter en natuur openbaar. Die Wet, oftewel die Tien Gebooe, moet deel uitmaak aan die lering en korrek gebruik word, omdat dit die harte van mense voorberei om alleen in Jesus Christus te vertrou, want deur die Wet kom kennis van sonde. Daar bestaan nie ’n beter of meer eenvoudige metode wat ’n ongeredde persoon van aangesig tot aangesig tot

God se heiligheid bring, as wanneer so 'n persoon blootgestel word aan die Heilige Wet se vereistes nie. Vir 'n korrekte begrip rondom die Evangelie-verhaal van Christus in die Nuwe Testament en vertroue in Jesus Christus se reddingswerk, moet voldoende Ou Testamentiese Christologiese agtergrond-informasie deurgegee word. Die basiese geskiedenis en kultuur van Israel moet geleer word, om alles rondom Christus te verstaan.

- Die volgende leerstellings temas word gebruik in die lesse en is van so 'n aard dat dit mense sal wys dat hulle eerstens sondig, verlore en hopeloos is voor God wat die Heilige en Regverdige Skepper en Regter is, en tweedens om geloof te bewerkstellig en totale afhanklikheid van Jesus Christus as die enigste en ware Verlosser. Hierdie spesifieke temas is soos volg: God is die hoogste en soewereine gesag; God kommunikeer met die mens; God is oral, al die tyd, Hy weet alles; God is almagtig; God is heilig en regverdig; Hy eis die dood as die betaling vir die sonde; God is liefdevol en genadig; God is getrou, Hy verander nooit; die mens is 'n sondaar; die mens het God nodig en is hulpeloos om homself te red; die mens kan na God toe kom, slegs volgens God se wil en plan; Satan veg teen God en sy wil; Satan is 'n leuenaar en 'n bedrieër; Satan haat die mens; die mens moet geloof hê om God te behaag en om gered te word; sonder geloof kan die mens nie gered word nie.
- Die gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag gebeur nie so natuurlik as wat die Christen dink nie. Dit verg groot moeite om gehoorsaam te wees en om in Jesus se voetspore te volg om te soek na dié wat verlore is.
- Die hedendaagse “Christen” handhaaf dieselfde standaard in vergelyking met 'n nalatige brandweerman, volgens Jud. 1:23.
- Die meeste mense gebruik gebed vir herlewing as 'n verskoning om nie self te gaan evangeliseer nie.
- Die onwilligheid van Christene om te evangeliseer word vererger deur die valse boodskap van “God het 'n wonderlike plan vir jou lewe”.
- Die sondaars wat hulle “hart vir Jesus gegee het”, het nie gekry wat aan hulle belowe is nie.
- Bogenoemde mense val dan weg, omdat daar nie ware bekering van sonde plaasgevind het nie en is dus valse bekerings.

- Hierdie valse bekerings benadeel die liggaam van Christus, omdat hulle predikante en geloofswerkers onnodig belas en moeg maak.
- Die evangelie is universeel en is bedoel vir almal.
- Die hedendaagse kerk se einddoel met die evangelie verskil hewig met God se oorspronklike intensie met die evangelie.
- Jesus se mandaat met die evangelie was om die verlorene te bereik.
- Blinde leiers van Jesus se tyd het die Wet verkrag en verdraai om sodoende die krag daarvan te ontnem wat kennis van sonde voortbring, wat die nood aan 'n Verlosser sou uitwys.
- Jesus het ook die permanensie van die Wet bevestig wat God Self in klip geskryf het en wat nooit sal verander nie. Nie een jota of een titteltjie sal verbygaan nie. Die klipharde harte van die mense moet verander, en nie die Wet nie.
- Daar is niemand wat homself kan regverdig in God se oë as God volmaaktheid vereis nie.
- God se Wet is perfek en heilig, en die mens wat nie aan hierdie standaard voldoen nie, sal boet met sy lewe in die helse vuur, die dag van oordeel.
- Die primêre boodskap van die Wet van God, asook sonde, hel en die oordeel, is vervang met God se liefde- en genade-boodskappe.
- Hierdie oneffektiewe valse metode van verlossing wat die kerk binnegesluit het, het die volgende probleme: dit is onbybels en dit gebruik omtrent nooit die woorde “sonde en oordeelsdag” nie. Dit bevraagteken die skepping van die hel deur 'n liefdevolle God en maak God die krimineel.
- Jesus is nie 'n “soeker-vriendelike” Evangelis nie.
- Omdat die bloed van sondaars van evangeliste se hande geëis sal word, is die geskiedenis die bewys van die korrekte gebruik van die Wet deur opregte evangeliste en hulle effektiwiteit word gesien deur ware bekerings wat plaasgevind het.
- Die evangelie kan enige tyd en in enige taal aan sondaars oorgedra word.
- Voordat daar 'n goddelike berou kan wees, en voordat die evangelie gedeel word, moet die “grond” getoets word. Die grond is kliphard en met rotse van sonde deurtrek. Die grond moet omgeploeg word met die Wet, sodat, ná ware sondebeseft en bekering, die sondige rotse verwyder word en die grond vrugbaar gemaak word

vir die evangelie.

- Sonder die Wet, sal die wêreld voortgaan met “godsdienste” en sal die verskriklike gevolge daarvan valse bekerings wees en die uiteinde die ewige hel.
- Mense wat sonde doen, wil nie Bybel lees nie.
- Diegene wat die werking van die Wet verstaan, weet wat is sonde en verstaan wat is God se genade.
- Die metode van “The way of the Master” en “Conquer your fear, share your faith” as riglyn, word eerstens gebruik om innerlike vrees vir evangelisering te oorkom.
- Die metode behels om vriendelik te wees en om te leer hoe om met mense te praat. Die gesprek moet nooit begin word met “genade” nie, omdat enige skerp “Lig” in die oë altyd offensief sal wees.
- Die metode waarop die gesprek begin word, is nie relevant nie, maar slegs dat dit wel gedoen word. Die gesprek word dan later geswaai na die geestelike kant toe. Meeste mense is nie offensief wanneer die onderwerp van God opkom nie, ten spyte van wat die evangelis se vooropgestelde idees en vrese mag wees.
- Daar is vier belangrike trappe van Evangelisasie, wat verteenwoordig word deur vier letters: “WDJD”, wat staan vir “What Did Jesus Do?”
- W: “Would you consider yourself to be a good person?” (Dink jy dat jy ’n goeie persoon is?)
- D: “Do you think you have kept the Ten Commandments?” (Dink jy dat jy die Tien Gebooie hou?)
- J: On the day of judgment, if God judge you by the Ten Commandments, will you be innocent or guilty? (Op die dag van oordeel, as God jou sal oordeel op grond van die Tien Gebooie, sal jy skuldig of onskuldig wees?)
- D: “Destiny – will you go to heaven or hell? (Sal jy hemel of hel toe gaan?)”
- Slegs nadat die 4 stappe deurgewerk is en daar is tekens van sondeberou, kan die evangelie gedeel word met die persoon.
- Wanneer die evangelie gedeel word teenoor ooglopende valse bekerings, is dit nodig om die volgende vrae te vra: “Is jy weergebore?” Wedergeboorte is **dié** vereiste om in die koninkryk van God te kan ingaan. Ook: “Wanneer laas het jy jou Bybel gelees?” Die erns van Bybel-lees sal getuig van die persoon se liefde vir God.

- Beide metodes wat in hierdie hoofstuk bestudeer is, voldoen aan die vereistes van die ware evangelie en kan met vrymoedigheid gebruik word deur evangeliste.
- 'n Model wat bestaan uit gekombineerde kernpunte moet die volgende elemente bevat: bewusmaking van God se heiligheid; bewusmaking van persoonlike hopeloosheid en verlorenheid; bewusmaking van persoonlike veroordeling en komende oordeel.
- In konklusie van al die bogenoemde is die volgende opsommende riglyne die belangrikste, waarsonder geen evangelisasie gedoen kan word nie, naamlik die drie waarhede in die Skrif: die Wet van God; die kruisiging van Jesus en die regverdige oordeel van God Almagtig.

5.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Die doel van hierdie navorsing is “om valse bekerings tot die minimum te beperk” Hierdie navorsing bewys die feit dat God se Tien Gebooie essensieel is in prediking en evangelisasie om sondaars tot 'n sondebeseft te bring. Kennis van God se heiligheid is nodig, daarsonder kan die mens geen begrip van sonde hê nie. Sonde is wetteloosheid, die breek van God se Wet, die Tien Gebooie. Sonder 'n sondebeseft kan geen mens gered word nie. Die Wetgewer Self het die voorbeeld gestel, en die Apostels het dit ook gebruik. Die wet is perfek om sondaars tot bekering te bring as dit wettig gebruik word, omdat die wet die tugmeester is na Christus toe. Die wet is nie deur God ontwerp en gegee om die mens van hul sonde te verlos nie. Deur die wet is die kennis van sondes, wat die perfekte standaard van God is, en dit is onvervangbaar in Bybelse, God-gesentreerde evangelisasie. Verwerping van die gebruik van die Tien Gebooie tydens evangelisasie, bring onomwonde valse bekerings tot gevolg.

Die profetiese voorspelling van Jes. 4:1 het in vervulling gegaan in die hedendaagse tyd. Hiervolgens noem mense regoor die wêreld hulself Christene, maar dit word gebaseer op hul eie leerstellings en eie interpretasie van geregtigheid, wat die wette van God ignoreer en verwerp om meer aanvaarbaar te wees vir die massas. Die wêreld se agenda word geabsorbeer en geïnkorporeer in hul godsdiens, terwyl hulle hulself steeds Christene noem. Massas mense “gee hulle hart vir Jesus”, terwyl ware bekering en ware sonde-oortuiging geen rol speel nie, omrede hierdie moderne evangeliste en

Christendom negatiewe sake, soos sonde, oordeel en die hel verwerp. Jesus se bediening is in sterk kontras met vandag se predikers wat pronk oor die honderde, duisende en miljoene wat hulle harte vir Jesus gegee het. Daar word slegs gekonsentreer op God se positiewe attribute van liefde en genade. Hierdie moderne evangeliste en Christendom definieer die “Goeie Nuus” as: die mense se sonde is vergewe. Die mens hoef nie meer die vereistes van die wet na te kom om gered te word nie, omdat Jesus die vereistes van die wet vervul het. Die sondaar word dus oorgelaat om self te besluit wat reg en verkeerd is. Dit **IS** die werk van die Heilige Gees om te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, maar die mens is nog steeds ’n instrument in die hand van God om te preek oor die uitermatige sondigheid van sonde. Met die weglating van die Tien Gebooe tydens evangelisasie, waarsonder daar geen sondebeseft kan wees nie, wanneer massas hulle hart vir Jesus gee, word Jesus in werklikheid tot leuenaar uitgemaak, want Jesus self het gesê dat die poort wat na die lewe lei nou is en die pad smal, en dat daar min is wat dit vind.

’n Werkbare evangelisasie-model moet die volgende elemente bevat: bewusmaking van God se heiligheid; bewusmaking van persoonlike hopeloosheid en verlorenheid; bewusmaking van persoonlike veroordeling en komende oordeel. Die volgende riglyne moet by alle evangelisasie-modelle teenwoordig wees, naamlik die drie waarhede in die Skrif: die Wet van God; die kruisiging van Jesus en die regverdige oordeel van God Almagtig. Hiersonder kan geen evangelisasie gedoen word nie. Hierdie drie waarhede is baie nou aanmekaar verbind, wat tot gevolg het: doen weg met die wet, dan is daar nie sonde nie en ook geen nood aan ’n Verlosser nie; doen weg met die kruis, dan is daar geen antwoord vir die sonde-probleem nie; as daar nie ’n regverdige toekomstige oordeel van God Almagtig gaan wees nie, is daar geen punt om te praat van sonde en ’n Verlosser nie. ’n Diepgaande hartsoortuiging van ’n ware sondebeseft is nodig voordat die sondaar ware bekering sal smaak. Om hierdie rede is die Wet van God gegee, sodat sonde as uitermatig **sondig** uitgewys kan word, en sodat die mens dan oortuig kan word van hierdie enorme skuld wat sonde veroorsaak. Kennis van sonde alleen is nie genoeg nie, daar moet ’n geestelike oortuiging en berou oor sonde ook wees. Die gebruik van God se Tien Gebooe is dus om ware sondebeseft voort te bring, waarsonder geen ware bekering kan plaasvind nie.

5.6 *FINALE GEVOLGTREKKING*

Hierdie studie bevestig dat verwerping van die gebruik van die Tien Gebooie tydens evangelisasie onomwonde valse bekerings tot gevolg kan hê.

Die finale konklusie is dat valse bekerings tot die minimum beperk word deur die wettige gebruik van die Tien Gebooie tydens evangelisasie, soos Jesus dit self gedemonstreer het.

5.7 AANBEVOLE TERREINE VAN STUDIE

1. 'n Vergelyking tussen die Bybelse en die postmoderne uitkyk op die Tien Gebooie.
2. Die ontleding van die boodskappe wat ware herlewing teweeggebring het in die geskiedenis voor 1900, byvoorbeeld Pinksterdag 30 AD, Die Groot Ontwaking 1727-1780, die bekende boodskap van Jonathan Edwards, verder ook David Brainerd, Daniel Rowlands, Dawid Morgan, John Wesley, Peter Cartwright, D.L. Moody, Charles Finney, Charles Spurgeon en nog vele ander.
3. Die Tien Gebooie.
4. Outobiografieë van evangeliste voor 1900.
5. Evangelisasie-metodes voor 1900.

5.8 OPSOMMING

“Ware en valse bekerings – ’n Christelike etiese perspektief op die gebruik van die Tien Gebooie in evangelisasie”

Hierdie studie handel oor ware en valse bekerings en die gebruik van die Tien Gebooie in evangelisasie, en dit gesien vanuit ’n Christelike Etiese perspektief as vertrekpunt.

Die gebruik van die Tien Gebooie in evangelisasie word deur Jesus self bevestig, asook deur Jesus se apostels ná Jesus se hemelvaart. Die geldigheid van die Tien Gebooie is vir ewig. Die moderne evangelis het in die strik van Satan getrap wat die gebruik van die Tien Gebooie betref. Die krag van die Tien Gebooie om ’n ware sondebeseft voort te bring, word ondermyn deur ’n slinkse plan van Satan om vyandskap te stel tussen die Wet en genade. Dit het basies twee denkrigtings teweeggebring, dié wat die Tien Gebooie gebruik, en dié wat die Tien Gebooie verwerp. Dié wat die Tien Gebooie gebruik, loop egter die gevaar om die Wet nie wettiglik te gebruik nie, en word dit dan “wettisisme” genoem. Dié wat die Tien Gebooie verwerp, maak hulle skuldig aan “antinomianisme” wat letterlik “anti-wet” beteken. Al die grondbeginsels wat God neergelê het vir die gebruik van die Tien Gebooie, word by die agterdeur uitgegee. Die gebruik van liefde en genade alleen kom dan by die voordeur in. Dit vervang die werking van die Tien Gebooie en die gevolg hiervan is dat in beide gevalle valse bekerings geskep word. Satan slaag in sy doel.

Daarteenoor is die wettige gebruik van die Tien Gebooie die enigste metode om valse bekerings te verhoed. God het die Tien Gebooie só ontwerp, dat dit ten eerste sy heiligheid ten toon stel as die enigste standaard waaraan die sondaar moet voldoen. Omrede die standaard absolute heiligheid en perfeksionisme vereis, bring dit ’n sondebewustheid na vore, aangesien geen mens aan hierdie standaard kan voldoen nie. Sonder ’n ware sondebeseft, kan geen mens gered word nie. Binne die raamwerk van die Tien Gebooie, behels die onderhouding van die Tien Gebooie die bewys van die mens se liefde tot God. Die Tien Gebooie kan niemand red nie, maar as die mens Jesus liefhet, sal hulle sy gebooie bewaar, ’n teken van ware bekering.

Die doel van hierdie studie was om vas te stel of daar riglyne saamgestel kan word wat evangeliste kan help om op 'n Bybels-verantwoorde manier valse bekerings te verhoed of tot die minimum te beperk.

Die navorsing het aangedui dat evangelisasie, sonder die gebruik van die Tien Gebooie, vele valse bekerings tot gevolg sal hê.

Die gevolgtrekking van hierdie navorsing is dat valse bekerings tot die minimum beperk of verhoed kan word, deur die wettige gebruik van die Tien Gebooie tydens evangelisasie.

5.9 SLEUTELWOORDE

WARE EN VALSE BEKERINGS

TIEN GEBOOIE

WET VAN GOD

DEKALOOG

MORELE WET

BEKERING

REDDING

SONDE

OORDEEL

VERBOND

GENADE

ETIEK

5.10 SUMMARY

“True and false conversions – A Christian ethical perspective on the use of the Ten Commandments in evangelism”.

This study discusses true and false conversions and the use of the Ten Commandments in evangelism, viewed from the starting point of a Christian ethical perspective.

The use of the Ten Commandments in Evangelism is affirmed by Jesus Himself and also by Jesus' apostles after His ascension to heaven. The validity of the Ten Commandments is eternal. The modern evangelist has been caught by the snares of Satan with regards to the Ten Commandments. The power of the Ten Commandments in evoking a true sense of sin is being undermined by a sly plan of Satan that causes enmity between the Law and grace. It has basically brought about two schools of thought: those who use the Ten Commandments, and those who reject it. Those who use the Ten Commandments, however, run the risk of using the law in an illegitimate way, and this is termed as “legalism”. On the other hand, those who reject the Ten Commandments are guilty of “Antinomianism”, that literally means “anti-law”. Consequently, all the underlying principles, which God had laid down for the use of the Ten Commandments, are being blatantly disregarded. Instead, the workings and efficacy of the Ten Commandments are exclusively replaced by love and grace. False conversions are the result in both cases. Satan achieves his goal.

In opposition to this is the legitimate use of the Ten Commandments as the only means of preventing false conversions. God designed the Ten Commandments in such a way as to firstly reveal His holiness as the only standard that a sinner must meet. As the standard requires absolute holiness and perfection, it brings about a sense of sin. This is because no person can fulfill the standard. Without a true sense of sin, no person can be saved. Within the framework of the Ten Commandments, evidence of the person's love towards God is comprised through the upholding of the Ten Commandments. The Ten Commandments cannot save anyone, but if the person loves Jesus, they will keep His commandments; a sign of true conversion.

The goal of this study was to determine whether any guidelines can be composed to help Evangelists prevent or minimize false conversions, in a Biblically justified manner.

The research indicates that without the use of the Ten Commandments during evangelism, many false conversions will ensue.

The conclusion of this research is that false conversions can be prevented or minimized through the legitimate use of the Ten Commandments during evangelism.

5.11 KEY WORDS

TRUE AND FALSE CONVERSIONS

TEN COMMANDMENTS

LAW OF GOD

DECALOGUE

MORAL LAW

REPENTANCE

SAVED

SIN

JUDGEMENT

COVENANT

GRACE

ETHICS

BIBLIOGRAFIE

ADAMS, S. 2007. *Half of SA pregnancies end in abortion.* [Web:] http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=vn20070308232129788C922958 [Datum van gebruik: 31 Maart 2009].

ALEXANDER, D., & ALEXANDER, P. 1998. *Handboek by die Bybel. English title: The Lion handbook of the Bible.* (electronic edition) (589). Kaapstad: Lux Verbi.

ALEXANDER, J.A. 1992. *Commentary on Isaiah.* Grand Rapids, USA: Kregel Publications. 482 p.

ALISON, D.C. 2000. *Matthew.* (In. Barton, John & Muddiman, John. 2000. ed. *The Oxford Bible Commentary.*) Oxford: University Press. 1386 p.

ALISON, D.C. 2004. *Matthew. A shorter Commentary.* London: T & T Clark International. 549 p.

ANDRIA, S. 2006. *1 Timothy.* (In. Adeyemo, Tokunboh. 2006. ed. *Africa Bible Commentary. A One-Volume commentary written by 70 African Scholars.*) Nairobi, Kenya: Word Alive Publishers. 1585 p.

ATKINSON, D.J. & FIELD, D.H. 1995. *New Dictionary of Christian Ethics and Pastoral Theology.* Downers Grove, USA: Intervarsity Press. 918 p.

BARCELLOS, R.C. 2001. *In the defense of the Decalogue. A critique of new Covenant Theology.* Enumclaw, WA, USA: Winepress Publishing. 117 p.

BASU, K. 2005. *The 21st Century Christian and his end time Mission.* Andhra Pradesh, India: OM Books. 374 p.

BECHTLE, M. 2006. *Evangelism for the rest of us. Sharing Christ within your Personality Style*. Colorado: Baker Books. 156 p.

